

Nº 2370 | 11-18 Desember 2025
landbou.com RSA R75,00 (BTW ingesluit) Namibië N\$80,00

Landbou

weekblad



ROOFDIERSTRYD

Wat werk nog?

BEK-EN-KLOUSEER-KRISIS

- 3 mense wat BKS kon klop
- **Inentveldtog: Wat nou?**
 - Voerkraalveearts: 'Ons kan die ding wen!'

KORINGKRISIS

Hier is nog planne,
maar tyd raak min

DRIE JONGBOER-WENNERS

Veldbeeste word geldbeeste
Papegaaiboerdery kry vlerke
Van 20 Eskompunte na 1!

NUWE WATERWET

Wat jy nie wil, maar móét weet

SPESIAAL

- 2026-KALENDER
- KERSGROETE
- **BANDE-REEKS**
- Vliegtuig vir 'n boer

TOT 10 000 KM/MAAND
VROU-ALLEEN
SKANDEER SY OOIE
REGDEUR O-KAAP

WINGERDBOER
VAN DIE JAAR
'WYNBEDRYF VEG
OM OORLEWING'

SA BOERVROU LAAT
HERLEEF SKAARSSTE
(EN DUURSTE)
KOFFIE TER WÊRELD!

NAMIBIËR NOU
IN WATERHEMEL
NÁ HEL VAN 72
DROË BOORGATE



Ons verstaan die waarde van jou belegging.

Met meer as 120 jaar in die industrie, verstaan ons die waarde van jou nalatenskap. Vir jou kinders, jou familie en jou land.



VAN EEN GENERASIE TOT DIE VOLGENDE.

Agrico is 'n diepgewortelde en standvastige besproeiingsmaatskappy. Baie verander oor die jare, maar een ding bly die Agrico-span verenig: Ons werk elke dag vurig om vir jou die beste besproeiingsoplossings te bring.

AGRICO
Meer as 100 jaar van diens

Kry ons hier!

ARTIKELS EN NUUS 083 655 0391 (Wes- en Oos-Kaap), **083 260 8114** (Gauteng), **082 391 3638** (Vrystaat), **083 539 1383** (Limpopo), **084 505 9343** (KwaZulu-Natal)

E-pos: lbw@landbou.com

LANDBOU.COM@liana.mockke@landbou.com

ADVERTENSIES 012 485 9356

INTEKENARE EN AFLEWERINGS 087 353 1300; SMS

Landbou na 31069 en 'n agent sal jou terugbel;

WhatsApp: **087 353 1287**; e-pos: intekenare@media24.com

of subs@media24.com

Redaksie

KAAPSTAD Heerengracht 40, Posbus 1802, Kaapstad 8000

Redakteur Chris Burgess (chris.burgess@landbou.com)

Inhoudshoof Nelia Richter (nelia.richter@landbou.com)

Inhoudstrateeg Liana Mocke (liana.mockke@media24.com)

Redakteur: Digitaal en sosiale media Alet Joubert

(alet.joubert@media24.com)

Bestuurder: Spesiale projekte en bemaking Reza Clifford

Spesialistkrywer Amelia Denis

Joernaliste Alani Jancke, Lucille Botha, Michelle van der

Spuy, Joanie Bergh, Jan-Hendrik de Villiers

Redakteur Boerekos Arina du Plessis

aduplessis@landbou.com

Inhoudsbestuurders Johan Fouché (handelsmerk-

uitbreidings), Ina Ferreira, Liesel Pienaar, Irma van der

Vyver, Aletta Pretorius-Thiart

Kunshoof Lynn Campbell

Produksie Gretchen Peiser

GAUTENG, MPUMALANGA EN NOORDWES

T: 084 554 0611 F: 012 485 9408

Redakteur aktuele sake Nico van Burick

Artikels en nuus Carlen Kruger, Charl van Rooyen,

Gerrit Bezuidenhout

Kantoorbestuurder Noleen Mendace

LIMPOPO

Artikels en nuus Jasper Raats (jasper.raats@landbou.com)

VRYSTAAT EN NOORD-KAAP

Artikels en nuus Vida Booysen (vida.booysen@landbou.com),

Johan Norval (jnorval@landbou.com)

OOS-KAAP EN KWAZULU-NATAL

Artikels en nuus Lloyd Phillips

(lloyd.phillips@landbou.com)

Spesiale projekte, bemaking en geleentede

Bestuurder Reza Clifford (reza.clifford@media24.com)

Logistieke bestuur Grant Solomons

Administrasie Johan Terblanche (johan.terblanche@media24.com)

Kommersiële inhoud en veldtogte

Bestuurder Marisa Beeton (marisa.beeton@media24.com)

Promosiekoördineerder en -skrywer Marieke Snyman

Landbou.com

Advertensies Deon van Dyk 084 250 7829

Veldtogbestuurder Juan van Reenen

Bemaking Jeffrey Pietersen (jeffrey.pietersen@media24.com)

Produksiekoördineerder Arnel Mostert 021 406 2511

Advertensies

Sakebestuurder Dirk Lamprecht 083 235 6302

Jacomien Oosthuizen 082 495 2909

Ronnie Robbertze 072 223 0533

Berline Gericke (Vrystaat en Noord-Kaap) 073 902 8004

Theuns Venter (Wes-Kaap en Oos-Kaap) 082 333 6992

Apollo Bomvana 067 217 0190

Maphuti Mongatane 071 370 5493

Vertoonadvertensies, Gids vir die boer en Eiendomme

Esmarelda Ferreira 084 744 9948, 012 485 9358,

lbwsmalls@landbou.com; esmarelda.ferreira@landbou.com

Grafiese ontwerper Karlen van Wyk

Administrasie Luzaan Grobbelaar

Argiefnavrae

Arnel Mostert E:amostert@landbou.com

Landbouweekblad onderskryf die Suid-Afrikaanse Perskode

wat ons verbind tot joernalistiek wat waar, akkuraat, regverdig


en gebalanseerd is. As jy meen ons kom nie die kode na

nie, kontak die Persombudsman by T: 011 484 3612 of by

ombudsman@presscouncil.org.za

**VOËLBOERDERY**


Marko Grobler, Limpopo se Jongboer van die Jaar, het binne drie jaar 'n stokperdjieboerdery omskep in 'n kommersiële papegaaiboerdery met 1000 broeipare African Greys wat hy met streng Cites-naspeurbaarheid teel en na die Midde-Ooste uitvoer. FOTO: PHILIPPE CLEMENT/ARTERRA/GETTY IMAGES

**Nuus**

- 5** Stories wat in die landbou saak maak
- 22** Landbou pykkan steeds SA se probleme

Artikels en rubrieke

- 8** Redakteursbrief
- 10** Briewe
- 14** Manie
- 27** **Willemse:** Voedsel-produksie styg, maar 41 lande ly honger
- 28** **In die kollig:** Medium-termyn-begroting wat eindelijk hoop gee



- 30** Kortliks
- 38** **Graanboer van die Jaar:** 'n Erfenis van uitnemendheid
- 58** Plasbestuurder 'cum laude'
- 70** Van Caledon tot Colombia – nou's daar g'n keer aan veehalsband
- 74** Nuut & nuttig
- 76** SA Stamboek vereer land se voorste kuddes

Vir die gesin

- 90** Maklike muffins, bruintjies en kolwyntjies



- 96** Die kort, kragtige lewe van MAN se Ackerdiesel-trekkers
- 97** Hart tot hart
- 99** Blokraaisel
- Geel bladsye**
- 100** Pragbeeste op ALE-skou vertoon
- 102** Markte
- 104** Plaasverkope
- 106** Veilingsnuus
- 108** Veilings, Gids vir die boer
- 111** Eiendomme
- 112** Geklassifiseerd
- 114** Kalender

OP DIE VOORBLAD

- 8, 16-19** **BEK-EN-KLOUSEER-KRISIS:** 3 mense wat BKS kon klop; **Inentveldtog:** Wat nou?; **Voerkraalveearts:** 'Ons kan die ding wen!'
- 22, 32** **Koringkrisis:** Hier is nog planne, maar tyd raak min
- 35** **Nuwe Waterwet:** Wat jy nie wil, maar móét weet
- DRIE JONGBOER-WENNERS:** Van 20 Eskom-punte na 1! (**bl. 21**); Papegaaiboerdery kry vlerke (**bl. 42**); Veldbeeste word geldbeeste (**bl. 46**)
- 50** Namibiër nou in waterhemel ná hel van 72 droë boorgate
- 54** **Wingerdboer van die Jaar:** 'Wynbedryf veg om oorlewing'
- 62** **Tot 10 000 km/maand:** Vrou-alleen skandeer sy ooie regdeur Oos-Kaap
- 66** **Roofdierstryd:** Wat werk nog?
- 93** SA boervrou laat herleef skaarsste (en duurste) koffie ter wêreld!
- SPESIAAL**
- 77** Vliegtuig vir 'n boer
- 80** Bande-reeks
- 84** Kersgroete
- 2026-kalender

IN 'N
BLIK

Loop almal se beker oor?

Net voor druktyd (op 1 Desember) is twee van die tien sluse in die Vaaldam toegemaak, en terselfdertyd is die uitvloeï van water by die Bloemhofdam tot 1 400 kumek (m³ per sekonde) verhoog. Die watervlak van dié dam, sowat 330 km stroomaf van die Vaaldam, het onlangs tot 99,44% gestyg. Die Garietpdam het ook teen druktyd teen 656 kumek begin oorloop. Geen skade is tot dusver aangemeld langs die Vaal- en Oranjerivierstelsel nadat die departement van water en sanitasie hoërisikovoedwaarskuwings vir moontlike oorstromings uitgereik het nie. Die Vaaldam se vlak het begin daal tot sowat 105% ná die hoë maar beheerde uitvloeï. Die verhoogde uitvloeï van die Bloemhofdam hou egter steeds 'n vloedisiko in, en inwoners langs die laer Vaal- en Oranjerivier is gewaarsku om te ontruim waar en indien nodig. FOTO: THEGIFT777/GETTY IMAGES

Die ander sê

Varkvleis: Nie meer daar vir spek en boontjies

SUID-AFRIKA se voedseldienssektor verkeer onder koste- en personeeldruk, terwyl varkvleis veld wen as 'n veelsydige, bekostigbare proteïen. Eskort verhoog sy kapasiteit en innovasie, terwyl die land se gasvryheidsmark op pad is na 'n bedryf van R1,2 biljoen teen 2033.

Statistieke SA se data vir Junie 2024 wys die werklike inkomste vir die voedsel-en-drankbedryf het op 'n jaargrondslag met 1,8% gedaal – gedryf deur 'n 3,9%-daling in die restaurant- en koffiewinkel-bedryf.

Arnold Prinsloo, uitvoerende hoof van die varkprodusent Eskort, verwys na varkvleis se toenemende gewildheid by hotelle,

spyseniers en restaurante.

“Dit is baie veelsydig en jy kan meer mense met varkvleis voed as met enige bees- of skaapvleisprodukt,” sê Prinsloo.

Stygende bees- en skaapvleispryse het verwerkers gedwing om na alternatiewe te soek, wat varkvleis 'n kostedoeltreffende oplossing maak sonder om gehalte prys te gee.

Suid-Afrikaanse sjefs verlang eenvormige, hoëgehalteprodukte wat vermorsing verminder en skeppende spyskaarte steun, terwyl kopers op prys en betroubare voorsiening konsentreer.

“Die sjef wil die beste gehalte hê, maar die koper wil die beste prys hê, en dit is waar die konflik begin,” verduidelik Prinsloo.

“Die gehalte van jou produk sal bepaal of die sjef gaan aandring op Eskort-produkte of nie.”

DAILY MAVERICK

Die Saxon Hotel se uitvoerende sjef, Matthew Foxon, wys op die insetpryse van bees- en skaapvleis wat “skerp gestyg het nadat die voorsieningsketting onlangs ontwrig is” – en juis daarom is varkvleis nou so baie gewild.

Om aan die eise te voldoen, brei verskaffers soos Eskort hul reeks uit met produkte, soos individueel toegedraaide lendesnitte en ribburgers, wat porsiebeheer en die vermindering in vermorsing toelaat.

Eskort het R300 miljoen in sy Heidelberg-fabriek belê, met 'n 120 ton-vrieskapasiteit en 1,4 MW-kragopwekkers om deurlopendheid in die koueketting te verseker.

Eskort mik na groei van 30% in die voedseldiensmark oor die volgende twee jaar.

Stories wat in die landbou saak maak

Astral brei sy teelhoenders se voëlgriepinentings uit

Die land se grootste braaihoenderprodu-sent gaan sy program om teelhoenders teen voëlgriep in te ent, na nog twee plase uitbrei. Astral Foods het in Julie die eerste produsent geword om hoenders teen voëlgriep in te ent toe hy begin het om teelhoenders op een van sy plase in Gauteng in te ent. Dit is sowat 5% van sy teelhoendervoorraad. Gary Arnold, uitvoerende hoof, sê die departement van landbou het twee van sy plase in Mpumalan-ga vir inenting goedgekeur. Hoewel voëlgriep voorheen meestal in die winter voorgekom

FOTO: CARIEN KRUGER



het, is daar 'n kommerwekkende neiging dat dit nou ook in ander seisoene voorkom, soos gesien kan word uit die uitbrekings in Amerika en veral in die Europese Unie. Astral ent sy teelhoenders met 'n ingevoerde entstof teen die H5N1-stam in.

– Carien Kruger

R10,3 miljard

Die Premier-groep, eienaar van bekende meel-, brood- en mieliepap-handelsmerke, het 'n halfjaarverdien-ste van R10,3 miljard en 'n eenmalige tussentydse dividend van 159c per aandeel aangekondig. Sy resultate vir die ses maande tot 30 September toon dat die verdienste voor rente, belasting, depresiasië en amortisasië R1,3 miljard is – 13,6% hoër as in die ooreenstem-mende tyd verlede jaar. Die netto wins is R719 miljoen, wat 27,4% hoër as in die vorige tydperk is. Premier besit sewe koringmeulens en drie mielie-meulens in Suid-Afrika, Mosambiek en Eswatini. Die totale kapasiteit van die meulens is 980 000 ton koring en 680 000 ton mielies per jaar. Die groep se 13 bakkerie in al die provinsies en in Lesotho en Eswatini bak 835 miljoen brode per jaar.

– Amelia Genis

'Crispr-koring' maak sy eie bemesting

Amerikaanse navorsers het koringplante ontwikkel wat die vervaardiging van hul eie stikstofbemes-ting kan stimuleer. As die ontwikkeling gekommersialiseer kan word, kan dit die bemestingskoste vir boere verlaag en lug- en waterbesoedeling verminder. 'n Span navorsers op die Universiteit van Kali-fornië se Davis-kampus het Crispr-geenredigerings-tegnologie gebruik om koringplante te stimuleer om meer apigenien, 'n chemiese verbinding wat natuurlik in koring voorkom, te produseer. Wanneer die behandelde koringplante die oormaat apigenien in die grond vrystel, help dit sekere bakterieë in die grond om stikstof uit die atmosfeer om te skakel in 'n vorm waarin plante dit kan opneem. Apige-nien stimuleer bakterieë in die grond om biologiese vliese te vorm. Biologiese vliese is taai lae rond-om bakterieë wat omgewings skep waarin min suurstof is. Só 'n omgewing is ideaal vir die werking van nitrogenase, die ensiem wat biologiese stikstofbinding aan die gang sit. Tydens biologiese stik-stofbinding word stikstofgas in die atmosfeer na ammoniak omgeskakel.

– Amelia Genis

Somergewasse eindig op hoë noot

Die 2025-produksieseisoen vir somergewasse het op 'n hoë noot geëindig met die grootste sojaboon-oes nóg en die naasgrootste aangetekende mielie-oes. Die nasionale oesskattingskomitee (NOK) het ook die finale skatting vir mielies, sojabone, grondbone en sorghum verder opwaarts aangepas. Die totale someroes staan nou op 20,215 miljoen ton. Die NOK raam nou die grootte van die verwagte kommersiële mielie-oes op 16,436 miljoen ton, met 'n verwagte opbrengs van 6,33 t/ha. Dit is 0,68% of 111 100 ton meer as die vorige skatting. Die geskatte oes is 28% of 3,58 miljoen ton meer as die 2024-oes. Sowat 82% van die 2025-oes is in die Vrystaat, Mpumalanga en Noordwes geproduseer. In die geval van oliesade is die raming vir sojabone nou 2,771 miljoen ton (0,66% hoër as die vorige skatting). Die geskatte oppervlakte onder sojabone was 1,151 miljoen ha en die verwagte opbrengs 2,41 t/ha. Die skatting vir sonneblomsaad bly op 708 300 ton, vir grondbone is dit verhoog met 1,77% tot 62 474 ton, vir sorghum het dit gestyg met 1,34% tot 146 605 ton teenoor die vorige skatting, en die skatting vir droëbone is onveranderd op 90 556 ton gelaat.

– Nico van Burick

'Boere word geruïneer, maar bakkers se halfjaarwinste styg'

Koringboere is vies omdat hulle, as verskaffers van die grondstof vir meel en brood, sukkel terwyl die land se grootste verskaffer van brood pas weer 'n 30%-styging in wins vir die afgelope halfjaar aan-gekondig het. Alfons Visser, boer van Hartswater en mede-eienaar van SA Seed Development, sê daar kan nie net een afdeling wees, soos bakkers, wat drie jaar agtereenvolgens 'n 30%-wins maak, terwyl boere net gelykbreek of op plekke uitverkoop word nie. Hulle wil 'n direkte aankooplyn met produsente aangaan vir die beter kwaliteit van plaaslike koringkultivars, wat soortgelyk is aan die Kanadese en Australiese koring wat hulle jaarliks invoer.

– Amelia Genis

5,8 miljoen

Astral het in die jongste boekjaar, wat op 30 September vanjaar afgesluit is, gemiddeld 5,8 miljoen braaihoenders per week geslag. Dit is teenoor die gemiddelde van 5,4 miljoen in die vorige boekjaar. Dus het die produksie herstel tot op die vlak waar dit was voordat Suid-Afrika in 2022 'n tydperk van volgehoue hoëbeurtrugfases bin-negegaan het, wat die slagproses erg ontwig het. Een van die hoogtepunte is sy kontantposisie van R1 miljard teen jaareinde. Die maatskappy se inkomste het met 10% tot R20,5 miljard gestyg, sy bedryfswins is 11% stewiger (R1,2 miljard) en sy wesensverdienste/aan-deel het met 14% tot 2 193c gestyg.

– Carien Kruger

3%

Wêreldwye wynproduksie is op koers ná 'n beskeie herstel in 2025 nadat dit verlede jaar skerp gedaal het. Die internasionale organisasie vir wingerd en wyn (OIV) sê die wynproduksie kan sowat 232 miljoen hektoliter beloop – 'n 3%-styging teenoor 2024, wat die bedryf se swakste jaarlikse produksie sedert 1961 was.

– Jasper Raats

-31%

Die tiende oesskatting vir katoen staan nou op 62 320 bale vesel ná 'n verdere daling teenoor die 62 897 bale aan die einde van September. Die aantal ver-werkte bale in pluismeulens teen die einde van Oktober vir die seisoen was 60 684 bale. In die jongste skatting is die aantal bale vesel van 200 kg elk nou 31% laer as in die vorige seisoen.

– Nico van Burick

[STOF TOT NADENKE]


'N STYGING in die internasionale prys van harde rooi winterkoring (HRW) het tot 'n verlaging in Suid-Afrika se tarief op ingevoerde koring gelei. Die nuwe tarief van R616/t sal eers geld nadat dit in die *Staatskoerant* afgekondig is.

Dr. André van der Vyver, uitvoerende direkteur van die Suid-Afrikaanse graan-en-oliesade-handelsvereniging (Sacota), sê daar is nie 'n tydlyn vir die afkondiging van die R236/t-verlaging nie. Die hoër tarief van R851,50/t geld steeds. Hoewel 'n vertraging in die afkondiging boere kan bevoordeel, illustreer dit tans duidelik die probleem van HRW as verwysingskoring.

Volgens Pieter van Wyk, beamptingsbestuurder van Wes-Kaap Graanprodusente, se waarneming van verskillende

Laer koringtarief kom, maar...

Prysbewegings in HRW- en Russiese koring teenoor tariefverwysingsprys van \$235/t



BRON: PIETER VAN WYK

koringpryse volg die prys van Russiese koring (wat nou na Suid-Afrika ingevoer word) nie die prysbeweging van HRW nie. Dit is ook heelwat laer.

“Ons het 'n laer tarief as gevolg van Amerikaanse HRW se prys wat opgegaan het, maar die plek van waar ons koring invoer,

volg nie die prysbeweging nie.”

Die nuwe tarief volg nadat die prys van HRW langer as drie weke (rooi 1, 2 en 3 op die **GRAFIEK**) meer as \$10/t hoër as die verwysingsvlak (groen lyn) van \$235/t is. Wat nou gebeur, toon die probleem met HRW as verwysing, waarop hy Suid-Afri-

ka se internasionale kommissie vir handelsadministrasie (Itac) al gewys het.

“Ek verstaan hoekom HRW gebruik word – dit stem ooreen met die gehalte van plaaslike koring. Maar dit moet gebruik word om 'n eenmalige basisvlak, wat elke drie tot vyf jaar hersien kan word, te bepaal, en dan dié basisvlak toepas teenoor die prys van die koring wat ingevoer word. Hoewel die tarief nou verlaag, is dit irrelevant, want Suid-Afrika voer nie HRW in nie.”

Hy het vroeër gesê hoewel die tarief nie geld direk in boere se sakke beteken nie, stel die mark homself reg met die bedrag van elke nuwe tarief en boere word bevoordeel as die tarief en uiteindelik die koringprys styg.

“Die mark neem beslis die tarief in ag, maar die metode is seker net 70% doeltreffend, en dit is wat hier geïllustreer word.” het hy gesê. – AMELIA GENIS



Wenner

Biosekerheid

Die G20 het vir die eerste keer 'n internasionale samewerkingstraamwerk vir biosekerheid opgestel. Dit is genoodsaak deur die klimaatkrisis, monitering in groot dele van Afrika wat nie voldoende befonds word nie en herhaaldelike siekte-uitbrekings wat voedselproduksie ontwig. Dit gee erkenning daaraan dat toenemende bedreigings weens diere- en plantsiektes nie meer as 'n plaaslike probleem beskou kan word nie, maar op die internasionale agenda hoort. Dit is 'n deurbraak vir die landbousektor, en veral vir Suid-Afrika, wat die



FOTO: MYBURGH DUPLESSIS

afgelepe paar jaar onder vee-siektes, soos bek-en-klousee, voëlgriep, knopvelsiekte en Afrika-varkpes, deurloop. 'n Oorgrenssiektemoniterings-netwerk met satellietdata en patoogeen-genomika vir die vroeë waarneming van probleme in streke sal ingespan word. Dit sal vinniger waarskuwings, beter bewegingsbeheer en die minder skielike opheffing van veeverkope beteken.

– JASPER RAATS



Verloorder

SA uitvoerbedrywe

Suid-Afrika se toegang tot die Amerikaanse mark is steeds onseker ná sen. John Kennedy se wetsontwerp einde September vir die hernuwing van Agoa (Amerika se wet op groei en geleenthede in Afrika) vir twee jaar – met die uitsluiting van Suid-Afrika. Die departement van handel, nywerheid en mededinging het die parlement in November ingelig dat onderhandelinge voortgaan en dat daar steun in Washington vir 'n beperkte hernuwing is. Die Withuis steun glo 'n verlenging van 'n jaar. Die departement



FOTO: LUCILLE BOTHA

meen 'n hernuwing sal die huidige voordelestruktuur vir die bestaande lede behou en dat Suid-Afrika teoreties aan boord kan bly. Dit is egter te betwyfel, want die beoogde verlenging is “net vir Afrika-lande wat Amerika se belange steun”. Kennedy sê dit dien as teenvoeter vir China se groeiende invloed in Afrika. Hy beskuldig Suid-Afrika daarvan dat hy hom by China en Rusland skaar. – JASPER RAATS

Omgewingsminister wil balans tussen bewaring en ekonomie vind

Die oënskynlike moddergooiery tussen dr. Dion George en John Steenhuisen nadat eersgenoemde nie 'n kabinetskuif wou aanvaar nie, het die aanstelling van Willie Aucamp oordonder. Sy aanstelling word egter uit talle oorde verwelkom, en dit lyk of hy reeds in voeling met die wildbedryf is.

WILLIE AUCAMP, nuwe minister van bosbou, visserie en die omgewing, belowe om 'n balans te vind tussen natuurbewaring en ekonomiese bedrywighede, en stuur daarmee 'n subtiele boodskap aan opponerende groepe dat hy sy besluite op feite gaan grond.

“Ek is oortuig daarvan dat ons wel 'n balans sal kan vind tussen gemeenskapsbelange en ekonomiese bedrywighede en natuurbewaring, asook dat daardie balans in só 'n mate gehandhaaf kan word dat die natuur en die omgewing volhoubaar beskerm word.

“Ons kan nie mense dinge op kort termyn laat doen en oor vyf jaar is daardie bron uitgeput nie,” sê hy.

Aucamp se standpunt kom teen die agtergrond van klagtes deur organisasies wat die jag- en wildbedryf verteenwoordig, dat hulle nie goeie kommunikasiekanale met sy voorganger, dr. Dion George, gehad het nie.

Richard York van Wildbedryf SA (WRSA) sê dié organisasie se grootste probleem met George was weens kommunikasie en optrede.

“Ons het meer as 'n jaar gesukkel om 'n vergadering met

die minister te belê ten einde dringende sake te bespreek wat tot selfs meer regsoptrede teen die departement kon lei. Ons praat van sake wat die uitbou van kritiek bedreigde renosterbevolkings en volhoubaarheid van honderde soortgelyke wildprojekte raak.”

Aucamp sê sy besluitneming sal op die wetenskap eerder as ideologie gegrond wees.

“Alle besluite moet op beskikbare data en feite gegrond wees. Dit is nie 'n maklike balanseertoertjie nie, maar ek sal objektief wees.”

Pres. Cyril Ramaphosa het Aucamp, 'n DA-parlementslid en -woordvoerder, wat ook 'n lid van die portefeuljekomitee oor landbou was, op 12 November vanjaar in 'n kabinetsskommeling in George se plek as minister aangestel. Dit was op aanbeveling van die DA-leier, John Steenhuisen.

“Ek sal regverdig wees en ek is bereid om na alle kante te luister. Ek gaan nie net luister na mense wat vir my sê wat ek dalk wil hoor nie.”

‘Skiet vir die pot’

Aucamp was anderhalf jaar die DA se nasionale woordvoerder



ONS PRAAT MET ...

Willie Aucamp, wat as minister van bosbou, visserie en die omgewing aangestel is. Hoewel hy nie op 'n plaas grootgeword het nie, besit hy sedert 2001 'n plaas en is aktief betrokke by die boerdery- en wildbedryf.

FOTO: VERSKAF

en was betrokke by landboukwessies in sy vorige rol as afgevaardigde vir die Noord-Kaap. Hy woon op Kuruman.

Hy sê hy jag, en beklemtoon dat dit prakties van aard is. “Ek skiet nie honderde diere elke jaar nie, en ek is ook nie 'n trofeejagter nie. Ek skiet vir die pot.”

Aanstelling verwelkom

Bennie van Zyl, woordvoerder TLU SA, sê dié organisasie verwelkom sy aanstelling.

Volgens hom het Aucamp homself bewys as 'n kundige woordvoerder met bewese kennis ook oor die landbou-omgewing. Hy sê politieke wil en dissipline moet in dié portefeulje geld. “Ek dink daar is baie gevalle waar ons die misbruik van die omgewing tot orde moet roep.”

Van Zyl wys op die noodsaaklikheid vir 'n “sterk brug” tussen die departemente van omgewingsake en landbou. “Hierdie brug gaan 'n baie noodsaaklike een vir optrede in belang van die landbou-omgewing wees.”

Aucamp sê hy en John Steenhuisen, minister van landbou, het reeds met gesprekke oor beter samewerking begin.

Wildbedryf SA (WRSA) ver-

welkom ook sy aanstelling en hoop op 'n samewerkende vennootskap met die nuwe minister.

Dié organisasie sonder Aucamp se aktiewe belangstelling om met die wildbedryf te skakel, sowel as sy landbou-agtergrond as bemoedigend uit.

WRSA verwag dat Aucamp 'n omgewing sal skep waarin die wildbedryf volhoubaar kan floreer en beslissend sal optree wat lang uitstaande kwessies, soos jagkwotas, betref.

Aucamp beklemtoon ook dat bestaande omgewingswetgewing afgedwing moet word.

“Die wetgewing is daar. Ons moet dit afdwing,” sê hy met verwysing na stadsrade wat nie hul riool en afval op die korrekte wyse hanteer nie.

“Daar móét gevolge vir wanbestuur wees.”

Aucamp sê hy is bereid om met alle belangegroepe te praat, selfs diegene wat krities teenoor sy standpunte is.

“Mense wat teenkating ervaar, mense wat nie daarvan hou dat ek jag nie, kan ook met my kom praat.

“Dit is 'n groot uitdaging en ek sien dit is 'n wilde perd, maar ons saal hom op en ons sal hom inbreek.” **LBW**



Oor siektes en kaal keisers

Uiteindelik kry Suid-Afrika toe rigting met die gestoei teen bek-en-klou-seer (BKS) met John Steenhuisen, minister van landbou, se onlangse aankondiging dat die hele nasionale kudde nou teen die siekte ingeënt gaan word.

Ja, daar's nog baie vrae, maar ten minste weet ons nou in wat-ter rigting almal moet trek. Daar's hoop dat ons miskien die miljarde rande se verliese weens verlore uitvoer kan stuit. En dat boere rustigheid kan kry oor die vrees vir die siekte wat hulle nou al jare lank bekuip.

Van die vrae is hoe huidige regulasies aangepas sal moet word sodat alle ingeënte diere nie geslag moet word nie. Waar gaan al die entstowwe vandaan kom? En hoe gaan die handjie vol staatsveeartse miljoene diere ingeënt kry?

Ek onthou die dag by *Landbou-weekblad* se Vee-akademie tydens Nampo Alfa in September toe dok Dave Midgley van Ruvasa die versoek van dr. Emily Mogajane, hoof van die ministeriële bek-en-klou-seer-taakspan, ontvang het om met 'n plan vorendag te kom oor hoe private veeartse kan help met

BKS-inentings. Dok Dave werk toe opgewonde dwarsdeur die naweek om die plan klaar te kry – en tot vandag toe wag hy op 'n reaksie.

Die naweek stuur dr. Johan van Rooyen, Steynsburgse veearts wat ook ongelooflik waardevolle werk onder die kommunale kuddes van die voormalige Transkei doen, vir my 'n DA-persverklaring wat meer as vyf jaar gelede uitgereik is toe nog net Limpopo-boere met BKS gesukkel het. Daarin word verwys na Thoko Didiza, voormalige minister van landbou, se belofte dat die Landbounavorsingsraad se BKS-entstofaanleg beslis teen 2025 voltooi sal wees. Daar word ook genoem dat daar reeds in 2010 sowat R180 miljoen bewillig is om die aanleg klaar te kry, en duidelike misnoeë word uitgespreek dat 'n projek wat drie jaar moes duur, toe 15 jaar sou duur. Wel, ná 15 jaar wag ons steeds!

Intussen lyk dinge nie veel beter by Onderstepoort Biologiese Produkte nie. Ondanks die R492 miljoen wat die staat reeds die afgelope dekade op die geriewe geblaas het, bly die projek onvoltooid! Nog R900 miljoen word blykbaar benodig om die werk klaar te maak,

terwyl betrokkenes in die private sektor, soos Design Biologix, teen 'n fraksie van dié koste eksponensieel meer uitgerig kry, maar nie mag help met BKS nie. Dis gek!

Ondanks sulke skokkende plig-versuim deur die staat, en gedrag wat naby aan verraad grens nadat duisende wit én swart boere bitter groot skade berokken is deur blote onbevoegdheid en skelm wees, het die land se wetmakers steeds die vermetelheid om 'n klomp belaglike wetgewing voor te stel.

Nuwe wetgewing oor vuurwopenbeheer en swart ekonomiese bemagtiging, asook die voorgestelde wysigings aan die Nasionale Waterwet sal onbevoegde staatsamptenare en ministers – wat nie eens 'n flessie entstof in 15 jaar kon laat vervaardig nie – nou besluitnemingsbevoegdheid gee oor mense se basiese veiligheid, besighede en 'n noodsaaklike hulp-bron soos water. Dit terwyl almal kan sien die keiser is poedelkaal!

Ons kan dié lamsakkigheid eenvoudig nie langer duld nie. Ons moet politici, soos daar ál meer met munisipale bestuurders gebeur, persoonlik begin verantwoordelik hou vir hul optrede. Miskien sal hulle dan twee keer dink voor hulle hulself magte toeëien wat ver bo hul skamele bevoegdheid strek.

– CHRIS BURGESS



OP 'N GALOP OP PAD NA 2026...

Pragfoto's van die Swakopmund-uthourit in Namibië gee 'n mens 'n insig in dié stryd tussen mens, dier en die natuur. Kry ook die jaar se beste artikels, rubrieke, nuus en boereplanne in ons lekkerlees-Kersuitgawe. FOTO: LEANA ERASMUS

Volgende uitgawe

Artikels & rubrieke

- **Die beste van 2025:** Artikels, rubrieke en boereplanne
- **Familieboerderye:** Maak seker jou kinders boer nog ná jou
- **Opvolgbeplanning:** 6-stap-proses met belangrike besluite
- **Indiepte weerstorie:** Hiér staan SA in die langtermynreënval-siklus
- **Wêreldwynkenner prys terrior,** maar waarsku oor wins-gewendheid
- **Swakopmund-uthourit:** Heelwat bloedsweet, en nog meer plesier

Spesiaal

- Uitblinkers
- Bande-reëks

Vir die gesin

- **Kersspyskaart:** Lig, vars en propvol somergeure
- **Deon Meyer:** Die vrees wat hom so briljant maak



RSAW
Grain Storage Solutions

+27(0) 76 991 5208
rsagrainsolutions.co.za
willem@rgss.co.za

**KONTAK ONS VIR ALLE
SILO-FONDASIES
STOORVLOERE**

**SIVIELE WERKE
ALGEHELE BOUWERK**

Media24 Media

Uitvoerende hoof Minette Ferreira
Finansiële hoof Lana Goliath
Bedryfshoof Edwina Lyners
Uitgewer Clint Ockhuis
clint.ockhuis@media24.com
Kategoriebestuurder Tommy Chapman
tommy.chapman@media24.com

© Kopiereg: *Landbouweekblad*. Alle regte voorbehou.
Meninge van medewerkers, rubriekskrywers en korrespondente word nie noodwendig deur *Landbouweekblad* onderskryf nie. Gedruk deur Novus Print. Uitgegeven versprei deur die eienaar, Media24 (reg.no. 05/038385/06), Heerenracht 40, Posbus 2271, Kaapstad.

MEDIA24



Dankie dat jy saam met ons groei ...

Hierdie jaar het jy weereens gewys wat harde werk beteken. Deur veranderende weerstoestande en wisselvallige seisoene, het jy jou alles gegee. Dankie vir nog 'n jaar van innovasie, groei en vennootskap; dat jy ons vertrou om hierdie pad saam met jou te stap – seisoen na seisoen. Saam bou ons 'n nalatenskap van innovasie wat die toets van tyd oor generasies heen sal deurstaan.



#BAYERvoordeel |     | @Bayer4Crops

www.cropscience.bayer.co.za /// www.bayer.co.za /// Tel: +27 11 921 5002

Bayer (Edms) Bpk. Reg. Nr. 1968/011192/07. Collaboration Hub, Eerste Vloer, Waterfall-sirkel, Country Estate Rylaan 9, Waterfall City, Midrand, 2090.

Hulpbronne nie genoeg beskerm

WENBRIEF

Manie, ek reageer graag op die bydrae “Bewaring is nie maklik nie” in jou rubriek in *Landbouweekblad* van 30 Oktober 2025.

As ’n oud-amptenaar met ’n passie vir bewaring wat die Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne (Wet 43 van 1983) van 1987 tot 2014 toegepas het, is ek, net soos jy, baie bekommerd dat die beskerming van Suid-Afrika se natuurlike landbouhulpbronne nie genoeg aandag geniet nie. Hoewel ek hoofsaaklik in Noordwes gewerk het, was ek ook soms in ander provinsies betrokke.

Ek is tans afgetree en woon op Bredasdorp, waar ek nog die omgewing moet leer ken. Soos ek genoem het, het ek ’n passie vir bewaring. Gevolglik lees ek nog gereeld *Landbouweekblad* en probeer betrokke bly by bewaringsaspekte.

Die doeltreffende bewaring van die land se natuurlike landbouhulpbronne is sekerlik een van die belangrikste aspekte in die landbou. Ongelukkig oorheers baie ander probleme die nuus en voel dit vir my daar word gans te min aandag aan dié uiters belangrike saak gegee.

Gedurende my tydperk by die departement van landbou het ek probeer om AgriSA en Graan SA te oorreed om meer aandag aan hierdie aangeleentheid te gee. Ongelukkig met min sukses. Ek glo steeds dat organisasies soos hulle baie meer kan doen om die departement sover te kry om baie meer aandag aan die saak te gee. Bogenoemde wet is ’n goeie wet en daar kan baie bereik word indien die



Gelukkig plaaslewe. Karlien Prinsloo (6) klouter graag op die lusernbale op die plaas Theronshoop in die distrik Hoopstad. Sy is die dogter van Tienie en Annelien Prinsloo en het ook ’n ouer boetie, Martiens (9). Haar pa boer met lusern, pekanneute, graan en ’n Beefmaster-stoetery, en is vanjaar as die Vrystaatse Jongboer van die Jaar aangewys. FOTO: VERSKAF

departement dit doeltreffender toepas.

Die nasionale departement het die mandaat om toe te sien dat Suid-Afrika se natuurlike landbouhulpbronne nie agteruitgaan nie, en dit doeltreffend teen agteruitgang te beskerm. Ek meen egter dat die departement geensins genoeg doen om dié mandaat na te kom nie. Die provinsiale departemente van landbou het ook ’n verantwoordelikheid om die boodskap van bewaring uit te dra en, dalk die belangrikste, om boere te identifiseer wat praktyke toepas wat tot die agteruitgang van hulpbronne lei.

Dalk moet *Landbouweekblad* oorweeg om op ’n permanente grondslag ’n afdeling te hê om oor hierdie saak te berig. Dit sal byvoorbeeld goed wees om te weet wat al tien departemente van landbou, asook AgriSA, Graan SA en die RPO werklik doen om bewaring te bevorder.

Hoewel *Landbouweekblad* gereeld berigte en artikels plaas oor bewarings- of herlewingslandbou en hierdie praktyke wel baie bydra tot die bewaring van

ons kosbare landbouhulpbronne, is die tempo waarteen boere oorskakel totaal en al te stadig. Gevolglik moet daar baie meer gedoen word om boere wat nie bewarings- of herlewingslandbou toepas nie, te oorreed en indien nodig te verplig om praktyke toe te pas wat die hulpbronne doeltreffend beskerm.

Dit sal beslis ook goed wees indien die nuwe, hoewel nie meer só nuut nie, departemente duidelik ingelig kan word oor die huidige toedrag van sake in ’n poging om toe te sien dat hulle deurlopend meer doen om agteruitgang teen te werk.

Ek hoop werklik hierdie poging van my kan daartoe lei dat meer artikels oor hierdie onderwerp verskyn.

Piet Theron

Bredasdorp

Verouderde wette keer vooruitgang

Suid-Afrika se landbousektor is een van die min ligpunte in ’n andersins stagnerende ekonomie. Terwyl die breër ekonomie sukkel om selfs 1% groei te haal, het die landbousektor van April

tot September vanjaar met byna 10% gegroei. ’n Mate van erkenning moet gegee word aan die departement van landbou vir die beskerming van bestaande uitvoermarkte en die opening van nuwe markte, maar die sektor se sukses getuig bowenal van die veerkragtigheid en vernuf van Suid-Afrikaanse boere.

Ten spyte van toenemend wisselvallige weersomstandighede, stygende insetkoste en ’n proteksionistiese internasionale tariefstelsel, demonstreer die land se boere keer op keer hul vermoë om te innoveer, beleggings te lok en die broodnodige werkgeleenthede te skep wat in die meeste ander sektore ontbreek.

Sektor teruggehou

Tog verdoesel hierdie sterk vertoning ’n ongemaklike waarheid: Die Suid-Afrikaanse landbou kan veel beter vaar indien dit nie deur beperkende wetgewing en volgehoue staatsondoeltreffendheid geknou word nie. ’n Reeks vermybare struikelblokke – van verstikkende regulatoriese prosesse tot swak reaksies op biosekerheidsbe-



Hansie Viljoen van Leeudoringstad is as 2025 se Graanprodu-

sent van die Jaar bekroon. Hy en sy familie boer met gewasse, beeste en wild, en besit 'n voerfabriek en meule. Lees die artikel op **bl. 38**.

Vertel van jou gesin.

Ek en my vrou, Wilmarie, het drie seuns. Dihan en Henrikus boer saam met ons en Kobus is saam met my pa by die meule en voerfabriek betrokke. Dihan en Therien het twee kinders, Lurien en Lize. Henrikus is met Janke getroud. Kobus en Adel het ook twee kinders, Hansie en Mienkie. My suster, Dirkie, en haar man, Pierre Fouché, boer ook in die omgewing.

Het jy ná skool gestudeer? Ja, BAgric aan die Universi-

teit van die Vrystaat.

Wie was jou mentors?

My ouers, asook Brand Pretorius, afgetrede uitvoerende hoof van McCarthy. Ek het saam met hom in hul direksie gedien en het baie by hom oor besigheid geleer en hoe om met mense te werk. By John Trollip wat by PWC was, het ek geleer hoe om in verskillende situasies op te tree.

Het jy 'n stokperdjie?

Boer, visvang, jag en vlieg. Ons het 'n Cessna 210 waarmee ons inspeksies op die plase uitvoer en ons boerdery in Botswana besoek.

Waar hou julle vakansie?

Gewoonlik aan KwaZulu-Natal se Suidkus. Ons probeer om een keer per jaar as hele familie vir 'n week iewers heen te gaan, soos by die see, die Kalahari of Botswana.

dreigings – onderdruk steeds die sektor se werklike potensiaal.

Die herhalende uitbrekings van bek-en-klouseer, wat al hoe meer houvas kry weens onvoldoende indammingspogings, benadeel veeboere en ondermyn uitvoervoldoening.

In die sitrusbedryf, Suid-Afrika se grootste landbou-uitvoerbedryf, gebruik proteksionistiese mededingers gereeld kwessies soos swartvlek as 'n politieke wapen om toegang tot Europese markte te blokkeer, wat boere miljarde rande kos weens toeneemend streng uitvoervereistes.

Die mees verstikkende beperkings spruit egter uit verouderde wetgewing wat lankal nie

meer die hedendaagse landbou dien nie. Hierdie ou-orde-wetgewende raamwerke smoor innovasie, vertraag die aanvaarding van moderne produksietegnologieë en verhinder nuwe landbou-ondernemings om die mark te betree.

Min voorbeelde illustreer dit beter as die voortgesette burokratiese rompslomp rakende Algjem Global Trading se misstofprodukt. Algjem probeer al langer as 'n jaar die nodige goedkeurings van die departement bekom om 'n plaaslik ontwikkelde natuurlike misstof te versprei wat daarop gemik is om chemiese insette te verminder, grondgehalte te verbeter en



Marko Grobler is Limpopo se Jongboer van die Jaar vir 2025.

Binne drie jaar vandat hy op kommersiële skaal met bedreigde African Grey-pegaaie begin boer het, voer hy deur sy eie uitvoermaatskappy direk na markte in die Midde-Ooste uit. Lees die artikel op **bl. 42**.

Vertel van jou gesin.

Ek is ongetroud. My meisie is 'n veldgids by Thornybush-natuurreservaat hier naby. Ek kuier gereeld by my familie in Pretoria. Albei my

ouers leef en werk nog, en ons is 'n baie hegte familie.

Het jy stokperdjies of belangstellings buite boerdery?

Ek is 'n vuurwapen-entoesias en hou van skiet, waarvoor ek ook taktiese opleiding het. As kind wou ek altyd 'n polisieman en boer geword het. Tussen die plaasweg, teenstropingsveldtogte en die boerdery het my kinderdrone waar geword.

Waar hou jy gewoonlik vakansie?

Ek wyk gewoonlik uit Mosambiek toe.

waterbehoud en oesopbrengste te verhoog.

Ten spyte daarvan dat die vereiste gelde betaal en die aansoek ingedien is ingevolge Wet 36 van 1947 – die byna 80 jaar oue wet wat kunsmis, plaagdoders en veevoer reguleer – bly die produk steeds vassteek in 'n tegniese evalueringsproses sonder 'n duidelike voltooiingstydlyn. Hierdie vertraging is nie bloot 'n ongerief nie, dit bedreig 'n tydgevoelige koolstofkrediet-gidsprojek wat vereis dat boere hul deelname teen 31 Desember 2025 registreer.

In die minister van landbou se geskrewe antwoord op ActionSA se parlementêre vraag erken die departement dat die aansoek vertraag word weens 'n tekort aan tegniese kapasiteit, vakatures in wetenskaplike poste en 'n toenemende aantal aansoeke.

Hierdie verduideliking is nie net hopeloos onvoldoende nie – dit is ontstellend. 'n Regering wat hom herhaaldelik verbind

tot die bou van 'n ontwikkelingsstaat, behoort nie verlam te word deur 'n onvermoë om landbougoedkeurings te verwerk weens personeeltekorte en tegniese gebreke nie. Dit is probleme wat die staat al oor dekades kon aanpak, maar hy het eerder gekies om hande gevou te sit en oor sy tegniese tekortkominge te kla.

Deur toe te laat dat verouderde wetgewing en administratiewe kapasiteitsbeperkings innovasie ontspoor en belangrike ekonomiese geleenthede verspeel word, word die Nasionale Ontwikkelingsplan se doelwitte ondermyn om landbouproduksie te verhoog, uitvoer uit te brei en landelike werksgeleenthede te skep.

Boere het nog altyd geweet hoe om voedsel doeltreffend en volhoubaar te produseer. Wat hulle van die staat nodig het, is nie inmenging en traagheid nie, maar fasilitering: funksionele regulering, voorspelbare tydlyne en wetgewing wat byhou met ▶

◀ tegnologiese vooruitgang. Om te verseker dat boere mededingend kan handel dryf – plaaslik én internasionaal – sal groot opbrengste lewer in die vorm van verbeterde voedselsekerheid, 'n sterker bydrae tot die bruto binnelandse produksie, bowenal, werkskepping in landelike gemeenskappe, waar armoede en werkloosheid tot hemelhoeë verstedelingskoerse lei.

Die Algem-saak moet as 'n wewoep dien. Suid-Afrika kan dit eenvoudig nie bekostig dat 'n antieke 1947-wet innovasie in die kiem smoor of groeigeleenthede saboteer nie. As die regering ernstig is oor die ondersteuning van die landbou, moet hy dringend die wetgewende raamwerk moderniseer, tegniese kapasiteit bou en vertroue in die regulatoriese stelsel herstel.

Die land se boere het reeds bewys waartoe hulle in staat is. Dit is tyd dat die staat ophou om hulle terug te hou.


Athol Trollip

Parlementêre leier, ActionSA, en lid van die portefeuljekomitee vir landbou

Skryf vir ons en wen 'n prys

Skryf gerus aan ons. As dit die wenbrief is, ontvang jy R150 met die komplimente van BKB. Sê jou sê in hoogstens 500 woorde. Stuur dit per e-pos aan lbw@landbou.com of per gewone pos aan Die Redakteur, Brieweblad, Landbouweekblad, Posbus 1802, Kaapstad 8000. Verskaf jou naam en adres, al wil jy 'n skuilnaam gebruik.

Piet Theron het dié week se wenbrief geskryf.



Verbetering. Dié stukkie veld is die gevolg van I.P. Grobbelaar se losskeurplan.



Soos 'n braak mielieland lê ongeveer 50 morg (40,8 ha) verdorde Karoo veld wat met 'n skulploeg losgebreek is en wag op reën ná 'n lang droogte.

VAN TOEKA SE TYD – 70 JAAR GELEDE

Uit: Die Landbouweekblad, 6 Desember 1955

Karoo veld losgeskeur vir weiding

'n Ywerige jong boer het 1 000 morg (857 ha), een vyfde van sy hele plaas, klipharde Karoo veld met 'n tweetand-skeulploeg tot op 'n gemiddelde diepte van 21 duim (53 cm) losgebreek sodat groot dele van sy verdorde, droogtegeteisterde plaas tans soos 'n braak mielieland lyk. Hy sal slegs 'n paar maande ná die eerste reën met voldoening die vrugte smaak van sy eie geslaagde, beproefde manier om plantegroei te herwin op kolle wat so kaal was soos 'n mens se handpalm.

Die genoegdoening sal des te soeter wees omdat I.P. Grobbelaar van Rietfontein, Cradock, self op dié blink gedagte gekom het om sy uitgetrapte veld van 'n welige weibedekking te voorsien en plaaterosie die nek in te slaan pleks daarvan om vir hom 'n ander plaas te koop.

Met 'n uitgawe van slegs ongeveer £425 het hy die drakrag van sy vlakveld (in teëstelling met die rantveld) meer as ver-

dubbel. Die koste van slytasie, arbeid en brandstof het op 14 sjielings per morg op die kaal kolle en 3 sjielings per morg op die skraal kolle te staan gekom. Dit het sweet gekos – 1250 werke van swoeg.

Die kaal en skraal kolle was voorheen Rietfontein se beste weiveld. Gevolglik het hierdie dele meer dikwels as ander dele meer vee gedra. Voordat die hedendaags gebruiklike wisselbeweiding toegepas kon word, was groot dele tot op die grond afgevrete en kaal uitge-trap. Hulle het nutteloos gelê en plaaterosie het hoogty gevier daarop.


Hierdie kolle was bedek met 'n lagie slijk wat só vetterig was dat dit byna geen water deur-gelaat het na die dieper grond nie. Bossies en gras het geen wegspringkans gekry nie. Die lagie was buitendien ook te hard vir saadjies om in barsies en skeurtjies te ontkiem.

Ná reën het slote merkbaar daarop uitgespoel. Kontoerwal-

le het slegs in 'n mate gehelp om bedekking te bevorder – egter net totdat die kontoerwalle begin opslik en soos terrasse begin lyk het. Hulle kon spoelwater nie meer doeltreffend keer nie. Die ou kontoerwalle is verbeter en nuwes is gegooi.

'n Paar maande nadat die kontoerwalle gegooi is, het I.P. bemerk dat daar naby die walle sulke strepe-strepe welige gras- en bossiebedekking was. Hy het kopgekramp en toe besluit dat dit te danke was aan die feit dat die skulploeg waarmee grond destyds losgewoel is vir die walle, nie heeltemal bokant die grond uitgelig kon word nie en derhalwe strepe grond ongeveer 6 duim (15 cm) diep losgewoel het. Ook langs die pad waarlangs die skulploeg van die huis af veld toe getrek is, het strepe wuiwende gras gestaan.

Só het hy op die gedagte gekom dat die skulploeg gebruik kon word om sy weiveld los te woel sodat die reën- en spoelwater in die losgemaakte grond kon wegsak en daarin behoue bly. Ná proefnemings op 'n kleiner stuk grond het hy besluit op die diepte wat hy uiteindelik gevolg het.



"Ek weet jy wil... my nommer hê."



Sonja en haar boer staan by hul liefdeswa.



Verlief, verlore en
reg vir saamboer.
FOTO'S: VERSKAF

Speelse advertensie wys 'Landbouweekblad' boer saam

Die liefde blom op ons werf met *Landbouweekblad* se splinternuwe advertensie. Of jy nou geïnteresseerd is in boer of selfs in koer, sal die Ons boer saam-veldtog jou breed laat glimlag.

Ons rabbedoe Sonja maak ogies vir die boer op die buurplaas. Sy wil haarself graag aan hom bewys as 'n vroueboer (én boer-vrou) wie se hande vir niks verkeerd staan nie. Met 'n oranje strik op die kop, gepantser met inligting uit haar gunsteling-tydskrif en 'n uitgawe van laasgenoemde in haar agtersak is sy slag gereed om hom te help boer.

Ons boer weet nie wat hom tref nie. Hy probeer die vrou uitpluis wat so langs sy bakkie hardloop en so gretig is om plaashekke oop te maak.

Anél Wood en Cindy Swanepoel (wat ook die rol van Sonja vertolk) van Swan-Dive Productions het met die konsep vir die veldtog vorendag gekom.

"Enigiemand wat al op 'n plaas was, weet daar is plaashekke wat oop- en toegemaak moet word. Dis natuurlik 'n luukse as iemand saam met jou ry wat dié rol kan vervul," sê Anél, mede-vervaardiger, regisseur en skrywer.

"Ons wou met die advertensie die storie vertel dat *Landbou.com* soos iemand is

wat elke dag vir jou die plaashekke oopmaak – die ideale pasmaat om saam met jou te boer."

Vir Cindy en Neels Clasen (die boer) was die verfilming vet pret.

"Ek het die hele dag in die bakkie gesit en Cindy het die hele dag gehardloop," spot Neels.

Volgens Cindy het hulle dit só geniet – tot op die punt waar sy vuil en vol skraapmerke



Op jou merke, gereed, laat waai! Sonja (Cindy Swanepoel) is slag gereed om hekke oop te maak.

was. "En dis lekker om saam met iemand soos Neels laf te wees," sê sy.

Die hoofredakteur van *Landbouweekblad*, Chris Burgess, meen dit is belangrik om die boodskap tuis te bring dat *Landbou.com* inderdaad *Landbouweekblad* is, en andersom.

"Die een is op papier, die ander digitaal. Ons het die afgelope dekade baie werk gedoen om die handelsmerk uit te brei – van *Landbouweekliks*, ons televisieprogram op VIA, tot ons toonaangewende landboukonferensies. Vandag is ons soveel meer as net 'n tydskrif.

"Wat wel nie in ons bestaan van 106 jaar verander het nie, is dat ons die landbou se stories vertel. Of dit nou op 'n boeredag of op 'n WhatsApp-groep is. En wat sou die lewende sonder 'n bietjie humor wees? Ons hoop mense geniet ons advertensie soveel soos ons!"

Die advertensie sal op kykNET, Via, *Landbou.com* en al *Landbouweekblad* se sosialemediaplatforms te sien wees. **LBW**

BORGE: **Ford Suid-Afrika** en **Stevenson Hamilton** ("boer" se klere)



DG sit veer in minister se hoed

Mooketsa Ramasodi, direkteur-generaal van landbou, praat asof hy omtrent 'n pouveer in John Steenhuisen, minister van landbou, se hoed sou wou sit oor die vordering met die opening van nuwe markte vir landbouprodukte.

Ramasodi en Steenhuisen was sprekers by 'n leierskonferensie van die African Farmers' Association of South Africa (Afasa)

wat by die Landbounavorsingsraad se Roodeplaat-kampus buite Pretoria gehou is.

Ramasodi het oor vordering met die pilare, oftewel die doelwitte, in die meesterplan vir die landbou en voedselverwerking gepraat. Die vyfde pilaar handel daarvoor dat markuitbreiding moontlik gemaak, marktoegang verbeter en handel bevorder moet word.

Hy het gesê hy is baie seker

die minister onderteken elke derde maand 'n handelsooreenkoms of 'n memorandum van verstandhouding. "Ongekend. Ongekend. Laat ek 'n voorbeeld gee. Die minister het die president (Cyril Ramaphosa) op 'n besoek aan Viëtnam vergesel. Die minister het met Viëtnam se minister van landbou vergader en hulle het gesê hulle sal binne drie weke 'n memorandum van verstandhouding gereed hê.

"Almal het gesê dis onmoontlik, maar daardie memorandum is verlede week onderteken.

"En as 'n mens na die Chinese mark kyk en wat daar gebeur het

Onder beleg. Ná 'n droë winter was die koringoes ondergemiddeld, iets wat boere kwalik kan bekostig met die koringprys wat so laag is. Die prys is só laag dat boere nie werktuie kan vervang nie. Sien ook **bl. 32** vir die vierde indiepte-artikel oor die koringkrisis en wat gedoen kan word.

... Ek is nie hier om lofsange te sing nie, ek bring net 'n boodskap. As ek lofsange wou sing, sou ek vir 'n skoonheidskompetisie ingeskryf het en laaste gekom het," het Ramasodi onder gelag gesê.

Wandile Sihlobo, hoofekonomiese van Agbiz, het in sy spreekbeurt ook na die groei in uitvoer verwys. Die sektor voer 55% uit van wat hy produseer. Dié uitvoer sal vanjaar die eerste keer meer as \$14 miljard (R240 miljard) werd wees. In die eerste drie kwartale van die jaar het die waarde van uitvoer reeds \$11,7 miljard (R200 miljard) beloop. Dit is 10% meer as verlede jaar.

Manie moet sê: Dit lyk nou vir hom ook of die minister nie 'n steen is nie, maar 'n rots!

Wat is volhoubare veldbestuur nou eintlik?

Wetenskaplikes beskryf volhoubaarheid as die vermoë van 'n ekologiese stelsel om oor tyd só te produseer dat daardie



012 250 2188
066 299 7939
sales@taltec.co.za
www.tal-tec.co.za



**VEE HANTERINGS
TOERUSTING**

stelsel se produkte en dienste gebruik kan word sonder om ander ekosistels te benadeel.

Ook, die volhoubare benutting van weiveld beteken die bewaring van natuurlike hulpbronne en die instandhouding of verbetering van biologiese produktiwiteit (die hoeveelheid organiese materiaal). Dit sal dan ook finansiële risiko's verminder vir boere wat die resep kan regkry.

Daarteenoor kan onvolhoubare bestuur lei tot versnelde en onherstelbare agteruitgang van 'n ekosistels, soos gesien by kaal, onvrugbare grond wat nie water kan hou nie, 'n toename in eenjarige gewasse teenoor smaaklike meerjariges, en bosindringing. Veld wat min van hierdie slegte tekens toon, verkeer dus in 'n goeie toestand, terwyl veld wat duidelike tekens van agteruitgang toon, natuurlik in 'n swak ekologiese toestand verkeer. Dit is iets wat sonder agtereenvolgende goeie reënseisoene byna onmoontlik is om reg te stel.

Manie onthou vaagweg dat die ou landbouvoorligtingsdiens jare gelede al 'n mooi, eenvoudige definisie gehad het: "Boer in harmonie met die natuur." Sy definisie van volhoubaarheid was dat 'n mens só moes boer dat jy 'n redelike, leefbare inkomste kon verdien sonder om jou plaas se natuurlike hulpbronne oor te benut.

In daardie tye het die staat ook "ekonomiese eenhede" ingestel om die onderverdeling van plase, en daardeur veldagteruitgang, te bekamp. Daardie ekonomiese eenhede is nou aangepas om nuwe, opkomende boere te huisves. Aangesien die meeste veeboerdery in die halfwoestyndele van Suid-Afrika geskied, is dit vanselfsprekend nou moeilik om die konsep van volhoubare praktyke te bevorder.

Elke jaar word die getal beeste, skape of bokke wat 'n boer nodig vir 'n menswaardige bestaan net groter. Ongelukkig is oorbeweiding dan al uitweg vir diegene wat nie grondgewys kan uitbrei nie. Hierdie probleem is só ingewikkeld dat Manie nie eens daarvoor wil dink nie ...

Die storie van brood

Manie besef nou 'n brood is nie sommer net 'n brood nie. 'n Eenvoudige broodjie van koringmeel het die energie om dit vir iemand moontlik te maak om vir 25-30 minute vinnig te loop, 15-20 minute lank tuin te maak of om jou brein regdeur 'n vergadering aan te dryf.

Dr. Tobias Doyer, uitvoerende hoof van Graan SA, het onlangs op dié organisasie se galadinee meer vertel oor 'n brood en die energie wat daarin vasgevang is. 'n Klein broodjie lyk onskuldig, maar dit het sonlig vasgevang en bevat 150-180 kilokalorieë wat begin het in die kern van die son waar uiterste toestande heers, soos temperature van 15 miljoen grade Celsius. Dié energie verlaat die son as lig en reis 150 miljoen kilometer om 'n koringplant te bereik. Die plant verander dan lig, plus water en CO₂ in stysel en suikers wat die energie in die plant skep.

"Miljoene jare gelede is die energie wat nou in jou broodjie is, gebore. Ons eet ou sterlig, varsgebak," het Doyer gesê.

Uitgeknip as oujongkêrel

Koos het gaan landbou studeer. In die eksamen is een van die vrae: Wat is die verskil tussen 'n bul, 'n koei en 'n os?

Ná 'n bietjie kopkrap skryf hy: "n Bul is 'n manlike bees, 'n koei is 'n bul se vrou en 'n os is uitgeknip om 'n oujongkêrel te word." **LBW**

sales@pistorius.co.za 082 863 3314 082 863 3339 www.kalk.co.za

80 JAAR VAN PISTORIUS LANDBOUKALK
DIE FONDAMENT VAN WINSGEWENDE BOERDERY

BEGIN DEUR OOM HENDRIK PISTORIUS
BEGIN IN 1944

BKB

Die Betroubare Tuiste van Landbou

www.bkb.co.za

PTH
WATER IMPROVER

Die **EINDE** van kalkaanslag en roes

Die eenvoudige oplossing vir harde waterprobleme

Geen elektrisiteit Geen chemikalieë & sout Geen onderhoud Geen patrone

www.automation4a.co.za +27 (0)82 951 0040

JHB TRACTOR SPARES

1971-2025 54 YEARS

SPECIALISTE IN VERVANGINGSONDERDELE VIR
FORD / FIAT / NEW HOLLAND / MF

Tel. (011) 677 2100
Tel. (011) 615 6421
E-pos: jhbtrac@icon.co.za
www.jhbtractorspares.co.za

Daviesweg 32
Malvern-Oos, Germiston

'Nét streng bewegingsbeheer kan inenting laat werk'

Inenting teen bek-en-klouseeer alleenlik gaan nie die wa deur die drif trek om die siekte onder beheer te bring nie. Beheer oor die verskuiwing van diere is noodsaaklik, sê die staatsveearts onder wie se leiding 'n uitbreking in KwaZulu-Natal in 2000 binne drie maande onder beheer gebring is.

MET die uitbreking in Camperdown in 2000 is die polisie, weermag en verkeersowerhede betrek. Daarsonder sou bek-en-klouseeer nie binne drie maande onder beheer gebring kon word nie. Dieselfde soort streng optrede het ook sukses meegebring in ander lande, sê dr. Gideon Brückner, destyds nasionale direkteur van dieregesondheid.

Brückner was hierna hoofdirekteur van veeartsenykundige dienste in die Wes-Kaap en adjunkdirekteur-generaal van die wêreldorganisasie vir dieregesondheid (destyds die OIE, vandag die WOAH).


Dié afgetrede staatsveearts praat met gesag oor wat hy keer op keer sien werk het.

“Met inenting alleen moet 'n mens oppas om nie vals vertroue te skep nie, naamlik dat ‘ons gaan nou diere inent en só gaan ons die siekte klop’ nie. Dit werk nie so nie. Inenting is 'n middel tot 'n doel,” sê Brückner.

“Sonder beheer oor verskuiwings van diere en die samewerking van al die belanghebbendes kan jy vergeet om die siekte onder beheer te bring.”

Terwyl Brückner by die OIE gewerk het, het hy Brasilië, Bolivië en Argentinië gehelp om hul bek-en-klouseeeruitbrekings onder beheer te bring. Brasilië en Bolivië is vanjaar vry van bek-en-klouseeer sonder inenting verklar, maar dit was 'n jare lange proses.

“Dié lande was in dieselfde po-



Wyse raad. Brückner meen Suid-Afrika het in 2019 'n fout gemaak om nie toe reeds op groot skaal te begin inent nie. Dit was sy raad destyds, saam met verskuiwingsbeheer. FOTO'S: GALLO IMAGES

sisie as Suid-Afrika tans, met die siekte wat wyd versprei het. Hulle het eers massa-inenting toegepas en toe geleidelik beweeg na bek-en-klouseeervry mét inenting en daarna bek-en-klouseeervry sonder inenting.”

Dit is die pad wat Suid-Afrika ook sal moet stap, sê Brückner, wat dié lande verskeie kere besoek het om hul bek-en-klouseeerstrategie te ondersoek en daarvoor verslag te doen.

Die drie lande se beheer oor verskuiwings was “baie, baie streng”. Al drie lande het provinsies. Die weermag, polisie en verkeersowerhede, asook boereverenigings, het op provinsiale en munisipale grense beheerpunte gehad. Die beheerpunte is 24 uur per dag beman. Die weermag was veral in Argentinië betrokke, veral in hoërisikogebiede.

“Almal het met die padversperrings gehelp. Beheer oor verskuiwings is die noodsaaklike deel van enige bekampings.”



Dr. Gideon Brückner

Dieselfde is in 2000 in KwaZulu-Natal toegepas. Onder Brückner se leiding het al dié staatsinstellings gehelp met beheer oor verskuiwings. “Dit het goed gewerk en Suid-Afrika het sy status as bek-en-klouseeervry herwin.”

Vinnige optrede nodig

Brückner sê indien die staat nie die regte stappe doen binne die eerste 24 tot 48 uur nadat bek-en-klouseeer gediagnoseer is nie, het hy klaar die stryd verloor.

“Vinnige, streng optrede is nodig. Wat jy nou verloor, gaan jy nie later inhaal nie.

“'n Mens moet heeltyd vóór die siekte bly, en nie agter die siekte aanhardloop nie. Ongeukkig is Suid-Afrika nou by die stadium waar hy agter die siekte aanhardloop. Ons kom net nie vóór die siekte nie.”

Suid-Afrika het jare lank die status as “vry van bek-en-klouseeer sonder inenting” geniet. Volgens Brückner het die land in 2019, met 'n uitbreking in Limpopo, die fout gemaak om nie drasties op te tree nie.

“Hierna het die siekte geleidelik na sewe provinsies versprei. Internasionaal word ons stéeds as besmet beskou.

“As 'n mens nie die risiko kan beheer nie, wat tans die geval met Suid-Afrika is, moet jy aanhou inent, totdat jy die risiko onder beheer het.

“Sonder streng beheer oor die verskuiwing van besmette diere gaan inenting egter niks help nie. Inenting is nie 'n 100%-waarborg dat diere nie gaan siek word nie, dit hou net die viruslading laag.

“Beheer oor verskuiwings is die noodsaaklike kerndeel van die bekampings van 'n siekte soos bek-en-klouseeer. Verskuiwings moet absoluut beperk word om te keer dat die siekte versprei, maar tans veroorsaak verskuiwings in die Vrystaat en KwaZulu-Natal dat die uitbrekings net nie ophou nie.”

Brückner sê dit het in Brasilië nege jaar geduur voordat die land ná 'n beleid van inenting en progressiewe sonering, vanaf vry van die siekte met inenting, tot vry sonder inenting kon vorder.

“Ons moet besef dit gaan 'n hele paar jaar duur om dit te bereik. Jy móét 'n baie besliste plan hê. Dit moet gekoppel wees aan 'n verbintenis om die pad te stap met inenting, asook streng beheer oor verskuiwings.”

2000 se sukses: 'Harde werk, min slaap en gróóť logistieke beplanning'

'Dit is nie moeilik nie, maar dis harde werk,' sê oudkol. Francois Schreuder oor die tye toe hy in 2000 en 2004 gesamentlike bedryfsentrums gelei het om bek-en-kloueer suksesvol en vinnig in KwaZulu-Natal en Limpopo vas te vat.

"ONS het 'n baie goeie span gehad. 'n Mens slaap min, so drie ure per nag, maar jy is toegewyd, het 'n passie vir die werk en is ook trots op jou werk," sê Schreuder.

Hy was in 2000 in die weermag toe hy gevra is om die voorsitter van die gesamentlike bedryfsentrum te wees vanwaar die veldtog bestuur en gekoördineer is om die bek-en-kloueer-uitbreking in KwaZulu-Natal te stuit.

Dit is binne drie maande onder beheer gebring, danksy streng bewegingsbeheer en inenting. Hy is later ook gevra om in Mpumalanga en Limpopo met die beheer van uitbrekings te gaan help.

Schreuder is vandag die sekuriteits hoof in Afrika suid van die Sahara van 'n internasionale logistieke sake-onderneming nadat hy op vroeë pensioen in die weermag gegaan het. Hy onthou nog goed hoe omvangryk die bekampingsveldtog saam met dr. Gideon Brückner, destydse na-

sionale direkteur van dieregesondheid, was. Hulle het hegte bande gesmee en het tot vandag toe kontak.

Schreuder sê dit was destyds 'n groot taak om die verskillende belanghebbendes in dieselfde rigting te laat saamwerk. Altesaam 13 groepe was betrokke, onder meer die weermag, polisie, veeartsenydienste en boere.

"Elkeen het verskillende riglyne gehad oor byvoorbeeld oortydwerk. Dit was my taak om al hierdie organisasies onder een sambreel te kry sodat almal in dieselfde rigting kon trek."

Die bek-en-kloueer-uitbreking in 2000 in KwaZulu-Natal was die eerste in 56 jaar. Daar was dus geen dokument of model oor hoe vorige uitbrekings benader is wat gebruik kon word nie.

Wat daar wel was, was die politieke wil om die uitbreking vinnig vas te vat, sê Schreuder.

"Ek het my mandaat vanaf wyle dr. Ben Ngubane, destydse premier van KwaZulu-Natal, gekry. Ons moes vinnig optree. Wanneer ek dringend mobiele drukgange moes koop en die proses vasgehaak het, kon ek hom regstreeks bel om te help."

Sonder dié soort politieke wil is dit moeilik om só 'n bekampingsveldtog suksesvol te voer, want alles moes vinnig gebeur om vóór die siekte te probeer bly, sê Schreuder.

"Wanneer 'n mens in burokrasie vasval, kry jy nie gedoen wat jy éintlik moet doen nie."

'n Kop vir logistiek

Die veldtog in KwaZulu-Natal was groot. Schreuder moes na die logistiek kyk en dit het klomp verskillende reëlins behels. "Ek moes byvoorbeeld seker maak veeartsenykundige dienste het dít wat hulle nodig het om die- re in te ent, of dat die weermag,



Francois Schreuder FOTO: VERSKAF

polisie en padverkeersbeamptes het wat hulle vir padversperrings nodig het.

"Daar was hope padversperrings. Ons het begin met 17 en geëindig met 76. Dit was 'n baie groot logistieke oefening om alles bymekaar te hou.

"By die padversperrings moes daar byvoorbeeld gereël word dat die rantsoene op die regte tyd daar is en dat daar verblyf is vir die betrokke beamptes.

"Vir die inbring van die entstof uit Botswana moes ons seker maak dat die veeartsenykantore behoorlike yskaste het om die entstof teen die regte temperatuur te hou. Daar moes boek gehou word van alles. Iemand moes al dié dinge bestuur, anders sou die pap op die grond val. Ek moes seker maak dat alles gebeur, op die regte tyd en op die regte plek.

"Die boere, en ek sê dit tong in die kies en met groot respek, was waarskynlik die moeilikste groep om mee te werk. Hulle wil dinge op húl manier doen."

Schreuder sê wat optrede in die 2000-uitbreking moeilik gemaak het, was die gebrek aan bestuursinligting, soos wie die betrokke boere was, hoeveel die- re hulle gehad het, en waar hulle was. Dit het vordering bemoeilik omdat inligting eers ingesamel moes word.

Bewegingsbeheer is noodsaaklik om die verspreiding van 'n siekte soos bek-en-kloueer te keer, sê Schreuder. "Om in te ent sonder bewegingsbeheer is 'n vormorsing van hulpbronne." ▶



Padversperrings was 'n noodsaaklike deel van die suksesvolle bekamping van bek-en-kloueer in 2000 in KwaZulu-Natal en Limpopo. Dit verg omvattende logistieke beplanning en die betrokkenheid van verskeie belanghebbendes wat moet saamwerk.

‘Dis ’n 180 °-ommeswaai’

Die strategie oor hoe Suid-Afrika se inentingsveldtog toegepas gaan word, word tans met dringendheid saamgestel, sê die rooivleisbedryfsdienste (RMIS).

WYSIGINGS moet aan protokolle en regulasies van die Suid-Afrikaanse rooivleisbedryf gemaak word om die nuwe strategie vir die bekamping van bek-en-klouseeer, met ’n inentingsveldtog, te laat slaag.

John Steenhuisen, minister van landbou, het einde November aangekondig dat Suid-Afrika wegbeweeg van ’n beleid van hoofsaaklik kwarantyn na ’n omvattende nasionale inentingsbeleid.

Dewald Olivier, uitvoerende hoof van die rooivleisbedryfsdienste (RMIS), sê hy het navrae uit verskeie oorde gekry van wat die volgende stappe is en hoe só ’n ommeswaai bewerkstellig gaan word. “Vir nou is daar ’n 180 grade-ommeswaai aangekondig in wat ons tot dusver gedoen het.”

’n Vraag wat byvoorbeeld gevra word, is hoe abattoirs ingeënte diere moet hanteer. “As ’n abattoir ’n dier ontvang wat

vir bek-en-klouseeer ingeënt is, is dié dier dan positief vir bek-en-klouseeer? Natuurlik nie. Wat dit en ander praktiese en tegniese aspekte betref, moet protokolle en regulasies aangepas word.”

Olivier sê die ministeriële taakspan bespreek die veranderinge. Na verwagting sal die plan om die veldtog in werking te stel, reeds voor die einde van die jaar “vervorder”.

Volgens Steenhuisen se aankondiging behoort sowat 2 miljoen dosisse entstof reeds teen Februarie volgende jaar in Suid-Afrika te wees.

Olivier sê voor dit gebeur, sal die plan gereed moet wees. “As ’n bedryf wil ons teen dan

al verstaan wat die reëls van die veldtog is. Dit help nie die entstof word in koelkamers gehou en ons kan nie inent nie.”

Een van die kenners op wie die bedryf en die taakspan swaar gaan steun, is die veearts dr. Gideon Brückner, wat voorheen in die tegniese komitee van die wêreldorganisasie vir dieregesondheid (WOAH) gedien het. Brückner se aanbevelings om lande bek-en-klouseeervry te kry, is presies wat nou gaan gebeur.

“Ek het dit al voorheen gesê: Om in te ent, is nie ’n kitsoplossing nie. Dit is maar een van die stappe wat ons sal moet doen om die siekte te takel. Daar is nog ’n hele stel ander aspekte

Die stryd kán gewen word – Karan-veearts

Die aankondiging dat bek-en-klouseeer met nasionale inenting beveg gaan word, is heuglike nuus vir dr. Dirk Verwoerd, hoofveearts van Karan Beef se voerkrale. Die enkel grootste behoefte is genoeg entstowwe, sê hy.

VERWOERD sê daar word al jare gewerk aan ’n model vir nasionale inenting teen bek-en-klouseeer as moontlike redding vir die rooivleisbedryf.

“Dit is jammer dat die krisis tot by hierdie punt van ’n totale inploffing moes vorder vir genoeg mense om te besef waaroor dit regtig gaan.

“Ons het al weke gelede die programme deur die ministeriële taakspanne en ander betrokkenes bespreek, maar die toepassing daarvan is ongelukkig vir ’n paar weke vertraag. Ons hoef nou nie meer planne te ontwikkel of uit te dink nie. Dit is alles al uitgewerk, en dit is hoekom ons opgewonde is.”

Hy sê die proses moet begin op die plekke waar die vure hoër brand, soos in KwaZulu-Natal waar ’n totale inentingsprogram in die hele provinsie gou nodig is.

Meervoudige inentings

Verwoerd beklemtoon dat almal moet besef dit is ’n program en nie ’n eenmalige inenting van die nasionale kudde, en dan is die probleem opgelos nie. Opvolginentings is nodig.

Met die huidige entstowwe wat beskikbaar is, is daar ’n wagtyd van drie tot vier maande ná ’n enkele inenting. Daar is dalk binnekort entstowwe beskikbaar wat oor ’n langer tydperk sal werk.



Volgens dr. Dirk Verwoerd van Karan Beef is daar baie gevalle waar geen praktiese beheer oor diere moontlik is nie. FOTO: GALLO IMAGES

Die vermoë om byvoorbeeld 1,5 miljoen dosisse plaaslik te vervaardig, kan nie oornag geskep word nie. Dit sal volgens Verwoerd waarskynlik minstens ’n jaar duur.

“Ons het nie ’n entstoffabriek nie. By ons navorsing- en diagnostiese sentrum is die vermoë naasteby 200 000 dosisse, wat sowat twee maande duur om te vervaardig. Daar sal dus sowat ses siklusse per jaar moet wees.”

Entstof sal dus steeds van Botswana ingevoer moet word. Ander lande, soos Turkye en Argentinië, kan ook toetree.

“Soos met enige ander siekte is daar nie net een entstof nodig nie. ’n Mens wil ’n hele gereed-

skapkis met verskillende entstowwe hê wat elk hul eie sterk en swak punte het. Dit is hoe ons alle siektes suksesvol benader en dit is ook hoe ons hierdie siekte gaan benader.

“Ons praat van ’n jaar of twee om te vorder tot by die punt van vry van bek-en-klouseeer met inenting, waar daar nie aanhoudend aktiewe besmettings is nie.

“Daarna moet ’n klomp gegewens aan die wêreldorganisasie vir dieregesondheid verskaf word vir erkenning as vry van bek-en-klouseeer met inenting. Dit kan ook ’n jaar of wat duur.”

Verwoerd sê dit plaas ’n ondraaglike las op die enkele laboratorium wat daar tans in

wat ook aangepak moet word.
“Veranderingsbestuur gaan noodsaaklik wees. Ons gaan anders moet dink oor ons bedryf,” sê Olivier.

Suid-Afrika gebruik reeds sedert 2004 die BVI-entstof uit Botswana. Olivier sê daar was al gevalle waar van die ingeënte diere se vrugbaarheid verbeter het, juis omdat hulle ingeënt is voordat hulle siek geword het.

Veeartse het aan Olivier verduidelik dat ’n dier wat die virus onder lede en erge koors het, se vrugbaarheid nadelig deur die koors beïnvloed kan word. Volgens hom word navorsing tans oor vrugbaarheid en entstowwe gedoen. **LBW**

Suid-Afrika is. Hulle pleit al jare lank vir private laboratoria. “Daar is baie praktiese probleme, maar daar is ook vir elkeen ’n antwoord. As alles wat moet gebeur, vinnig en glad gebeur, kan ons die stryd oor twee jaar wen.”

Oplossings bestaan

Verwoerd beklemtoon dit is ’n weldeurdragte veldtog wat die werklikhede in ag neem. “Dit help nie om selektiewe beheer oor verskuiwings toe te pas op byvoorbeeld voerkrale nie, terwyl daar net langsaan kommunale beeste is waar daar geen beheer is nie.

“Dit is oëverblindery om te sê daar is beheer oor verskuiwings, want as jy dit nie vir almal kan doen nie, kan jy dit net sowel los. Al hierdie fundamentele foute was ingebou in die vorige model.

“Ons speel nou die spel soos wat die oorlog dit vereis, en dan kan ons wen.”

– NICO VAN BURICK

Dié drie dinge skort met inentingsveldtog – Ruvasa

SOOS talle belanghebbendes in die veesektor wil die herkouerveterinêre vereniging van Suid-Afrika (Ruvasa) weet waarmee Suid-Afrika se hele beeskudde nou teen bek-en-klouseer ingeënt gaan word nadat John Steenhuisen, minister van landbou, aangekondig het dat dít die manier is waarop Suid-Afrika die siekte gaan hokslaan.

“Ons 354 lede, wat praktiserende veeartse op die platteland is, staan gereed om te help, maar ons mag nog nie en selfs al mag ons, weet ons nie hoe nie,” sê dr. Dave Midgley, wat aan die hoof van Ruvasa staan.

Die ministeriële bek-en-klouseertaakspan onder leiding van dr. Emily Mogajane het in Oktober gevra of Ruvasa sal help omdat daar ’n tekort aan mannekrag in die direktoraat veeartsenydiens is.

“Ruvasa het dadelik gereageer en in ’n voorstel aan die taakspan uiteengesit hoe private veeartse kan help, maar tot vandag toe het ons geen terugvoer gekry nie. Ons mag dus steeds nie help met inentings teen onder meer bek-en-klouseer nie,” sê Midgley.

Watter entstof?

Boonop is Midgley bekommerd oor die entstof wat in hierdie enorme inentingsveldtog gebruik sal word. “Dit is belangrik om te onthou dat kommersiële beesboere, stoettelers en melkprodusente sal wil inent om te boer, nie om te slag nie. Ons moet dus

’n entstof gebruik wat die beste daarvoor geskik is. Die entstof van die Botswana-entstofinstituut (BVI) wat tans ingevoer word, het ’n waterbasis en is nie die ideale entstof vir hierdie doel nie – veral omdat diere aanvanklik twee keer hiermee ingeënt moet word, wat arbeidskoste verhoog.”

Daar is weke gelede reeds ’n aansoek ingevolge artikel 21 van die Wet op Medisyne en Verwante Stowwe (Wet 101 van 1965) by die Suid-Afrikaanse owerheid ingedien om magtiging te verkry vir die invoer en gebruik van die Turkse entstof Dollvet teen bek-en-klouseer. Dit is soortgelyk aan die aansoek wat vir die BVI-entstof ingedien en goedgekeur is.

Midgley sê die Dollvet-entstof sal ’n goeie opsie wees om die nasionale kudde in te ent omdat dit ’n oliebasis het en vee net een keer met ’n enkel dosis ingeënt hoef te word vir ses maande se beskerming teen die SAT-1-, SAT-2- en SAT-3-stamme van die bek-en-klouseervirus. Die BVI-entstof dui “vier tot ses maande” se beskerming met ’n dubbeldosis aan op die etiket.

Vrae oor beskerming

Midgley sê dit is juis die beskerming wat entstowwe diere bied, waaroor Ruvasa ook vrae het. Op die bek-en-klouseerindaba in Junie het afgevaardigdes Mogajane en die taakspan aangemoedig om die minister aan te spoor om entstof teen die plaaslike stamme van die bek-en-klouseervirus te laat toets by die Pirbright-instituut



Dr. Dave Midgley

in Brittanje – die wêreld se verwysingslaboratorium vir bek-en-klouseer. “Dit is nou vyf maande later en nog niks is in dié verband gedoen nie.”

Midgley sê die instituut toets vir twee eienskappe: hoe doeltreffend teenliggame in die ingeënte bees die virus bestry en hoe doeltreffend die entstof teen die bek-en-klouseerstamme in ’n land is. Die land moet stamme na Pirbright stuur om die entstof te toets.

Op die indaba wat einde Oktober in KwaZulu-Natal gehou is, het dr. Faith Peta van die Landbounavorsingsraad, wat volgens die minister vanaf Maart volgende jaar af ook entstof sal vervaardig, aangevoer dat die stamme nie na Pirbright gestuur kan word nie omdat dit die staat se intellektuele eiendom is.

“Hoe kan ’n virus iemand se intellektuele eiendom wees?” het dr. Mark Chimes van Melk SA op die indaba gevra. “Dis so goed jy vang ’n vlinder en noem dit jou intellektuele eiendom.”

“Nou gaan ons ons hele nasionale kudde inent sonder om te weet watter beskerming die entstof bied,” sê Midgley.

Sy raad aan die departement is om die plaaslike stamme so vinnig moontlik na Pirbright te stuur. *Landbouweekblad* het vroeër berig dat die plaaslike maatskappy wat die artikel 21-aansoek vir Dollvet gedoen het, Dunevax, reeds maande gelede met die staat hieroor in gesprek getree en gevra het dat stamme deur Pirbright getoets word. – JASPER RAATS

'Landbou verenig ons in SA'

Mede-jongboere oor die land heen, met wie hy oor die afgelope paar maande kontak gehad het, gee hom hoop vir die toekoms, sê Francois Rossouw, AgriSA en Toyota SA se Jongboer van die Jaar vir 2025.

SEDERT Francois Rossouw, 'n tafeldruifboer van De Doorns in die Hexriviervallei, in Junie vanjaar as die Wes-Kaapse Jongboer van die Jaar aangewys is, het hy geleer: "There is one culture that unites us in South Africa, and that is agriculture."

Rossouw, produksiebestuurder en direksielid van die Mooigezicht-landgoed, is op 26 November in Johannesburg as Toyota SA en AgriSA se Jongboer van die Jaar aangewys.

Hy is vol lof vir die steun wat boere by die georganiseerde landbou, die departement van landbou en landbou-ondernemings kry. "Daar is 'n rede hoekom die georganiseerde landbou al byna 200 jaar in Suid-Afrika bestaan. Daar is altyd iewers 'n landboustreek of 'n kommoditeit wat hul hulp of steun benodig. Die manier waarop hulle boere ondersteun, is baie belangrik."

Sy sterk klem op tegnologie en mense het die beoordelaars opgeval, sê prof. Carlu van der Westhuizen, voorsitter van die paneel.

Rossouw is ten volle verantwoordelik vir vyf produksie-eenhede, en as direkteur van dié familieboerdery konsentreer hy ook oorhoofs op fitosanitêre monitoring, chemiese spuitprogramme, grondonderhoud en -gesondheid, besproeiingsprogramme, kultivarkeuses en -proewe, pakhuisbestuur en -kapasiteit. Hy is ook verantwoordelik vir begrotings, boekhouding, bemarking, arbeidswetgewing en oudits.

Hy konsentreer die afgelope vyf jaar veral op die bestuur van marginale grond deur grondkartering, chemiese grondontledings,




Top-boer. Van links, John Steenhuisen (minister van landbou), Willem de Chavonnes Vrugt (voorsitter van AgriSA), Francois Rossouw (wenner) en sy vrou, Jean-Mari, Leon Theron (Toyota SA se senior visepresident van verkope en bemarking) en dr. Carlu van der Westhuizen (voorsitter van die beoordelaarspaneel). FOTO'S: ALANI JANEKE

sowel as presisiestrooiwerk van ameliorante om grondgehalte te verbeter. Die voorbereidingstegnieke van nuwe wingerd is ook aangepas. Dit, tesame met die inwerkingstelling van saponledings, het verskeie aanpassings aan kunsmisprogramme meegebring.

Weens die onlangse nat somers het hy die gehaltebeleid in die maatskappy hersien, wat insluit die hantering van die druiwe vanaf die wingerd regdeur die ketting waaroor hulle beheer uitoefen.

Nóg winners

Rudzani Sadiki het met die louere weggestap as die New Harvest



Rudzani Sadiki en sy vrou, Munkondeleli Mandy.

Boer van die Jaar. Hy is getroud met Munkondeleli Mandy en boer die afgelope nege jaar met sonneblomme, beeste, skape en braaihoenders op die plaas Welgewaagd by Thabazimbi.

Hy is lid van die Saamwerkboerevereniging en neem aktief deel aan studiegroepe.

Van der Westhuizen sê Sadiki is ingestel op tegnologie. Hy het 'n GPS-stelsel op sy Massey Ferguson 6713R-trekke geïnstalleer, wat hy gebruik vir presisie-aanplanting en grondvoorbereiding, sowel as 'n GPS op sy Case JX75-trekke vir presisiebespuiting. 'n DJI Air 3S-hommeltuig



Theron by Thamsanqa Mxokezeli, voorsitter van die Iqhudevereniging, die Kommunale boerdery van die Jaar.

vervul 'n sleutelrol om alles op sy plaas te monitor.

Hy verklein sy risiko deur drie plantseisoene waarin hy verskillende saaidigtheide toepas, en gebruik verskillende Clearfield Plus- (CLP) sonneblomhibriede wat goed in sy gebied aangepas is met 'n hoë opbrengspotensiaal en goeie stabiliteit onder 'n wye reeks toestande.

Sadiki versprei ook sy blomseisoen om die moontlike risiko van *Sclerotinia* te bestuur.

Die Kommunale Boerderyvereniging van die Jaar is Iqhude Supply and Farming, wat uit vyf lede bestaan en onder leiding van Thamsanqa Mxokezeli is.

Hulle boer met inheemse blomme (hoofsaaklik proteas), beeste en skape op die plaas Riverside naby Elim in die Wes-Kaap. Benewens natuurlike weiding word hawer, raaigras en 'n lupienmengsel as aangeplante weiding vir die vee geproduseer.

Hulle het 'n 30 jaar-huurooreenkoms (onderteken in 2016) met die departement van grondhervorming en landelike ontwikkeling, wat hulle die bestendigheid gegee het wat nodig is om te belê in langtermynbeplanning, infrastruktuurontwikkeling en vaardigheidsaanwending.

Hulle verkoop skape (ooie en ramme) en beeste aan slagplase en op veilings in Bredasdorp, Grabouw en Robertson. Verkope word beplan volgens markvraag, teelsiklusse en seisoenale toestande vir die maksimum winsgewendheid.

Wol word verkoop aan Cape Mohair, wat ook help met skeer, wolsortering en -klassering, en die vervoer na Gqeberha. Produkte van hul 16 ha-fynbosplantasie word aan die Lourens Boerdery, Intaba Flowers Exporter, Cape Mountain Flora, asook 'n plaaslike mark verkoop. **LBW**

Tafeldruifboerdery sny Eskom-punte van 20 tot 1

Jare lange beplanning deur die Mooigezicht-landgoed by De Doorns in die Hexriviervallei het gelei tot 'n sonkragaanleg waarmee voortaan krag aan vyf van sy tien plaaseenhede verskaf sal word.

ALTESAAM 1 350 sonpanele, 'n 1,4 MW-batterystelsel, 1 MW se omsetters en 10 km se mediumspanningslyne is deel van die uiters belangrike infrastruktuur waaruit die Mooigezicht-landgoed se sonkragaanleg bestaan.

Hierdie projek het 'n hele paar jaar se navorsing geverg, veral om die regte vennote vir die projek te vind.

Francois Rossouw jr., produksiebestuurder van die landgoed en direksielid, sê hulle het dié vennote in die sonkragmaatskappy 2Zero50 en Standard Bank gevind. Die bouwerk kon begin nadat die finale planne opgestel, ingehandig en goedgekeur is. Dit het sowat ses maande geduur.

Die aanleg is op 25 November amptelik bekend gestel en deur onder andere John Steenhuisen, minister van landbou, en Tanja Werheit, Duitse konsul-generaal in Kaapstad, bygewoon.

Die werksaamhede op die plaas is voorheen met 20 Eskom-punte bedryf, wat elk tot die enorme vaste koste van die gekombineerde kragrekening bygedra het. Danksy die nuwe stelsel is dié getal nou tot net een – 'n 315 kVA-punt – verminder, wat tot beduidende finansiële besparings slegs deur die verminderde vaste koste gelei het.

Vyf van tien plaaseenhede sal voortaan krag van dié stelsel kry.

Mooigezicht verbou tafeldruifwe op sowat 400 ha. Met dié besparings sal die boerdery die koste van die projek van sowat

R30 miljoen binne vyf jaar kan afbetaal.

Francois Rossouw sr., uitvoerende hoof van die landgoed, sê hulle beplan verdere sonkraguitbreidings op die plaas.

Só is stelsel ontwerp

Teoreties word Mooigezicht se spitslas bereken op 950 kW, met 'n verwagte werklike hoogtepunt van 670 kW. Om dit te kon bereik, sluit die stelsel 1 350 sonpanele en 100 litiumioon-batterye in, wat 'n bergingsvermoë van 1 433,6 kWh bied.

Die kern van die stelsel is geïnstalleer in 'n vraghouerstruktuur, wat twee 500 kW-hibriedekragomsetters insluit. Dit is ontwerp om naatloos oor die sonkrag-, battery-, netwerk- en kragopwekker-insette heen te werk.

Om die kraginfrastruktuur regdeur die boerdery te ondersteun, is 10 km lange mediumspanningslyne geïnstalleer, wat 19 afwaartse transformators verbind. Die uitgebreide elektriese kern laat die plaas toe om as 'n volledige private mikronetwerk te funksioneer – nie net om sy eie krag op te wek nie, maar om dit ook met presisie en stabiliteit oor verskeie operasionele sones te versprei.

Met een Eskom-punt oor was dit van kritieke belang om te verseker dat Mooigezicht nooit sonder krag is nie. Twee diesel-kragopwekkers – met onderskeidelik 'n 500 kVA- en 250 kVA-grade-ring – is as rugsteunkragbronne by die stelsel ingesluit.



Verskeie gaste, onder wie Jannie Strydom, uitvoerende hoof van Agri Wes-Kaap, John Steenhuisen, minister van landbou, en Mooketsa Ramasodi, direkteur-generaal van die departement van landbou, is hier saam met Francois Rossouw sr., uitvoerende hoof van die Mooigezicht-landgoed, by die amptelike bekendstelling van die landgoed se sonkragaanleg. FOTO: ALANI JANEKE



Francois Rossouw jr. van die Mooigezicht-landgoed verduidelik aan besoekers hoe die uitdunningsproses in die tafeldruifwingerde werk. FOTO: ALANI JANEKE

Hierdie kragopwekkers is geprogrammeer om slegs onder twee spesifieke omstandighede aan te skakel:

- Gedurende normale werking en in die onwaarskynlike geval dat die batteryte uitgeput raak en die oorblywende Eskom-verbinding nie die volle las kan dra nie, skakel een kragopwekker aan om in die vraag te voorsien.
- In die buitengewone geval van 'n algehele stelsel-onklaarraking, soos wanneer die omsetters onverwags afskakel, sal beide kragopwekkers outomaties begin om die krag op die hele plaas aan te dryf en operasioneel te hou.

Dagsorg, kleuterskole en kinderklubs

Hulle bied reeds sedert die 1970's dagsorg aan hul personeel se kinders. Daar is deesdae ook twee

kleuterskole en kinderklubs word weekliks vir kinders van 4 tot 13 jaar aangebied.

Gekwalifiseerde onderwysers bied die kinderklubs aan en sowat 85 kinders woon dit by.

Francois jr. se vrou, Jean-Mari, bestuur 150 kinders as deel van hul inisiatiewe. Daar is ook 'n biblioteek wat sowat 1 000 boeke vir die kinders en 'n heeltydse bibliotekaresse.

Daar is 450 mense heeltyds in diens, wat in 340 huise op die verskeie plase woon. Gedurende seisoentyd het die landgoed sowat 2 500 mense in sy diens.

Hierdie 2 500 mense sluit ook die personeel in die 12 pakstore en die logistieke werknemers in.

Op elke hektaar is sowat 65 000 trosse, wat elk tot sewe keer gehanteer word voordat dit die pakhuis haal. Die landgoed voer sowat 2 miljoen kartonne per jaar uit. – ALANI JANEKE

Landbou pypkan steeds SA se probleme

Vir die landbousektor was 2024 'n jaar van goeie inkomste, stygende uitgawes en rekord-kapitaalbesteding. Dít is in 'n neutedop die slotsom waartoe Statistieke Suid-Afrika in die jongste landbou-opname gekom het.

DIE jongste landbou-opname toon dat Suid-Afrika se kommersiële landbousektor verlede jaar 'n stewige groei in inkomste van 9,7% behaal het, ondanks hoë insetkoste en in moeilike produksietoestande.

Die sektor het altesaam R537,1 miljard verdien teenoor R489,6 miljard in 2023. Die verkope van diere en diereprodukte het die grootste deel – R206,5 miljard – daartoe bygedra, gevolg deur tuinbougewasse en -produkte (R131,3 miljard) en akkerbou (R114,6 miljard).

Met 'n jaarlikse styging van 19,3% het tuinbou die vinnigste gegroei danksy meer groente- en vrugteverkope.

Die totale uitgawes het egter

met 11,1% tot R511,3 miljard gestyg, hoofsaaklik vanweë 'n toename in aankope, wat 53% van alle uitgawes uitmaak. Salarisse en lone het 11,6% beloop, terwyl herstelwerk en waardevermindering elk 4,9% tot die uitgawes bygedra het.

Kapitaalbesteding skiet op

Statistieke SA se tweejaarlikse vergelyking wys dat kapitaalbesteding van R38,8 miljard in 2023 tot R54 miljard in 2024 gestyg het, wat 'n jaarlikse styging van 17,9% is. Die grootste beleggingsgroei was in grond en geboue (R16,4 miljard) en werktuie, trekkers en toerusting (R31,6 miljard), wat duidelik toon dat boere



Boere stagneer nie. Volgens Statistieke SA was die grootste beleggingsgroei in grond en geboue (R16,4 miljard) en werktuie, trekkers en toerusting (R31,6 miljard), wat toon dat boere steeds in infrastruktuur en meganisasie belê. FOTO: ALANI JANEKE

steeds in infrastruktuur en meganisasie belê.

Teen einde Junie 2024 het die bedryf 25 614 nuwe werkgeleenthede geskep, wat die totale indiensneming tot 840 407 opgestoot het en 'n 3,1%-toename is. Met 220 951 werknemers bly die Wes-Kaap die grootste werkverskaffer, gevolg deur Limpopo (110 979) en die Vrystaat (93 361). Sowat 41% van die werkers is vroue.

Hoender kraai koning

Die Wes-Kaap het die grootste inkomste (R95,3 miljard) uit die verkope van goedere en dienste verdien, terwyl Limpopo, met 'n styging van 26,4% in verkope, die sterkste jaarlikse groei

getoon het. Die Oos-Kaap en Noord-Kaap het ook dubbelsyfergroei getoon.

Volgens Statistieke SA se belangrike ondernemingsgrootteontleding was klein, medium- en mikro-ondernemings saam vir 34% van die totale inkomste en 51% van die indiensneming verantwoordelik.

Groot ondernemings het 65,8% van alle inkomste verdien. Vrugte (druie uitgesluit) bly die grootste bydraer, met R57,6 miljard. Groente se inkomste het met 16,8% tot R36,1 miljard gestyg.

Mielies is teen R66,2 miljard, of 57,8% van alle akkerbou-inkomste, steeds die ruggraat van graanverkope. Beeste is nog 'n

Koringbedryf by kritieke draaipunt – Graan SA

Graan SA waarsku dat die Suid-Afrikaanse koringbedryf 'n kritieke draaipunt bereik het te midde van stygende insetkoste, lae internasionale pryse en 'n tariefstelsel wat volgens hom nie tred hou met die werklikhede van die mark nie.

'N INVOERTARIEF van R616 per ton is op 27 November op koring ingestel. Die *Staatskoerant*-proses is deur die Suid-Afrikaanse graaninligtingsdiens (Sagis) van stapel gestuur. Dít volg op 'n gesamentlike voor-

legging deur Graan SA en die graan-en-oliesadehandelsvereniging (Sacota) aan die internasionale handelskommissie (Itac) in Oktober ter ondersteuning van 'n aansoek om 'n aangepaste basisverwysingsprys

en 'n outomatiese snellermeganisme, wat reeds in Junie 2024 ingedien is.

In 'n verklaring sê Graan SA die huidige bedryfsomstandighede is 'n krisis wat onmiddellike ingryping verg.

Richard Krige, voorsitter van Graan SA, sê die huidige prys- en kostestrukture is nie volhoubaar nie. Met produk-siekoste van sowat R16 000 per hektaar en 'n gelykspeelpunt van minstens 3,4 t/ha is huidige markprysvlakke onvoldoende vir volhoubare produksie.

“Brood is 'n stapelvoedsel vir

miljoene Suid-Afrikaners, maar min mense besef dat die boere wat hierdie gewas verbou, onder ontsaglike druk is.”

Hoewel koring 'n stapelvoedsel is, weerspieël boere se aandeel in die prys van die eindproduk nie hul risiko nie. Uit die verklaring blyk dit dat die prys van koring slegs 18% van die koste van 'n brood uitmaak. Van 'n brood wat R17,92 kos, ontvang die boer net R3,23.

Dalende plaaslike koringproduksie kan volgens Graan SA verbruikers tot R643 miljoen per jaar meer uit die sak jaag

kortkoppie voor tuinbou met 'n inkomste van R59,5 miljard, gevolg deur lewende hoenders en skape.

Wat verwerkte landbouprodukte betref, is hoendervleis teen R44,5 miljard die grootste enkele verdieners in die hele opname, gevolg deur melk (R22,5 miljard) en beesvleis (R7,2 miljard).

2025 selfs beter

Hoewel die 2024-opname 'n sterk sektor toon, wys Agbiz se hoofekonoom, Wandile Sihlobo, daarop dat die sektor in 2025 nóg beter op die uitvoer- en produksiefront gevaar het, ondanks volgehoue siekteprobleme in veeproduksie.

Suid-Afrika se landbou-uitvoer het in die eerste drie kwartale van 2025 met 10% tot \$11,7 miljard (R200 miljard) gestyg – die uitvoer in die derde kwartaal alleen was 13% hoër as 'n jaar gelede. Hy skryf die momentum deels toe aan “'n opvallende verbetering in hawe-doeltreffendheid”.

Trekkerverkope toon optimisme

Volgens Sihlobo het trekkerverkope in 2025 tien maande

lank gestyg, met 'n jaar-tot-jaar toename van 12% in Oktober. Hy beskou dit as 'n regstreekse weerspieëling van goeie kontantvloei in die 2024-'25-seisoen én vertroue in die 2025-'26-seisoen.

“Die hoë trekkerverkope dui op boere se optimisme oor die huidige seisoen.”

In sy ekonomiese ontleding van die tweede kwartaal van 2025 beskryf Sihlobo die jaar as “'n hersteltydperk, maar ongelukkig”. In die tweede kwartaal het die landbou se bruto toegevoegde waarde met 2,5% op 'n kwartaalgrondslag gegroei ná 'n uitskieter van 18,6% in die eerste kwartaal.

Die verdragings in die somergraanoes, tesame met siekte-uitbrekings in die veesektor, het groei in die tweede kwartaal gedemp, maar 'n groot graan-enoliesade-oes van 19,55 miljoen ton dra die sektor in die breë.

Werkseeping bly groei

Teen die derde kwartaal van 2025 het die totale landbou-indiensnemingsyfer tot 920 000 gestyg – 'n 2%-groei op 'n kwartaalgrondslag – ver bo die langtermyn-gemiddelde van 799 000. **LBW**

Wet 36-proses gedigitaliseer: 'Departement hét 'n plan'

DIE departement van landbou sê hy is reeds besig met ingrypende stappe om die administrasie van Wet 36 van 1947 te moderniseer en die groot agterstande in die stelsel op te los. In 'n mediaverklaring sê die departement dat die oorgang na 'n volledig digitale registrasiestelsel nou momentum kry en dat die aanlyn platform vir aansoeke om die registrasie van landboumiddels amptelik beskikbaar is.

Die nuwe stelsel, wat die afgelope 18 maande saam met belanghebbendes in die bedryf getoets en in fases ingestel word, stel maatskappye in staat om elektronies aansoek om die registrasie van produkte te doen, die vordering van aansoeke intyds te volg en outomaties terugvoer te ontvang.

Die platform kan ook volledige lys van geregistreerde middels verskaf wat vir die publiek toeganklik is.

John Steenhuisen, minister van landbou, beskryf die digi-

talisering van die Wet 36-administrasie as 'n belangrike mylpaal wat daarop gemik is om die lang en onderbroke prosesse wat op papier gedoen word, te vervang.

Hy sê die nuwe stelsel sal “onnodige verdragings uitskakel” en 'n vinniger roete skep vir aansoeke wat uit die staanspoor aan die vereistes voldoen.

Die departement sê dat papierdokumente wat per hand afgelewer word, nie meer vanaf 1 April 2026 aanvaar sal word nie.

Die digitaliseringsproses begin by landboumiddels (onkruidodders). Luidens die verklaring sal dit mettertyd uitgebrei word na ander insetkategorieë wat ingevolge Wet 36 geregleer word.

Volgens die departement word dié hervorming beskou as 'n uiters belangrike stap om doeltreffendheid, aanspreeklikheid en groter deursigtigheid in die regulering van landbou-insette te herstel. Die modernisering behoort nie net die omkeertye te verbeter nie, maar ook die vertroue tussen die staat en die bedryf te versterk.

om brood van dieselfde gehalte te produseer.

Die bedryf ondersteun ongeveer 12 600 werksgeleenthede, waarvan 73% in die Wes-Kaap is. Hierdie syfers sluit nie die verdere werkskepping in die waardeketting in nie, soos by insetverskaffers, silopersoneel en logistieke dienste.

Vyf dringende ingrypings

Graan SA lys vyf kwessies wat volgens hom onmiddellik aandag verg om die koringbedryf se volhoubaarheid te herstel:

1. 'n Doeltreffender invoertariefstelsel word benodig wat 'n aangepaste basisverwysingsprys en 'n outomatiese snellermechanisme insluit, en die weerstand vanuit die meulenaarsbedryf teen voorgestelde veranderings aan die verwysingsprys moet opgelos word.

2. Invoer moet beperk word tydens strooptyd, aangesien groot volumes ingevoerde koring kort voor of tydens die Suid-Afrikaanse strooptyd plaaslike pryse kunsmatig afdruk en boere se inkomste ondermyn.

3. Moderne genetiese en pro-

duksietegnologie moet bevorder word deur regulasies vir nuwe teeltgnieke by te werk en wit koring in die nasionale mandjie in te sluit om diversifikasie en opbrengsstabiliteit te verbeter.

4. Produksieondersteuning en risikobestuur vereis die beskikbaarstelling van gesubsidieerde oesversekering en 'n meer regverdige liggingsdifferensiaal op Safex om boere se blootstelling te verminder.

5. Die herstel van vervoer- en logistieke strukture is noodsaaklik omdat die koste van swak logis-

tiek regstreeks deur boere en verbruikers gedra word.

Krige waarsku dat die geleentheid vir daadwerklike ingryping vinnig verbygaan. Sonder gekoördineerde optrede van die regering en die waardeketting staan 'n werklike voortbestaanrisiko volgens hom die koringbedryf in die gesig. “As boere val, val die hele ketting, en uiteindelik betaal die verbruiker en plattelandse ekonomie die prys.”

Lees ook “Kan die koringkrisis afgeweer word?” op bl. 32.

Kaapse Dokter beduiwel al weer sagtevrugte-uitvoer

Altesaam 193 uur se weerverwante veragrings het in November by die vragtermaal in die Kaapstad-hawe voorgekom, waarvan meer as die helfte in week 45 (3 tot 9 November) was. Dit het daartoe bygedra dat sowat 80% minder tafeldruie as verlede seisoen tot dusver vanjaar uitgevoer is.

“ONTWRIGHTINGS weens die wind en mis by die vragtermaal vroeg in die seisoen onderstreep hoe dringend dit is dat die herstelprosesse ná sterk wind in die hawe verbeter word,” sê die Suid-Afrikaanse tafeldruifbedryf (Sati) in sy jongste nuusbrief.

Die windverwante veragrings was heelwat hoër as die vierjaargemiddelde van 148 uur vir November, sê Antoinette van Heerden, bestuurder van logistieke sake van die varsprodukte-uitvoerdersforum (FPEF).

Tot week 46 is net meer as 958 000 kartonhouers tafeldruie (van 4,5 kg elk) uit die noordelike provinsies en die Oranjerivierstreek vir uitvoerdoeleindes gepak en geïnspekteer. Dit is sowat 24% meer as verlede jaar, maar weens die

probleme in die hawe kon slegs 29 300 kartonhouers teen druktyd uitgevoer word – hoofsaaklik na die Europese Unie.

Denene Erasmus, bestuurder van markontwikkeling en kommunikasie by Sati, sê weens die veragrings het sommige skepe die Kaapstad-hawe uitgesluit op hul roetes of hulle is na die Oos-Kaapse hawens herlei.

“Die uitvoervolumes is vroeg in die seisoen laag, maar ons voorsien nie dat dit in die komende weke ’n beduidende impak op die totale aanbod van ons druie in markte sal hê nie.”

Wind bly bedreiging

Volgens Vis Loganathan, nasionale beplanningsbestuurder van Transnet-haweterminale, veroorsaak weerverwante ont-

wrightings die grootste bedryfsprobleme in die Kaapstad-hawe. “Windspoed van 100-120 km/h is gedurende November by die vragtermaal aangeteken. Dit is sterker as die bedryfsperk vir selfs die nuwe rubber wiel-bokkrane in die termiaal, wat slegs in ’n windspoed van tot sowat 90 km/h kan funksioneer.”

Hy sê ná ’n tydperk waarin die hawe weens die wind gesluit was, is elke bedryfsuur nou ’n goue uur wat ten volle benut moet word. Die termiaal beoog om agt skip-tot-kus-hyskrane te hê wat onverpoosd gedurende ’n hersiene skofstelsel werk om te sorg dat die stilstand in die hawe korter is.

Volgens Van Heerden was die hawe se totale hyskraanbewegings per uur (GCH), wat as die

beste maatstaf vir produktiwiteit beskou word, middel November 17 teenoor 16 in die ooreenstemmende week verlede jaar.

“Die algemene neiging is goed, en die termiaal beweeg nader daaraan om sy volgende mikpunt van 20 GCH te bereik.”

Die wêreldklas-standaard word as 26-30 GCH beskou. Na verwagting sal 28 rubber wiel-bokkrane, waarvan 18 nuut is, gedurende die sagtevrugte-uitvoer seisoen in die termiaal beskikbaar wees.

Van Heerden sê die hawe gee voorkeur daaraan om bestendige volumes in die feestyd te handhaaf, volumes na drie koeltreine per dag te skuif, ondoeltreffendhede in die vragmotorbesprekingstelsel op te los, en laat aankomste te beperk.

“Die sagtevrugtebedryf het beklemtoon hoe belangrik dit is dat vrugte die markte weekliks bereik, maar ook dat voorkeur gegee moet word aan ’n verbeterde windherstelproses.”

Groter oes verwag

Volgens Sati verwag die bedryf steeds om vanjaar 79,4 miljoen


Minder reën later in seisoen?

TEEN middel November was die see-oppervlaktemperatuur van die Stille Oseaan in al vier die belangrike Niño-gebiede 0,5 °C koeler as die gemiddelde sedert die winter.

“’n La Niña-stelsel word gewoonlik geklassifiseer wanneer see-oppervlaktemperatuur minstens vyf maande agtereenvolgens 0,5 °C ondergemiddeld is. Die huidige ontwikkeling is egter sterk genoeg om as ’n ware

La Niña-neiging geklassifiseer te word,” sê Johan van den Berg, onafhanklike landbouweerkundige. “Dit hou verband met die suidelike ossilasie-indeks (SOI) wat ook versterk.”

Volgens Van den Berg is die SOI ’n baie goeie aanduider van die oorhoofse weerstelsels se reaksie op die see-oppervlaktemperatuur in die Niño-gebiede. Die indekswaarde was teen middel November die hoogste



Stormweer. Sowat 85 mm reën, gepaardgaande met ’n sterk storm, het op 24 November binne slegs ’n paar uur in die gebied tussen Bloekomspruit en Balfour in Mpumalanga geval. FOTO: DANIE BESTER

sedert April 2022.

Voorspellings toon dat die La Niña-ontwikkeling teen Desember ’n draaipunt kan bereik. Dan kan die La Niña-neiging begin terugbeweeg na meer normale of neutrale waardes.

“Dit kan veroorsaak dat minder reën in die tweede deel van die seisoen, veral in Februarie en Maart, voorkom.”

Teen einde November het see-oppervlaktemperatuur in drie van die vier belangrike

kartonhouers vir uitvoer te inspekteer, sowat 0,6% meer as verlede jaar.

“In die noordelike provinsies lyk die oes gesond en die volumes is na raming sowat 15% meer as verlede jaar. Die wingerde is gesond en siektedruk is onder beheer. In die Oranjerivierstreek, by Kakamas en Omdraai, is die wingerde ook gesond met mooi korrelgroottes.

“Produsente wat al vroeë uit kultivars gepak het, is tevrede met die goeie tros- en korrelgewigte. Tot dusver het die reën nog geen skade veroorsaak nie.”

In die Olifantsrivierstreek het die wingerde ongelyk gebot, maar die blomtyd was goed. Die korrelgrootte lyk ook belowend.

Die Berggrivierstreek kom tans in rat om te begin oes. Dié gebied het laas in September goeie reën gekry en sedertdien het warm, maar gunstige toestande geheers. Die wingerde en korrels groei fluks, met min siektedruk.

Die Hexriviervallei blyk sowat vyf dae vroeër te wees as verlede jaar. Daar is ’n mooi oes met hoë trostellings in die wingerde. **LBW**

Stryd teen klimaatsverandering dalk nie genoeg om koffie, sjokolade en wyn te red

’N NUWE studie wat in die vaktydskrif *Environmental Research Letters* gepubliseer is, toon dat selfs gevorderde klimaatintervensiestrategieë dalk nie genoeg is om die toekoms van wyndruiwe, koffie en kakao te verseker nie.

Dié gewasse is noodsaaklik vir ekonomieë en bied ’n bestaan vir baie boere oor die wêreld heen. Dit is egter toenemend kwesbaar vir die gevolge van klimaatsverandering.

“Stygende temperature en veranderende reënvalpatrone veroorsaak groot wisselings in opbrengste van jaar tot jaar, wat beteken dat boere nie op die stabiliteit van hul oes kan staatmaak nie. Hul produkte is in gevaar,” sê dr. Ariel Morrison, een van die studieleiers.

Die navorsers het spesifiek stratosferiese aërosol-inspuiting (SAI) ondersoek as ’n metode om klimaatsverandering te versag in die streke in Wes-Europa, Suid-Amerika

en Wes-Afrika waar die beste druiwe, koffiebone en kakao verbou word.

SAI is ’n hipotetiese ingenieursmetode wat weerkaatsende deeltjies in die stratosfeer gebruik om sonstrale weg te kaats om die aarde se oppervlak af te koel. Dit boots die natuurlike verkoelingseffekte van vulkaniese uitbarstings na.

Die navorsers wou bepaal of SAI kan help om groeitoestande vir die gewasse teen 2036 tot 2045 te stabiliseer. Deur klimaat-simulasies oor 18 sleutelstreke te gebruik, het hulle gewasgeskiktheid beoordeel op grond van temperatuur, reënval, humiditeit en siekterisiko.

Terwyl SAI oppervlaktemperatuur verminder het, het dit nie daarin geslaag om die toestande wat vir die suksesvolle verbouing van hierdie gewasse nodig is, konsekwent te bewaar nie. Slegs 6 uit 18 streke het ’n betroubare verbetering onder SAI-scenario’s getoon in vergelyking met ’n

scenario sonder SAI.

Die studie het bevind dat onvoorspelbare reënval en humiditeit ’n belangrike rol speel in die ondermyning van SAI se doeltreffendheid. Hoewel SAI temperature kan verlaag, bestuur dit moontlik nie vloede en humiditeit betroubaar nie, wat kan lei tot teenstrydige uitkomstes in gewasopbrengste en geprojekteerde inkomste.

“SAI-klimaatintervensie kan tydelike verligting bied van stygende temperature in sommige streke, maar dit is nie ’n gewaarborgde oplossing vir die probleme wat die verbouing van gesogte gewasse in die gesig staar nie.

“Strategieë wat aangepas is vir plaaslike toestande, belegging in veerkragtige landboupraktieke en globale samewerking is nodig om dié gewasse en die gemeenskappe wat daarvan afhanklik is, te red.” – JOANIE BERGH

Niño-gebiede in die Stille Oseaan effens begin terugbeweeg na neutraal, hoewel dit steeds koeler as die gemiddelde temperatuur was.

“Die belangrike Niño 3.4-gebied het verder afgekoel en is nou 0,8 °C koeler as normaal. Hierdie vordering moet dopgehou word, want die tyd van verandering kan belangrik wees vir hoe reënval later in die seisoen gaan voorkom.”

Nat Kersfees

Die huidige situasie is steeds gunstig vir somerreënval vir minstens die hele Desember en

die eerste deel van Januarie, veral oor die oostelike tot sentrale dele van Suid-Afrika.

Dit is moeilik om swaar neerslae, soos wanneer afsnylaagdrukstelsels vorm, lank vooruit te voorspel. “Die presiese datums wanneer vloede of oorstromings in komende maande kan voorkom, is dus nog onbekend, aangesien van dié stelsels slegs dae of soms net ure vooruit voorspel kan word.”

Volgens Van den Berg kan verdere swaar reën tot minstens middel Januarie voorkom. Verdere swaar neerslae sal die risiko van verdere vloede ver-

hoog. Min sonskyn word in die komende weke oor die sentrale en oostelike dele verwag. Dit sal veroorsaak dat afdroging in van die nat gebiede stadig plaasvind.

As die La Niña-ontwikkeling vinnig gaan verswak, kan dit implikasies inhou, soos:

■ Min reën oor die westelike dele van die land, wat gewoonlik in die tweede deel van die somerreënseisoen neerslae kry. Dit kan die begin wees van baie droë toestande vir die tydperk voor die winter in 2026, gedurende en selfs ná die winter.

■ Droë en warm toestande oor

die somergraangebiede in die belangrike maande van Februarie af.

Intussen het die Indiese Oseaan-dipool (IOD) se baie lae indekswaardes effens begin terugbeweeg. Baie lae IOD-indekswaardes het die afgelope maande gehelp om reënval te stimuleer. “Indien die La Niña-ontwikkeling verswak én die Indiese Oseaan se seeoppervlaktemperatuur minder gunstig vir reënval word, kan dit gesamentlik ’n baie nadelige uitwerking op reënval in die tweede deel van die somerreënseisoen hê.” – ALANI JANEKE

Stamboek, LRF gaan probleme sáám aanpak

In 'n historiese stap het SA Stamboek en die Lewendehawe-registrerende Federasie (LRF) 'n maatskappy sonder winsbejag gestig om oor sake van gemeenskaplike belang te kan saamwerk.

DIE nuwe maatskappy wat deur SA Stamboek en die LRF gestig is, staan bekend as Stud Breeders Federation (SBF). Albei stigtersorganisasies bly egter onafhanklik voortbestaan en gaan voort met hul onderskeie bedrywighede, sê Kobus Bester, voorsitter van SBF en direkteur van die LRF.

Dié samewerking is deur die krisis rondom die voortgesette bek-en-klouseeuitbrekings genoodsaak. “SBF is gestig omdat ons bedryf, spesifiek ons lede en hul kliënte, dus stoettelers en

die gebruikers van stoetdiere, beter verteenwoordiging in die groter rooivleisbedryf vereis.

“Ons wil ons bedryf deur SBF op nasionale vlak verteenwoordig. Dit sal skakeling insluit met die departement van landbou en Red Meat Industry Services (RMIS), asook ander belanghebbendes, soos die Melkproducente-organisasie en die Rooivleisproducente-organisasie, universiteite, die voerkraal- en abattoirverenigings en enige ander instelling wat hom vir die rooivleisvisie vir 2030 beywer.”

‘Eerste tasbare stap in regte rigting’ – RPO

DR. FRIKKIE MARÉ, uitvoerende hoof van die Rooivleisproducente-organisasie (RPO), sê die aankondiging dat Suid-Afrika 'n “progressiewe” pad gaan volg ten opsigte van die bekampings van bek-en-klousee deur landwyse voorkomende inenting te doen, “is die eerste tasbare stap in die regte rigting”.

Hy sê die staat se bek-en-klousee-bestuurstelsel wat tot dusver gegeld het, waaronder die kwarantyn van kuddes wat naby bevestigde uitbrekings van dié siekte is en voorkomend ingeënt word, het 'n enorme finansiële impak op die land se rooivleisproducente gehad.

“Voerkrale moet ook vir lang tydperke in kwarantyn wees, wat probleme in die mark veroorsaak en prysontwrigtings

meebring. Die bedryf het desperaat 'n oplossing nodig omdat hierdie krisis die bedryf verlam.”

Die RPO is verheug dat John Steenhuisen, minister van landbou, se aksieplan alle speenkalfproducente in staat sal stel om marktoegang te herwin, voerkrale sal toelaat om hul bedrywighede te hervat en in die algemeen daartoe sal lei dat die normale vloei van produkte in die rooivleiswaredketting kan voortgaan.

“Ons verstaan egter dat baie werk nog voorlê. Noudat ons 'n plan op die tafel het, moet die oorblywende werk – soos die verandering van die regulasies – afgehandel word om dit ingestel en toegepas te kry. Die RPO is bereid om op enige moontlike manier te help om die staat in

Bester sê SBF gaan hom onmiddellik daarop toespits om met die regering saam te werk om 'n wedersydse aanvaarde biosekerheidsplan in werking te stel. Dit behels dat die inentingsbeleid ook voorsiening moet maak vir “inenting vir lewe”, dus die inenting van stoetdiere of teeldiere, en nie net diere wat bestem is om geslag te word nie.

“Dit is vir ons belangrik om die diere in die stoetbedryf te beskerm, asook die stoetdiere wat in die nasionale kudde in produksiestelsels gebruik word.”

Bester benadruk dat die plan net goed kan werk as daar behoorlike samewerking tussen alle belanghebbendes in die bedryf is, waaronder die owerhede, staatsveeartse, private veeartse, RMIS en boere op plaasvlak.

“Stoetdiere wat só ingeënt word, moet volledig naspeur-

baar en uniek identifiseerbaar wees, met 'n goedgekeurde identifikasievorm van Icar (die internasionale komitee vir die re-aantekening).”

SBF wil ook insette lewer ten opsigte van die verkryging van entstowwe en ander kwessies rakende entstowwe.

SA Stamboek en die LRF het gelyke verteenwoordiging in SBF en word elk deur twee direkteure verteenwoordig. Hulle is Bester, dr. Bobbie van der Westhuizen, uitvoerende hoof van SA Stamboek, Basie Bezuidenhout, voorsitter van SA Stamboek, en Thys Meyer, direkteur en ondervoorsitter van die LRF.

Bester sê SBF sal net gebruik word vir sake van gemeenskaplike belang waar samewerking nodig is vir hoëvlak-samesprekings met onder meer die regering en diensverskaffers. **LBW**



Dr. Frikkie Maré FOTO: VERSKAF

staat te stel om dit te doen.”

Bennie van Zyl, hoofbestuurder van TLU SA, sê dié landbou-unie sal die volle omvang

van Steenhuisen se aankondiging oorweeg en dienoreenkomstig daarop reageer.

Intussen sê TLU SA egter dat dié aankondiging groot spronge in optrede gaan vereis. “Die instelling en uitvoering hiervan is belangrik. Die staat se vermoë om hierdie nasionale inenting te kan uitvoer, is van groot belang. Die private sektor sal betrek moet word.” – LLOYD PHILLIPS

Die RPO
Vir Producente
Deur Producente

corine@rpo.co.za www.rpo.co.za

RPO
Rooivleisproducente
Organisasie

Moontlik gemaak deur die Rooivleis Statutêre Heffing

RMIS



Voedselproduksie styg, maar 41 lande ly honger

Oor die wêreld heen neem kosproduksie toe, maar terselfdertyd ly meer mense honger. Van die meer as 40 lande wat voedselhulp nodig, is die meeste in Afrika.

Die Voedsel-en-landbou-organisasie (VLO) van die Verenigde Nasies het pas 'n oorsig, Food Outlook, gepubliseer oor die stand van voedselproduksie in die wêreld, en daarmee saam 'n oorsig oor lande wat voedselhulp van buite nodig het om hul bevolking te voed. Dit word op 41 geraam – waarvan 31 in Afrika is.

Landboumarkte is gevoelig vir weerveranderinge, wat die grootste aandrywer van aanbodskommeling en dus pryswisselings is. Die jongste ontleding van die VLO dui daarop dat daar die afgelope jaar oor 'n wye spektrum 'n toename in die produksie van basiese voedsel wêreldwyd was. Dit het bygedra tot 'n aansienlike herstel in voorraadvlakke, wat as 'n buffer kan dien vir 'n swak jaar.

Die VLO wys daarop dat handel baie belangrik is om landbouprodukte wêreldwyd van lande met surplusse na lande met tekorte te versprei. Deursigtige en goeie werking van landboumarkte is die bousteen van prysbepaling en om landbouhandel moontlik te maak.

Luidens die verslag het die risiko van handelsontwikkeling en dus onsekerheid op die wêreldmark toegeneem weens pres. Donald Trump van Amerika en sy regering se handelsoptrede, wat problematies is. Die VLO meen dit verhoog pryswisselvalligheid en risiko, en dus onsekerheid, veral vir invoerlande.

Wêreldgraanposisie

Die wêreld se breë graanposisie word in **GRAFIEK 1** getoon. Produksie het sterk gegroei en word op 2,99 miljard ton

geraam, wat 'n rekordvlak is. Mielieproduksie het die grootste groei getoon.

Wêreldverbruik is ook so wat 1,8% meer as in die vorige jaar. Die lae graanpryse vanjaar het verbruik gestimuleer. Pryse is byna 10% laer as in die vorige jaar. Voorraadvlakke styg en voorraad as persentasie van verbruik het tot 31,1% toegeneem. Die voorraadvlakke in die grootste graanuitvoerlande styg ook, wat pryse onder druk hou – ook vir Suid-Afrikaanse boere.

Die jongste wêreldvraag-aanbodramings van die Amerikaanse departement van landbou wat op 14 November bekend gestel is, het die mark onkant gevang. Weens die regeringsluiting oor die begrotingsdispuut in Amerika was dit die eerste verslag in twee maande. Die verslag toon 'n groter voorraad, wat pryse laat daal het.

Graanpryse is tans sowat 40% laer as die hoogtepunt van 2022. Ryspryse is tans 21% laer as 'n jaar gelede.

Koring en rys is die stapelvoedsel vir die grootste deel van die wêreldbevolking en voorraadvlakke van dié gewasse het ook verbeter (sien **GRAFIEK 2**).

Koringproduksie sal na ver-

wagting vanjaar 'n rekordvlak van 819 miljoen ton bereik. Dit is hoofsaaklik as gevolg van groter produksie in die Europese Unie. Australië se koringproduksie toon die afgelope paar jaar ook sterk groei, en Suid-Afrika voer tans ook van dié land koring in.


Die internasionale koringvoorraad sal na verwagting sterk styg tot 'n rekordvlak van 329 miljoen ton en 40,4% voorraad as persentasie van verbruik. Die gevolgtrekking is dat die wêreldkoringprys vir 'n jaar of wat onder druk gaan bly, wat slegte nuus vir Wes-Kaapse koringboere is wat tans nie gelyk speel teen die heersende lae prysvlakke nie, ondanks die beskerming van 'n koringinvoertarif.

Oliesaadproduksie

Wêreldoliesaadproduksie bly groei, maar verbruik groei vinniger en die voorraadvlakke in verhouding tot verbruik bly daal. Brasilië is besig om die oorheersende produsent van sojabone te word, ook wat uitvoer betref.


Dit is veral die gebruik van oliesade vir biodiesel wat wêreldwyd sterk bly groei. Die verbruik vir menslike voedseldoeleindes groei ook sterk in veral laer- en mid- ▶

GRAFIEK 1 Internasionale graansituasie en eindvoorraad



BRON: FOOD OUTLOOK, VLO, NOVEMBER 2025

GRAFIEK 2 Koring, rys en oliesade: Eindvoorraad as % van verbruik



BRON: FOOD OUTLOOK, VLO, NOVEMBER 2025

TABEL 1: VLEISPRODUKSIE (MILJARD TON)

	2023	2024	2025	% (2025 vs. 2024)
Beesvleis	76,4	78,3	78	-0,4
Hoendervleis	146,3	150	155	2,9
Varkvleis	124,7	125,1	126,3	1
Skaapvleis	19	18,9	18,9	0,2

BRON: FOOD OUTLOOK, VLO, NOVEMBER 2025

TABEL 2: GRAANINVOER DEUR LAE-INKOMSTELANDE MET TEKORTE (MILJOEN TON)

	Vyftjaargemiddelde	2025*	2026*
Oos-Afrika	14	14,4	14,6
Wes-Afrika	9,7	11,2	10,8
Sentraal-Afrika	2,8	3,2	3,5

*= Invoerbehoefte

BRON: CROP PROSPECTS, VLO, NOVEMBER 2025

◀ delinkomstelande waar die bevolking se dieet toenemend kookolie insluit om voedsel voor te berei.

Die groter vraag na biodiesel en kookolie het tot gevolg dat die aanbod van oliekoek (as neweproduk) vinnig styg en die prys van oliekoek onder druk hou. Dit verklaar waarom Suid-Afrika se sonneblomsaadpryse vanjaar sterk bly teenoor dié van sojabone.

Die land behaal deesdae groot sojaboonoeste en moet 'n deel van die oes uitvoer. Dit is nie die geval by sonneblomme (en selfs kanola) nie, wat vir die olie gepers moet word.

Terloops, wêreldsuikerproduksie bly groei en die wêreldprys is tans die laagste in sowat vyf jaar. Dit plaas baie druk op Suid-Afrika se suikerbedryf waar goedkoop invoer bly toeneem, ondanks die invoertarif.

Wêreldvoorraadvlakke is besonder hoog en is tans 70% van verbruik. Daar is min vooruitsigte vir prysherstel in die volgende paar jaar.

Vleis en suiwel: Só lyk die wêreldsituasie

TABEL 1 toon die produksie van vleis wêreldwyd, met hoendervleis wat nie net oorheers nie, maar ook die vinnigste groei in produksie toon. Beesvleisproduksie toon 'n afname, hoofsaaklik weens lae kuddegetalle in Amerika en Australië.

Die indeks vir internasionale vleispryse is heelwat hoër as in 2022, aangedryf deur hoër skaap- en beesvleispryse. Die stygings in beesvleispryse het Trump gedwing om 'n ondersoek te gelas na prysvorming en markgedrag in Amerika se beesvleisbedryf, met die vier grootste maatskappye (wat in buitelandse besit is) wat sowat 85% van die mark daar bedien.

Biosekerheid en siektebekamping bly wêreldwyd die grootste struikelblokke, byvoorbeeld voëlgriep.

Wêreldmelkproduksie bly styg. Die internasionale suiwelprysindeks was vanjaar aanvanklik heelwat hoër as in

Mediumtermyn-begroting wat eindelijk hoop gee

Ná baie jare in die ekonomiese moeras van groeiende staatskuld is daar uiteindelik lig in tunnel.

Die mediumtermyn-begroting (MTB) wat middel November deur Enoch Godongwana, minister van finansies, in die parlement ter tafel gelê is, is 'n ligpunt ná baie jare waarin die begrotingstekort net gestyg het - en daarmee saam staatskuld.

Die plan in die MTB is om die begrotingstekort in die volgende drie geldjare te verklein. Dit beteken dat daar minder geleen gaan word en dat staatskuld as persentasie van die bruto binnelandse produk (BBP) van volgende jaar af gaan stabiliseer en begin daal.

Hiermee saam word verwag dat ekonomiese groei in die volgende drie jaar gaan versnel, wat die staat se inkomste ook sal verbeter.

Die grondslag is nou gelê vir strenger fiskale en monetêre beleid, wat buitelandse beleggersvertroue 'n hupstoot gee. Die markte het gunstig gereageer,

met die rand wat tot sowat R17 per Amerikaanse dollar verstewig het. Terselfdertyd het die rentekoers op staatseffekte verder gedaal. Dit was ses maande gelede op 10,5% en het tot 8,6% gedaal net nadat die MTB ter tafel gelê is.

Die nuwe vaste inflasietekens van 3% is ook gunstig ontvang.

Staatsinkomste en uitgawes

Die **GRAFIEK** toon die verloop van die staatsinkomste (R miljard) en staatsuitgawes (R miljard), asook die begrotingstekort voor lenings as persentasie van die staatsinkomste.

Vir die volgende begrotingsjaar (2026-'27) word begroot dat die staatsinkomste R2 091 miljard sal wees en oor die drie jaar met 15% sal styg. Dit is hoofsaaklik danksy beter belastinginvordering, asook die verwagte groei in die

2023 en 2024, maar ondervind nou 'n sterk dalende neiging nader aan 2024-prysvlakke.


Lande met voedseltekorte

TABEL 2 gee 'n opsomming van die streke in Afrika wat graan moet invoer. Die invoerbehoefte van lande wat as lae-inkomstelande met

graantekorte geklassifiseer word, styg tot 55 miljoen ton in 2025-'26. Dit is 9% bo die vyftjaargemiddelde. Dit is lande wat deur konflik en droogtetoestande geraak word.

Die meeste van die 41 lande met 'n voedseltekort is in Afrika, met 'n totale graaninvoerbehoefte van 33 miljoen ton vir 2025-'26. Dit is so-

Staatsinkomste en -uitgawes en begrotingstekort



BRON: NASIONALE TESOURIE *3-JAAR-MTB-RAAMWERK (3 JAAR)

ekonomie (groter winste en meer BTW-inkomste).

Staatsinkomste (belastinginvordering) is in die huidige belastingjaar (2025-'26) reeds R9,4 miljard (9,3%) beter as in die vorige jaar - en meer as waarvoor begroot is.

In die volgende drie jaar gaan daar baie meer klem gelê word op doeltreffender belastinginvordering, veral in die informele ekonomie.

Dit is die eerste keer in seker twee dekades dat begroot word dat staatsuitgawes stadiger groei as die inkomste oor dieselfde termyn, en in ooreenstemming met die 3%-inflasietekens. Dit is 'n groot verandering van vorige begrotings.

Dit is die rede waarom die begrotingstekort daal en daar binne nog 'n paar jaar selfs 'n

begrotingsurplus kan wees. Na verwagting sal staatskuld as persentasie van die BBP vanjaar 'n hoogtepunt van 77,9% bereik, waarna dit in die volgende agt jaar kan begin daal tot nader aan 67%. Dit beteken dat die afbetaling van staatskuld in die volgende jare gaan begin daal en meer geld in die begroting beskikbaar gaan wees om te bestee.

Waarheen gaan staatsuitgawes?

Die **TABEL** toon die grootste bestedingsitems in die 2025-'26-boekjaar. Let veral op die tweede kolom waarin die groei in die besteding oor die volgende drie jaar getoon word.

Besteding aan ekonomiese ontwikkeling groei die vinnigste, terwyl besteding aan

BELANGRIKSTE UITGAWE-ITEMS (2025-'26-BOEKJAAR)

	R miljard (2025-'26)	% styging oor 3 jaar
Onderwys	507	3,9
Gesondheid	299	3,9
Sekuriteit	269	2,7
Gemeenskapsontwikkeling	289	2,4
Ekonomiese ontwikkeling	274	5
Staatsdiens	88	0,7
Maatskaplike ontwikkeling	425	2,2

BRON: NASIONALE TESOURIE, NOVEMBER 2025

die staatsdiens min groei. Dit weerspieël 'n meer realistiese benadering. Nogtans word 60% van staatsuitgawes bestee aan die sogenoemde "maatskaplike loon" wat lae-inkomste- en kwesbare huishoudings ondersteun.

Besteding aan maatskaplike ontwikkeling (lees staatstoelae) is vanjaar R425 miljard en groei met 2,2% per jaar tot R464 miljard in 2028.

Kapitaalbesteding groei die vinnigste met 7,3% oor die MTB-tydperk.

Provinsies kry 42,4% van die totale begroting, terwyl groot ekstra bedrae nog bestee gaan word ter ondersteuning van munisipaliteite. Baie min geld word nog begroot vir die nasionale gesondheidsversekeringsskema, wat ook dui op 'n meer realistiese uitkyk.

Besteding aan die landbou en plattelandse ontwikkeling is steeds 'n druppel aan die

emmer op R44 miljard, en neem oor die MTB-tydperk af tot R34 miljard.

Daar word heelwat melding gemaak van 'n nuwe benadering ten opsigte van infrastruktuurbelegging en vennootskappe met die private sektor.

Die feit is dat belegging in kapitaalprojekte heeltemal tekort skiet. Dit is tans sowat 15% van die BBP, terwyl die ideaal is om nader aan 30% te beweeg, wat die grondslag sal lê vir ekonomiese groei in die toekoms.

Die MTB-raamwerk bevat dus enkele ligpunte, maar dit is in wese steeds 'n sosialistiese begrotingsbenadering. Daar word nog te min geld aan beleggings en kapitaalprojekte bestee, terwyl besteding veral op maatskaplike toelae gerig is. **LBW**

wat 10% meer as die vyfjaargemiddelde. Madagaskar en Malawi is van die lande met die grootste tekort. Terloops, die Zambiese regering het besluit om 'n staatsvoedselreserwe te skep en het skynbaar sowat 1,6 miljoen ton van die afgelope mielieoes van 'n geraamde 4 miljoen ton ingeneem en uit die mark verwyder. Die klein-

boere is klaarblyklik 'n prys aangebied wat hoër as die heersende markprys is.

Luidens gerugte wil die regerende party met die verkiesing in 2026 dié witmielies goedkoop aan meulenaars beskikbaar stel sodat verbruikers goedkoop mielie-meel kan kry en weer vir dié party sal stem.

Die grootste probleem met

die voedselreserwe-agentskap is dat die agentskap nie gefinansier is nie en dat die boere meestal nog nie betaal is nie, al is hulle hoër pryse aangebied. Daar word nou naartiglik geskarrel om finansiering te soek, want die boere is reeds in hul planttyd, maar het nie geld om insette aan te koop nie.

Staatsinmenging in die wer-

king van die mark werk nooit goed uit nie – hierdie is 'n sprekende voorbeeld daarvan.

Sowat drie jaar gelede was daar aansienlike druk deur sekere belangegroepes in Suid-Afrika dat die staat 'n voedselreserwe vir witmielies moes stig saam met 'n verbod op uitvoer. Gelukkig kon dié gekke idee gekeer word. **LBW**



Mikrokweking beloof skoner plantmateriaal vir pruimkultivars

Die vermeerdering van die eerste pruimkultivars deur mikrokweking is 'n groot stap vorentoe om die Suid-Afrikaanse vrugtebedryf van virusvrye bome te voorsien.

Die maatskappy Culdevco, wat in die kommersialisering en bemarking van nuwe vrugtekultivars spesialiseer, het die bedryf se weefselkultuur-laboratorium (Tissue Culture Facility, TCF) in die Paarl verlede jaar gekontrakteer om pruimbome te kweek deur baie klein steggies met weefselkultuur te vermeerder.

Die eerste jong bome is in Julie vanjaar van die laborato-

rium af in tunnels uitgeplant en die plantmateriaal sal volgende jaar aan die bedryf bekend gestel word. Die nuwe mikrokwekingstegniek word wyd erken as 'n doeltreffende metode om siektevrye plante op groot skaal te produseer.

“Dit is veral waardevol om plante te kweek wat moeilik deur tradisionele metodes, soos saad of steggies, vermeerder kan word. Nog 'n voordeel is dat plante regdeur die jaar onder beheerde toestande vinnig vermenigvuldig kan word,” lui 'n verklaring van Culdevco.

Dit duur sowat agt maande om 'n boom van 60-80 cm uit te groei.

Sowat 80% van die belangrike vrugte- en neutonderstamme in Kalifornië, Amerika, word deesdae deur mikrokweking geproduseer omdat verskeie van die nuwe onderstamme nie konvensioneel gewortel kan word nie, sê John Driver, 'n Kaliforniese kweker en weefselkultuurkundige wat ook gehelp het om TCF op die been te bring.

Mish Anderson, hoofbestuurder van Culdevco, sê die doelwit is die lewering van skoner plantmateriaal aan produsente. Slegs 28% van steenvrugtebome is verlede jaar onder Suid-Afrika se plantverbeteringskema gesertifiseer. Die vermarmering van pruime was byvoorbeeld al

Makro-stap. Werknemers in 'n laboratorium in die Paarl waar pruimkultivars nou met mikrokweking vermeerder word. FOTO: VERSKAF

wyd gevestig toe die oorsaak, 'n viroïed, in 2020 ontdek is. Dié viroïed is nooit aangeteken onder die plantverbeteringskema nie omdat niemand van die bestaan daarvan bewus was nie.

Onderstamme wat deur mikrokweking vermeerder word, is 'n stap in die regte rigting, maar nog nie voldoende om produsente te beskerm nie.

In die geval van pruimvermarmering word die besmetting deur enting oorgedra. As die viroïed in die onderstam of kultivar teenwoordig is, besmet dit die boom en simptome verskyn. Om te verseker dat skoon enthout gebruik word, het Culdevco beginmateriaal uit sy kerneenheid aan TCF voorsien.

“As jy in weefselkultuur met skoon materiaal begin, eindig jy ook met skoon materiaal van hoë gehalte,” sê Horn.

Culdevco ondersoek ook oplossings om die finansiële implikasie wat mikrokweking inhou, te versag. – LUCILLE BOTHA



Bekende inheemse gewasse soos boegoe (op foto), ghaap en sekere aalwyne verskyn nou op Suid-Afrika se lys van verklaarde landbouprodukte. FOTO: TERILLUS-TRASIE: RIAAN LANDMAN

Erkenning as landbouprodukte gee boegoe en talle ander plante hupstoot

BOEGOE (*Agathosma betulina*), die hoodia-plant oftewel ghaap (*Hoodia gordonii*), en die aalwyn *Aloe vera* is onder die inheemse gewasse en medisinale plante wat nou op Suid-Afrika se lys van verklaarde landbouprodukte verskyn.

Nog voorbeelde van nuwe plante op die lys is duiwelsklou

(*Harpagophytum procumbens*), wilde-als (*Artemisia afra*), Afrika-aartappel (*Hypoxis hemerocallidea*), kankerbos (*Lessertia frutescens*) en kalwerbossie (*Pelargonium sidoides*).

Dié plante word nou as landbouprodukte beskou vir die doeleindes van die Wet op die Bemarking van Landboupro-

dukte (Wet 47 van 1996). Die verteenwoordigende organisasies van hierdie produkte kan dus in die toekoms aansoek doen om statutêre maatreëls, soos heffings, sê die departement van landbou.

John Steenhuisen, minister van landbou, het die insluiting van die inheemse gewasse en

Só 'torpedo' laboratorium piesangs die toekoms in

DIE Du Roi-laboratorium op Letsitele het 'n nuwe piesangplant ontwikkel wat veldgereed is en in grootmaat na boere in afgeleë gebiede vervoer kan word. Van dié torpedo-piesangplante, soos dit bekend staan, is reeds by Chirundu in Zambië, Moamba in Mosambiek en by Tzaneen in Limpopo in proewe aangeplant en presteer goed.

Die plant is so groot soos plante wat gewoonlik in 1,5 liter-plantsakke vervoer word, maar danksy 'n slim kweektegniek word die wortels in 'n kompakte planthouer gehou, terwyl die plant tot veldgereedheid uitgroeï. Daarna kan dit sonder 'n plantsak in 'n torpedo- of kegelvorm met 'n volume van sowat 250 ml vervoer word.

Voorheen moes boere wat plante bestel en oor lang afstande laat aflewer het,

sogenoemde in vivo-plante aankoop. Sulke 5 cm-grootte piesangplante is reeds afgespeen, maar moet steeds onder kweekhuistoestande afgehard word voordat dit onder veldtoestande uitgeplant kan word.

Boere naby Letsitele of diegene wat kans gesien het vir die vervoerkoste van die 20 cm-grootte plante wat veldgereed is, kon dit in plantsakkies van 1,5 liter elk aankoop. Die torpedo-plante bied dieselfde veldgereedheid, sê Tam Johnson, verkoops- en tegniese bestuurder van Du Roi, maar met die vervoergerief van die in vivo-plante.

Hoewel die torpedo-plante tans teen dieselfde prys as plante in 1,5 liter-plantsakkies verkoop word, bespaar kwekers amper drie keer die vervoerkoste. 'n Vragmotor met 'n sleepwa kan 19 000 piesangplante in 1,5 liter-plantsakke vervoer, maar 2 000 torpedo-plante kan op 'n palet gepak



FOTOTERILLUSTRASIE: AMELIAGENS

Danksy 'n slim kweektegniek van die Du Roi-laboratorium op Letsitele word die wortels van dié piesangplant in 'n kompakte planthouer gehou. Dit kan daarna sonder 'n plantsak in 'n torpedo- of kegelvorm vervoer word en is dadelik veldgereed.

word en dieselfde vragmotor en wa kan 34 palette vervoer, dus 68 000 plante.

Vir boere is daar ook 'n besparing aan tyd en produktiwiteit deurdat hulle die plante dadelik in die veld kan plant sonder om dit eers in kweek-

huise vir die veld af te hard.

Johnson sê ál Du Roi se beskikbare piesangkultivars kan in torpedo-plantvorm gekweek word.

Kontak Johnson by **tam@duroilab.co.za** vir meer inligting. – JASPER RAATS

medisinale plante as landbouprodukte goedgekeur. Dié besluit gee nou formele erkenning aan 'n hoëpotensiaal-sektor met 'n geraamde bydrae van sowat R12 miljard per jaar tot die ekonomie.

“Ons mense wat tradisionele medisyne en inheemse gewasse oes en verhandel, het dit vir te lank in die ekonomiese skaduwees gedoen,” sê Steenhuisen. “Met hierdie wetlike verandering bring ons waardigheid, er-

kenning en 'n weg na welvaart.”

Die departement gaan volgens hom voort met sy strewe om die wetlike en regulatoriese omgewing meer modern en vooruitstrewend te maak. “Verouderde wetgewing is 'n hinderenis tot die vinnige opneming van nuwe tegnologieë, hulpmiddels, praktyke en innoverings wat noodsaaklik is indien ons die landbou se opbrengs, gesondheid en winsgewendheid wil verbeter,” sê Steenhuisen.

Die oorspronklike lys van verklaarde landbouprodukte is in 1997 gepubliseer en is sedertdien verskeie kere aangepas op grond van verskeie faktore in die landbousektor.

Die departement sê benewens gewasse van Suid-Afrikaanse oorsprong sluit inheemse gewasse ook dié in wat die land ingebring is en nou as genaturaliseerde of tradisionele gewasse beskou word.

Inheemse gewasse word ver-

deel in grane, vrugte en groente. Babala (*millet*) is 'n voorbeeld van 'n inheemse graan, maroela van 'n inheemse vrug en kassawe van 'n inheemse groente.

Die departement sê hoewel die lys van name van hierdie gewasse en medisinale plante nog nie voltooi is nie, is Suid-Afrika reeds bekend daarvoor dat hy een van die rykste versamelings van inheemse plante het waaruit medisinale kruie onttrek kan word. – CARIEN KRUGER

Daar is nog planne, maar hulle raak min

Boere sal vir die afsienbare toekoms hul bedrywighede konserwatief hou en nie te veel groot uitgawes aangaan of drastiese veranderinge aanbring nie. Hulle sal wel klein, maar betekenisvolle aanpassings aan hul wisselboustelsels maak.

Groen vooruitsigte? Ná 'n droë winter was die koringopbrengste meestal gemiddeld tot ondergemiddeld, en in sekere gebiede het die meeste as B3 gegradeer. FOTO'S:

AMELIA GENIS, TENSY ANDERS VERMELD

Die mooi oes wat in die winter groen op Wes-Kaapse landerye gestaan het, het nie tot groot opbrengste en hoë grade ryp geword nie. Boere meld gemiddelde oeste en graderingsprobleme aan as gevolg van die lae proteïeninhoud.

Truter de Kock, wat by Malmesbury boer, sê die oes was redelik gemiddeld. “Dit was een van my mooiste oeste nóg. Ongelukkig het September sy deel gevat omdat ons nie noemenswaardige reën gekry het nie.”

Boonop was die gradering weens lae proteïene weer 'n probleem. Die hektolitermassa was egter goed.

By Malmesbury en Riebeeck was 69% van die inname graad B3 en net 11% was graad B1 en B2. 'n Vyfde van die inname was “klas ander” koring. Beter gradering

KORTOM

- Vanjaar se koringopbrengste was nie so hoog soos boere gehoop het nie.
- In die omstandighede is hulle bekommerd dat die vervanging van werktuie agter gaan raak.
- Die meeste boere beoog om in 2026 'n bietjie meer kanola te plant, of meer weidings of voergewasse te vestig en koste en risiko nog fyner te bestuur.

in ander dele van die Swartland het meegebring dat 38% van die koring wat gelewer is, B1 en B2 was en 48% was B3.

Truter sê die afgelope vier jaar se Safex-prys vir B1-koring was R6 982 in 2022, R6 090 in 2023, R6 028 in 2024 en R5 994 in 2025. “Met vanjaar se prys is daar 'n kans om 'n winsie te maak, mits jy 3,5 ton per

hektaar of meer oes.”

Dit lyk egter of boere by Malmesbury vanjaar op gemiddeld 3,1 t/ha gaan eindig, terwyl die gemiddelde wat vir die groter Swartlandstreek verwag word, op 2,6 t/ha staan. “Indien jy 3,5 t/ha oes, bly daar na-dat koste afgetrek is, R1 589/ha oor. Indien jy B3-koring lewer, daal dit tot R714/ha vir 'n oes van 3,5 ton.”

Vir 'n boer wat 800 ha koring saai, gee dit 'n voorbelaste wins van R571 200, sê Truter. “Jy kan nog steeds nie dorp toe gaan met daardie geld nie.”

Gradering gunstig in Overberg

Volgens Tonie Linde, boer en geoktrooier-de rekenmeester van Caledon, het kanola en gars vanjaar goed gevaar by hulle, maar hulle kon net 70% van die gars as mout-



Die meeste boere beoog om volgende jaar meer kanola te plant, wat tans winste bied en in die droogte beter gevaar het as koring en gars. Hulle meen wel die regte balans tussen gewasse is belangrik.

graad lewer. Met koring was daar groot variasie tussen die noord- en suidhange. Hulle het op gemiddeld 3,3 t/ha geëindig, wat 18% onder hul langtermyn gemiddelde is. Die boere is dankbaar daarvoor, veral omdat hulle net 60% van die gemiddelde reënval vir die groeiseisoen gekry het.

Die gradering was ook gunstig, met die grootste deel van hul koring B1 en B2.

Met die goeie opbrengste en gradering kon hulle vanjaar nog kop bo water hou, maar Tonie erken daar is min ruimte vir foute. Waar die opbrengste gemiddeld was, raak die marges klein en moes hulle groter kostedissipline toepas en planne en praktieke aanpas om winsgewend te bly.

Jurie Groenewald, wat by Rietpoel boer, sê hulle gaan in die komende jaar min of meer dieselfde as vanjaar doen, maar net 'n klein aanpassing maak om meer kanola te plant. "Ek het in vanjaar se droogte gesien hoe goed die kanola presteer, terwyl die koring en gars swaar getrek het."

Hy glo hy is nie die enigste boer wat só gaan besluit nie. "Ek dink in die jaar wat kom, gaan jy in Augustus baie meer geel landerye pleks van koring en gars sien."

Die belangrikste strategie sal wees om nie oorboord te gaan met kanola-aanplantings nie. "Jy moenie soveel meer kanola plant dat jy jou hele wisselboustelsel na die ander kant toe oorlaai, en jou in die toekoms in 'n hoek vasverf nie.



Truter de Kock

"Daar is 'n rede waarom ons wisselboustelsels is soos wat dit is. Ons moet altyd balans in gedagte hou, balans op jou plaas én in die breë mark. Ek glo ons moet risiko bestuur met die regte balans tussen gewasse."

Min beweegruimte en balans

Omdat hulle so min beweegruimte het, gaan boere grootliks by hul gewone gewasplan hou, maar 'n bietjie minder koring en meer kanola plant. "Kanola is 'n gewas wat tans winste bied. Ek wil Soill bedank vir die besigheid wat hulle tot stand gebring het, dit red ons tans," sê Tonie.

Om onkruid te bekamp, bly 'n kernrisiko wat hulle moet bestuur. In die huidige omstandighede is dit belangrik om nie korttermynbesluite te neem wat die rotasiepa-trone en onkruidbestuur sal ontwig nie.

"Ons gaan voortbou op nougesette kostebeheer, tydigte toedienings en voete in die lande om seker te maak dat elke hektaar wat geplant word, winsgewend is. Ons kyk ook aggressiewer na risikobestuur, veral op marginale grond. Vanjaar het bewys dat jy betyds moet besluit."

Boere glo altyd 'n mens se planne moet nie opraak nie, maar nou raak hul planne bitter min, sê Truter. "Ek dink met presisiebestuur, 'n konserwatiewe benadering en geloof sal ons nog kan aangaan, maar dit raak moeilik."

Vir Swartlandboere is daar nie veel ander opsies as om koring, gars en kanola te plant nie. "Kanola se opbrengs is baie wisselvallig. Gars is besig om 'n bietjie hektare te wen, maar kan ook probleme gee. Alles moet reg verloop, anders lewer jy voergars. Die mees konstante gewas is koring. Dit is wat ons ken en wat in ons gebied bestendig is," sê Truter.

Tonie se beste raad vir volgende jaar is om nie spekulatief te plant nie. "Doen 'n behoorlike *high-road*- en *low-road*-scenario-beplanning sodat jy kan bly by wat jou boerdery se bedryfskapitaal in die komende jaar kan dra.

"Produkciekrediet gaan skaars wees, en jy wil nie reeds in September sonder geld sit nie. Vermoed groot kapitaalbesluite wat nie noodsaaklik is nie, en moenie jou kontantvloei oorskat nie."



Tonie Linde



Jurie Groenewald



Boeta Wessels



Philip de Waal

FOTO: VERSKAF

FOTO: VERSKAF

◀ Plan vir 2026: 'Diep sakke en kort armpies'

Met só min beweegruimte moet boere nie te veel in die volgende koringjaar bestee nie.

Boeta Wessels van Bredasdorp sê die koringprys is in elk geval só laag dat boere nie werktuie kan vervang nie. "Vanjaar moet jy ook nie baie skuld hê nie, want dan is jy heeltemal in die moeilikheid."

Tonie vind dit kommerwekkend dat daar nie ruimte vir kapitaalvervanging is nie. "Dié situasie raak ondraaglik, want ons werktuie word ouer. Ek is bekommerd dat bedryfskapitaalsiklusse net langer raak en dat kontantvloei nie voldoende is om bedrywighede én kapitaal te delg nie.

"Gevolgtrek finansier ons oor langer tydperke met grond as sekuriteit, maar indien grondpryse gaan terugsak, gaan waardasies van grond verlaag. Dán is die bedryf in ernstige moeilikheid."

Ook Truter meen hulle moet bespaar waar hulle kan. "Ons moet diep sakke en kort armpies hê. Ons moet koring net op ons beste grond plant, maar dit verhoog weer jou oorhoofse koste per hektaar."

Boere moet nie paniekbevange raak nie, meen hy. "Ek glo die wiel sal draai. Hou by jou normale praktyke en moenie benoude spronge maak nie. Moenie probeer besnoei wat bemesting en kalktoediening betref nie."

Volgende jaar is beslis nie 'n "koop-jaar" nie, sê Truter. "Al kan jy finansiering kry, byt liewer nog 'n jaar vas. Moenie koop wat

jy nodig het nie, koop net waarsonder jy nie kan klaarkom nie."

Tweede asem vir vee?

Wes-Kaapse boere soos Jurie wat ook met vee boer, sê vee was nog altyd belangrik in hul boerdery. Met die goeie vleispryse en wol wat vanjaar sterker vertoon het, het hulle 'n groter inkomste uit die skape gekry in 'n jaar toe hulle dit nodig gehad het.

"Dit bewys net weer in só 'n droë jaar help die skape."

Boeta sê die skape help, maar hulle kos ook nie min nie. "In 'n droë jaar verkoop jy maar 'n bietjie van die aantelvee, die ooie wat nie presteer nie."

Hoewel hy volgende jaar nie heeltemal dieselfde as vanjaar gaan doen nie, is daar nie baie beweegruimte nie. "Jy kan sowat 10% verander. 'n Bietjie meer gars, beslis meer kanola, maar dit hou ook hul eie probleme in." Hy gaan meer lusern vestig om hopelik meer skape te kan aanhou.

Vee en graan loop gelyk

Beeste en skape was nog altyd belangrik in sy boerdery, sê Philip de Waal van Moorsburg, maar deesdae is die verdeling van inkomste tussen graan en vee gelyk.

Dié besluit laat hom rustiger slaap. Hy vertel dat 'n oom in die Vrystaat gesê het as hy in graanboerdery wil oorleef, moet hy vir elke hektaar koring wat hy plant, 'n bees aanhou.

"Dit was al die jare my filosofie om daar die rugsteun van 'n bees of skaap vir my

graanboerdery te hê."

Philip het 'n Hereford-, swart Angus-, Simmentaler- en Vleismerino-stoeterij. Al is 'n veevertakking baie werk, is dit vir hom sy beste oplossing.

Philip plant koring en medics op die grond wat daarvoor geskik is, en korog vir voermeel, hawer vir hooi en lupiene op plekke waar grondverbetering nodig is. Hy plant ook gars vir sy diere.

Moenie te veel van skape verwag

Hoewel Truter die waarde van skape erken, meen hy 'n mens moenie te veel van 'n veevertakking verwag nie.

"Skape kan nie koringskuld betaal nie. Hulle help 'n bietjie, maar gaan ons nie op ons plase hou nie. Ons insette is eenvoudig net te hoog."

Die Malmesbury-omgewing was jare gelede een van die toonaangewende wolproduksiegebiede, maar as gevolg van vee-diefstal en 'n daling in winsgewendheid het baie boere hul kuddes verklein of opgehou om met vee te boer.

Tonie beskou skape as 'n belangrike faktor om risiko te balanseer. "Wanneer graan onder druk is, help die skaapkomponent die kontantvloei stabiliseer, maar ongelukkig kon skape nog nooit yster- en saaskuld betaal nie. Ons sal dus maar ons hoop op saaiboerdery hou."

Hy sê wel dat skape 'n verdere voordeel vir die graanvertakkings het omdat hulle help om onkruid te bekamp en stoppels te bestuur. **LBW**

Waterregte: Só kan wetgewing sake omvergooi



In warm water? Daar is veral vyf implikasies waarop boere moet let voor die voorgestelde veranderings aan die Waterwet ingestel gaan word. FOTO: LIZA BOHLMANN

praktiese gevolge daarvan kan wees.

Kwessies rakende watersekerheid het die afgelope jare aansienlik meer aandag begin kry en is toenemend deel van die openbare diskoers. Die wysingwetsontwerp op waterdienste, wat munisipale water- en sanitasiedienste raak, gaan tans deur die parlementêre proses. Daarmee saam vorder die uiteindelijke totstandkoming van die waterhulpbronne-infrastruktuuragentskap (NWRIA) ook goed.

Moontlike tydlyn van veranderinge

Die wysigingswetsontwerp op die Nasionale Waterwet (die wetsontwerp) is op 17 November 2023 in die *Staatskoerant* afgekondig vir openbare kommentaar. Dit is op 6 Augustus vanjaar deur die kabinet goedgekeur, waarna dit op 3 Oktober in die parlement ter tafel gelê is.

Die praktiese werklikheid van die wetgewende proses is dat dit gewoonlik 6-18 maande duur vanaf goedkeuring deur die kabinet tot die uiteindelijke aanvaarding, presidensiële ondertekening en proklamasie. Die wetsontwerp kan dus vroeg in 2026 in werking tree, maar meer realisties gesproke sal dit eers in 2027 van krag wees.

Soos die geval met die Waterwet sal die inwerkingtreding waarskynlik in fases en per proklamasie plaasvind. Vir boere en verwerkers is dit belangrik om daarop te let dat nie alle dele van die wetsontwerp noodwendig terselfdertyd van krag sal word nie. Sekere dele, byvoorbeeld definisiewysigings, versterkte beskerming vir waterbrongebiede en die raamwerk om die oordrag van watergebruiksregte te reguleer, kan moontlik vroeër geproklameer word, terwyl meer institusionele of tegniese dele eers later kan volg.

Dit is sinvol om beplanning op die 2026-'27-tydlyn te grond en eerder vroeër as later daarmee te begin. Die beste benadering is om dit interdisiplinêr aan te pak en te identifiseer watter dele van die wetsontwerp jou wateronttrekking, ►

Water kan die volgende brandpunt in Suid-Afrika word, en in die konteks van veranderende waterwetgewing in die algemeen sal boere in die volgende twee jaar verstellings aan hul waterbestuur moet aanbring.

Dit is opvallend hoe deurweek Afrikaans met verwysings na water is. Dink aan spreekwoorde soos Gods water oor Gods akker laat loop, deur diep waters gaan, in warm water wees, die son trek water, water onder die brug en stille waters, diepe grond. Dalk is dit omdat water nog altyd 'n lewensnoodsaaklike rol gespeel het, veral op die platteland en in landelike gemeenskappe.

Water is die spil waarom oorlewing draai. Daarsonder is boerdery onmoontlik. Suid-Afrika staan tans op die drumpel van wat waarskynlik belangrike en verreikende wysigings aan die bestaande waterregbestel is.

Soos goeie regsgeleerdes begin ons met 'n voorbehoud: Daar word nog aan die

Nuwe artikelreeks

Hierdie artikel is die eerste in 'n reeks van drie. Die volgende artikel in die reeks konsentreer op die waarskynlikste risiko's en geleenthede wat die wysigings kan meebring. Die derde artikel gee praktiese en strategiese rigtingwysers en 'n raamwerk vir die pad vorentoe.

voorgenome wysigings aan die Nasionale Waterwet (Wet 36 van 1998; die Waterwet) gewerk en dit is gevolglik nog nie afgehandel nie. Ons probeer dus om, met die bestaande bronne tot ons beskikking, 'n aanduiding te gee van hoe die wysigings kan lyk en wat die

◀ uitvloeï of infrastruktuur raak. Waar lê die moontlike risiko's? Begrotings en die volgorde van projekte kan dan mettertyd dienoreenkomstig aangepas word.

Veranderinge en implikasies

Die wetsontwerp verander nie die Waterwet se kernbeginsels nie. Die verreikende veranderinge en nuanseverskille wat wel belangrik is om dop te hou, behels dat die beheer oor toedeling en beskerming van water strenger gemaak word. Dit verbied private handel in water en stel 'n nuwe raamwerk vir strategiese waterbrongebiede in.

Gemeet aan die huidige bestel is daar heelwat implikasies – minder buigsaamheid om regte tussen plase te skuif, 'n uitdruklike verbod op waterhandel, strenger lisensievoorwaardes en toesig (waaronder die inkorting van onbenutte volumes), duideliker verbod of terugset-reëls naby gevoelige waterbrongebiede en 'n sterker herverdelingsrol vir die minister van water en sanitasie om watersekerheid te versterk.

In dié reeks neem ons nie die voorgestelde hervorming van watergebruikersverenigings in oënskou nie, wat die onderwerp van 'n afsonderlike artikel kan wees. (Sien ook “Nuwe bedeling vir waterbestuur vind sy voete”, <https://shorturl.at/MyNJg> op *Landbou.com*.)

As die wetsontwerp onder die loep geneem word, is die volgende vyf aspekte die belangrikste vir die landbou- en landbou-verwerkingsgemeenskap. Elkeen se praktiese impak word bespreek, asook hoe 'n boerdery en/of aanleg waarskynlik in die toekoms bestuur sal moet word.

1 Beskerming van waterbrongebiede

Die wetsontwerp erken en beskerm waterbrongebiede, Suid-Afrika se “waterfabrieke”, uitdruklik. Dié gebiede, wat bogemiddelde hoeveelhede water aan die res van Suid-Afrika se waterbronne voorsien, kom voor in bergopvangs- en akwifer-aanvullingsones.

Binne een jaar nadat hierdie gedeelte van die wysigingswet in werking tree, moet die minister van water en sanitasie 'n kennisgewing in die *Staatskoerant* afkondig met

die lys van wetenskaplik geïdentifiseerde waterbrongebiede, saam met 'n kaart van hul liggings en bedreigings. Binne drie jaar nadat hierdie gedeelte van die wysigingswet in werking tree, moet daaropvolgende regulasies gepubliseer word wat uiteensit watter aktiwiteite verbied of beperk sal word binne en rondom hierdie gebiede. Die wetgewing formaliseer dus 'n statutêre raamwerk wat tot dusver versprei was tussen verskeie ander beplanningsinstrumente.

Bosbou en bykomstige aktiwiteite word ingekort deur 'n verbodsbepaling op die uitreik van watergebruiksregte in die waterbrongebiede wat bedreig word of kwesbaar is vir stroomvloeï-verminderingsaktiwiteite (wat bebossing insluit) waar 'n 32 m-terugset van die waterbrongebied af nie gevestig is nie. Bebossing word gedefinieer as onder meer die verbouing van 'n groep bome vir ontginning.

Verder moet die minister ook 'n hersiening voorskryf van bestaande watergebruikspermitte wat uitgereik is vir die doel van bebossing in bogenoemde waterbrongebiede.

Na verwagting sal die landbou eweneens ingeperk word. In hierdie verband mag nuwe watergebruikspermitte nie toegestaan word in bedreigde of kwesbare brongebiede waar 'n 32 m-terugset nie gevestig is nie. Verder moet die minister 'n kennisgewing publiseer wat die hersiening voorskryf van bestaande watergebruikspermitte wat vir landbou- asook bykomstige aktiwiteite toegestaan is in sulke gebiede.

Voortaan mag die gemagtigde owerheid nie 'n watergebruikspermit uitreik vir enige ploegwerk tensy 'n 32 m-terugset gevestig is nie.

Hierdie beperkings op die bosbou en landbou loop hand aan hand met 'n algemene voorgestelde bevoegdheid wat die minister in staat sal stel om verdere verbodsbepalings voor te skryf waar die openbare belang strenger beheer of toesig vereis.

Bestaande aktiwiteite met wettige lisensies word nie sonder meer opgeskort nie. Sodanige watergebruikspermitte wat toegestaan is vir aktiwiteite in watervoorsieningsgebiede, veral waar 'n 32 m-terugset nie gevestig is nie, sal egter aan voorgestelde hersiening onderhewig wees.

2 Oordragte van watergebruiksmagtigings en die verbod op ongewenste private waterhandel

Die wetsontwerp bring groter duidelikeheid ten opsigte van die oordra van watergebruiksregte, wat voortaan strenger beheer sal word deur die departement. Beslissende optrede teen die private handel in water wat die openbare belang ondermyn, word ook in die vooruitsig gestel. Hierdie voorgenome veranderinge is waarskynlik in reaksie op die 2023-uitspraak in die Grondwethof in die saak van die minister van water en sanitasie teen Casper Jacobus Lötter N.O. In daardie saak het die hof die Waterwet só geïnterpreteer dat die oordrag van watergebruiksregte aan derde partye toegelaat word.

Wat tydelike oordragte betref, stel die wetsontwerp voor dat 'n waterbestuursinstelling na aanleiding van 'n aansoek van 'n persoon wat ingevolge die Waterwet gemagtig is om water vir besproeiing te gebruik, daardie persoon mag toelaat om water vir 'n tydperk van hoogstens 24 kalendermaande oor te dra. Dit is net vir gebruik op ander grond van dieselfde gemagtigde persoon in dieselfde omgewing.

Vir permanente oordragte stel die wetsontwerp voor dat 'n persoon wat 'n watergebruiksreg hou, daardie reg mag prysgee om 'n watergebruiksaansoek te fasiliteer vir gebruik van water uit dieselfde bron ten opsigte van ander grond van dieselfde gemagtigde persoon in dieselfde omgewing.

Die wetsontwerp skep verder 'n uitdruklike verbod op handel wat verband hou met die opgee van sodanige regte. Dit herroep ook daardie afdelings van die Waterwet wat “transaksies” en betaling van vergoeding vir die oordrag van sodanige regte voorheen moontlik gemaak het.

Vir die landbousektor is die duidelike en belangrike boodskap dat die oordrag van watergebruiksregte – tydelik of permanent – aan derde partye nie langer toelaatbaar sal wees nie.

3 Hervreiding, transformasie, en die formalisering van 'gebruik of verloor' binne 'n lisensie-gesentreerde stelsel

Op makrovlak beklemtoon die wetsontwerp die staat se kuratorskap oor water en stel dit die minister in staat – ná behoorlike oorleg-pleging – om water tussen sektore, provinsies of opvangsgebiede toe te deel. Dit is met inagneming van die openbare belang en die statutêre lys van tersaaklike faktore wat in ag geneem moet word wanneer 'n watergebruikspermit uitgereik word.

Op mikrovlak was die lys oorwegings wat deur die bevoegde owerheid in ag geneem moet word vir die uitreiking van 'n watergebruiksreg histories sonder 'n duidelike rangorde. Voorgestelde wysigings in die wetsontwerp vereis dat die gematigde owerheid voorkeur moet verleen aan die regstelling van vorige rasse- en geslagsdiskriminasie en 'n bepaalde volume water per waterbestuursgebied opsy moet sit om daardie regstelling te bereik.

Die praktiese rigting is duidelik: Meer proaktiewe herverdeling om vorige rasse- en geslagsdiskriminasie reg te stel, sal voorrang moet geniet om volgehoue historiese ongelikhede aan te pak.

Die landbousektor het in sommige gevalle grootliks staatgemaak op die voortgesette gebruik van wat bekend staan as “bestaande wettige watergebruike” (ook bekend as ELU's), wat wettige watergebruike erken wat die Waterwet voorafgegaan het.

Hoewel sommige afdelings van hierdie “bestaande wettige watergebruike” deur die wetsontwerp herroep word, is een van die belangriker wysigings om die “gebruik-of-verloor”-beginsel vir watergebruiksbestuur by die Waterwet in te voeg. In dié verband mag 'n persoon voortgaan met 'n bestaande wettige watergebruik, onderhewig aan enige nuwe voorwaardes of verpligtinge wat die bevoegde owerheid kan opleë met die doel om die waterbron en/of die omgewing te beskerm.

Verder stel die wetsontwerp voor dat 'n gematigde owerheid 'n volume water mag inkort wat beskikbaar raak as gevolg van die versuim deur watergebruikers om hul volle bestaande wettige watergebruiksvolume vir enige tydperk uit te oefen.

Veral in opvangsgebiede wat onder druk is of waar daar ongelykheid in toewysings bestaan, kan hierdie bykomende instrumente

waarskynlik verreikende toekomstige gevolge inhou. Hulle kan aansluit by die verpligte lisensieringsregime wat reeds ingevolge die Waterwet bestaan. Daar kan dan van gebruikers vereis word om aansoek te doen om permitte in 'n verdere rondte van herverdeling wat vorige regte op enige bestaande wettige watergebruik deur die aansoeker kan vervang.

4 Strafmatreëls en persoonlike aanspreeklikheid van direkteure

Die wetsontwerp bring die misdryf- en straframwerk van die Waterwet in ooreenstemming met huidige omgewingsvoorskrifte, soos onder meer die Nasionale Omgewingsbestuurswet (Wet 107 van 1998), en stel persoonlike aanspreeklikheid vir direkteure daar. Daarby word maksimum boetes merkbaar verhoog, met misdrywe wat jou boetes van tot R10 miljoen en gevangenisstraf van tot tien jaar op die hals kan haal, na gelang van die aard van die misdryf en of dit 'n herhaalde oortreding is.

Daarby skep die wetsontwerp aanspreeklikheid vir direkteure van besighede op die tydstip toe die misdryf gepleeg is, wat hulle persoonlik aan dieselfde strawwe blootstel ná skuldigbevinding. In die praktyk beteken dit dat direkteure voortaan persoonlik strafregtelik aanspreeklik kan wees. Buiten die opleë van boetes en gevangenisstraf word howe uitdruklik gemagtig om te beveel dat die bedrae verhaal word wat nodig is om skade te herstel of te voorkom of wat verband hou met enige voordeel wat deur die misdryf verkry is, of om die redelike ondersoek- en vervolgingskoste te verhaal.

5 Klimaatverandering

Die effek van klimaatverandering sal 'n regstreekse impak op waterbestuur hê. Daar sal óf te veel water in die vorm van vloede óf te min in die vorm van droogtes wees. Die landbousektor is reeds deeglik bewus van hierdie nuwe werklikheid.

Dit behoort dus geen verrassing te wees nie dat die wetsontwerp probeer om 'n verwysing na klimaatverandering by die Waterwet in te sluit, met onder meer 'n voorgestelde wysiging aan artikel 2 wat betrekking

het op die doel van die wet.

In hierdie verband word die doel van die Waterwet uitgebrei om 'n verwysing in te sluit na die bestuur van klimaatstoestande, vloede en droogtes. Dié wysiging dui aan dat toewysings-, beskermings- en bestuursbesluite klimaatverandering en langtermynverskuiwings in hidrologie in ag moet neem.

Realisties gesproke sal dit wees deur riglyne te publiseer. Verwante wetgewing volg reeds soortgelyke neigings, onder meer die Nasionale Omgewingsbestuurswet waar konsepriglyne gepubliseer is vir die oorweging van implikasies van klimaatverandering in aansoeke vir lugvrystellingspermitte, afvalbestuurspermitte en omgewingsmagtigings.

Totdat sodanige riglyne rakende die Waterwet gepubliseer word, is daar reeds die watertribunaal-presedent. Dit dui daarop dat aansoekers om watergebruikspermitte onder bepaalde omstandighede klimaatverandering in hul studies en motiverings behoort aan te pak. Dit sluit onder meer in die waarskynlike gevolge van toekomstige klimaatstoestande op grondwatervlakke, waterindringing en -inwelling, en die robuustheid van voorgestelde versagtings- en bestuursmaatreëls. **LBW**

Die skrywers

Willem van der Colff is

'n prokureur en direkteur by die regsfirmas ENS (voorheen Edward Nathan Sonnenbergs), Afrika se grootste regsfirmas.

Deur sy litigasie-ervaring was hy deur die jare meermale by sake betrokke wat die volle waardeketting van die landbougemeenskap betrek, en meer onlangs toenemend by omgewingsreg.

James Brand, wat ewen-


eens 'n prokureur en direkteur van ENS is, is 'n deskundige in omgewingsreg, met jare se

ondervinding in dié veld. Hy is gereeld betrokke by waterregaangeleenthede.





Aardjie na sy vaartjie. Hansie Viljoen. *FO-TO'S: VILJOEN-BOERDERY, TENSY ANDERS VERMELD*



Inligting

Ligging: 1. Leeu-doringstad (Noordwes) 2. Bothaville (Vrystaat) en 3. Ghanzi (Botswana)

Naam: Cyferbult

Eienaarskap: Maatskappy (Boetie Viljoen Edms. Bpk.) en trust

Vertakkings: Droëland-mielies en -sojabone, mielies, aartappels en aangeplante weiding onder besproeiing, Droughtmaster-stoetery en kruisraskoeie van Bonsmara- en Brahman-rasse, wild, 'n graanmeule en voerfabriek vir soja-oliekoek, veevoer en hondekos

Grondtipe: Watertafelgrond (70%) en sandleem (30%)

Veldtipe: Soetveld met kameeldoringbome; oorwegend rooigras en aangeplante Smutsvingergras

Gemiddelde reënval: 450-500 mm/j.

KORTOM

- Nuwe, gevorderde kultivars het opbrengste verdubbel sedert Hansie begin boer het.
- Spoorverkeer het die waaiskade baie verminder en opbrengste het baie verbeter.
- Sojabone as wisselbougewas het 'n groot verandering in Noordwes gemaak.

'n Erfenis van uitnemendheid

Hulle sê mos die appel val nie ver van die boom nie. En so is Hansie Viljoen as 2025 se Graanprodusent van die Jaar aangewys – 33 jaar nadat sy pa, Boetie, as Suid-Afrika se voorste mielieboer bekroon is ... met dieselfde boerdery, op dieselfde hoofplaas en met bykans dieselfde boerdery-fasette. Die verskil? Vandag het dit meer vertakkings, en presisietegniese neem dit saam die toekoms in.

Om aan die eise van voedselproduksie te voldoen en die pyn van die kosteknyptang te verlig, moet Hansie Viljoen (62) van Leeudoringstad in Noordwes nie net voortdurend veerkragtig bly en vernuwend dink nie, maar ook planne maak om die toekoms met vertroue tegemoet te gaan. Boonop moet hy sy voorgangers se groot voetspore volstaan.

Sy omvangryke boerdery en ondernemings strek van Noordwes, met Cyferbult as die hoofplaas, tot grond in die Vrystaat en by Ghanzi in Botswana, en 'n voerfabriek.

Sy vrou, Wilmarie, en hul drie seuns, Dihan, Henrikus en Kobus, was aan sy sy toe



Hansie Viljoen (middel) nadat hy onlangs die toekenning as Graanprodusent van die Jaar vir 2025 ontvang het. Van links is Richard Krige (Graan SA-voorsitter), Luc Henry (besturende direkteur van Syngenta se afdeling vir gewasbeskerming), Dihan, Hansie, Wilmarie, Henrikus en Kobus Viljoen, en dr. Tobias Doyer (Graan SA se uitvoerende hoof). FOTO: CHARL VAN ROOYEN

hy Graan SA en Syngenta se toekenning as Graanprodusent van die Jaar ontvang het.

Dié familie se storie kom al meer as 'n half-eeu aan. Hansie se pa, Boetie, is op 86 nog gesond en daaglik betrokke – en 33 jaar gelede was hy ook Nampo se Mielie van die Jaar. Hy het in Sampi (Suid-Afrikaanse Mielieprodusente-instituut) se hoofbestuur gedien, was voorsitter van Nampo en op die direksie van Suidwes-koöperasie én ondervoorsitter van die Mielieraad.

Op Cyferbult is dit duidelik dat presisie nie net tot die landerye beperk is nie. Die plaaswerf, kantoor, werktuie en voerkraal op die hoofplaas, van waar die gesin hul werksaamhede bedryf, straal dit ook uit.

Sowat 70% van die saaiery is op watertafelgrond en die res is op gewone lande. Die saai-terre is by Leeudoringstad, Bothaville en Makwassie, en die beesplase is in Leeudoringstad, Klerksdorp, Bothaville en Makwassie. By Ghanzi in Botswana boer hulle met beeste en wild. Die aartappels en 8% van die mielies word onder spilpunte verbou – “ons verseker teen droogte” – terwyl die res van die mielies en ál die sojabone op droëlande geplant word, sê Hansie.

Verminderde bewerking

Die boerdery pas al sedert die laat 1980's verminderde bewerking toe met 'n stelsel van spoorverkeer. Daar was geen ander keuse nie, want die waaikade was te groot. “Dit was 'n geweldige probleem. My pa het altyd gesê hy is banger vir 'n dag se wind as vir 'n maand se droogte.”

Presisieboerdery het dus eintlik toe al begin. Bouwer du Preez van Lichtenburg, Jontie Taljaard (pa van een van die ander finaliste in 2025 se Graanprodusent van die Jaar, Ri-aan Taljaard) en Ollie Botes van Hoopstad



Kunsmis word met 'n Claas Telehandler in 'n Horsch 24-ryplanter gelaai. Die trekker is 'n John Deere 9570.

tel onder die pioniers in spoorverkeer om die waaikade te tem. Hulle het ophou ploeg en eerder die grond tussen die rye oesreste met 'n skeurploeg begin bewerk (*rip*) sodat die stoppels regop bly om die wind te keer. Die volgende oes se saad word dan op daardie *rip*-spoor geplant; in die middel van die vorige jaar se ry.

Boetie het in hul voetspore gevolg. Hy het Allis Chalmers-trekkers gehad, maar die ACO wat Alph en Koos Coetzer van Hoopstad gebou het, was die eintlike trekkers wat die Noord-Vrystaat makgemaak het. Die Viljoens het hulle ook gebruik om hul werktuie te trek.

Spoorverkeer het die waaikade baie verminder en die opbrengste baie verbeter. Waar hulle in die 1980's net 2-3 t mielies/ha geoes het, het die opbrengs danksy onder meer verminderde bewerking tot 6-6,5 t/ha opgeskiet.

“Ongelukkig is die ruilvoet nie beter nie. Insetkoste en die kosteknyptang veroorsaak dat ons in die laaste jare 'n derde méér mielies moet oes om die hoër insetkoste te regverdig.”

Ander bydraende faktore

Ander faktore vir die hoër opbrengste:

Wisselbou. Hulle plant hoofsaaklik mielies

(75%) wat met sojabone (25%) afgewissel word. Elke land kry sover moontlik elke vierde jaar sojabone; na gelang van die tipe seisoen. As van die watertafellande baie nat is, plant hulle meer kere sojabone op 'n land.

Vogbewaring. “Baie jare reën dit min in die weste. Ek plant agter vog aan. Voordat ons plant, maak ons 'n gat in 'n land. Daar moet vrywater wees om te plant voordat dit reën. Dan is die risiko laer. Elke 100 mm water beteken 1 t mielies/ha. Dit is waar watertafelgrond se groot waarde is. By ons is die watertafel 1,2-1,8 m diep, wat spoedig binne die bereik van die plantwortels is.” Die keerlaag is deur sagte plintiet of klei gevorm. Lande met 'n lae opbrengspotensiaal lê oor as die vog te min is.

Kultivars. Teelmateriaal is belangrik. Nuwe, gevorderde kultivars het die opbrengste verdubbel sedert hy begin boer het.

Grondchemie. Data wat deur die stropers ingesamel word, asook inligting oor grondontledings, word deur 'n onafhanklike landboukundige gebruik om preskripsiekaarte te skryf. Met plant word die saad afwisselend volgens die data geplant. ▶



Beeste word in die voerkraal afgerond. Die Viljoens voeg eers waarde tot die oesreste toe deur die koeie daarop te laat wei. Die diere wat verkoop moet word, gaan dan na die voerkraal.

’n Land se grond word elke derde jaar ontleed. Dan word dit bekalk. Die hoeveelheid wissel. Lande wat al baie stabiel (mak) is, ontvang gemiddeld 1,4 t kalk/ha.

Voorplant-bemesting (fosfaat en kalium) word afwisselend volgens grondpotensiaal en stroperkaarte aangevul. Bobemesting word ook afwisselend toegedien. Hulle begin vanjaar om 2 t hoendermis per hektaar uit te strooi. Dit word by ’n buurman aangekoop en die doel is om ’n bietjie meer organies te werk. Hoendermis is ook ’n goeie bron van kalium. As die kaliumvlak in die grond daal, is die mis ’n “bonus” vir hul normale chemiese bemesting.

Werktuigtegnologie. Die vervanging van die ploeg met spoorverkeer maak ook ’n verskil aan die opbrengs. Tandemskeurploë en Super 32-werktuie, wat die grond tussen die rye oesreste 650-750 mm diep losmaak, word gebruik. Dit beteken minder versteuring van die grondstruktuur en minder diesel. Dieselverbruik het van meer as 100 liter/ha tot 40-50 liter/ha gedaal. Hulle gebruik ook ’n duisendpoot om te rol en ’n Oscar-werktuig om wind te keer deur kluite te maak wat winderosie verder keer, en span trekkers van 50 kW tot meer as 400 kW in vir verskillende take.

Presisieboerdery word voluit gevolg. Bekalking word op grond van ’n chemiese ruitpatroon gedoen. Hulle gebruik John Deere se Greenstar en Operation Centre, asook Bayer se Fieldview op die trekkers, planters en stropers vir akkuraatheid en om data in te samel. Operation Centre word gebruik vir die operasionele deel van boerdery en om



Hansie staan saam met sy seuns voor ’n groot John Deere-trekker. Van links is Kobus, Hansie, Dihan en Henrikus.

Drie seuns, twee provinsies en een buurland (én ’n oupa): Só word bedrywighede verdeel

Hansie se oupa Hans, ’n onderwyser, het die woonplaas, Cyferbult, gedurende die 1940’s gekoop. Daar het hy en sy vrou, Ellie, deelyds geboer, en dis ook waar Hansie se pa, Boetie, grootgeword het.

“Ons het ’n ruk gelede die stuk grond wat aan my pa se oupagrootjie behoort het, teruggekoop.”

Nadat Hansie die graad BAgric aan die Universiteit van die Vrystaat behaal het en sy diensplig einde 1986 voltooi het, het hy saam met sy ouers begin boer. Die boerdery het toe uit ’n saaiery, vee, voerkraal en melkery bestaan.

Vanaf 1993 was hy saam met sy ma, Lina, in ’n gemengde boerdery met saai- en oes- en beeste toe sy pa die nywerhede op die dorp begin het. Hansie bedryf die boerdery sedert haar dood agt jaar gelede.

Die saai- en oesboerdery bestaan uit droë-landmielies, sojabone en aartappels, en ’n klein deel van die mielies en aan-

geplante weidings word onder spilpunte verbou.

Buiten ’n Droughtmaster-stoetery en kommersiële boerdery met Bonsmara x Brahman-kruiskoeie, bedryf die Viljoens ook ’n voerkraal en wildboerdery.

Sy seun Henrikus se take is besproeiing en die wildvertakking, en sy broer Dihan is in beheer van die veeboerdery en graanbemaking. Hulle doen egter bykans alles saam, want hulle moet eendag saam beheer van alles neem.

Henrikus boer sedert 2015 hier nadat hy hom aan JMC Technical Training in Bloemfontein as dieselmotortuigkundige bekwaam het. Dihan, wat sedert 2018 saam met sy pa boer, en hul ander broer, Kobus, het albei BSc landbou aan die Universiteit van die Vrystaat gestudeer.

Kobus en Boetie is aan die stuur van hul voerfabriek op Leeudoringstad, waar hulle soja-oliekoek, veevoer en hondekos vervaardig.

produktiwiteit te verhoog. Fieldview word aangewend vir data-insameling.

Met Operation Centre kan jy op ’n selfoon byvoorbeeld sien wat ’n bepaalde trekker se diesilverbruik is en hoe lank hy stilstaan terwyl hy eintlik in ’n land moet werk. Op die selfoon kan jy ook sien presies wat die bestuurder op ’n trekker se beheerskerm in die stuurkajuit sien. So kan die vordering in

’n bewerking (selfs hoe diep), plant of oes van ’n land gemonitor word.

“Ons gebruik Fieldview se NDV1-beelde om probleemkolle in die lande uit te wys. Alle ingesamelde data word outomaties verwerk, wat nuttig vir beplanning is. Dit versamel onder meer data oor plantestand en kunsmis wat gebruik is.”

Hommeltuie. Die boerdery gebruik

nog nie hommeltuie vir plaagbeheer nie, maar wel om indringerbosse met chemiese onkruidkoder dood te maak.

Onkruid- en siektebeheer in lande

Onkruidbeheer word chemies gedoen om dubbeltjies, grasse, wandelende Jood en olieboom te bestry. Dit word ná 'n oes doodgespuit. As daar voor planttyd weer onkruide is, word 'n vooropkomsmiddel toegedien. Dan is meganiese skoffel onnodig.

Daar is relatief min plantsiektes by Leeudoringstad. Hulle spuit wel vir swamsiektes wanneer dit kop uitsteek.

Sedert hulle met wisselbou begin het, het aalwurms geweldig toegeneem. Die grond word ontleed en dan plant hulle kultivars met 'n mate van weerstand en pas chemiese beheer toe. Die boerdery beproef tans biologiese aalwurmmiddels.

November en Desember is die normale planttyd vir mielies en oestyd is vanaf Mei. Bayer se basters word op 80% van die saailande geplant. DKC 76-77BR word geplant op droëlande en vanjaar ook DKC 78-77 as proef. DKC 62-37BR word onder die spilpunte verbou en DKC 76-33 word as toevlugsoord geplant. Hulle plant ook Pioneer-basters, naamlik P141 197 WPW, onder die spilpunte en beproef tans P2383 WPW, P2565 WPW en P2849 WPW.

Beleid met bemesting

Die saad word met 'n presisieplanter volgens stroperdata en fisieke gronddata geplant. Monsters word elke vier jaar op ruitverwysings geneem en ontleed om die voedingstatus te bepaal. Dan word die grond volgens behoefte bekalk en tekorte aan fosfaat en kalium word aangevul.

Op lande met 'n potensiaal van 8 t/ha wissel die plantestand volgens grondtipe, maar is gemiddeld 28 000 plante/ha. Hulle dien 'n voorplantmengsel afwisselend toe, plant met 'n vaste mengsel en gee afwisselend bobemesting. Lande met 'n potensiaal van 6 t/ha kry 'n basiese bemesting van 3:2:1 met plant; ook afwisselend met 'n presisieplanter toegedien. Die gemiddelde stand is 22 000 plante/ha. Hierdie mielies ontvang ook afwisselende topbemesting.

Lande met 'n hoër potensiaal kry 140 kg

stikstof (N), 30 kg fosfor (P), 36 kg kalium (K), 1,50 kg sink (Zn) en 20 kg swawel (S) per hektaar. Laerpotensiaal: 97 kg N, 24 kg P, 12 kg K, 1,15 kg Zn en 14 kg S. Spilpuntmielies: 240 kg N, 40 kg P, 60 kg K, 1,15 kg Zn en 38 kg S.

Die gemiddelde mielie-opbrengs op droëland was die laaste vyf jaar 7 t/ha. Hulle oes gemiddeld 12 t/ha onder besproeiing. Die sojabone het in die eerste drie jaar gemiddeld 3,38 t/ha gelever. Hierdie opbrengste vir die verskillende gewasse sluit droë jare in.

Hulle het ook koring onder die spilpunte geplant en 7 t/ha geoes, maar het dit weens die hoë koste van elektrisiteit gestaak. Sowaat 2 t/ha het vir krag gegaan.

Die plaas se silo's word vir die deurvloei van die graan en sojabone gebruik. Dan word die mielies ingevolge kontrakte deur Senwes bemark, met inagneming van faktore soos grondvog, internasionale markte en die wisselkoers. Senwes bemark koring op dieselfde beginsel. Die sojabone word direk bemark.

Sojabone bring omwenteling

Die Viljoens het vier jaar gelede met sojabone begin toe Jozeph du Plessis, leierboer van Schweizer-Reneke en hoofbestuurslid van Graan SA, "my kinders laat sojas plant het", sê Hansie. Voorheen het hulle net mielies verbou. Jozeph het op die GSA-prysuitdeling die inspirasietoekenning veral vir sy werk met die verbouing van sojabone ontvang.

Hansie sê die byvoeging van soja as wisselbougewas het 'n groot verandering in Noordwes gebring. Hulle stroop 'n ton meer mielies per hektaar nadat 'n land sojas gehad het.

Hulle plant die sojas in November en Desember en oes van April af. Die boerdery plant Santa Rose 565, Don Mario 5.9 en Don Mario 6.8. Hulle beproef tans Pioneer T39.

Hulle plant sojas op lande met 'n opbrengspotensiaal van 3-4 t/ha. Die stand is gemiddeld 280 000 plante/ha vir die bostipe en vir nie-bostipe kultivars 320 000 plante/ha.

Die lande wat vir sojabone bestem is, word ná die voorafgaande oes bemes om tekorte aan te vul. Dan word die sojas sonder kunsmis

LBW VRA... Hansie Viljoen



Watter tegnologie is onmisbaar in jou boerdery?

Fieldview en Operation Centre van John Deere vir presisieboerdery en om data in te samel, waartydens selfone en iPads gebruik word om waarnemings te maak en besluite te neem.

Wat is landbou se grootste probleme?

Om genoeg kos te produseer. Die wêreld se bevolking verdubbel, maar grond raak nie meer nie.

En die probleme?

Toerusting raak te vinnig duurder. Insetverskaffers sal moet help om plase volhoubaar te hou en die regering moet help om infrastruktuur in stand te hou.

Wat is die oplossing?

Om veerkragtig en op die voerpunt van tegnologie te bly, bewus te wees van wat om jou aangaan en tydig veranderinge te maak, indien nodig.

geplant. Hulle dien daarna blaarvoeding toe as dit nodig is; grootliks molibdeen en boor. Hulle spuit vir swamsiektes en bolwurm.

Die sojabone word ook met 'n biologiese produk in die voor geplant, wat fosfaat en kalium meer toeganklik maak.

Hansie se boodskap aan die ander finaliste in die Graanboer van die Jaar-kompetisie, JP Truter van Moorreesburg en Riaan Taljaard van Hoopstad, is: "Dis nie te sê jy is nie 'n uitstekende boer as jy nie gewen het nie. Baie jare was finaliste al beter boere as die weners. Julle was waardige finaliste." **LBW**

Lees in 'n volgende uitgawe hoe die Viljoens presisieboerdery met hul beste toepas, en hoe hulle met hul ander gewasse boer.

NAVRAE: 082 807 0185, hansiev@taumeule.co.za



Besoek **Landbou.com** vir 'n video waarin Hansie Viljoen hul boerderystruktuur uiteensit, en ook sê hoe hulle 'n begroting benader. "Dit is nie 'n wenslys nie."



Vlieg hoog. Marko Grobler van Lowveld Parrot Breeders by Hoedspruit in Limpopo se Jongboer-wenner vir 2025.

Inligting

Naam: Lowveld Parrot Breeders (ook bekend as Leicester City)


Grootte: 50 ha

Vertakkings: Papegaaie, graan en groente onder spilpunte

Grondtipe: Klei en leem

Veldtipe: Soet bosveld en rivier-bedding

Reënval: 450-550 mm/jaar



KORTOM

- Marko Grobler het binne drie jaar 'n stokperdjieboerdery omskep in 'n kommersiële papegaaiboerdery met 1 000 broeipare African Greys wat hy met streng Cites-naspeurbaarheid teel en self na die Midde-Ooste uitvoer.
- Deur 'n kombinasie van inkubasie, 'n presiese teelstelsel en beheer oor die volledige waardeketting het hy sy produksie verdubbel en 'n florerende onderneming opgebou.

Marko Grobler wou nog altyd net boer. As kind het hy gereeld by sy oupa Piet Fourie op sy klein plaasie naby die Rooiwal-kragstasie buite Pretoria gaan kuier. Dit is daar waar sy liefde vir diere begin het.

Hy het sy oupa naweke met die beste gehelp en elke kans wat hy kon kry, het hy eerder plaas toe as skool toe gegaan, vertel Marko. Sy oupa is vroeg oorlede, maar dié tyd het 'n blywende indruk gelaat en die landbou vir hom 'n lewensideaal gemaak.

Nadat hy aan die Hoërskool Wonderboom gematrikuleer het, het Marko vir 'n vriend van sy pa, Jaco Leicester, gaan werk. Jaco het 'n onderneming bedryf wat verantwoordelik was om die gras in die padreserwe langs die hoofweë kort te hou. "Dit was die naaste wat ek aan 'n trekker kon kom. En trekkerry was die naaste wat ek aan boer kon kom," vertel Marko laggend.

"Jaco het my eendag gebel en gesê dit help nie ek bly daar nie – ek moet plaas toe kom.

Van Hoedspruit tot Katar: Jongboer gee papegaaiboerdery vlerke

'n Ondernemende jong man wat kans gesien het om 'n stokperdjieboerdery vol reëls en regulasies in Limpopo uit te bou, is as Jongboer-wenner bekroon. Binne drie jaar vandat hy op kommersiële skaal met bedreigde African Grey-papegaaie boer, voer Marko Grobler deur sy eie uitvoermaatskappy direk na markte in die Midde-Ooste uit.



Marko en Chipo Moyo, een van die papegaai se versorgers. Drie tot vier weke nadat papegaai kuikens uitgebroei het, is hulle groot genoeg om na grootmaakkamers te gaan. Daar word hulle deur mense soos Chipo versorg. Sy voer hulle, speel met hulle en maak seker hulle is gelukkig. Sy woon vir vier weke in 'n woonstel wat aan die grootmaakkamer grens en vermy kontak met ander mense, voëls en pluimvee vir biosekerheid.



Voerrantsoene vir die broeipare word op die plaas gemeng.

saam met die hele papagaaiboerdery verkoop en 'n nuwe plaas in die Timbavati-gebied langs die Klaserie-rivier gekoop.

Met vrugbare grond op die nuwe plaas, 'n gunstige klimaat en 'n watertoewysing uit die rivier het Marko en Jaco saadmielies, suikerbone, patats en kool onder spilpunte verbou terwyl hulle met buffels geboer het vir die trofeejagbedryf.

Vir Jaco was die buffels 'n manier om 'n inkomste uit die plaas te verdien sonder om dit heeltemal vir gesaaides of kontantgewasse te ontbos. Hy kon die natuurskoon bewaar en 'n inkomste daaruit verdien.

Toe kom daar in 2022 'n geleentheid om sowat 200 broeipare van sy ou papegaai-boerdery terug te koop.

Boerdery kry vlerke

Marko het hokke begin bou en met Jaco se steun het hy hom in die papegaaiboerdery begewe. Oor die volgende twee jaar het hulle talle boerderye se papegaai opgekoop. "Ons het onder meer 'n groot groep van die bekende teler Brian Davies van Rustenburg gekoop, net voor hy oorlede is," sê Marko.

Volgens hom is dit hoe die telersmark vir papegaai sedert die Cites-verbod werk – nuwe telers koop ouer telers wat wil aftree of afskaal se boerderye of dele daarvan oor.

Met 1 000 broeipare vorm die papegaai-boerdery vandag die kern van hul onderneeming, maar Marko en Jaco het steeds 'n sterk akkerbouvertakking. "Ons het nou 20 hektaar onder spilpunte, genoeg om volhoubaar winsgewend te plant, maar steeds tyd vir die voëls te hê."



Een van die African Grey-papegaai in die vlieghokke. Sedert 2017 mag dié spesie nie meer uit die natuur verwyder word vir die troeteldiermark nie. Slegs voëls wat in wettige aanhouding geteel is, mag verhandel word.

Hy het my toe op kortkursusse in onder meer elektrisiteit en basiese landbou gestuur. Jaco het vroeër met African Grey-papegaai geboer: meer as 'n winsgewende stokperdjie as 'n kommersiële boerdery.

Streng nuwe reëls

Sedert Januarie 2017, toe die African Grey-papegaai na Cites Bylae I (beskerm onder die konvensie vir internasionale handel) verskuif is, het die internasionale hantering van dié spesie drasties verander. Dit het effektief 'n verbod geplaas op enige handel in African Greys wat wild gevang is omdat onwettige vang, smokkel en uitbuiting die natuurlike bevolkings ernstig laat afneem het. Slegs wettig geteelde, geregistreerde voëls wat in aanhouding geteel is of reeds in aanhouding was teen 2017, mag sedertdien verhandel of uitgevoer word – en dit onder uiters streng voorwaardes.

Kommersiële telers moet 'n volledige,



Marko se broeihokke is omtrent dubbel die standaardgrootte vir papegaaiboerderye. Hy het dit só gebou dat 'n gedeelte van die hok nie onderdak is nie sodat papegaai in die broeityd nog steeds wind en son kan beleef wanneer hulle wil. Toegang tot die broeikaste en voerbakkies is só ontwerp dat dit nie die broeipare steur nie.

naspeurbare inventaris van hul voëls hou en 'n individuele Cites-sertifikaat uitreik vir elke kuiken wat in hul geriewe uitgebroei word. Eienaars moet dokumentasie hê wat die wettige verkryging van 'n voël bevestig, soos Cites-sertifikate, DNS-verklarings, veeartsrekords of ander bewysstukke. Selfs private verkope vereis 'n sertifikaat van oorsprong of kwitansie met die verkoper se besonderhede, Cites-nummer (waar van toepassing), die voël se ringnommer en datum van verkoop.

Hierdie streng beheermaatreëls is ingestel om wilde bevolkings teen kommersiële uitwissing te beskerm, onwettige handel te bekamp en om te verseker dat wettige teelprogramme die genetiese diversiteit van die spesie behou.

Jaco het intussen sy plaas by Hoedspruit




Om papegaaiukuens in broeikaste uit te broei en met die hand groot te maak, het Marko se papegaaiproduksie amper verdubbel.



Sodra kuikens uitgebroei is, word hulle na groter broeikaste verskuif waar hulle elke uur gevoer word.



Marko gebruik 'n skerp liggie om eiers vir gesonde bloedvat-ontwikkeling te skandeer.



Ná elke broeisiklus word papegaie in groot vlieghokke losgelaat waar hulle kan rus, sosialiseer en hul vlerke kan spreid vir die volgende broeiseisoen.

◀ Marko bestuur sy teelprogram as 'n een-op-een-paarsstelsel met beplande rus tussen kuikens. Elke paar bly in 'n aparte broeihok van sowat 90 cm x 90 cm x 180 cm en het 'n houtneskas wat hy van buite af kan oopmaak om te kyk of daar nuwe eiers gelê is.

“As 'n paar nie vrugbare eiers produseer nie, wissel ons die paar en skuif die mannetjie of die wyfie.”

Broeipare rus twee keer per jaar vir ses weke op 'n slag sodra hulle klaar is met 'n broeisiklus. Die hoofbroeiseisoen begin Maart-April met die seisoensverandering. Dan kry broeipare skoon streep-sonneblomsaad as byvoeding vir die hoë olie- en vetinhoud. Dit is ook wanneer Marko die neskaste behoorlik skoonmaak en ontsmet en nuwe saagsels as broeimateriaal in die kaste plaas.

“Gewoonlik word die eerste eiers 'n maand daarna gelê, maar daar is altyd pare wat buite hierdie seisoen broei. Dit beteken daar is feitlik regdeur die jaar 100 tot 200 eiers of kuikens in die stelsel.”

Produksie byna verdubbel

Marko het verlede jaar begin om eiers uit die neste te verwyder en in broeikaste uit te broei. Dit het sy produksie 'n baie groot hupstoot gegee.

“Toe ons die kuikens by die ouers gelos het, was daar gemiddeld 1,6 tot 2 kuikens per paar per jaar. Toe ons begin inkubeer het, het dit tot sowat 3 kuikens per paar gestyg.”

Hy beklemtoon dit is die eerste jaar dat hulle volstoom inkubeer en dat pare aan die roetine moes gewoond raak. Nadat papegaie gepaar het, word die eerste eiers gewoonlik op dag 18 uit die neskas verwyder en die paar produseer 'n tweede klomp eiers, wat ook verwyder word. Dan word die paar uit die broeihok gehaal en vir 6 weke in 'n groot vlieghok saam met die ander broeipare losgelaat vir welverdiende rus. Die volgende broeisiklus begin weer in September.

Die eiers wat Marko uit neskaste haal, word eers onder 'n skerp lig bekyk om bevrugting en bloedvatvorming te bevestig. Dan word dit na een van die inkubasieka-

mers met temperatuur- en humiditeitsbeheer verskuif. Marko gebruik tans plaaslike broeikaste wat hy met dataloggers toerus vir permanente temperatuurlesings.

Sodra die kuikens uitgebroei is, word hulle na groter broeikaste oorgeplaas waar hul temperatuur bestuur en hulle van die eerste dag af met die hand grootgemaak word. “Ons voer hulle elke uur van 05:00 tot 23:00.”

Elke oggend word elke kuiken vóór voer geweeg en Marko se span versorgers deel die data op 'n WhatsApp-groep van die boerdery. Op dié manier kan enige probleme met ontwikkeling of gesondheid vroeëtydig geïdentifiseer word.

Van eier tot 'n kuiken wat kan vlieg, verloop daar 10 tot 12 weke. Marko werk op 'n 15-week-program van eierstadium tot dat die voëls op die vliegtuig gelaai word vir hul nuwe tuistes in die buiteland.

Naspeurbaarheid is vir hom baie belangrik, en elke eier en kuiken kry 'n identiteitsnommer. Marko is tans besig om saam

met 'n vennoot 'n toepassing te ontwikkel wat deur QR-kodes 'n papegaaikuiken se lewenspad van die broeipaar tot by die koper in die uitvoerland sal kan volg.

Gesondheid en biosekerheid

“Bek-en-veersiekte is die groot risiko by kuikens,” sê Marko. “Dit word oorgedra in die poeierstof wat voëls en pluimvee afgee en kan direk tussen voëls, maar ook deur mense se klere, hande, selfone of selfs notaboeke oorgedra word.”

Marko toets van week 4 tot 6 al sy kuikens vir dié siekte. Dit is wanneer kuikens penvere stoot en dus onder stres is. Hy noem dat hulle nog nie een positiewe geval gehad het by kuikens wat as eiers van hul ouerpaar verwyder is en afsonderlik grootgemaak is nie.

Vir reprodktiewe ondersoeke besoek dr. Anton Smit, 'n veearts wat in voëls spesialiseer, die boerdery. Hy ondersoek dan nie-produiserende wyfies om te kyk of daar iets fout is.

Oor voëlgriep sê Marko hy het nog nooit van enige positiewe gevalle onder papegaaitelers gehoor nie, maar dat grense wel in 2018-'19 gesluit is toe daar 'n uitbreking onder pluimvee was en besighede kuikens moes terughou.

Seleksie en beheer

Marko hou sowat 10% van elke jaar se nuwe papegaaie terug as toekomstige broeipare. Hy noem dat ouderdomme van baie voëls wat 'n mens by ander telers aangekoop het, dikwels onseker is.

Vir die broeivoëls wat hy terughou, kyk hy veral na bloedlyne met hoë vrugbaarheid – pare wat gereeld 3 tot 10 kuikens per jaar kan lewer. Hierdie jong voëls sal eers van 5 tot 7 jaar af begin teel. Die produktiewe leeftyd van African Grey-papegaaie wat in aanhouding geteel is, is tot dusver onseker.

Marko skat dit as 20 tot 30 jaar, maar sê die bedryf is nog só jonk dat die tyd sal leer. Met goeie sorg word African Grey-papegaaie 50 tot 80 jaar oud.

Hy het saam met Jaco se dogter, Jessica Leicester, 'n uitvoermaatskappy op die been gebring en ook 'n eie kwarantynsta-

LBW VRA... Marko Grobler

Wat is die beste boerderybesluit wat jy al geneem het?

Om die uitvoermaatskappy en kwarantynstasie op die been te bring. Dit het ons hoër opgeskuif in die waardeketting en sal vorentoe baie deure oopmaak.

Wat is die beste raad wat jy al gekry het?

Om hard te werk en om te glo in jouself en wie jy is. Niemand kan jou harde werk van jou wegvat nie.

Wat is die grootste boerderyfout of les wat jy moes leer?

Boerdery is nie 'n *sprint* nie; dis 'n marahton. Jy moenie beplan om oornag geld te maak uit boerdery nie. Boerdery is 'n besigheid wat tyd en geduld verg om jou te bring waar jy wil wees. Nes jy dink jy het dit, begin 'n nuwe les!

Wie was jou belangrikste mentor en hoekom?

Jaco Leicester is my mentor as iemand wat met niks kon begin en 'n sukses bou. Hy het my geleer om hard te werk en hoe belangrik dit is om my medemens en gemeenskap behulpsaam te wees. My pa, Johan (Chappies), is vir my net so 'n belangrike mentor as iemand wat sy laaste sent sal weggee vir iemand wat dit meer

sie op die plaas gebou. “As 'n agent jou voëls 21 dae saam met 10 ander telers se voëls hou, verhoog die risiko dat jou voëls in daardie stadium met 'n siekte of iets besmet kan raak, en jou reputasie as teler kan in die gedrang kom.”

Hy hanteer permitte self, laai die kuikens in hul vervoerhokke by die O.R. Tambo-lughawe af en behou só beheer oor die verskaffingsketting tot by die kliënt.

Sy papegaaie word almal na die Midde-Ooste uitgevoer, na lande soos Dubai, Katar, die Verenigde Arabiese Emirate en Koeweit. Party word van daar deur die nuwe eienaars na Saoedi-Arabië en ander lande uitgevoer. In streng markte soos Japan is die eindverbruikers prys per papegaai aansienlik hoër as in die Midde-Ooste, maar Suid-Afrika het tans



Marko en Jessica Leicester het hul eie uitvoermaatskappy op die been gebring om beter beheer oor die kwarantyn van hul voëls te handhaaf en meer beheer oor die vervoerketting te hê.

nodig het. Hy het my van integriteit en deursettingsvermoë geleer.

Wat is jou grootste kwessies in die boerdery?

Om my werkers die vaardighede te leer wat hulle nodig het in 'n boerdery soos ons s'n. Dit is nie iets wat 'n mens oornag leer nie en dit is 'n boerdery wat baie spesiale aandag verg.

Wat is die grootste geleentheid wat jy tans raaksien?

Daar is 'n baie groot mark in die buiteland waartoe ons nog nie toegang het nie. Dit sal baie deure oopmaak as ons direk na sekere lande kan uitvoer.

nie toegang tot Japan vir sy papegaaie nie. Marko kan dus in hierdie stadium nie daardie hoër pryse verdien nie.

Betrokke by gemeenskap

Marko se rol as jong boer strek veel verder as die plaashek. Op Hoedspruit is hy 'n aktiewe lid van die plaaswag en die breër veiligheidsnetwerk waar boere, besighede en wildreservate nou met die polisie saamwerk vir 'n veiliger omgewing.

“Om jou bure en jou dorp te dien, om betrokke te wees by die watergebruikersvereniging en die Suid-Afrikaanse papegaaitelersgenootskap (SA Parrot Breeders Association) – om dus op te daag wanneer ek nodig is, is vir my alles deel van boer.” **LBW**

NAVRAE: Marko Grobler, 060 528 7496.



Jongboer vat Boran van veldbees na geldbees

Met 'n sterk praktiese ingesteldheid en 'n liefde vir teling het Mpumalanga se Jongboer van die Jaar 'n unieke slimboerdery-model geskep wat wetenskap en boerelogika kombineer vir bestendige kontantvloei en winsgewendheid.

Mpumalanga se Jongboer van die Jaar, Hendy-Hein Mathews, het die skynbaar onmoontlike reggekry deur 'n sakestrategie te ontwikkel wat winsgewendheid met die Boran-beesras tot 'n vlak verhoog wat min mense sou glo moontlik is.

As veebestuurder by die Janvos-landgoed, 'n uitgebreide boerdery met graan, beeste, skape, appels en melkproduksie by Davel, wys Hendy-Hein dat 'n tradisionele veldbees net sulke goeie winsgewendheid kan oplewer as tradisionele vleisbeesrasse. Trouens, die normstellingstudie wat deur die landboukonsultasie-onderneming Intelact bygehou word, wys dat hy onder die topbeesboere presteer in dié studie wat sowat 90 000 vleisbeeste van alle rasse se data evalueer en vergelyk.

Hendy-Hein se pad na sukses was eg-

Inligting

Naam: Janvos-landgoed

Ligging: Davel, Mpumalanga

Grootte: 2 693 ha (beeskomponent)


Eienaarskap: Jan Grey (alleen-eienaar)

Vertakkings: Graan, appels, melkery, kommersiële en stoetbeeste, skape

Grondtipe: Wissel van sand tot klei

Veldtipe: Suurveld

Reënval: 750-800 mm per jaar



ter alles behalwe maklik. Hy is die vyfde-geslag-boer uit sy familie wat dekades lank by Lichtenburg met Afrikaner-beeste en graan geboer het, en later ook met volstrui-

Bobaas-beesman. Hendy-Hein Mathews van Davel is vanjaar Agri Mpumalanga se Jongboer van die Jaar. Hy is die bestuurder van die Janvos-landgoed se diverse veekuddes. FOTO'S: VERSKAF

KORTOM


- Op Hendy-Hein Mathews se paadjie tot by bestuurder het hy allermins alles op 'n skinkbord gekry. Hy het sy grade in omgewingsbestuur en geografie self gefinansier en moes elke rand twee keer omdraai.
- Met sy eie sakemodel het hy dit reggekry om die Boran van 'n veldbees na 'n "geldbees" te verander.
- Sy deelname aan 'n vleisbeesstudiegroep meet sy prestasie en winsgewendheid teen die beste in die bedryf. Daardeur kan hy voortdurend met maniere vorendag kom om beter te boer.

se en hoenders. Toe ernstige droogtes die ou Wes-Transvaal in die laat 1980's tref, het sy familie hul plaas en boerdery verloor. Die Mathews-gesin moes van voor af begin in die Bosveld van Limpopo. Daardie nederige oorbegyn het bygedra tot Hendy-Hein se werketiek en lewensbeskouing.

Ná skool het hy aanvanklik in die stad gewerk – selfs in 'n bank se kredietkaartbedrogafdeling – maar sy hart het altyd by die grond gebly. Hy het later die grade BSc en BScHons in omgewingsbestuur en geogra-



Die hanterings-en-laaieriewe op die Janvos-landgoed.



Hendy-Hein sê om met die Boran te boer en te volhard, is een van die beste boerderybesluite wat hy kon neem.



Benewens die beesboerdery is Hendy-Hein ook verantwoordelik vir die Janvos-landgoed se SA Vleismerino-kudde.

fie behaal. Hy het sy studie self gefinansier deur as veldgids en toerleier te werk, terwyl hy ook deeltjds saam met sy pa met Afrikaner-beeste op huurgrond geboer het. Sy familie het hom gehelp waar hulle kon en hom deurgedra. “Dit was nie ’n romantiese studentetyd nie – ek het elke rand twee keer omgedraai.”

Met ’n graad agter sy naam het hy ’n tyd lank op wildplase en later by Morgan Beef gewerk, maar sy droom was altyd om heeltyds te boer.

'n Boerdery-geleentheid

In 2014 het hy by die Janvos-landgoed aangesluit waar Jan Grey, die eienaar en vanjaar Landbouskrywers SA se Boer van die Jaar, hom ’n geleentheid gebied het om onder sy pa, dr. Vos Grey, by die bestuur van die veekudde betrokke te raak.

Vos het op die melkery en skaapkudde gekonsentreer en Hendy-Hein het hoofsaaklik gehelp met die kommersiële beeskudde, wat uit verskillende kruisings bestaan het. Hulle het pas met die Janvos-landgoed se Boran-stoetery begin en Hen-

dy-Hein onthou hy het aanvanklik net ’n kerngroep koeie en verse gehad.

Vandag bestuur hy Janvos se gesogte Boran-stoetery én kommersiële beeskudde, wat saam uit sowat 1 100 koeie bestaan. Hy sê die stoetery maak sowat ’n derde van die kudde uit, met die res verdeel tussen op-teel- en kommersiële diere. Hy mik daarna om binnekort meer as 850 kalwers per jaar te speen.

Hendy-Hein bestuur ook die skaapvertakking – SA Vleismerino’s – en is betrokke by die bestuursplan van die melkery.

'n Maatstaf vir sukses

Om al die afgelope drie jaar met ’n veldbeeskudde onder die toptien-beesboere te wees wat aan die Intelact-studie deelneem, verg fyn bestuur en hope vindingrykheid. Die studie neem ’n boerdery se bedryfswins en groei in netto waarde in ag om die opbrengs op bates te bepaal. Vanjaar was Hendy-Hein se boerdery algeheel tweede in die hele studiegroep. ’n Ander Boran-boerdery, Bothasberg Borane, was eerste.

Intelact, wat in 1996 gestig is, verskaf

konsultasiedienste vir melk- en vleisbeesboere met die doel om winsgewende en volhoubare boerderystelsels te ontwikkel. Die maatskappy het oorspronklik in Nieu-Seeland begin, maar sy teenwoordigheid uitgebrei na Australië en Suid-Afrika, waar dit vandag as een van die mees gerespekteerde landbou-adviesnetwerke funksioneer. In Suid-Afrika bestaan twee studiegroepe – een vir melkbeeste en een vir vleisbeeste – met meer as 100 boere, waaronder sommige van Suid-Afrika se voorste boere.

Wat Intelact besonders maak, is sy wetenskaplike en praktiese benadering: Kenners help boere om hul bedrywighede te optimaliseer deur middel van tegniese, finansiële en omgewingsanalises. Jaarlikse sake- en tegniese konferensies, vergelykende prestasie-normestellings en plaasbesoeke skep ’n dinamiese leeromgewing waar kennis en ervaring vrylik gedeel word.

Vir boere soos Hendy-Hein bied deelname aan Intelact se vleisbeesstudiegroep ’n waardevolle geleentheid om sy eie prestasie en winsgewendheid teen die beste in die bedryf te meet – en voortdurend nuwe maniere te vind om beter te boer.

Wins uit gras

Die Janvos-landgoed se beeskudde bestaan uit drie vlakke wat saam ’n geïntegreerde genetiese stelsel vorm: ’n SP-stoetgroep met rasegte, geregistreerde Borane vir teling en prestasietoetsing, ’n opteelgroep van koeie wat geneties naby aan rasegte is, maar nog deur verbeteringsgenerasies gaan, en ’n kommersiële groep wat in kruisteling gebruik word om speenkal- ▶

◀ wêers vir die mark te teel.

Uit hierdie drie vlakke ontstaan 'n waardeketting soortgelyk aan wat in die pluimvee- en varkbedryf gebruik word. Die stoetery is die brongroep, die opteelgroep is die produksie-vee wat vroulike diere teel wat in die kruisteelprogram gebruik word, en in die kruisteelprogram word bulle van ander vleisbeesrasse by Boran-koeie gebruik om speenkalwers te teel.


Hierdie speenkalwers is baie gesog in die mark en Hendy-Hein kan nie voorby om in die vraag te voorsien nie. Selfs die Boran-tipe koeie wat in die opteelprogram geteel word, is baie gesog in die mark.

Wat sy model besonders maak, is dat hy wins uit gras maak – nie uit duur voer nie. Al sy diere word op natuurlike weiding bestuur, met minimale insette. “Ek boer met 'n laekosteras, maar ek gebruik hoëvlakdata en tegnologie om premiepryse te kan behaal. Dié kombinasie laat dit werk.”

Hy meet, weeg en teken elke dier se prestasie aan – van speengewig tot vrugbaarheid en voerinname – en gebruik dié data om te besluit watter koeie om vir teel-doeleindes te hou en watter om uit te skot. Hierdie datagedrewe benadering verseker dat elke kilogram voer, elke dag op die veld en elke teelbesluit ekonomies sin maak.

Ekonomies om mee te boer

Vir Hendy-Hein lê die Boran se waarde in sy aanpasbaarheid en kostedoeltreffendheid. “'n Boran vreet minder, loop verder en is langer produktief as die groot Europese vleisbeesrasse. Borane is gehard, kalf



Die Boran wei nie selektief nie en gedy selfs op die suurveld van Mpumalanga se Hoëveld. Hendy-Hein gebruik dit tot sy voordeel in sy veldbestuursprogram. Daar is tekens dat die veld herstel en dat goeie gras- en plantspesies besig is om terug te keer.

maklik en het lae onderhoudskoste. In 'n wêreld waar insetkoste alewig styg, is dit 'n ras wat op gras wins kan maak.”

Hy sê Borane verg ook minder lek, veeartsbehandeling en kampbestuur as baie ander rasse, maar lewer steeds goeie speenkalwers en handhaaf 'n hoë speenpersentasie.

Hendy-Hein het ook gevind dat die Boran, wat 'n nie-selektiewe vreter is, maklik bestuur kan word om sy veld te verbeter en die diversiteit van grasspesies op die plaas te bevorder. Daardeur kon hy die drakrag van sy veld aansienlik verbeter.

Sewe inkomstebronne uit een kudde

Die kern van sy sukses lê egter in hoe hy sewe verskillende produkte uit dieselfde kudde genereer. Hendy-Hein het gaan sit en uit 'n sake-oogpunt bereken hoe elke koei en kalf die boerdery se kontantvloed kan ondersteun. “Ek wou weet: Wat kan ek alles met 'n bees doen van geboorte tot laaste asem?”

Die antwoord het hom by sewe inkomstestrome uitgebring:

1. Die grondslag van sy kudde en die groot-

ste bron van kontantvloed is speenkalwers, wat hy direk aan voerkrale of ander boere verkoop.

2. Kalwers wat hy laat afrond, word as “supers” of klas A-slagdiere verkoop wanneer marktoestande gunstig is.

3. Koeie wat uit die teelprogram gehaal word, word as slagbeeste bemark, maar eers nadat hul waarde as teeldiere uitgeput is.

4. Oortollige teelkoeie van goeie gehalte uit sy stoetery en opteelprogram word as kommersiële teelkoeie verkoop. Hulle verdien meer as dubbel soveel as 'n slagkoei.

5. Uit sy stoetery verkoop hy ten volle geregistreerde bulle aan kommersiële boere vir gebruik in kommersiële kuddes.

6. Vroulike stoetdiere noem hy die “Ferrari's” van sy kudde. Dit is geregistreerde Boran-verse en -koeie wat teen premiepryse verkoop word.

7. Laastens is daar die bulle van topgehalte uit sy stoetery wat hy in die stoetbedryf verkoop.

“Daardie sewe produkte beteken ek het elke maand êrens inkomste en ek het 'n bietjie verskansing. As die speenkalfprys sak, kan ek stoetverse of -bulle verkoop. As

Landbou
weekblad | weekliks | .com

&

The New York Times

Só kom die plaas en Wall Street bymekaar.

Teken nou in teen

R750

vir 12 maande



Skandeer die QR-kode om in te teken

Kry ook toegang tot The New York Times se internasionale nuus.

*Bepalings en voorwaardes: Hierdie aanbod is slegs geldig vir nuwe intekenare op die suiwer digitale aanbod wat vir 'n jaar op Landbou.com inteken teen R750 vir 1 jaar. 'n Koeponkode word daarna uitgereik om jou intekening op die New York Times te aktiveer. Die aanbod is slegs geldig tot 3 Februarie 2026 om middernag. Ná 'n jaar sal jou Landbou.com-intekening kan hernu teen die standaardprys. Jou intekening op die New York Times sal egter ná 12 maande verval.

LBW VRA... Hendy-Hein Mathews

Wat is die beste boerderybesluit wat jy al geneem het?

Om te volstaan by die Boran en om met toewyding met dié ras te boer sodat hy sy volle potensiaal kan bereik.

En die grootste boerderyfout wat jy al begaan het?

Om nie vroeër in my lewe heeltyds te begin boer het nie.

Wie was jou mentor?

Ek het by so baie mense geleer, maar die twee mense wat waarskynlik danksy hul goeie raad die grootste aandeel in my sukses as boer het, is my pa, Hendy, en dr. Vos Grey.

Wat is die beste raad wat jy al gekry het?

Om die goue middeweg te soek in elke situasie sonder om boontoe of ondertoe uit te skiet. Die tweede is om te volhard, selfs wanneer dinge moeilik raak.

Wat is jou grootste hindernisse?

Suid-Afrika se regulatoriese omgewing kan dinge dikwels onnodig moeilik maak wat die landbou en verwante sake betref.

En die grootste geleentheid?

Dat Jan Grey vir my die geleentheid gegee het om sy beesboerdery te bestuur en vir my verantwoordelikheid gegee het oor my vertakking. Ek is hom ewig dankbaar daarvoor.



Hendy-Hein saam met sy vrou, Shandré, en hul kinders, Wilson (7) en Clara (5).

deur die jare Borane uit die Janvos-kudde ingevolge 'n bonusstelsel bekom en intussen ook sy eie Afrikaner-kudde uitgebrei, wat hy alles as deel van die Janvos-veekudde bestuur. Hy gaan binnekort sy eie Afrikaner-stoetery registreer.

Hy dien al tien jaar lank as voorsitter van die Davel-boerevereniging en speel 'n sleutelrol in die plaaslike gemeenskap se program vir landelike veiligheid en in die stryd teen steenkoolmynbedrywighede wat die landbou in die omgewing bedreig.

Vir hom gaan dit nie oor status of vertoon nie, maar oor waarde, kennis en volhoubaarheid. Sy boerdery wys hoe 'n lae-insetstelsel, bestuur met hoëvlak-denke, een van die winsgewendste beesmodelle in Suid-Afrika kan wees – en hoekom hy Mpumalanga se Jongboer van die Jaar vir 2025 is. **LBW**

NAVRAE: Hendy-Hein Mathews, e-pos: hendyhein.mathews@gmail.com

die vleisprys daal, kan ek eerder op kommersiële teeldiere konsentreer. Só hou ek my kontantvloei en winsmarges stabiel.”

Hendy-Hein en sy mede-Boran-boer Christo Opperman is die dryfkrag agter die jaarlikse Highveld Supreme Boran-veiling by die Janvos-landgoed, waar die klem nie net op pryse val nie, maar op gehalte, deursigtigheid en rasbevordering. Hy glo dat 'n suksesvolle veiling 'n weerspieëling van goeie bestuur én geloofwaardigheid is – wat teelmateriaal én sake doen betref.

Die veiling lok jaarliks kopers van regoor Suid-Afrika, asook van buurlande wat spesifiek funksionele, veldgeharde en hoogs presterende diere wil hê. Hendy-Hein beskryf die veiling as 'n plek waar “'n boer met ver-

troue kan koop, want elke dier is 'n bewys van jare se teelwerk en data”.

'n Jong boer met balans

Ten spyte van sy tegniese kennis bly Hendy-Hein verbind tot die praktiese werklikhede van boerdery. Hy glo in samewerking pleks van mededinging. “Ek wil hê boere moet ophou om rasse teen mekaar af te speel. Ek boer met Borane omdat hulle in my omgewing en my stelsel die beste werk, maar ek respekteer elke ras wat wins kan maak vir sy eienaar.”

Die Boran-ras gedy onder Hendy-Hein se bestuur asof dit vir hom gemaak is, maar sy eerste liefde bly die Afrikaner-beeste wat sy familie geslagte lank goed gedien het. Hy het

Vesconite
Kry 10 keer die lewe van brons

Selfsmerend • Stof-bestand

Marius 057 212 0000
marius@vesconite.com

Piket Implemente
Piket sluit 12 Des. '25 vir die Kers-seisoen en heropen 05 Jan. '26.

+27(0)22 913 2435
36 Kloof Straat, Piketberg 7320
info@piket.co.za
www.piket.co.za

EENVORMIGE SAADPLASING
FYN SAAD PLANTER

- Modelle: 1.8 m / 2.3 m / 2.8 m
- Plant op bewerkte lande
- Gelyktydige aanwending van kunsmis & saad

Piket Implemente (Edms.) Bpk. Reg Nr.: 2018/310816/07. Adres: Kloofstraat 36, Piketberg

SKANDEER QR KODE

- UITSTEKENDE ONTKIEMING
- EWEREDIGE SAAD VERSPREIDING
- TERUGTREKBARE TANDE
- TWEE VERSTELBARE SAADKISTE
- 3-PUNT OPTREK



In waterhemel ná 72 droë gate

Die Metzger-familie in Namibië is nou in die waterhemel nadat hulle en hul voorsate oor 'n tydperk van sewe dekades 72 droë gate geboor het. Mikstok-waterwysers en ervare boormanne se slimste truiks was vrugteloos, totdat Diethelm Metzger sy eie waarnemings, 'n waterpas en Pythagoras se stelling ingespan het om twee plekke aan te wys waar hy toe sterk waterare raakgeboor het.

Sonder water kan geen mens of dier oorleef nie, des te meer in 'n waterskaars land soos Namibië, waar grondwater boere in sekere dele nie beskore is nie.

Dit het Diethelm Metzger, Simbra-stoeteler en wildboer van Seeis, oos van Windhoek, besef toe hy 40 jaar gelede op die plaas Neu Otjisauna begin boer het. Hy het daar grootgeword en weet hoe afhanklik hulle van reënwater is.

Ná 72 droë boorgate deur Diethelm, sy pa, Dieter, en oupa Ernst, sou niemand hom verkwalik dat hy al gedink het dit is neusie verby om eendag 'n alternatiewe waterbron (benewens gronddamme) te kry nie.

Sogenoemde kenners met mikstokke en slimjanne wat beweer het hulle kan "sien", het gekom en gegaan – sonder dat 'n enkele wateraar raakgeboor is.

Toe span Diethelm sy eie kennis van die plaas, aanvoeling, waarnemings van die omurambas (droë rivierlope), klipformasies, 'n waterpas en die wiskundige stelling van Pythagoras in om self te probeer. En daar tref die geluk hom en hy kry sterk water. Ses jaar later het hy dieselfde beginsels en 'n geografiese kaart gebruik om nóg sterk water te kry, selfs sterker as die vorige boorgat.

Boer al 125 jaar in Namibië

Diethelm se vrou, Katja, hul seun, Nikolai,

Historiese uitkoms. Diethelm by een van die "gatdamme" wat vroeër jare die enigste ware bron van water vir die plaas was. Twee van die boerdery se groter gronddamme hou genoeg water vir sowat twee jaar se gebruik. FOTO'S: CHARL VAN ROOYEN

Inligting

Ligging: Seeis, Namibië

Naam: Neu Otjisauna

Eienaarskap: Kamab Properties (maatskappy)

Vertakkings: Simbra-stoetery, osproduksie en wild


Veldtipe: Soetveld

Gemiddelde reënval: 350 mm/jaar




en dié se vrou, Nikki, is almal noodsaaklike ratte in hierdie boerderymasjien. Nikolai het in 2014 by die boerdery aangesluit nadat hy vir 'n jaar by 'n beesboerdery in Naracoorte, Australië, gewerk het. Daar het hy sy toekomstige vrou, Nikki, ontmoet wat by 'n Shorthorn-boer gewerk het.

Die Metzger-stamvader, die bierbrouer Philip, en sy vrou, Emma, het in die vroeë 1900's uit Duitsland na Namibië gekom. Philip wou sy beroep hier voortsit, maar het toe groente en tabak op 'n kleinhoewe by Okahandja gekweek. Teëspoed was hul voorland toe droogtes hulle getref het, asook 'n vloed



Diethelm wys hoe hy die vlak van sy boorgate met 'n toepassing op sy selfoon monitor.



Die vier Metzgers is gelyke vennote in die boerdery. Van links is Diethelm, Katja, Nikolai en Nikki by een van hul Simbra-koeie op die Windhoekskou.

KORTOM

- Min lande is só afhanklik van reënwater soos Namibië omdat sekere dele baie swak grondwater het.
- Hierdie boerdery het alles in die stryd gewerp en sowat 70 jaar nadat die Metzgers dit gevestig het, is twee sterk waterare raakgeboor.
- Dit het hul afhanklikheid van oppervlakwater aansienlik verminder en hulle kan die toekoms met groter selfvertroue tegemoet gaan.


wat hul eiendom verspoel het.

Diethelm se oupa Ernst en dié se broers, Fritz en Philip, het in die 1930's van die gesinsboerdery weggebreek en na die plaas Otjosonduvumbu in die Sandveld, oos van waar die familieplaas vandag is, getrek. Daar het hulle met beeste, waatlemoene en tabak geboer. Die Metzgers het selfs 'n sitrusboord en wingerd gevestig en Oryx-brandewyn gemaak, genoem na die Latynse naam vir gemsbokke, wat vandag nog volop in die streek is. Eie aan 'n Duitse tradisie het hulle ook die bekende drank *schnapps* gestook.

Ernst was in beheer van die beesboerdery en sy broers het die groente, sitrus en druiwe bestuur. Ernst het beeste gekoop, hulle gevoer en weer verkoop. Hierdie winste is in die akkerbou ingeploeg ter wille van vinnige omset.

Koop droë plaas

In 1954 het Ernst en sy vrou, Ruth, die plaas Otjisauna-Nord langs die Swart Nossob-rivier (wat slegs in tye van baie reën vloei) gekoop en van die familieboerdery weggebreek om net met beeste te boer. Die boer-



Gemsbokke is 'n groot aantrekkingskrag vir trofeejagters en natuurfotograwe. Daar is ook ander wildsoorte, soos rooihartbeeste en swartwildebeeste, koedoes, kameelperde, springbokke en volstruise op die plaas.

dery het oor drie geslagte gegroei en dit is ook waar Dieter grootgeword het.

Grondwater is skraps en Ernst het boorgate begin sink. Ná 62 droë gate het hy twee gronddamme gebou om reënwater op te vang. Buiten 'n paar kleiner gronddamme is dit vandag steeds die plaas se grootste waterbronne.

Dieter en sy vrou, Ulla, het in 1963 op Otjisauna-Nord begin boer, aanvanklik met Brahman- en Simmentaler-kruisings. Die plaas was in vier stukke verdeel en Diethelm het dit later gekonsolideer en in een plaas met een titelakte saamgevoeg. In die 1970's het hulle 'n rooi en wit Brahman-stoetery gevestig en trofeejag begin aanbied.

Simbras word uit die Brahman en Simmentaler geteel en die stoetery Metsibra Simbra is in 1986 geregistreer.

Soektog na water


Diethelm en Katja het hulle in 1990 by die boerdery aangesluit. Sedert 1995 boer

hulle alleen, en het die stoetery Kamab Simbra gevestig.

Hulle het die soektog na grondwater voortgesit en nóg tien droë gate by die ander 62 gevoeg. In 2016 was dit só droog dat daar net 'n bietjie water vir die wild oor was. Hulle moes met die beeste agter water aan trek en die huishouding moes met bitter min water klaarkom.

Diethelm het die hulp van sogenoemde kundiges ingeroep – manne wat met 'n mikstok rondloop en ervare boormanne wat beweer hulle kan "sien" waar water is.

"In 2016, ná vier droë gate van 200 meter diep, het ek, Katja en Nikolai een aand met 'n bier in die hand om die kombuistafel gaan sit om te besluit wat ons gaan doen. Katja het toe voorgestel ons moet boor op die plek waar ek altyd gesê het as ons wéér probeer, sal dít die plek wees. Ons loop dikwels soggens of saans met die honde en daardie plek het my baie kere opgeval. Ek het gevoel daar is sterk ondergrondse water. Ek het dit ▶



Diethelm en Katja boer sedert 1990. Die Kamab Simbra-stoetery is 'n belangrike deel van die boerdery. FOTO: DIETHELM METZGER

◀ al vir die eksperts gewys, maar hulle het gesê dis 'n 'k*k' plek," vertel Diethelm.

Sukses ná droë gate

Die volgende dag het hulle 'n boorman wat nog op die plaas was ná die laaste droë gat, na dié spesifieke plek geneem en hom opdrag gegee om te boor.

Hier, naby 'n droë rivierloop in die Swart Nossobrivier, het Diethelm die hoek van 'n formasiegesteente met 'n waterpas uitge-meet en die stelling van Pythagoras ($a^2 + b^2 = c^2$) ingespan wat vir driehoek geld.

"Ons het min variasie in ondergrondse gesteentes en water kry ons net waar kontaksones gevind kan word. Ons hoof-ondergrondse formasie is mika. In die rivier is 'n granietbank wat uitstaan. Dit is dáár waar ek die invalshoek gemeet het. Die plek wat ons nuuskierig gemaak het, is 'n duidelike uitstoting in die veld. Ek het van die bopunt met die hulp van die hoek die punt afgemeet, waar ek die granietformasie weer op 'n diepte van 100 m verwag het.

"Op 18 m was daar vog en daar het nie meer net stof – 'so poef-poef' – uitgeborrel nie. Op 40 m – teen die einde van die dag – was daar 'n paar druppels water. Die volgende oggend het die boor redelik vinnig tot op 60 m gevorder, waar 'n straaltjie water uitgekome het. Op 72 m het die gat 1,5 tot 2 kumek water per uur gelewer, op 96 m nóg meer en toe stroom daar regtig water uit – nagenoeg 5 kumek per uur.

"Ons was in die sewende hemel van geluk. Op 104 m het ons opgehou boor voordat ons die wateraar dalk toeboor. Daardie boorgat

het deur die afgelope lang droogte gehou."

Ses jaar later, in 2024, was daar weer waternood, al was dit 'n goeie reënjaar. Die weiding was goed, die plaas vol belaa, maar die gronddamme het nie water gehad nie.

Hoewel die boorgat steeds water gelewer het, wou hulle dit nie oorbenut nie. Diethelm het besluit om weer te boor – dié keer weer volgens sy eie waarnemings en 'n geologiese kaart. Hulle het toe op 'n plek met 'n belowende rotsformasie geboor en op 192 m het hulle 9 kumek water per uur gekry. Die gat is nog nie deur 'n droogte getoets nie en hulle hou die watervlak baie goed dop.

"Hierdie plaas het nog nooit soveel water gehad nie," vertel Diethelm.

Hulle het elektroniese toerusting geïnstalleer wat die watertafel monitor. Dit is 'n sensor wat die waterdruk meet en aandui op watter vlak die watertafel lê. Dié sensor stuur 'n sein na 'n sentrale toring op die plaas, wat weer die sein na die volgende selfoontoring stuur tot by sy selfoon.

"Dit is belangrik om te weet hoe die watertafel op voortdurende uitpomp van water uit 'n boorgat reageer en hoe vinnig dit weer herstel nadat die pomp afgeskakel is.

"Ek kan nie net boorgate monitor nie, maar ook my sinkdamme. Krane kan gestel word en as ek wil, kan ek sekere stelsels outomatiseer. By een vee-pos het ek die stelsel só ingestel dat die pomp afgeskakel word as die sinkdam vol is. As daar vyf ringe (verwysende na die ringe van die sinkplate) water kort, skakel die pomp weer aan.

Diethelm het reeds sy oog op nog 'n moontlike boorplek as dit nodig sou word.



Watter tegnologie is onmisbaar in jou boerdery?

Die internet en moderne kommunikasie. Analises en besluitneming om probleme op te los, is deurslaggewend. Moderne kommunikasie help om inligting vinnig en doeltreffend in te win.

Wie was jou mentor?

My pa, Dieter. Die belangrikste stuk wysheid wat ek by hom geleer het, is dat jy wettig met jou oë en ore kan "steel".

Wat is jou grootste knelpunte?

Om die boerdery winsgewend te hou.

Wat is die grootste boerderyfout wat jy al gemaak het?

Ek vertrou mense te vinnig en maklik.

Gatdamme steeds belangrik

Die gronddamme bly belangrik om die boorgatwater aan te vul, veral vir die wild. Dit is damme waaruit die grond tot op die klipbank weggeskraap is en word deur die Namibiërs gatdamme genoem.

Wanneer die twee groot gronddamme in die Swart Nossobrivier en twee omurambas vol is, hou die water vir 22-24 maande. Die kleiner gatdamme hou genoeg water vir 10-12 maande; dus ook genoeg tot die volgende reënseisoen in normale toestande weer aanbreek.

Net die wild word toegelaat om uit dié damme water te suip omdat hulle, anders as die beeste, nie in die water mis en urineer nie. Die beeste is in ander kampe waar hulle water in krippe kry.

"Nou het ons baie meer gemoedsrus. En Katja het vir die eerste keer in 'n baie lang tyd weer 'n groentetuin en groot, groen grasperke voor die huis en gastekamers." **LBW**

NAVRAE: Diethelm Metzger, +264 81 128 9017, e-pos: diethelm@kamab-simbra.com



Gaan kyk op landbou.com na 'n video.

Mieliebaster staan stewig vir eerstegeslag-boer

Vir die Oos-Kaapse boer Dwayne Kaschula is goeie produkte en diens baie belangrik. Daarom verkies hy om met Pannar Saad saam te werk.



Om met 'n boer te gesels wat die derde of vierde geslag op 'n plaas is, is indrukwekkend, maar selfs meer spesiaal is 'n eerstegeslag-boer wat 'n boerdery met verskeie vertakkings opgebou het.

Dwayne Kaschula van die plaas Confluence buite Nqanqarhu (Maclear) in die Oos-Kaap het op 16-jarige ouderdom as plaaswerker vir 'n gerespekteerde aartappelboer by Ugie begin werk. Dié boer, wat op die agtergrond wil bly, het Dwayne gementor en op 21 kon hy onderhandel vir sy eerste stukkie grond, Confluence.

Daarna het hy geleidelik grond bygekoop en vandag bedryf hy Masizakhe Farming wat uit verskeie vertakkings bestaan. Dit sluit in aartappels, saai-gewasse (mielies, suikerbone en sonneblomme), beeste (Brangus- en Angus-stoetery), wild, Boerbokke en hoenders.

Die vertakkings skakel bymekaar in of vul mekaar aan. Die Boerbokke wei byvoorbeeld in die klowe waar die beeste nie kan kom nie, die hoenders se mis bemis die landerye, en die mielies voer die hoenders en word in die voerkraal gebruik.

“Om as die eerste geslag te boer, is nie altyd maklik nie, maar dit is wat ek ken en waarvoor ek lief is. Ek word nie in die oggend wakker om te gaan werk nie, maar om my passie te gaan uitleef,” sê Dwayne.

“My storie gaan oor 'n breër suksesstorie. Dit gaan oor verhoudings, oor mense wat my bygestaan en geleer het. Ek is nie bang om hulp te vra nie.”

Dwayne het hom aanvanklik op vee toegespits en 'n bietjie mielies geplant om in die winter kos vir die beeste te voorsien.

“Ek het by 'n punt gekom waar ek besef het ek moet iets vir kontantvloei plant. Gelukkig het ek toe reeds my skoolgeld

Wat vertel jy my nou? Dwayne Kaschula (regs) kort voor strooptyd by die geelmieliebaster PAN 4R-528R. Hy gebruik baie data van Eugène Marais (links), Pannar se verteenwoordiger, om sy besluite te rig. FOTO: BRAND REPUBLIC

met verskeie vertakkings by my mentor betaal. Ek het aartappels begin plant en aangegaan met die mielies. Ek het die mielies begin verpak en in die voormalige Transkei begin verkoop.”

Toe die mielieprys onder druk kom, het die mededinging rakende mielies wat Dwayne aan winkels verkoop het, te veel geword en sy winsmarge het begin krimp.

“Dit het my 'n paar jaar van baie huiswerk en raad vra gekos tot ek in 2023 my eerste huis vir lêhenne opgerig het. Nou word baie van my mielies deur die hennie verbruik. Dit beteken 5 ton mielies gaan deur die hoenderhuis en jy haal 2 ton

eiers uit. Jy ry dus 2 ton mark toe, pleks van al die mielies.”

Werk saam met Pannar

Omdat Dwayne 'n eerstegeslag-boer is, dink hy buite die boks.

“Dit is vir my lekker om met hom saam te werk,” sê Eugène Marais, Pannar Saad se verteenwoordiger in die Oos-Kaap. “Hy bevraagteken baie en as iets moet verander, is hy bereid om dit te doen.”

Eugène en Dwayne stap 'n pad saam in sy mieliboardery danksy die geelmieliebaster PAN 4R-528R wat sy hoofaanplanting van dié gewas is.

“In ons omgewing is dit moeilik om gewasse te plant en my ervaring is dat 'n mielibaster jou kan maak of breek. Ek plant al 'n hele paar jaar PAN 4R-528R, want hy styg bo die ander uit, ongeag wat ons weerstoestand is.”

Dwayne sê dié mielie staan stewig, 'n eienskap wat belangrik is in die Oos-Kaap. “Ons het vroeg vanjaar rukwinde van 62 km/h gehad. Die mielies was toe nog nie droog nie en hulle moes staan.

“Hierdie baster troon ook uit wat siektebekamping betref. Ons spuit drie keer swamdoder en die mielies reageer uitstekend daarop,” sê Dwayne. “Ek hou van stabiliteit, en dít is wat PAN 4R-528R my gee.”

“Jy kan hierdie baster in byna enige omstandighede plant; hy boks hard,” beaam Eugène.

Dit is waarom Dwayne daarvan hou om met Pannar saam te werk. “Ek kry goeie diens by Eugène en die basters bewys hulself. Dit help nie jy kry diens, maar nie 'n goeie produk nie. By Pannar kry ek albei.” **LBW**

NAVRAE: Eugène Marais, **083 777 7091**; web: www.pannar.com

Daar is nog maniere om geld te maak met druiwe

Van buite gesien lyk die prentjie baie romanties, maar die Stellenbosser Danie Carinus, wat vanjaar deur Tim Atkin as Wingerdboukundige van die Jaar aangewys is, is baie eerlik oor die oorlewingstryd wat baie wyndruifboere voer weens te lae druiwepryse en stygende koste wat diep in hul marges sny. Hy volg deesdae vindingryke modelle om winsgewender te boer.



Inligting

Distrik: Stellenbosch, Wes-Kaap


Naam: Bluegum Grove

Grootte: 200 ha

Vertakkings: Wyndruiwe, sitrus, lêhoenders, beeste

Grondtipes: Verweerde sandsteen, verweerde graniet, skalie, klei

Gemiddelde reënval: 700 mm per jaar



KORTOM

- Ondanks erkenning as Wingerdboukundige van die Jaar beklemtoon Danie Carinus dat lae druiwepryse en stygende produksiekoste dit vir wyndruifboere byna onmoontlik maak om volhoubaar te boer. Groot wingerdplase by Stellenbosch word verkoop of omskep, terwyl internasionale beleggers die wynstreek begin oorneem.
- Danie het tydens 'n werkservaring in Kalifornië besef plaaslike wynboere het 'n ander model nodig. Nou bou hy vennootskappe met wynmakers, verkoop druiwe per hektaar pleks van per ton en beplan nuwe modelle waardeur wynmakers ook in nuwe aanplantings belê.
- As sesdegeslag-boer sien hy beter druiwepryse nie net as noodsaaklik vir sy familieplaas se voortbestaan nie, maar ook vir die welvaart van plaaswerkers.

Elke keer wanneer iemand hom gelukwens met sy aanwysing as die wynkritikus Tim Atkin se Wingerdboukundige van die jaar, stuur Danie Carinus dié skietgebedjie op: “Here, dankie vir die erkenning, maar stel ons asseblief net in staat om volgende jaar steeds te kan boer.”


Want, sê Danie van die plaas Bluegum Grove by Stellenbosch, die nare werklikheid is dat lae druiwepryse dit byna onmoontlik maak vir talle primêre produsente om kop bo water te hou met slegs wingerd. Van wingerdvervanging is daar nie eens sprake nie.

Fyn bestuur dra vrug. Danie Carinus van Bluegum Grove in Stellenbosch se Polkadraai-heuwels is vanjaar deur Tim Atkin as die beste wingerdboukundige aangewys.

FOTO'S: VERSKAF, TENSY ANDERS VERMELD



Danie en sy “plaasbakkie”, ’n e-fiets, tussen die wingerde op die plaas. FOTO: LUCILLE BOTHA



Dekgewasse in die wingerde is ononderhandelbaar vir sommige van Danie se druiewekopers.



Carinus Family Vineyards is ’n wynprojek deur Danie Carinus en sy neef, Hugo. Dit het in 2011 begin en die wyne word deesdae deur Lukas van Loggerenberg en Chris Alheit gemaak. Tim Atkin beskryf dit as “hoogs gerespekteerde” wyne.

“Ek is desperaat vir Chardonnay, maar nie só desperaat nie!”

Danie het besef hy sal ander moet oortuig van Polkadraai se uitstekende druive. Saam met sy neef Hugo Carinus, wat ook by Polkadraai en in die Swartland boer, het hulle in 2011 hul eie wynreeks – Carinus Family Vineyards – begin om vir mense te wys waar toe hul druive in staat is in die bottel.

Dié wyne, wat sedert 2016 gemaak word deur Lukas van Loggerenberg van Van Loggerenberg Wines by die Paarl en sedert 2018 ook deur Chris Alheit van Alheit Vineyards in die Hemel-en-Aardevallei by Hermanus, word as “hoogs gerespekteerd” beskryf deur Tim, en het ook van Suid-Afrika se voorste wynmakers laat regop sit.

Die feit dat Bruwer Raats van Raats Family Vineyards, wat ook by Polkadraai boer, Danie al in 2008 gevra om vir hom 2 ha Chenin blanc, Cabernet franc en Malbec te plant, het ook in sy guns getel. Die jaar daarna het nog kliënte kom aanklop vir druive, en Danie se visie het begin momentum kry.

Tim het deur die jare uitsonderlike wyne by verskillende wynmakers geproe. Danie se naam het telkens opgeduik as daar oor die druive gepraat word. Daarom het hy besluit om hom as Wingerdboukundige van die Jaar (nie *Ventriloquist* van die Jaar, soos Danie se skoonma gedink het toe sy *viticulturist* met dié woord verwar het nie) aan te wys.

Iets op die spel vir druiewekopers

Danie se tydsberekening om premie- ►

Produksiekoste is in baie gevalle reeds tot op die been gesny, groot plase by Stellenbosch word verkoop of vir ander boerdertipes aangewend, en oorsese wynprodusente staan met sakke vol euro’s gretig nader om ’n deel van die Kaapse wyngedebiet te besit.

“My vrou, Lisa, is die laaste wat nog geval het vir ’n wynboer van Stellenbosch, maar dis net omdat sy nie van hier af is nie!” sê Danie spottenderwys.

Dan gaan hy ernstiger voort: “Tim (Atkin) se mond het oopgehang toe ek vir hom sê wat ’n mens betaal word vir druive. Mense sien altyd die romantiese deel van die bedryf, maar dis ironies dat die kollig nou op ons val in een van die moeilikste tye nóg.”

Danie is die sesde geslag wat op Bluegum Grove in Stellenbosch se gesogte Polkadraai-heuwels boer. Hy is ook lid van een van Stellenbosch se oudste boerderyfamilies, wat ook verwant is aan die Winshaws en Van Veldens. Ná skool het Danie ’n BA-graad in sielkunde en geskiedenis aangepak. Ja, hy was later spyt hy het nie eerder wingerd-en-wynbou gestudeer nie, veral toe sy passie daarvoor werklik vlamvat, maar reken dit is net so belangrik om ’n gevoel vir die wingerd te hê as papiere.

“In 2003, die jaar voor ek plaas toe gekom het, het my pa net so voor Kersfees ’n e-pos

gekry waarin sy druiewekoper sê hy sny die druieweprys met 30%, want daar is nie meer lojaliteit in ’n geglobaliseerde mark nie. As kopers nie Sauvignon blanc teen ’n sekere prys per liter hier kan kry nie, koop hulle dit in Chili. Ons eerste reaksie was dit is ’n sewejaarsiklus, soos alles maar, maar ons is nog steeds in daardie siklus.”

Rubicon-oomblik

Drie jaar later het Danie in die Napavallei in Kalifornië, Amerika, by die Alpha Omega-wynkelder gaan pars. Dié ervaring was “bietjie van ’n Rubicon-oomblik”, onthou hy. Die kelder het met die gesogte druive gewerk en by ’n ander kelder moes sekuriteitspersoneel saam met vragte druive van Beckstoffer Vineyards ry omdat dit so waardevol was.

“Dit het toe \$10 000 per ton gekos. As ons nou, amper 20 jaar later, R10 000 per ton vir ons druive kry, is dit baie goed! In Kalifornië het ek agtergekom die produsente *call the shots* en ek het besef ons kan nie in Suid-Afrika so aankarring nie.”

Terug by die huis het hy die Platter-wyn-gids nadergetrek en wynmakers begin bel om te vra of hulle nie by hom wil druive koop uit Polkadraai nie. ’n Bekende wynmaker wat kom kyk het, het vir Danie gesê:

◀ duiwe aan wynmakers te begin voorsien, was uitstekend, want dit het saamgeval met 'n beweging onder jong wynmakers om wyn-handelsmerke te begin sonder hul eie grond of kelders, met duiwe wat hulle aankoop uit wingerde wat as Suid-Afrika se grand cru- of premier cru-wingerde beskou kan word.

“Dié jong outjies het die boer dubbeld soveel aangebied as wat die koöperasie hom betaal.”

Maar selfs teen R16 000 per ton vir Cabernet franc-duiwe waarvan die wyn teen R500 per bottel verkoop, kos die duiwe maar sowat R16 per bottel. “Al skuif dit net op na R20 toe, sal dit 'n groot verskil op die plaas maak.”

Hy haal sy hoed af vir hierdie wynmakers, want hulle het goeie besighede opgebou sonder plase, kelders, werknemers, waterregte of werktuie.

“Met 40 ton duiwe vaar hulle beter as plase wat 500 ton, 700 ton of selfs 1 000 ton se duiwe pars en dit lewer, veral op plekke soos Stellenbosch waar enige omset van minder as R140 000 per hektaar 'n swak sakebesluit is, want jou produksiekoste laat nie genoeg marge toe om te voorsien vir ondernemersloon en wingerdvervanging nie.”



As sesdegeslag-boer op die plaas het hy waardevolle lesse by sy voorouers geleer.

Danie verkoop nie net duiwe per ton nie, maar ook per hektaar. Niks is gewaarborg in die lewe nie, en veral nie in die landbou nie, maar dié praktyk is so na aan 'n waarborg as wat 'n boer gaan kom, hoewel die model nog nie perfek is nie, sê hy.

“Jy kan 'n aaklige donsskimmeljaar kry, maar jy gaan steeds jou prys kry. In goeie jare, wanneer die opbrengs bogemiddeld is en die kliënte is gelukkig met die gehalte, deel jy egter nie daarin nie. Ek oorweeg dus nou 'n glyskaal sodat jy altwee kante toe die verantwoordelikheid deel.”

Daar is ook duiwekopers met 'n meer gevestigde belang in die wingerd. Hulle voorsien byvoorbeeld die stokkies wanneer

Danie vir hulle aanplant of hulle doen die grondvoorbereiding. “Daar is nie eintlik 'n kwantifiseerbare som nie, maar dit wys hulle deel die verantwoordelikheid.”

Danie hoop sy eerbewys help om die gesprek oor duiwepryse in die ope te bring, maar glo ook dit gee aan hom meer bedingingsmag. Hy verkoop reeds sowat 40% van sy duiwe aan topwynmakers en -handelsmerke teen bogemiddelde pryse, maar ondersoek nou ook 'n model om spesifieke wingerde vir handelsmerke aan te plant, mits hulle vestigings- en bedryfskapitaal voorsien. Sodra die wingerd in produksie kom, kan hulle die duiwe teen 'n hektaarprys koop.

“Hulle kry basies hul eie wingerd sonder

Diversifiseer om te oorleef

Soos talle wynboere moes Danie Carinus ook “'n klomp plannetjies maak om dinge aan die gang te hou”. Deur die jare het hy heelwat nuwe vertakkings aangepak om die risiko te help versprei.

“Ek was nie die eerste om te innoveer op die plaas nie. My pa-hulle het met tabak geboer, suurlemoene geplant en selfs 'n stokkieskeukery begin. My oupa het ons beter wingerdgrond verkoop omdat hy geglo het die sandgrond hier is beter vir groente!”

Danie glo in die krag van vennootskappe, en “al sê hulle mense doen nooit besigheid met familie en vriende nie, doen ek slegs met familie en vriende besigheid. Dit werk goed vir ons, al dink ons nog nie aan wat gaan gebeur as ons seuns eendag betrokke wil raak nie.”

Hy boer met Tango-mandaryne en

suurlemoene saam met Freddie Kirsten van Goedvertrou. Dié vrugte word deur Unifrutti bemark.

Saam met 'n ander Stellenbosse vriend is Danie besig met 'n interessante projek om 'n Afrika-bul met Asiatiese koeie te kruisteel om te sien watter resultate hulle kry as hulle geharde teelmateriaal uit Afrika met die Asiatiese vleisgehalte vermeng. Hoewel die beeste in die winter in sy wingerde loop, bedryf hy die beesboerdery redelik ekstensief.

Hy en sy kleinneefs, Pierre en JP Winshaw, bedryf ook Usana, 'n eieronderneeming, saam. Hulle het mobiele eierhokke wat oor weidings geskuif word en hulle lewer daagliks eiers af in Kaapstad en die Wynland. Hoewel diefstal en voëlgriep groot kwessies is, is die eiers van vrylopende hoenders uiters voordelig vir kontantvloei.

Sowat 50 ha van die plaas val in die Kaap-

se munisipale gebied. Danie is tans besig om die swak landbougrond te hersoneer vir 'n sonkragprojek.

“'n Mens sou graag wou hê dat die plaas na homself kan kyk, maar só 'n inspuiting maak dit net makliker. In die verlede was dié grond 'n bate wat nie benut is nie, maar nou kan dit iets beteken vir die plaas.”

Dan is daar Carinus Family Vineyards, wat vanjaar sowat 40 000 bottels wyn opgelewer het. Hul produksie groei jaarliks.

“The Wine Society, 'n aanlyn wynklub, het ons gevra om vir die volgende drie jaar 'n private etiket vir hom te maak, waarvoor hy 12 000 bottels bestel het.”

Dis heel toevallig dat Lukas van Loggenberg destyds hul wyn begin maak het nadat Danie hom by 'n wynproegroep leer ken het en besef het hulle hou van dieselfde wynstyle. Chris Alheit, wat die Polkadraai Chenin Blanc maak, is ook 'n goeie vriend.



Danie Carinus maak graag planne saam met die wynmakers aan wie hy duiwe voorsien. Dié opgeleide bosstok bied verskeie voordele, soos beter deurlugting.

om grond te koop of mense aan te stel, en ek verdien 'n prys wat sin maak."

Aanpassings in die wingerd

Van Danie se kant af maak hy seker sy duiwe val in kopers se kraal, want selfs in 'n puik produksiegebied kan jy nie meer bekostig om net 'n deursnee-boer te wees nie.

"Ons woon proeë by om agter te kom wat die wynmakers se style is en werk uit wat ons moet doen om daarby uit te kom. Lukas maak 'n Loire-gedrewe Cabernet franc, daarom sal ons bietjie vroeër pluk om seker

"Ons het die wingerde, maar nou is ons ook gelukkig dat twee van Suid-Afrika se beste wynmakers ons pêle is."

Nou droom Danie en Hugo oor 'n eie kelder en tuiste vir hul handelsmerk. "Ons moet baie mooi dink oor die pad vorentoe. Is die oplossing 'n paar ankerkliënte vir wie jy op sowat 50 ha kan boer teen 'n goeie inkomste en om elke jaar net meer en meer van jou duiwe in jou eie bottel te sit?"

Hy meen dit is belangrik om die balans te vind, want tussen hom en veral Hugo besit hulle heelwat wingerd, maar met net 30 ton (ongeveer 3 ha) kan hulle 'n sterk wynhandelsmerk bedryf. Alles kan ook nie vir hul eie handelsmerk aangewend word nie. "Ek voel ek moet eerder minder wingerd hê, maar die duiwe vir die regte ouens gee en elke jaar meer in ons eie bottels sit."

te maak ons kan die kruidagtigheid in die wyne vasvang. Die Mullineuxs, weer, het 'n spesifieke wyndoelwit vir die druifkomponent wat van hier af kom, naamlik om diep vruggeure aan die wyn te gee. Ons moet dit kan bestuur."

Hy doen ook moeite in die wingerd, soos om meer te suier en duiwe af te gooi, om kopers se wyndoelwitte te bereik.

"Ons het byvoorbeeld vir Raats 'n opgeleide Chenin blanc-bosstok geplant. Bosstok is wonderlik, maar as dit opgelei word, lê alles nie op die grond nie en die windvloeï is beter.

"In die verlede sou jy 'n wingerd plant en kyk hoeveel duiwe dit in 20-25 jaar vir jou kan gee. Deesdae wil ons liever plant sodat dit eendag se ou wingerd kan wees. Ons plant vir 'n baie langer produktiewe leeftyd, daarom maak ons seker ons plant die skoonste materiaal, doen GIS-kartering, gaan kontoere na en kyk watter onderstokke ons in watter dele van die blok nodig het, want ons het 'n smeltkroes van grondtipes. Een onderstok werk dus nie vir alles nie.

"Deur die tegnologie en materiaal tot ons beskikking te gebruik, produseer ons duiwe waarmee jy baie goeie wyn kan maak."

Hy verkies ook toenemend klone en onderstokke wat minder water benodig sodat hy die beskikbare water kan toewys aan vertakkings wat dit nodiger het (soos sitrus).

Prentjie kan anders lyk

Ongelukkig het hy ook marginale wingerde op die plaas, soos groot blokke Sauvignon blanc en Viognier, wat sy pa-hulle destyds geplant het op aandrang van die ondernemings aan wie hulle gelewer het. Sowat 60% van sy duiwe word steeds teen onvolhoubare pryse aan groot wynondernemings verkoop.

"'n Mens kan nie wynmakers kwalik neem as hulle jou nie baie geld daarvoor wil betaal nie, al groei dit in 'n goeie area. Maar dis ook te duur om te vervang. Daar staan Sauvignon blanc op een van my beste wingerdpersele, maar ek kan dit nie nou uithaal en teen R350 000 of R400 000 per hektaar iets anders daar plant as ek nie 'n goeie ooreenkoms met iemand het om die duiwe te koop nie. Maar as daar Syrah gestaan het, was die prentjie heel anders," vertel Danie.

LBW VRA... Danie Carinus



Wat is die grootste les wat jy geleer het?

Moenie iets aanjaag nie, veral nie wingerd nie. Laat dit eers goed in die grond vestig voor jy dit oplei. Dán begin jy dit vorm. Kortpaaie werk

ook nie en goedkoop koop is duurkoop. Soms word jy gedwing om ou drupperlyne of drade te gebruik, maar jou besigheid moet eintlik van só 'n aard wees dat jy dit kan bekostig om alles van die begin af reg te doen.

Watter twee faktore was deurslaggewend tot jou sukses?

'n Deel van ons sukses is omdat ons by Polkadraai boer, wat die afgelope tyd meer aansien begin kry het. Ons kliënte het ook gehelp. Maak seker jy omring jouself met die regte mense sodat jou duiwe in die regte wyne ingaan. Die wynmakers sal nooit 'n proe hou sonder om te sê die duiwe kom van Pierre Winshaw, Joshua Joubert of Danie Carinus af nie.

Wat is jou grootste struikelblok?

Die jonger geslag drink om gesondheidsredes nie meer wyn nie. Jy kan hulle wel bereik deur die storie te vertel van hoe die wingerd geplant is, dat hier soms beeste in die wingerde loop ... Dit gee aan hulle 'n verbintenis met die wyn.

Beter pryse help ook plaaswerkers

"Daar móet 'n regstelling in pryse kom. As sesdegeslag-boer wil ek glo daar is iets ingewortel in my, 'n verantwoordelikheid en rentmeesterskap, nie net oor die grond nie, maar ook teenoor die mense wat hier werk.

"Ek kon sien hoe straal die werknemers toe ek vir hulle die sertifikaat wys, en ek het weer besef: As primêre produsente vra ons nie vir baie as ons vir beter pryse vir ons duiwe vra nie, ons vra eintlik net vir die middele om die mense te help wat saam met ons in die wingerde werk." **LBW**

NAVRAE: Danie Carinus, e-pos: danie@carinusvineyards.co.za

Plaasbestuurder 'cum laude'

Van 'n Sutherlandse skaapplaas tot een van Suid-Afrika se grootste bloubessieboere – oral waar Mario Lombard betrokke raak, verskerp hy sy reeds geslypte bestuursvernuf. Vir hom is daar geen verskil of hy op sy eie grond of vir 'n salaris boer nie – die uiteinde is dieselfde.



Hy wou hom nog altyd vir Agri Wes-Kaap se Jongboer van die Jaar-kompetisie inskryf. Maar Mario Lombard het gedink omdat hy “net” ’n plaasbestuurder is, staan hy nie ’n kans teen boere wat op hul eie grond boer nie.

Maar toe skryf die Outeniqualand-boerevereniging hom vir vanjaar se kompetisie in.

“Die afsny-ouderdom vir deelnemers is 40. Ek is 39, so dit sou my laaste kans wees. Ek knyp toe maar oë toe en gryp die kans aan.”

Hy boer vir dr. Abel Bezuidenhout, ’n dokter van Mosselbaai, met avokado’s en vleisbeeste op die plaas Brakfontein by George.

Hy onthou die dag nog goed toe hy vroeër vanjaar tussen die avokadobome gestaan en sy foon gelui het. “Ek het gehoor ek is onder die agt finaliste. Jy kon my met ’n veer omtik. Dit was ’n enorme voorreg. My vrou en ouers was baie trots op my – veral ná die lang pad wat ek moes stap om hier te kom.

Inligting

Ligging: George, Suid-Kaap

Naam: Brakfontein

Vertakkings: Avokado’s en vleisbeeste

Grondtipe: Sand en leem

Veldtipe: Kikoejoegras

Gemiddelde reënval: 800 mm per jaar



“Al het ek nie gewen nie, is dit wonderlik om te weet daar is ook ’n plek vir plaasbestuurders,” sê Mario.

Die hoofbeoordelaar, Inus Oosthuizen, sê plaasbestuurders en boere word dieselfde beoordeel. “Dit gaan oor jou bestuursvermoë, hoe jy met jou mense werk, jou beplanning, toekomsvisie en finansiële bestuursvermoë. Ons sien uit na wat Mario op die plaas gaan

‘Groen tapyt’. Mario Lombard, plaasbestuurder op Brakfontein buite George, was een van vanjaar se finaliste in Agri Wes-Kaap se Jongboer-kompetisie. FOTO’S:

JOANIE BERGH, TENSY ANDERS VERMELD

vermag. Hy is nuut op daardie spesifieke plaas en het groot werk wat vir hom voorlê.”

Nuwe uitdaging


Wanneer jy van die N2 vanaf George na Heroldsbaai afdraai en die klipperige plaaspad na Brakfontein inslaan, ontvou eindelose rye groen avokadobome soos ’n tapyt voor jou oë. Dis hier waar Mario sowat twee jaar gelede ook vir sy werkonderhoud ingery het.

“Ek het geweet Abel benodig ’n plaasbestuurder en ek was gereed vir ’n verandering.”

Mario het in daardie stadium reeds 17 jaar vir die Van Greunen-boerdery, die grootste melkprodusent op George, as hoof van produksiebestuur gewerk. Hy was net 23 jaar



Lowergroen boorde. Op die plaas van 1 300 ha word avokado's van 'n topgehalte verbou, waarvan die grootste deel na Europa uitgevoer word.



Op Brakfontein word geboer met 170 vleisbeeste, kruisgeteel en Beefmaster, wat uitsluitlik speenkalwers aan 'n kliënt op George in die Suid-Kaap lewer.

oud toe hy as junior bestuurder aangestel is. Mario het hom deur die jare opgewerk tot dat hy later die 140 ha uitvoerbessies onder hul handelsnaam South Cape Fruit met 'n ysterhand bestuur het.

“Die Van Greunens het my ruimte gegee om te groei en om die leisels oor te neem. Ek het baie lekker daar geboer.”

Maar, sê hy, dié bedryf was nie sonder probleme nie. Dit is in 2022 geknou deur kwesies met die gehalte, probleme in die hawens, stygende insetkoste en Peru wat ál meer na Suid-Afrika uitgevoer het.

“Ons ouer kultivars het ook gesukkel, die plase waarop dit was, het onderpresteer. Later is besluit om die bloubessievertakking van die boerdery te konsolideer en eerder te konsentreer op boorde wat winsgewend is, en die res vir die melkery te gebruik.”

Daarmee saam moes talle mense wat hy kort tevore aangestel het, afgelê word.

“Dit was vir my baie moeilik om hierdie nuus aan hulle oor te dra. Ek het toe besluit dat ek eerder moet gaan, dit was tyd vir 'n nuwe uitdaging ...”

Kronkelpad deur die landbou

Die eerste keer dat Mario, 'n gebore Vrystater, met 'n boerdery kennis gemaak het, was toe sy ouma Lettie en oupa Daniël op klein skaal met skape en beeste op hul kleinhoewe buite Bloemfontein geboer het.

Mario was 15 jaar oud toe hy saam met sy ouers, Mario sr. en Santie, albei onderwysers, en sy jonger broer, Johan, na Worcester verhuis het. Hy het toe aan die Hoër Tegniese Skool Drostyd skoolgegaan.

“Ek was nie baie goed in wiskunde en tale nie, maar was tegniese aangelê. Ek het toe besluit om op 16 diesel- en motorwerktuigkunde aan die Boland-kollege te studeer, en het wraggies *cum laude* geslaag.”

Dit was in hierdie tyd dat sy liefde vir die landbou behoorlik vlamgevat het, en 'n dosent het hom aangeraai om landbou te studeer.

“Ek het my diploma in landbou- en landboubestuur voltooi en op 19 het ek my eerste werk as junior bestuurder op 'n wyn-en-appelkooisplaas buite Robertson gekry.

“Die boer, Casper Heyl, het vir my gesê as ek die dag daar loop, sal ek alles kan doen.



'n Gedugte span. Mario boer vir die Mosselbaaise dokter Abel Bezuidenhout, wat 'n groot liefde vir die landbou het.

Ek was nie bang vir werk nie en hy het my geleer van besproeiing, lande uitlê, pale uitkap, grondbewerking en plant. Ek het alles gedoen, want hy het my geleer dat as ek nie selfiets kan of wil doen nie, hoe kan ek ander leer om dit te doen en oor hulle toesig hou?”

Ná 'n jaar het Mario 'n aanbod aanvaar van 'n boer om sy skaapplaas buite Sutherland te bestuur.

“Ek wou graag leer hoe om met skape en bokke te boer, toe pak ek my tas en trek Sutherland toe – maar daar was bykans geen selfoonsein nie en die alleenheid het my ná 'n ruk gevang,” sê hy.

“Dit was op daardie plaas dat ek besef het dat ek plante bo diere verkies. Met 'n plant kan jy sien wanneer hy siek is, maar ek kan diere nie só goed lees nie.”

Daarna het hy die geleentheid gekry om in die Montagu-omgewing te werk as plaasbestuurder op 'n plaas waar appelkose, perskes en granate verbou word. Hier het hy kosbare ondervinding in 'n droëry, paklyne en -store, asook in die uitvoerprosesse opgedoen.

“As ek vandag terugkyk, kan ek sien dat ek by elke boer en sy plaas geleer het. En dat ek vandag presies is waar ek moet wees.”

Volhoubare boerderypraktyke

Nadat hy besluit het om sy hoofstuk by die Van Greunens af te sluit, het hy gehoor dat Abel 'n plaasbestuurder benodig. Mario het 'n afspraak met hom gemaak en ná 'n onderhoud is hy die posisie as hoofbestuurder van die plaas aangebied.

◀ “Ek was bereid om weer heel onder te begin, solank daar groeigeleenthede op die plaas was,” sê Mario.

Die plaas beslaan 1 300 ha, waarvan 60 ha met Hass-avokado's beplant is. Toe hy daar begin het, was daar 50 ha avokado-blokke. Hy het sedertdien nog 10 ha aan-geplant en beplan om binnekort 'n verdere 30 ha aan te plant. Hulle verskaf avokado's aan die uitvoermark, hoofsaaklik aan Europa, sowel as aan die plaaslike mark.

Die avokado's is deel van die Summer Sisteem-boerdery en word verpak in pak-store op Swellendam (Arisa) en op George (GE Packhouse) en deur Westfalia, Capital Fruit, The Fruit Farm Group, Halls en Alles-beste uitgevoer.

Volgens hom probeer Suid-Kaapse produsente om aan die laat uitvoermark (week 38 tot 42) te lewer wanneer Peru se tonne afneem en hulle 'n gaping kan vul.

Brakfontein verbou ook 40 ha kuilvoer, mielies en hawer op kontrak vir melkboere in die omgewing. Sowat 700 ha word aan 'n aangrensende melkplaas uitverhuur.

Die plaas kry sy water uit 'n opgaardam, sowel as die Maalgaterivier, wat ná swaar reën sterk afloop.

“Ek wil binnekort nóg 'n opgaardam bou om ons watersekerheid te verbeter. Ek wil ook water meer doeltreffend bestuur deur waterprogramme in te stel en noukeurige maatreëls vir beter produksie toe te pas.”

Hulle het verlede jaar ten volle oorgeska- kel na 'n sonkragstelsel. Dit stel hulle in staat om drupbesproeiing deur die dag te doen.

Die boerdery het 170 vleisbeeste en lewer

uitsluitlik speenkalwers aan 'n kliënt op Ge- orge. Hy sê die beste wei op 'n roterende grondslag volgens laedrukbeweidingsbe- ginsels in verskillende kampe waar wisselbou met raaigras en klawer toegepas word.

Grondgesondheid belangrik

Grondgesondheid is baie belangrik vir Ma- rio. Hy laat doen gereeld grondontledings om die plante se behoeftes te bepaal en die bemesting daarvolgens aan te pas.

“Ons het sanderige leemgrond en dit be- vat nie baie koolstowwe nie. Die waterhou- vermoë is dus laer. Dit is ook 'n brakkerige grond, so die soutlading is ook 'n probleem.

“Maar ons avokado's vaar juis goed in dié tipe grond. Omdat die boorde teen 'n helling is en water vinnig deur die grond dreineer, is die kans vir versuiping skraal.”

Hy plant nie dekgewasse in die boorde nie, maar sny die kante van die grondwalle- tjies sodat die blare en gras op die grond val. Namate die bome groter word, belemmer dit die onkruid se groei. Geen plaagdoders word gebruik nie, maar wanneer die nood druk, dien hy biologiese middels toe.

Mario vra ook gereeld raad by ander boere in die bedryf en in die omgewing, en beskou hulle as sy grootste bron van inligting.

Hy meen sy grootste prestasie sedert hy op die plaas is, was om binne 'n maand Global-Gap-sertifisering vir die boerdery te kry. Ook dat hy stelsels ingestel het om meer data te bekom. Hiermee word onder meer gekyk na blaar- en grondontledings, hoeveel water elke boom benodig om 'n kilogram avokado's te produseer, hoeveel kunsmis nodig is, asook wat die arbeidskoste se grootste drywers is.

“Ons eerste oes in 2024 het 18 t avokado's gelever, waarvan ons 'n paar ton uitgevoer en 'n paar ton plaaslik verkoop het. Ons wil met ons 2025-oes 70 t uitvoer. Die potensiaal is daar – ek sien dit aan die bome.”

Saam met Abel is sy hoofdoel om 'n wins- gewende boerdery met lae insette en hoë produksie te dryf.

Hy ondersoek tans moontlikhede om die boerdery met ander gewasse uit te brei.

“Ek kyk nie net na die geldwaarde van die gewasse nie, maar ook wat nodig is aan die produksiekant en die probleme daar rond- om om winsgewend daarmee te kan boer.”



Mario saam met sy vrou, Dalena, 'n wei- dingstegnikus op die Outeniqua-proefplaas, en hul kinders, Magdalena (6) en Louis (9).

FOTO: VERSKAF

Groot planne, groter drome

Mario en sy vrou, Dalena, 'n weidingsteg- nikus op die Outeniqua-proefplaas, en hul kinders, Louis (9) en Magdalena (6), woon op die plaas waar hy 'n oog oor hul agt per- manente werkers en die boerdery kan hou.

“Die lekkerste van boer is dat jy 'n verskil kan maak deur enkele klein bestuursbesluite wat jy neem. Om te sien hoe die bome groei en hoe jou werkers floreer – ek het 'n groot liefde daarvoor om mense op te hef en vaar- dighede oor te dra sodat hulle hulself eendag in die bedryf kan opwerk.”

Hy sê hy dink die beoordelaars in die Jongboer van die Jaar-kompetisie kon sien dat hy 'n doeltreffende bestuurder is, en dat sy liefde vir die landbou en landboubestuur deurgeskemer het.

“Dit was regtig lekker om te hoor die boe- vereniging wat my benoem het, meen ek kan die hele boerdery binne tien jaar om- swaai. Gesoute boere glo dit van my, en dit laat my dink dat ek beslis iets reg doen.”

En sy grootste droom?

“Om dalk eendag my eie plaas te kan koop en my eie potjie te krap. Maar tot dan is ek dankbaar oor waar ek is, want oral waar ek al was, het mense my die geleentheid gegee om myself te wees en hul boerdery aan my toevertrou.” **LBW**



Hass-avokado's word op 60 ha van die plaas verbou. FOTO: VERSKAF

NAVRAE: Mario Lombard, 072 364 0087, e-pos: summer16avo@gmail.com



'n Tyd om te plant en 'n tyd om te oes

Geduld en strategie is net so belangrik in beleggings soos in boerdery, en wyse langtermynbeleggers weet hoe om die 'seisoene' van die mark benut.

Net soos 'n boer die regte tyd kies om te saai en te oes, vereis suksesvolle beleggings begrip van die mark se geleenthede, asook dissipline en geduld. Allan Gray se beleggingsfilosofie beklemtoon die belangrikheid van 'n langtermynperspektief, deeglike navorsing en 'n strategiese benadering tot risiko.

Net soos boerdery verg beleggings 'n begrip van seisoene en doeltreffende risikobestuur. Die eeue oue gesegde "vir alles is daar 'n vasgestelde seisoen" herinner 'n mens dat daar 'n tyd is om te saai, te wag en te oes. 'n Vaardige belegger lees die mark se "seisoene", verstaan die risiko's en gryp geleenthede aan.

Geduld en diversifikasie

Allan Gray spits hul eerder toe op die identifisering van langtermyngeleenthede as op korttermynvoorspellings, wat dikwels onbetroubaar is. Markte kan tydelik ondoeltreffend wees, aangedryf deur sentiment en spekulasie, maar die ware waarde van maatskappye kom met verloop van tyd na vore en geduldige beleggers word oor tyd beloon.

Allan Gray evalueer maatskappye op hul eie meriete en vra: Wat sou 'n verstandige sakepersoon vir die hele maatskappy betaal? Hierdie benadering verg diepgaande fundamentele navorsing, 'n klem op winsgewendheid, groeipotensiaal en mededingende posisie, en die vermoë

om verby korttermyn-markgeraas te kyk.

Nog 'n belangrike aspek van sukses is verspreiding van risiko. Net soos 'n boer gewasse kies wat in verskillende toestande kan floreer, moet beleggers hul portefeulje oor sektore, streke en bateklasse heen diversifiseer.

Suid-Afrika se mark is minder as 1% van die wêreldwye kapitalisasie, wat die blootstelling aan internasionale geleenthede beperk. Diversifikasie versprei jou risiko en bied toegang tot 'n wyer reeks geleenthede.

By Allan Gray word elke beleggingsgeleentheid volgens sy eie meriete beoordeel en belowende geleenthede moet meeding om 'n plek in die portefeulje. Hierdie gedissiplineerde benadering lei tot 'n portefeulje wat Allan Gray se beste idees weerspieël en die risiko's wat daarmee saamgaan.

Om te wag, is dikwels die moeilikste deel van belê. Markte het stygings en dalings, en die versoeking is groot om im-

Elke seisoen tel. Allan Gray help beleggers om die mark se seisoene te lees en geleenthede volhoubaar te benut. FOTO: VERSKAF

pulsief op nuus te reageer. Die afgelope paar jaar het gebeure soos die covid-19-pandemie, internasionale konflik en inflasiedruk beleggers op die proef gestel. Tog het die mark steeds geduld en dissipline beloon. Net soos 'n boer nie sade opgrawe om te kyk hoe hulle groei nie, moedig Allan Gray beleggers aan om vas te byt en vir die langtermyn te belê.

'n Voorbeeld is die Allan Gray Balanced Fund, wat op 1 Oktober 1999 bekend gestel is. Tot 30 September 2025 het dit 'n gemiddelde jaarlikse opbrengs van 15% gelewer. Hierdie prestasie is bereik deur volgens 'n gedissiplineerde langtermynfilosofie in aandele, effekte, eiendom, kommoditeite en kontant te belê, pleks van deur marktydsberekening of reaksie op korttermyngeraas.

Net soos boerdery 'n kombinasie van kennis, geduld en strategie verg, belê 'n suksesvolle belegger volgens 'n duidelike plan in 'n gediversifiseerde portefeulje met die oog op die ware waarde van bates.

Geduld, deeglike navorsing en 'n langtermynperspektief is die hoekstene van beleggingsukses. In 'n wêreld vol onsekerhede kan beleggers wat hierdie beginsels volg, nie net die risiko's beperk nie, maar in enige seisoen of markomgewing geleenthede benut en oor tyd langtermyn-welvaart groei geniet. Die seisoene van die mark kan verander, maar hierdie beginsels staan vas. **LBW**

NAVRAE: Web: www.allangray.co.za



Langpad op die spoor van vrugbaarheid

Om vrou-alleen die stofpaaie en onherbergsame dele van die Oos-Kaap aan te durf, sit nie in enigeen se broek nie. Party maande lê Tania Bosch tot 10 000 km af om kleinvee te skandeer. Maak nie saak of sy ver swanger is of 'n skerpioen in 'n skaapkraal haar gesteeke het nie, sy het nog nooit teruggedeins vir 'n uitdaging nie.

Ooi tussen die ramme. Tania Bosch is een van die min vroulike skandeerders wat plase besoek om dragtigheid van kleinvee te bevestig. FOTO'S: AMMIE PRINGLE

Inligting

Ligging:

KwaNojoli
(Somerset-Oos),
Oos-Kaap



As blinkoog 21-jarige het Tania Bosch al haar eerste skaap geskandeer – en vandag, 24 jaar later – het sy al derduisende kilometer afgelê en pak jaarliks grondpad ná grondpad aan om op verafgeleë plase boere se Angora-bokke en skape vir dragtigheid te toets.

Op haar besoeke het sy al baie dinge gesien en beleef, maar een ding wat 2025 se skanderings haar gewys het, was dat die besettingskoers van boere se kuddes nog nooit so hoog was soos vanjaar nie.

Vertel meer van jouself en jou besigheid.

Ek en my gesin woon in KwaNojoli (voorheen Somerset-Oos) in die Oos-Kaap en ek doen al die afgelope 24 jaar skandering van meestal Angora-bokke en skape. Ek is aanvanklik opgelei om in die perdebedryf te werk, maar toe my buurvrou, wat 'n skandeerder was, oorsee gaan, het sy my 'n *crash course* gegee. Dis waar dit alles begin het.

Ek het aanvanklik vir ses maande verniet gewerk totdat ek genoeg ondervinding opgedoen het. Toe het ek teen R2 per skaap begin skandeer. Ek werk in 'n 300 km-radius om KwaNojoli, met Colesberg en Willowmore wat die verste distrikte is.

Skandering is 'n belangrike pyl in 'n boer se koker. Dit stel hom eerstens in staat om te sien of sy ooie dragtig of "droog" is en tweedens of hy eenlinge of meerlinge te wagte kan wees. Hy kan dan hierdie data gebruik om sy kudde korrek te bestuur en vir die komende seisoen te beplan.

Wanneer is jou besigste tyd?

My besige seisoen begin gewoonlik in Januarie en ek kan tot in Maart sowat 10 000 skape per week skandeer. Vanjaar het ek egter net sowat 6 000 ooe per week geskandeer omdat baie skaapboere óf hul paartyd aangeskuif óf oorgeslaan het na Angora-bokke of beeste toe.

April is gewoonlik die stilte voor die storm, want van Mei tot Augustus skandeer ek gemiddeld 12 000 tot 15 000 ooe per week en kan ek tot 10 000 km per maand reis. Van September tot Desember is dit weer stiller en kan ek meer aandag skenk aan my gesin.

Met watter soort toerusting werk jy?

Ek werk al vir 24 jaar net met Mindray se sonarmasjiene. Hierdie masjiene is vir menslike gebruik ontwerp, maar werk net so goed soos dié wat veeartse gebruik. Toe ek begin skandeer het, moes my masjien in 'n oop krat agterop my Corsa-bakkie staan. Dit moes wind en weer en slegte paaie deurmaak, maar dit het my nooit in die steek gelaat nie.

Ek het omtrent vier jaar gelede vir my die nuutste Mindray-sonarmasjien aangeskaf en dit het my R150 000 uit die sak gejaag. Ek moet ook elke nege maande die *probe* (die toestel wat teen die ooi se uier gehou word en wat bepaal of sy dragtig is of nie) vervang omdat die voorkant mettertyd afskaaf. Ek het ook altyd 'n ekstra masjien byderhand indien iets verkeerd loop. Ek het deur die jare geleer om baie aanpasbaar te wees en kan op die mees afgeleë veeposte werk.

Moet jy by 'n kleinvee- of dieregesondheidsorganisasie geregistreer wees?

Ek behoort aan geen organisasie nie. Die veeartse in ons omgewing is my goedgesind en ek is dankbaar dat ek my werk ongestoord kan voortsit.

Het jy al ander skandeerders opgelei en is van hulle vroue?

Ja, ek het al heelparty mans én vroue opgelei, maar die meeste maak nie 'n besig-



Vanjaar was 'n goeie jaar vir vrugbaarheid. "Dis natuurlik net my waarnemings in die deel van die Oos-Kaap waar ek werk, maar kuddes se besettingskoers was minstens 5% hoër as gewoonlik en die hoeveelheid twee- en meerlinge was 15% tot 20% meer."

heid daarvan nie. Verbasend genoeg is twee van my voormalige vrouestudente nou ook suksesvolle skandeerders in ander dele van die Oos-Kaap. Skandering is baie tydrowend en die masjiene is geweldig duur. Boonop is daar maande wanneer boere nie skandeer nie en dan sit 'n mens sonder 'n vaste inkomste.

Hoe het jy die afgelope seisoen ondervind en watter veranderinge sien jy?

In ál my jare van skandering het ek nog nooit só 'n goeie seisoen beleef nie. Nie net het boere se kuddes se besettingskoers in die algemeen met minstens 5% toegenem teenoor vorige jare nie, maar die hoeveelheid twee- en meerlinge was ook 15% tot 20% hoër.

Ek is nie seker hoekom dit die geval is nie, maar dit kan 'n kombinasie wees van goeie somerreënval wat baie kos tot gevolg gehad het en 'n gematigde winter in ons deel van die Oos-Kaap.

Boere begin wegbeweeg van laparoskopiese inseminasie en doen weer natuurlike paring op die veld. Hulle het ook

hul paartyd aangeskuif tot April of Mei en boer met groter kuddes. Daar is wel heelwat boere wat van hul skaapkuddes ontslae geraak het en oorgeslaan het na Angora-bokke en beeste, maar dié wat deurgedruk het, het aanpassings gemaak in hul boerderye en dit gaan goed met hulle. Tans is boere baie meer optimisties oor skaapboerdery.

Hoe balanseer jy jou huislewe en jou besigheid, veral in die besige seisoene?

Ek is die soort mens wat net een ding op 'n slag ordentlik kan doen. In die besige tye is ek van vyfuur soggens tot nege-uur saans op die pad en dan help my man, Wimpie, my baie. Hy is 'n beroepsjagter, maar is gelukkig buigsaam genoeg dat hy na ons drie jong kinders kan kyk as ek nie kan nie. Ek is eintlik gelukkig om 'n hele ondersteuningsnetwerk om my te hê wat help met saamrygeleenthede skool toe en na buitemuurse aktiwiteite waarby ons kinders betrokke is.

In die stil maande is ek meestal by die huis en kan ek vergoed vir die tye wat ▶

◀ ek nie by die huis was nie.

Vind jy dit moeilik om 'n vrou in 'n manswêreld te wees?

Ek vind dit partykeer makliker om met mans as met vroue te werk omdat dit met mans 'n geval is van *what you see, is what you get*. Die boere behandel my nog altyd net met die grootste respek en waardering, en probeer meestal hul bes om alles vir my so gemaklik as moontlik te maak.

Watter veranderinge het jy die afgelope 20 jaar in skaapboerdery gesien?

Toe ek skanderings begin doen het, het die meeste skaapboere ekstensief geboer. Hulle het een maal per jaar natuurlike paring laat doen en dinge so goedkoop en eenvoudig as moontlik gehou. Ek weet nie wat die rede daarvoor was nie, maar mettertyd het skaapboere ál meer laparoskopiese paring begin toepas en baie druk op hul ooie begin sit. Hulle het hul skape ook kwaai gevoer.

Deesdae sien ek dat boere weer begin terugkeer na 'n eenvoudiger bestuurstyl. Dit kan moontlik wees omdat die skaapbedryf die afgelope paar jaar maar swaar trek en daar nie geld is vir *fancy* metodes nie. Ek sien ook hoe baie jong mense wat die boerdery by hul pa oorneem, partykeer drastiese veranderinge aanbring wat gewoonlik duur is en nie altyd werk nie.

Deesdae hoor jy ook ál meer van begriffe soos herlewingslandbou en koolstofkrediete in gesprekke met boere, en hulle het 'n *genuine* begeerte om hul veld te verbeter en die potensiaal daarvan op 'n volhoubaarder manier te ontgin.

Is daar 'n resep wat skaapboere met die hoogste besettingskoers volg?

Die boere wat deur die bank die hoogste besettingskoers het, gee aandag aan hul ooie se voeding voor paartyd. Hulle skuif hul ooie net voor paring na hul beste kampe toe. Dit plaas hulle op 'n opwaartse kurwe wat kondisie betref.

Dit wil ook voorkom of die besettingskoers in die berge gedurende die somer 'n allemintige 95% is, terwyl dit onder in



In besige maande skandeer sy 12 000 tot 15 000 ooie per week en haar Fortuner kan tot 10 000 km op die klok bykry. En ja, sy het ook al versoeke ontvang om vroue op plase se swangerskap te bevestig ...

die soetveld net 60% is. Boere skryf dit toe aan die koeler klimaat in die berge en die feit dat ramme doeltreffer kan werk wanneer die temperatuur laer is.

Vreemd genoeg wys my skanderings ook heelwat meer tweeling hoe nader ek aan Willowmore en Aberdeen beweeg. Dit het dalk iets te doen met die veld wat van grasveld na bossieveld oorgaan. Skape hou mos maar in die algemeen van klippe en bossies!

Is jy al ooit beseer in die skaapkraal?

Hoewel 'n ooi nou en dan in my vashardloop, het ek genadiglik nog nooit 'n langdurige of ernstige besering opgedoen nie.

Wat is die hoogste besettingskoers wat jy al in 'n kudde teëgekome het?

Ek het nog net een keer in my 24 jaar van skandering 'n 100%-besettingskoers gesien. Dit was in 2014 op die plaas Karreebosch van Japie Jordaan. Elke liewe ooi was dragtig. Die plaas is in die Cradock-distrik geleë en hierdie spesifieke kudde van omtrent 400 ooie het in die suurveld geloop. Sy resep vir sukses was dat hy 'n maand voor paring, asook twee weke gedurende paring vir sy ooie lek gegee het.

Die beste tweeling-besetting wat ek nóg gesien het, was 68% in 2022. Dié kudde ooie het aan Henk Linde van die plaas

Kromrivier (ook by Cradock), behoort. Soos ek sê, dit gaan maar alles oor voeding.

Het jy al vreemde navrae van boere gehad?

Ek het al navrae gekry van boere wat 'n sonartoets op hul swanger vroue wou laat doen!

Watter snaakse of vreemde staaltjies staan uit wat jy oor die afgelope meer as twee dekades beleef het.

Ek was ver swanger met my oudste kind en moes bo in die berge by Adelaide skape gaan skandeer. Dinge het nie vlot verloop nie en ek moes uiteindelik help skape bymekaarmaak. Boonop was dit 'n snikhete dag. Ons het almal gedink die baba gaan daardie dag kom.

'n Ander keer – en interessant genoeg by dieselfde boer – het 'n skerpioen my in die skaapkraal gestee. Ons het nie geweet of hy giftig is of nie. Die boer het 'n foto geneem en gelukkig was daar selfoonontvangs sodat ons inligting oor die skerpioen kon “google”. Ons kon vasstel dat hy skadeloos was en ek het daarna nog 'n duisend ooie geskandeer.

Dit is waarom ek so lief is vir dit wat ek doen – *never a dull moment*. **LBW**

NAVRAE: Tania Bosch, e-pos: taniawimpiebosch@gmail.com



RUGGED & REFINED



TUNLAND V7
VANNAF R689 900



TUNLAND V9
VANNAF R725 900

Die wag is verby. Die nuwe Foton Tunland V7 en Tunland V9 het amptelik in Suid-Afrika geland.

Wanneer jou bakkie dieselfde toewyding toon as jy, word elke dag meer produktief.

Robuust waar dit tel. Verfyn waar dit saak maak.

Registreer vandag jou belangstelling en ervaar die volgende generasie Foton



fotonsa.co.za



Nie die boer se beste vriend. Rooiakkalse maai veral onder Angora-bokkies in die Oos-Kaap. FOTO: VERSKAF

Roofdier-stryd op 'n mespunt

Ná 33 jaar het Niël Viljoen as die Nasionale Wolkwekersvereniging se roofdiernavorser uitgetree met 'n magdom kennis oor 'n probleem wat volgens hom nou krisisafmetings aanneem. *Landbouweekblad* het met hom gesels.

Wat is die stand van roofdierbestuur in Suid-Afrika? Dit lyk of Australië se regering meer doen om boere by te staan, onder meer deur subsidies, en dat dié land en Amerika minder ag slaan op diereregtegroepe.

Suid-Afrika se roofdierbestuur het in 'n erge beleidsvakuum verval, met ernstige gevolge vir die rooivleis-, wol- en wildbedryf. Waar Australië en Amerika boere aktief ondersteun met subsidies, vergoedingstelsels en gesofistikeerde roofdierbestuur, dra Suid-Afrikaanse boere die volle koste van heinings

en alle vorme van bestuur en voorkomingsmaatreëls. Permittelsels is inkonsekwent, departemente het min kundigheid, en geen staatsprogram bestaan wat boere stabiliteit, tegniese riglyne of finansiële ondersteuning bied nie. Beleidsbesluite in Suid-Afrika word toenemend beïnvloed deur diereregtegroeppe plaas van deur die werklikheid op plase en wetenskaplike beginsels. Wanneer aktivisme die debat oor roofdierbestuur oorheers sonder begrip en kennis, dra die landbousektor die gevolge.

Die indirekte impak hiervan op biodiversiteit

is groter as wat op die oppervlak sigbaar is. Indien wetenskaplike bestuur deur ideologiese druk verdring word, verloor ons nie net landboukapasiteit nie; ons ondermyn die ekostelsels waarop volhoubare produksie rus. Boere en bedryfsorganisasies kort 'n nasionale stem wat kundigheid, data en praktiese werklikhede bo aktivistiese druk prioritiseer.

Die negatiewe impak van uitsprake en dreigemente van sekere organisasies is die gevolg van 'n klimaat waarin boere stilbly, beheer onwettig of ongekoördineerd word en skade jaarliks eenvoudig net opstapel. Die gebrek aan staatsbetrokkenheid ondermyn voedselsekerheid, plaaslike werkskepping en die volhoubaarheid van die veebedrywe wat die landbou-ekonomie dra. Die huidige situasie is dus nie net 'n omgewingsvraagstuk nie, maar 'n nasionale risikofaktor.

Die grootste bedreiging vir roofdierbestuur in Suid-Afrika is nie die roofdiere self nie, maar die afwesigheid van 'n nasionale strategie. Wanneer die staat nie die vee-sektor ondersteun nie, word die boer wat die voedselsekerheid dra, geminag – en die land betaal uiteindelik die prys. Ons kan nie volhoubare ekostelsels of 'n stabiele landbou sonder 'n regering wat dit saam met boere bestuur nie.


In die afwesigheid van 'n nasionale, wetenskaplik-gedrewe en voldoende gefinansierde roofdierstrategie is Suid-Afrika op pad na 'n strukturele landboukrisis. Elke jaar wat die staat versuim om in te gryp, word die produksiebasis van wild, sybokhaar, wol en vleis onherstelbaar verswak. Met die regering se rug gedraai, verloor Suid-Afrika nie net boere nie, maar ook die vermoë om sy bevolking te voed.

Hoe het die roofdier-veeboer-konfliksituasie die afgelope 20 jaar verander?


Die konflik tussen die mens en roofdiere het skerp toegeneem, gedryf deur grondgebruiksverandering en landskapfragmentasie wat veroorsaak dat die gebied waar roofdie-



Niël Viljoen boer weer heeltyds by Loxton, maar is nog betrokke as konsultant op plaasvlak en by studente-opleiding en internasionale gesprekke oor die mensdier-konflik. FOTO: ROELOF BEZUIDENHOUT



Anatoliese herdershonde wat reg geteel is en goed bestuur word, kan help om roofdieraanvalle te verminder. FOTO: NIËL VILJOEN



Rooikatte maak soms 'n klomp Angorabokke op 'n slag dood, sonder om aan hulle te vreet. FOTO: ROELOF BEZUIDENHOUT

re ongehinderd kan aanteel, al groter word. Veeboerdery word vervang met wild, mynbou en natuurbewaring. Plase word groter en naweekboerdery word ál algemener. Sels nuwe landbou-ontwikkeling speel 'n rol.

Nuwe habitats, soos plantasies, landerye, paaie, wildkampe, mensgemaakte waterpunte en infrastruktuur, skep kunsmatige ryk habitats met volop kos en skuiling. Hierdie stadige, maar groeiende veranderinge is direk verantwoordelik vir die toenemende nadelige invloed van mesopredatore, soos rooijakkalse en rooikatte, op die bedryf.

Ondanks die vooruitgang in data-insameling en bestuurspraktyke (Roofdierbestuur SA) bly direkte én indirekte verliese aan kleinvee, grootvee en wild die afgelope tyd jaarliks rondom R4,4 miljard, met beduidende impak op die sybokhaar, rooivleis- en wolwaardeketting. Bedryfsorganisasies speel 'n toenemende rol in navorsing, opleiding en beleid om ekonomiese stabiliteit te probeer handhaaf.

Nie-dodelike én dodelike bestuursmaatreëls sal in die toekoms meer gebiedsgekonsentreerde samewerking tussen boere vereis. Gestruktureerde monitering en deurlopende aanpassings op grondvlak gaan deurslaggewend wees om werklike ekonomiese voordeel vir die vee- en wildsektor te verseker.

Ons het ná 17 jaar van navorsing op 27 moniteringsplase oor die hele land heen deeglik besef dat roofdierbestuur harde werk en toewyding vereis. Daar is nie een enkele oplossing, soos net skiet, nie. 'n Roofdierbestuursprogram moet met die vee- en veldbestuursprogram geïntegreerd wees en

seisoenaal aanpasbaar wees, terwyl verskeie metodes gereeld afgewissel moet word. (Die moniteringsprojek is verlede jaar gestaak toe besluit is dat genoeg inligting ingewin is.)

Hoekom neem die rooijakkalsprobleem steeds toe?

Jakkalsverwante verliese het die afgelope 15–20 jaar merkbaar toegeneem, hoofsaaklik weens 'n kombinasie van biologiese en mensgedrewe faktore. Biologiese faktore sluit in die afwesigheid van groot roofdiere (toppredatore) – met die gevolglike “bevryding” van mesopredatore, met geen natuurlike mededinging en predasie op jakkalse nie. Wanneer toproofdierdruk afneem, stabiliseer en groei mesopredatorbevolkings baie vinnig.

Verder het die jakkals 'n hoë voortplantingspotensiaal gepaardgaande met vinnige bevolkingsherstel. Hul werpsels is gewoonlik ses tot agt kleintjies en hulle het die vermoë om vinniger aan te teel wanneer individue uitgewis word. Wyfies kan ook vroeër geslagsryp raak. Bevolkings herstel binne een seisoen. Dit gee hulle 'n enorme biologiese voordeel in veranderende landskappe.

Rooijakkalse is uiters opportunisties en omnivore van formaat. Hulle kan vinnig tussen prooitipes wissel – van kleinvee tot grootvee of wild. Hulle vreet knaagdiere, insekte, aasreste, bessies, sade en gras. Hul jagstrategieë is so aanpasbaar soos wat die geleentheid hom voordoet. Muise, hase, ystervarke, skaaplamers, volgroeide springbokkramme, blesbokke, koedoekalwers en beeste is alles kitskos. Vir elke denkbare scenario word die jagstrategie binne

sekondes geformuleer, getoets, uitgevoer en gememoriseer. Hierdie buigsamheid maak hulle uiters bestand teen omgewings- en klimaatsverandering.

Wat doen boere verkeerd?

'n Ernstige fout is ongekoördineerde, onprofessionele bekampingspogings. Dit behels onverantwoordelike gifgebruik, sportgedrewe roep- en skietwerk, oningeligte en onbekwame gebruik van vangysters en vanghokke, en verkeerde gebruik van elektroniese afskrikmiddels en beskermende diere, soos herdershonde en alpakkas.

Sekere boere, jagers, bewaarders en aktiviste onderskat die rooijakkals se vermoë om te koloniseer ná bekamping. Dit veroorsaak dat verkeerde optredes skade nog verder vererger. Die gevolg is dikwels emosionele ineenstorting onder boere – iets wat net boere verstaan. Droogtes beïnvloed en verhoog finansiële druk op die boer, en die verhoogde ekonomiese waarde van kleinvee maak elke verlies soveel duurder.

Verskeurde en verminkte diere wat doodgemaak moet word, bou 'n sielkundige haat teenoor roofdiere op. Emosie veroorsaak dat alle spesies as bedreigings gesien word en dit veroorsaak dat nie-teikendiere uitgewis word.

Dit lyk of helikopterjag 'n opsie kan wees gegewe die hoë koste van draadheinings?

Jakkalswerende, geëlektrifiseerde en wildheinings kom toenemend onder druk as nie-dodelike bestuursmaatreëls. Die rede is die ouderdom van bestaande heinings, ▶

◀ vinnig veranderde weersomstandighede, die buitensporige aantel en verspreiding van vlakvarke en bosvarke, wat geen versperring respekteer nie, en hoë onderhoudskoste. Gevolglik is die eens betroubare jakkalswerende heinings ekonomies en prakties nie meer doeltreffend nie.

Hoewel bekamping met helikopters op die oog af onbekostigbaar raak vir boere, is dit een van die min strategieë wat werklik skade verminder, mits dit op spesifieke areas konsentreer en deur ervaar spanne gedoen word. Dit moet met deurlopende monitering gepaard gaan.

Die wetenskap toon ook dat sukses afhanklik is van territoriale stabiliteit en samewerking tussen plase. Sporadiese of ongekoördineerde bekamping lei maar net tot

die vinnige herkolonisasie van die roofdiere.

Daar is baie teorieë oor roofdierbestuur. Wat moet jy glo?

Teorieë kan baie gevaarlik wees vir boere, jagters en natuurlik biodiversiteit. Slegs wetenskaplik getoetste bewyse kan volhoubare oplossings bied. Wanneer bestuur op data, ekologie en herhaalbare patrone gebou word, beskerm dit biodiversiteit én die landbougemeenskappe wat daarvan leef.

Gif in roofdierbekamping word toeneemend gesien as ekologies en ekonomies onvolhoubaar. Omdat gif nie spesiesesifiek is nie, raak dit 'n wye reeks noodsaaklike nie-teikenspesies – van draaijakkalse tot bakoorkakkalse, muishonde, meerkatte, aasvoëls en roofvoëls. Gelukkig ervaar boe-



Bakoorjakkalse, 'n nie-teikenspesie wat 'n belangrike rol in die ekosistelspeel, is soms die slagoffer van giftoediening. FOTO: VERSKAF

re groeiende onsekerheid oor gif, aangesien skadevlakke nie afneem nie en natuurlike regulatoriese prosesse verswak namate aasdiere en sekondêre predatore uit ekosistels verdwyn. **LBW**

NAVRAE: Niël Viljoen, e-pos: nielviljoen@gmail.com, 082 381 8227.

Predasie en tegnologie

Roofdierbestuur bly 'n moeilike onderwerp. Almal het iets te sê of raad te gee daarvoor, maar uiteindelik moet 'n boer self besluit watter metodes en kombinasie van metodes kan werk én sy begroting pas, want van die metodes is duur.

Volgens dr. Beanérlí Janecke van die predasiebestuursentrum aan die Universiteit van die Vrystaat se departement veekunde kan die belangrikheid van 'n noukeurige roofdierbestuursplan en goeie rekordhouding nie genoeg beklemtoon word nie. Volgens haar moet só 'n plan gereeld hersien word. 'n Bestuurplan sluit onder meer in:

- Die soort bestuursmetode wat vir 'n sekere tydperk gebruik gaan word.
- Die koste verbonde aan die metode.
- Vir watter tydperk dit gebruik gaan word.
- Hoeveel diereverliese daar in daardie tydperk was.
- Die volgende metode of kombinasie van metodes wat beoog word om die metode af te wissel. Dit help om die metode elke drie weke af te wissel en metodes te kombineer.
- Die seisoen en tyd van die jaar (wanneer roofdiere kleintjies kry of wanneer natuurlike prooi begin afneem).
- Die lam of kalftyd van die vee.



Almal het geraai oor dié vreemde spoor totdat 'n kamera 'n bruinhiëna (strandwolf) afgeneem het. FOTO: ROELOF BEZUIDENHOUT

- Die verskuiwing van vee na kampe waar minder roofdieraktiwiteit is.

Daar is al heelwat tegnologie wat ingespan kan word as afskrikmiddel vir roofdiere. Hier is vyf toepassings van tegnologie:

- Hommeltuie kan toegerus word met afskrikmiddels, soos ligte, alarms of spuitstowwe wat roofdiere irriteer.
- Jakkalsligte is deesdae by sekere handelaars beskikbaar. Dit het verskillende kleure lig en ritmes van ligte wat kan flikker en aan kampdrade aangebring kan word.
- Bewegingsensors kan elektriese omheinings aktiveer slegs wanneer daar beweging buite die kamp is en harde alarms aktiveer of 'n kennisgewing na jou selfoon stuur.
- Die PredaCam-veldkameras met bewegingsensors is ontwerp om kunsmatige intelligensie te gebruik wat die foto van die roofdier kan identifiseer en dadelik 'n

boodskap na jou selfoon stuur.

- Een nekband, wat toegerus is met GPS en stresparameters (soos hartklop en temperatuur) van vee kan meet, kan aangebring word per groep skape, bokke of beeste. Dit kan ook dadelik die GPS-posisie van die trop op jou selfoon aandui as diere stres ervaar. Bestuursmetodes wat reeds goed bekend is, sluit in nekbande, ligte, alarms, skaapwagters en waghou-diere, soos honde, donkies, volstruise of lamas, die hou van vee in krale, vanghokke, *foot-hold traps* (wat slagysters vervang), elektriese omheinings en tydelike verskuifbare elektriese heinings.

Klein praktiese dinge sluit in om glimstroke wat vir sleepwaentjies of motors gebruik word, op vee se nekbande te plak of om weerkaatsers van voertuie op sekere plekke in die kamp aan te bring. Daar is ook oorplaatjies beskikbaar met ingeboude weerkaatsers.

Weerkaatsers het gewoonlik min lig nodig. Sonliggies wat in tuine gebruik word, kan op verskillende plekke in die kamp geplaas en gereeld geskuif word vir korttermyngebruik. 'n Radio kan in die kamp gesit en gestel word om op 'n sekere tyd aan te gaan.

NAVRAE: E-pos: JaneckBB@ufs.ac.za

Revytek®

Ontdek die *vermiste skakel* vir mielies.

Ontsluit verbeterde siektebeheer en verhoogde oespotensiaal met **Revytek®** vir mielies, aangedryf deur **BASF** se revolusionêre aktiewe bestanddeel, **Revysol®**.



Kontak jou naaste **BASF**-verteenwoordiger om verder te gesels. Stuur 'hi' op **WhatsApp** na: +27 66 125 9522.



VINNIG

Vinnige opname en kragtige werking



EENVOUDIG

Grond- of lugtoediening teen lae dosis (200 ml/ha)



BETROUBAAR

Volhoubare en langdurige beheer danksy 'n gunstige regulatoriese en ekologiese profiel

BASF

We create chemistry



BASF Suid-Afrika (Edms) Bpk • Sestiendestraat 852, Midrand, 1685 • Posbus 2801, Halfweghuis, 1685 • Tel: +27 11 203 2400 • Faks: +27 11 203 2461

Webwerf: www.agro.basf.co.za • Mobilele webwerf: m.agro.basf.co.za • **Revytek®** Reg. Nr. L11787, Wet Nr. 36 van 1947. Aktiewe bestanddeel: Mefentrifluconazole (triazole) 200 g/l. Pyraclostrobin (methoxy-carbamate) 200 g/l. Waarskuwing. **Revytek®**, **Revysol®** en **F500®** is geregistreerde handelsmerke van BASF.

Gevaarstellings: Veroorsaak ernstige oogskade. Veroorsaak velirritasie. Kan 'n allergiese velreaksie veroorsaak. Kan respiratoriese irritasie veroorsaak. Skadelik indien dit ingesluk of ingeasem word. Uiters giftig vir waterlewe, met langdurige gevolge. LEES DIE ETIKET VOOR GEBRUIK.



Van Caledon tot Colombia – nou's daar g'n keer aan veehalsband

Nadat hy as 'n jong boer 48 skape verloor het omdat veediewe tydens sy wittebrood op sy plaas by Caledon in die Wes-Kaap toegeslaan het, het Philip Lötter – soos net 'n boer kan – 'n plan begin maak.

Wat begin het as 'n prototipe ontwerp wat die Overbergse boer Philip Lötter saam met die Universiteit Stellenbosch ontwikkel het, het 'n kettingreaksie veroorsaak en gelei tot 'n hoogs herkenbare handelsmerk wat aan die vooraand staan van 'n internasionale deurbraak.

Philip se plan word deesdae deur sowat 2 000 boere in Suid-Afrika gebruik om na-

genoeg 3 miljoen stuks vee teen veediewe en roofdiere te help beskerm.

FarmRanger se halsbande vir skape en beeste gebruik beweging- en GPS-sensors, en 'n kombinasie van die maatskappy se spesiaal ontwerpte tegnologie om diere se bewegings 24 uur per dag te monitor. Dié sensor kommunikeer met behulp van GSM-tegnologie via 'n toepassing met die boer sodra die diere se bewegings drasties verander

Hou my dop. FarmRanger se halsband kan vir enige vee gebruik word. FOTO'S: VERSKAF

KORTOM

- FarmRanger bied met sy veehalsbande vir boere 'n optimale produk in die stryd teen veediefstal en roofdieraanvalle.
- Die span is ook besig om produkte te ontwikkel wat boere kan help met teelmateriaal, weidingsbestuur en koolstofmeting.
- Die halsbande word tans in verskeie lande getoets en daar word gewerk aan 'n aksieplan om die produkte in die toekoms buite die landsgrense te kan verkoop.

sodat die boer kan optree.

Die span by FarmRanger, met sy hoofkantoor by Technopark buite Stellenbosch, het buiten boerekennis 'n handvol ingenieurs en spesialiste wat hul ervaring oor die beweging van vee, diefstal en tegnologie in 'n halsband saamsnoer. Deur die jare het hulle die tegnologie verfyn om 'n optimale produk aan die mark te bied.

Die produk is al sô verskerp dat 'n boer net een halsband vir 'n trop van 450 skape en een halsband vir 30 beeste in 'n kudde nodig het om diere se bewegings te monitor.

“Een ding wat ons onderskei van alles anders wat op die mark is, is dat ons al ons produkte self ontwerp,” sê dr. Johann de Swardt, uitvoerende hoof van FarmRanger. “Alles, van die begin tot die einde van die produksieproses, is binne ons beheer om te kan onderhou en te verbeter. Ons mededingers voer meestal hul produkte in van ander lande, soos China.”

En as boere bekommerd is dat hul pakkie dalk voete kry in die pos? Die halsband se uitstekende GPS-tegnologie beteken die ligging daarvan kan 24 uur per dag nagegaan word. “Daar was al 'n voorval toe 'n halsband gesteel is – en ons kon dit onmiddellik naspur. Die verdagte is vinnig deur die boer en polisie vasgetrek,” sê Johann.

Klein begin

Philip het twee belangrike lesse uit sy reis met die halsbande geleer. “Jy moet klein begin en aanhou. Moenie ophou nie!”

Hy is op 'n plaas by Caledon gebore en



FarmRanger se tegnologie is al só ontwikkel dat slegs een halsband vir 'n trop van 450 skape en een halsband vir elke 30 beeste in 'n kudde benodig word.



Die FarmRanger-span is, van links, agter: Ruan de Jager, Wouter Brand, Edwin Nel, Franco Groenewald, Marius van der Merwe, Michael Lubbe, Nico Nortier, Althea van Wyk, De Wet Volschenk, Loren May en Lee-Ann Cupido; voor: Emma Brand, Carmelita Okkers, Granville Cupido, Charon Koopman, dr. Johann de Swardt, Corina van Wyk, Brandin Sutherland en Phoebe van Heerden. Sowat die helfte van die span bestaan uit ingenieurs, en die ander helfte is personeel wat in bemaking, verkope, ondersteuningstelsels en produksie werk.

getoë en het in 1988 op sy eie begin boer. Van die begin af was probleme soos veediefstal en roofdiere deel van sy werklikheid op die plaas. Hy wou sy diere beskerm en het gesoek na 'n oplossing wat hom kon waarsku wanneer sy kudde in nood is.

Destyds was die opsies beperk tot gereelde patrolliegroepe of om die diere persoonlik oornag te bewaak. Dit het min sukses opgelewer – veral gedurende volmaannagte wanneer diefstal gewoonlik meer plaasvind. Philip wou 'n toestel hê wat abnormale kudde-aktiwiteit intyds kon opspoor.

Met die samewerking van die ingenieurs-fakulteit aan die Universiteit Stellenbosch is die eerste prototipe ontwikkel – 'n toestel wat aan 'n skaap se poot vasgemaak is om bewegingspatrone tydens weiding of hard-

loop te monitor. Ná talle eksperimente het die ontwerp ontwikkel in 'n akkurer band wat om die dier se bors gedra is. Dit het egter 'n rits probleme veroorsaak.

Vasbeslote om 'n produk te ontwerp wat optimaal werk, het Philip hom tot Johann (met 'n doktorsgraad in elektroniese ingenieurswese) van Etse Electronics gewend om die konsep te verfyn. Hy wou 'n praktiese, tegnologiese oplossing vind vir die groot veediefstalprobleem waarmee Suid-Afrikaanse boere te kampe het.

Die handelsmerk, FarmRanger, is in 2017 geregistreer en vandag is Johann die uitvoerende hoof.

Die produk is oor 'n tydperk van meer as 25 jaar ontwikkel in 'n halsband wat om 'n dier se nek gedra word om tekens van po-



Philip Lötter destyds by die elektroniese toestel, die ESVA, wat om 'n skaap of bees se bolyf vasgemaak is. Dié foto het verskyn by die eerste *Landbouweekblad*-artikel oor die elektroniese alarmstelsel, "Elektroniese alarm dief se moes", op 10 November 1995.

Vinnige tydlyn: Van plaas tot Technopark

- **1988** Philip Lötter se skape word gesteel by Caledon in die Wes-Kaap
- **1990** Eerste prototipe van die tegnologie word ontwerp saam met die sentrum vir elektroniese dienste (SED) aan die Universiteit Stellenbosch
- **2000** Etse Electronics raak betrokke en help om die produk verder te ontwikkel (radiofrekwensiestelsel word gebou en getoets)
- **2001** Etse Electronics verander die ontwerp na selfoontegnologie en vervaardig die eerste eenheid
- **2016** Philip Lötter se besigheid word deel van Etse Electronics
- **2017** FarmRanger-handelsmerk word geskep
- **2018** FarmRanger-halsbande word na die buiteland versprei

tensiële veediefstal of roofdiervooralve akkuraat en vinnig op te spoor. Dit sluit alarms op die gebruikers se selfone in, asook intydse opsporing met 'n GPS en FarmRanger se Geofences-funksionaliteit (virtuele kampe wat gebruikers self kan opstel). Kliënte kan ook hul nuwe satelliethalsband gebruik in gebiede sonder selfoonontvangs. ▶



Boere moes aanvanklik basisstasies installeer om die produk te kan gebruik – deesdae werk die halsbande op selfoon- en satellietnetwerke.

◀ **Luister na boere**

Nog 'n aspek wat FarmRanger se produk uniek maak, is dat die span gereeld met hul kliënte skakel oor die gebruik van die produk om data oor misdaadnegings in te samel, asook hoe hul produk dalk verbeter kan word en watter ander produkte kliënte graag sou wou hê.

Philip, wat intussen opgehou boer het en as die hoof van kliëntediens betrokke bly, skakel daagliks sowat 40 boere wie se diere se buitengewone bewegings gedurende die vorige nag baie hoog was. Die stelsel stel die span in staat om vroegdag dié boere te kan identifiseer.

Philip kontak die boere om seker te maak wat die rede vir dié buitengewone beweging was. Dit stel die span in staat om hul data te versterk, asook om gereelde kontak met kliënte te behou en verhoudings met hulle te bou.

Is dit veediefstal of 'n roofdier?

Boere wil uiteraard weet of die buitengewone beweging deur veediefstal of 'n roofdier veroorsaak is. FarmRanger het gevolglik al menige boer en die polisie gehelp om veedie- we op heterdaad te betrap.

Die span, waarvan die helfte ingenieurs is, ontwerp selfs meer verfynde tegnologie wat sal help om optrede te verskerp. “Deur te weet of dit 'n veedief of roofdier is, kan die boer sy optrede rig om sy plaaslike veiligheidsplan te aktiveer en die polisie te kontak,” sê Johann.

“Ons luister na boere soos hul behoeftes ontwikkel, en pas ons veeveiligheidsoplossing aan om aan die voorpunt en relevant te bly vir ontwikkelende behoeftes. Ons is



FarmRanger se halsbande het 'n ál groter teenwoordigheid in Suid-Afrika. Buiten dat dit in buurlande, soos Namibië en Botswana, getoets word, is 'n projek ook aan die gang om dit oor die wêreld heen te toets. *KAART: VERSKAF*

daartoe verbind om slim oplossings te bied wat boere help om hul lewensbestaan te beskerm en gemoedsrus in 'n steeds veranderende wêreld te verseker.”

Die hoogtepunt van die FarmRanger-span se werk is “om te kan sien dat ons produk werk en 'n verskil maak in ons kliënte se boerderye en ondernemings”.

Kunsmatige intelligensie

Die verbetering van die tegnologie wat die span die afgelope 25 jaar kon gebruik, maak Marius van der Merwe, FarmRanger se hoof van ingenieurswese, baie opgewonde. Aanvanklik het die stelsel SMS'e gebruik om 'n boer oor buitengewone beweging te waarsku. Namate die tegnologie van kommunikasiestelsels ontwikkel het en nuwe stelsels toegepas is, kon die span 'n sprong in die gebruik van die halsbande sien.

Het – of gaan – die koms van kunsmatige intelligensie (KI) dieselfde veroorsaak?

Marius sê wat die gebruik van KI betref, is dinge nog onseker. Hy glo wel KI sal 'n rol kan speel met die verfyning van die stelsel om te bepaal om watter rede diere buitengewoon beweeg. “Namate KI ontwikkel, sal ons dit kan gebruik vir masjienleer om die halsband verder te verfyn.”

Nóg produkte in ontwikkelingsfase

Met die klem daarop dat ondernemings en boerderye hul koolstofspoor moet verklein – en die ál groter aanloklikheid van koolstofkrediete as 'n inkomstestroom – is dit nie vreemd dat boere by die span aangeklop het om hul stelsel en tegnologie te gebruik vir

'n produk waarmee hulle hul koolstofspoor kan meet nie.

“Die span is gevolglik besig om modelle en tegnologie te bou wat dit sal kan meet. Dit gaan hand aan hand met herlewingslandbou en watter voordele die toepassing daarvan vir 'n plaas kan inhou,” sê Marius en Johann.

Daar word ook gewerk aan modelle en produkte wat boere met teelmateriaal en weidingsbestuur kan help.

Verken wyer grense

Wat uitvoer betref, is die span in 'n toetsfase om die halsbande in verskeie ander lande te toets. “Daar is tans van ons halsbande op ses van die sewe vastelande,” sê Johann. Dit sluit lande in soos Australië, Colombia en die Patagonië-streek in Argentinië.

Hulle het ook 'n vastrapplek in Europa begin kry, in onder meer Nederland, Duitsland en Skotland.

Veeboere in Patagonië, wat deurloop onder wilde honde wat hul vee aanval, toets dié halsbande. Hierdie wilde honde is die gevolg van verstedeliking, waar die honde wild begin leef in landelike gebiede en toenemend veetroppe aanval.

In Switserland word vee veral in die Alpe deur wolwe aangeval en die bande word daar getoets om boere te help. Nader aan Suid-Afrika word die bande ook in Namibië, Botswana en Zimbabwe getoets.

FarmRanger werk tans aan 'n aksieplan wat binne die volgende twee jaar uitvoer moontlik kan maak. **LBW**

Agricol-sonneblom troef teenspoed en wen goud

Ondanks 'n seisoen wat met droogte, stres en teleurstelling gepaard gegaan het, vertel dié boer se sonneblomlanderye 'n ander storie.

Ten spyte van 'n baie moeilike seisoen het Ernst Jonker van die plaas Katdoornkraal by Makwassie in Noordwes 'n uitmuntende sonneblomoes behaal. Sy wenopbrengs van 3,33 t/ha het hom nie net die titel as Graan SA se Groei vir Goud-wenner in die sonneblom-kategorie besorg nie, maar sy Agricol AGSUN 5106CLP het ook goud verower vir 'n olie-opbrengs van 1,38 t/ha teen 'n olie-inhoud van 41,3%.

Ernst is die derde geslag in Lor & Ernst Jonker Boerderij en hy boer al 26 jaar in 'n streek waar sonneblom tradisioneel goed presteer. “Ek het grootgeword met sonneblom. Ons gebruik dit steeds vir wisselbou saam met mielies en sojabone.”

Die gemiddelde opbrengs op lang termyn in die omgewing is sowat 2 t/ha, en Ernst meen met die voordeel dat dit laat geplant kan word, bly sonneblom 'n winsgewende gewas. Hy wys daarop dat oeste van 2,5-3 t/ha die afgelope paar jaar al hoe meer voorkom namate die kultivars verbeter.

Kultivar wat uitblink

Vir die 2024-'25-seisoen het Johan (Bonhi) Bonthuys, Agricol se verkoopsagent in die Wolmaransstad-distrik, die kultivar AGSUN 5106CLP aanbeveel. Proewe by studiegroepe het baie goeie resultate

getoon, en Ernst het 50 ha vir die kultivar opsygesit. “Agricol se ander Clearfield Plus-kultivars het ook goed gevaar, maar dié een was uitstekend,” sê Ernst.

Volgens Henk Crafford, bemarkings-en-verkoopsbestuurder van Agricol in die Wes-Vrystaat en Noordwes, presteer dié kultivar nou al vier jaar lank deurlopend goed – en dit word jaar ná jaar beter.

Bonhi bevestig dit: “Die afgelope vyf jaar se proewe toon deurlopend goeie opbrengste. ‘Deurlopend’ is die sleutelwoord. 'n Boer wil nie 'n kultivar hê wat een jaar uitskiet en die volgende jaar teleurstel nie.”

Ernst stem saam. Hy sê die jong plantjies het ook besonder goed opgekom, iets wat belangrik in 'n seisoen met storms is. Die AGSUN 5106CLP het nie ongeval nie, en sy staanvermoë was opvallend goed.

Korter stamme voordelig

Een van die kenmerke van AGSUN 5106CLP is sy korter stamme vergeleke met die meeste sonneblom s'n. Ernst beskou dit as 'n duidelike voordeel. “Hoe groter 'n plant is, hoe meer voeding en water verg dit. Korter plante gebruik minder daarvan en die energie gaan meer na die koppe.”

Bonhi beaam dit en sê Agricol glo langer stamme dra nie by tot opbrengs nie en verg eer-

der kosbare hulpbronne.

Volgens Ernst verbeter korter stamme ook die staanvermoë. “Daai lang plante kan maklik knak of omval, en dis moeilik om dit te stroop. Die korter plante stroop baie makliker.”

Stay Green-eienskap tel in die strooper

Nog 'n voordeel van Agricol se sonneblomreeks is die Stay Green-eienskap. Bonhi verduidelik: “Die stamme en selfs party blare bly langer groen, al is die plant al fisiologies ryp. Dit word nie so vinnig swart en droog soos ander kultivars nie, en stroop dus makliker.”

Ernst sê die wenblok se stamme was nog redelik groen toe hy gestroop het. “Dit maak die strooppeser skoner, want net die pitte is droog. Wanneer 'n plant té droog raak, waai pitte en materiaal maklik weg. Die Stay Green-eienskap maak 'n groot verskil.”

Volgens Bonhi het Agricol se kultivars kompakter koppe, wat uiteindelik ook minder voëlskade tot gevolg het.

Onkruid makliker bekamp

Clearfield® Plus-kultivars kan in die twee-tot sesblaar-stadium met sekere geregistreerde breëblaar-onkruidodders bespuit word – 'n voordeel wat konvensionele tipes nie het nie.

Vir die Groei vir Goud-kompetisie moes Ernst 'n 2 ha-blok



Trotse winner. Ernst Jonker met die twee toekennings wat hy ontvang het as wenner van die sonneblomkategorie in Graan SA se Groei vir Goud-kompetisie vir die 2024-'25-seisoen. FOTO: SUZANNE VENTER

kies waarvan die gemiddelde opbrengs gemeet sou word. Die AGSUN 5106CLP-blok het deurlopend 3,33 t/ha gelewer – 'n “toetslopie” wat 'n wenlopie geword het. Soos vroeër genoem, het dié blok ook die hoogste olie-opbrengs opgelewer, wat die kultivar se prestasie beklemtoon.

Hy wil hierdie seisoen meer AGSUN 5106CLP aanplant, want hy het duidelik gesien wat moontlik is – selfs in 'n moeilike jaar. “Die res van die Agricol-kultivars het ook baie goed gevaar en gemiddeld 2,5 t/ha gelewer.” **LBW**

NAVRAE: Web: agricol.co.za

Presisieplant alles sommer op een slag

Die 6 meter breë Lemken Solitaire NT is 'n veelsydige saaimasjien wat ontwerp is om konvensionele grondvoorbereiding, bewaringsbewerking en direkte plant in een werktuig te kombineer.

Dié werktuig het 'n Pro-Disc-enkelskyfkouterstelsel met elektro-hidrouliese druk-aanpassing wat doeltreffende grondindringing en eenvormige saaidiepte op

ongelyke grond vergemaklik. Breë dieptebeheerrollers help om eenvormige opkoms te verseker. Dié ontwerp vereis minder trekkras as konvensionele stelsels, wat brandstofverbruik tydens werking verminder.

Twee hoofkonfigurasies bied buigsaamheid gedurende die saaiproses.

In 'n eenmalige saai kan tot drie funksies gelyktydig plaasvind, terwyl A-B-saai met dubbelbakke die gelyktydige saai en bemesting of die gelykty-



Op
aanvraag

dige saai van die hoofgewas en 'n dekgewas moontlik maak.

In bewaringsbewerkingsbedrywighede verminder die werktuig grondversteuring, terwyl dit akkurate saadplasing handhaaf. 'n Bykomende ryskoonmaker verwyder gewasreste vir direkte saai.

Ander kenmerke sluit in ge-

tande sluitrollers vir behoorlike saadbedekking, wat veral nuttig in droë toestande is, en volle Isobus-versoensbaarheid deur Lemken se iQblue-beheerstelsel bied.

PRYS: Op aanvraag.

NAVRAE: Web: www.lemken.com/za-en/

Behandel saad op enige plek

Die kompakte AgriCAD ST301 voorsien in die toenemende behoefte



aan buigsame saadbehandelingsopsies op die plaas.

Die hele stelsel kan op 'n standaard-eentonbakkie deur 'n enkele operateur bedryf word. Die 200 liter-saadbak ondersteun deursetkoerse van tot 12 ton per uur, na gelang van saad tipe en behandeling vereistes. Sy beheerstelsels eenvoudig. Operateurs kan met analoogsakeleers entstoedienings sonder ingewikkelde programmering verander. Dit bied nat of droë saadbehandeling deur afsonderlike modules, elk toegerus met onafhanklike roerders om eenvormige bedekking te verseker.

Die awenaar het skroefdrade van ultrahoëdigtheid-poliëteleen vir slytweerstand en verminderde aanpak van materiaal. Saad word sagkens hanteer danksy minimale valhoogtes, laewringoppervlakke en noukeurig ontwerpte awenaar-geometrie om breekskade te verminder. Dit is veral belangrik by gevoelige saadtipes. 'n Dubbeluitlaatstelsel laat operateurs toe om een sak te vul terwyl die volgende voorberei word, wat stilstand tydens werking verminder. Die ST301 werk op standaard-220 V-enkelefasekrag met veranderlike spoedaandrywingsbeheer.

Op die foto staan Jacques du Plessis, Northmec Implements se produkbestuurder, by die AgriCAD ST301 wat hy op die VKB Bieliemieliefes in Reitz in die Vrystaat besigtig het.

PRYS: Vanaf R143 750.

NAVRAE: Charl Fouché, 078 095 7974; web: www.agricad.co.za

Vanaf
R143 750

Dié mesmoertang in 'n ander klas

Leatherman het sy internasionaal gewilde Wave-mesmoertang opgegradeer met die nuwe Wave Alpha, wat beduidende vordering in top-handgereedskapsingenieurswese verteenwoordig.

Die Wave Alpha se besonderse kenmerk is die nuwe MagnaCut-staalmeslem, wat voortrefflike roesvryheid teenoor standaard-vlekvrystaal bied.

Dit is 'n praktiese voordeel in boerderye, waar gereedskap met vog en chemiese middels in aanraking kom. Die meslem maak met een hand oop deur middel van 'n duimknoppie. Dit is veral nuttig wanneer met toerusting of vee gewerk word.

Die buitekant van die Wave Alpha is só ontwerp dat dit 'n vaste greep bied – selfs met nat of vuil hande.

Die skêr is ook vergroot om beter te sny en vir makliker eenhandige toegang.

Onder die Wave Alpha se 19 gereedskapstukke is ook 'n skerpbeektang, 'n gewone knyptang, 'n stewige draadknyptang, 'n els, 'n draadstroper, oopbeur-gereedskap, 'n mediums kroewedraaier, 'n saag, klein en groot puntdraaiers (*bit drivers*) en skroewedraaierpunte, 'n blik- en botteloopmaker en vyle.

Teen 234 g en 'n geslote lengte van 10,26 cm is dié topgehalte-gereedskapstel steeds gerieflik om saam te dra.

Die Wave Alpha word vir 25 jaar deur die maatskappy gewaarborg.

PRYS: Vanaf R6 620.

NAVRAE: Awesome Tools, 021 981 6672, e-pos: sales@awesome-tools.co.za, web: www.awesome-tools.co.za



Vanaf
R6 620

Gebou om te dien. Gerugsteun om aan te hou.



LIVE THE
RANGER LIFE
Ford

Wanneer jou besigheid op jou Ranger staatmaak, is staantyd nie 'n opsie nie.

Daarom hou die Ford Family Promise jou aan die beweeg, met 'n 60-minute-snel diens om jou vinnig weer terug te kry by jou besigheid. Teen geen bykomende koste kry jy ook toegang tot 'n Voertuigleenprogram wat nie jou planne in die wiele sal ry nie, asook 'n Mobiele Diens wat na jou huis of werk toe kom.



60-minute-snel diens



Voertuigleenprogram



Mobiele Diens*

*Slegs by deelnemende handelaars



Ford

Besoek ford.co.za

SA Stamboek vereer land se voorste kuddes

SA Stamboek het altesaam 403 kleinvee- en 587 vleisbeeskuddes met Logix-eerbewyse vereer tydens sy jaarlikse simposium in Bloemfontein. JOHAN NORVAL het dit bygewoon.

ONDER die Logix-eerbewyse wat oorhandig is, was 20 dubbelgoue eerbewyse vir kleinveekuddes, asook platinum eerbewyse aan Suid-Afrika se tien beste kleinveekuddes (vyf in die wolkategorie en vyf in die kategorie vir vleis- en dubbeldoelrasse). Vir beeskuddes was daar 23 dubbelgoue eerbewyse en platinum eerbewyse aan die land se 10 beste kuddes.



Van die sprekers op SA Stamboek se Logix-kleinveetoekennings-geleentheid was, van links, Koos Vosloo (uittredende voorsitter van SA Stamboek), Deon Snyman (uitvoerende hoof van Cape Wools), prof. Esté van Marle-Köster (Universiteit van Pretoria) en Dan Kriek (Nasionale Wolkwekersvereniging).



Die lewendehawebedryf was goed verteenwoordig op SA Stamboek se Logix-kleinveetoekennings in Bloemfontein. Van links is Isak Staats (BKB), dr. Frikkie Maré (uitvoerende hoof, Rooivleisprodusente-organisasie; RPO), James Faber (RPO) en dr. Japie van der Westhuizen (SA Stamboek).



Die raad van SA Stamboek vir die volgende termyn. Van links is, agter: Koos Vosloo, Sherri van Zyl (sekretaresse), Asser Mantsho, Riana de Beer en Henk Delpert; voor: dr. Bobbie van der Westhuizen (hoofbestuurder), Basie Bezuidenhout (voorsitter) en Michiel Burger (ondervoorsitter). Afwesig: Kobus Marais (aangewese tesourier) en Peter Durham.



Koos Vosloo (middel) met die oorkonde van SA Stamboek vir sy bydrae tot die veebedryf in sy termyn as voorsitter van 2021 tot 2025. Links is Basie Bezuidenhout, aangewese voorsitter, en regs dr. Bobbie van der Westhuizen, hoofbestuurder van SA Stamboek.



Afgevaardigdes van die departement van landbou en die Landbounavorsingsraad (LNR) het die geleentheid bygewoon. Van links is Joel Mamabolo, registrateur van diereverbetering, Michiel Burger (ondervoorsitter van SA Stamboek) en prof. Norman Maiwashe, hoof van die LNR-diereproduksie op Irene.



Natsure die vangnet vir boere wat vlieg

Om vliegtuie te verseker, is nie so eenvoudig soos om sommer die naaste korttermynversekeraar te kontak nie. 'n Mens moet jou huiswerk doen en weet as dinge die dag skeefloop, is jy onderskryf deur iemand wat jou skade kan dek.

Tydens die opname van *Landbouweekblad* se **Vliegtuig vir 'n boer** reeks het almal iets gemeen gehad – 'n liefde vir vlieg. Die ses boere wat deelgeneem het, het dadelik 'n hegte band gevorm oor hul gedeelde passie, ongeag of die een met rosyntjies boer en die ander een met wild.

“Wanneer ouens oor vliegtuie praat, is dit soos wanneer hulle oor hul kinders praat. As jy eers gevlieg het, verstaan jy dit. Jy kan dit nie maklik aan iemand verduidelik wat nog nooit gevlieg het nie,” sê Deon Langenhoven, afdelingshoof van lugvaart by Natsure.

“Dit is hoekom ek van lugvaartversekering hou. Ek werk elke dag met vliegtuie. Ek kan elke dag na foto's van vliegtuie

kyk en lughawe toe gaan en na vliegtuie kyk.”

Dit is mense soos Deon, wat 'n agtergrond as vlieënier én ondersoekbeampte van vliegongelukke het, wat Natsure bo die res laat uitstyg. Hy en sy kollegas, wat ook 'n lugvaartagtergrond het, ken die bedryf en verstaan die behoeftes van vliegtuigeienaars.

“Ons het die bes opgeleide onderskrywers in Suid-Afrika. Hulle het nie net kennis van versekering nie, maar verstaan ook wat dit beteken om te vlieg. Hulle weet waaroor dit gaan,” sê Tersia Davey, besturende direkteur van Natsure.

Kennis en ondervinding is veral belangrik in lugvaartversekering, want anders as met iets soos motorversekering is die risikobepaling en verseke-

ringsplan nie eenvormig nie.

“Ons dek 'n wye verskeidenheid vliegtuie – van 'n tweesitplek-vliegtuig tot groter vliegtuie wat 30 sitplekke het. Maar jy kan twee vliegtuie wat presies dieselfde is langs mekaar sit, en die versekering kan hemelsbreed verskil,” sê Deon.

“Jou kennis van die bedryf, vliegtuie en die vlieëniers gaan hand aan hand met hoe jy risiko onderskryf. Jy moet weet of die vlieënier se vliegvermoë by die vliegtuig pas, waarvoor hy die vliegtuig gaan gebruik en waar hy gaan vlieg.”

Dit is waarom boere moet toesien dat hulle reg verseker is. Tersia raai boere aan om hul makelaar te vra om met 'n onderskrywer wat baie lugvaarkennis het, te praat sodat hy die regte advies gee. Die ver-

Gemoedsrus. Natsure onderskryf lugvaartversekering vir klein tweesitplek-vliegtuie tot groter 30-sitplek-vliegtuie, asook landelike aanloopbane.

FOTO'S: BRAND REPUBLIC

sekerde moet ook kyk na die onderliggende sekuriteit.

“Onderliggende sekuriteit verwys na die versekeraar se kapasiteit om die eis te betaal. As jy 'n miljoendollar-eis het, sal hulle 'n miljoen dollar kan betaal?”

Regulasies is ook iets wat altyd in gedagte gehou moet word. “Die beste voorbeeld is die nuwe regulasie dat vliegtuigenjins elke 12 jaar versien moet word. Ons het nie 'n ander keuse as om daarby te hou nie,” sê Tersia.

Volgens Deon is daar soms 'n wanindruk dat versekeringsmaatskappye enige rede soek om nie eise te betaal nie.

“Die teenoorgestelde is waar. Die vinnige afhandeling van eise en om uit te betaal, is vir ons baie belangrik. Dit is waar die kliënt kan sien hoe goed ons is. Dit is sleg vir ons reputasie as kliënte nie op ▶

◀ ons kan staatmaak nie. As jy jou vliegtuig egter gebruik op 'n manier wat buite die wet val, is daar nie dekking nie.”

By Natsure beteken dit die maatskappy moet ook altyd op die hoogte wees van die regulasies in die verskillende lande waar hulle sake doen.

“Wanneer ons 'n vliegtuig in Kenia onderskryf, moet ons weet wat die lugvaartregulasies van daardie land is, asook hoe die oordrag van geld geskied. Namibië vereis byvoorbeeld dat 12,5% van 'n premie wat betaal word, nie uit die land mag gaan nie,” sê Tersia.

Goed gevestig

Met baie boere wat vliegtuie besit, spuitvliegtuie wat 'n rol in die landbou speel en hommeltuie wat 'n al groter faktor in die sektor word, was dit 'n maklike besluit om Natsure by **Vliegtuig vir 'n boer** te betrek. Dié onderskrywingsmaatskappy is 'n dekkingshouer vir Lloyd's en Compass Insure. Dit beteken hy is gemagtig om namens hulle versekering te onderskryf.

Sedert sy ontstaan in 1968 het Natsure dit reggekry om homself te vestig as die toonaangewende versekerings-onderskrywer van nisprodukte en -sektore, soos lugvaart, in Suid-Afrika.

“As onderskrywer mag ons volgens regulasies nie direk met versekerdes werk nie, maar ons werk direk met geregistreerde makelaars.

“Dit is daarom belangrik dat ons die nodige kennis en produkte het om dit aan makelaars te kan oordra sodat hulle dit weer aan kliënte kan deurgee,” sê Tersia.



Boere kan met vertroue vlieg as hul makelaar met 'n onderskrywer met baie lugvaarkennis geskakel het, sodat hulle die regte versekeringsplan vir hul spesifieke behoeftes het.

Natsure is die grootste onafhanklike onderskrywer van lugvaart in Afrika. Sy ander nissektore sluit in swaarvoertuie, goederevervoer, rolprent- en filmproduksies, groepsversekering vir groot maatskappye en persoonlike leefstylversekering, soos wanneer iemand sy woonwa of boot as losstaande bate wil verseker.

“Die meeste onderskrywingsmaatskappye het een produk. Hulle sal byvoorbeeld net met lugvaart of vragmotors werk. Om 'n verskeidenheid produkte te onderskryf, was van die begin af deel van ons strategie. Dit gee ons 'n wyer spoor by makelaars en versprei ons risiko,” sê Tersia.

Hommeltuie wen veld

Benewens vliegtuie onderskryf Natsure se lugvaartafdeling ook versekering vir helikopters, sweeftuie, lugballonne en hommeltuie.

Hommeltuie is 'n vinnig groeiende bedryf en Natsure hou tred daarmee. “Dit voel of daar elke week 'n groter, beter hommeltuig op die mark kom.

“Die verskillende toepassings waarvoor hulle gebruik

kan word, is ongelooflik. In die landboubedryf is dit hoofsaaklik vir gewasbespuiting. In die begin kon hommeltuie 30 kg dra, nou is daar al van hulle met 'n kapasiteit van 100 kg,” sê Deon.

Tans onderskryf Natsure slegs kommersiële operateurs.

“Die hoofrede is dat daar regulasies is wat bepaal waar jy mag vlieg en wie die hommeltuig mag vlieg. Die gewone man wat dit as stokperdjie doen, gaan nie noodwendig die regulasies ken nie. Kommersiële operateurs het die nodige lisensies en sertifikate, en hul hommeltuie is geregistreer.”

Natsure kyk nog die kat uit die boom wat gewasbespuiting met hommeltuie betref.

“Ons wil eers kyk hoe dit ontwikkel. Gaan hulle dieselfde landbougradering moet kry as iemand wat met 'n vliegtuig bespuiting doen?”

Om 'n landbougradering vir gewasbespuiting te kry, moet die vlieënier onder meer 'n kursus voltooi, 'n sekere hoeveelheid ure vlieg en opleiding ontvang rakende die meng van chemiese middels.

“Wat 'n mens in gedagte

moet hou met oesbespuiting uit 'n vliegtuig of hommeltuig is dat as die wind verkeerd waai en daardie chemikalieë waai oor na 'n buurplaas, of jou hommeltuig of vliegtuig tref 'n kragpaal, praat jy van groot gevolglike skade. Die aanspreeklikheid kan enorm wees.

“Daar moet in ag geneem word dat die gevolglike skade met chemiese oorwaai of die tref van kragdrade uitgesluit is, en nie deel vorm van jou polis nie.”

Die menslike faktor

Hoewel alle risiko's in ag geneem word, hou Natsure altyd die mense waarmee hulle werk in gedagte.

“Ten opsigte van diens kan ek onomwonde sê ons troon uit bo die res, want ons het spesifieke prosesse en prosedures wat werk. In lugvaart is dit belangrik dat jou dokumentasie korrek moet wees. Maak jy 'n fout, praat jy van miljoene rande wat verlore gaan. Dan verloor almal – die onderskrywer, die versekeraar, die makelaar en die kliënt.

“Ons het dus 'n baie sterk administratiewe span. Hulle weet hoe belangrik dit is om dokumente so vinnig moontlik te verwerk,” sê Tersia.

Om 'n eis doeltreffend af te handel, is ook vir Natsure belangrik omrede die menslike impak wat vliegongelukke het.

“Elke eis wat ons hanteer, is vir ons 'n suksesstorie. Ons besef 'n vliegongeluk is traumaties, ongeag wat gebeur het. Hoe vinniger jy reageer en antwoorde en oplossings kry, hoe beter.” **LBW**

NAVARAE: Web: www.natsure.co.za

PASGEMAAKTE LUGVAARTVERSEKERING

Spesialis korttermyndekking
ontwerp vir jou lugvaartkliënte
se presiese behoeftes.



ONS PRODUKTE

- Romp Alle Risiko en Romp Opsetlike Skade dekking
- Vliëniers Bybetalings Versekering
- Derde Party en Passasiers dekking
- Persoonlike Ongevalle dekking vir bemanning
(Slegs gedurende vlug)
- Hommeltuig Versekering
- Vliegveld en vliegveld operateurs dekking
- Geen Eis Bonus beskermings dekking
(ondersteun deur gepaartgaande romp versekering)

Kry die perfekte pasgemaakte polis vir jou kliënt se vliegtuig.
Versterk jou aanbieding aan jou kliënt met Natsure se produkte
en onderskrywings ervaring.

 **natsure**
AVIATION

KONTAK ONS



+27 (0) 861 477 752



WWW.NATSURE.CO.ZA

Niks bring dié Bridgestone-band van stryk nie

Vir bestuurders wat veelsydige bande vir die hoofweg én vir veldry nodig, is die nuwe Bridgestone Dueler AT 002 nêr die oplossing. Boonop word dit plaaslik vervaardig.

In *Landbouweekblad* se Bande-reeks het ses vervaardigers die kans gekry om die padhouvermoë, rygemak en voordele van hul bande te demonstreer. Die toetspaneel – bestaande uit André de Villiers, eienaar van Safari 4x4-Roetes, Sandra Labuschagne-Jonck van Rally Raid, Court Shilbach, eienaar van Tyremart Centurion, en Paul de Vos van Gazoo Racing Academy – het elke band op hoofweë en onder veldrytoestande beproef.

Bridgestone se Dueler AT 002 het 'n goeie vertoning gelever en die balans tussen padhouvermoë en veldryprestasie is volgens die paneel uitstekend.

“Die Bridgestone Dueler AT 002 is ideaal vir bestuurders wat met gemak tussen teer- en grondpaaie wil wissel,” sê Marius Murray, verkoopsverteenwoordiger van Bridgestone. “Dit is 'n gewilde keuse vir produsente se bakkies en sportnutsvoertuie, want dit bied duursaamheid, goeie greep en ligte veldryvermoë.”

Die band se loopvlakpatroon is deurslaggewend tot sy prestasie. Die seshoekige sentrale blokke verhoog die greep op grondpaaie en oor los klippe,

terwyl die breë groewe doeltreffend van water ontslae raak en die greep op 'n nat pad verbeter. Die kleiner Z-vormige groefies dra by tot stabiliteit op gladde oppervlakke, en die skouers sluit goed aan by die sywand vir bykomende beheer in sand of ligte modder. 'n Gevorderde silika-mengsel verminder slytasie en bevorder veiligheid op 'n nat pad.

Hoewel die AT 002 duidelik vir grond- en tweespoortoestande gemaak is, bied dit ook 'n gemaklike rit op teer. Die toetspaneel het die stil en sagte rygehalte opgemerk.

“Hierdie bande is regtig stil en gemaklik op die pad. Met sy remvermoë in sagte sand, goeie greep oor los klippe en gemaklikheid onder veldrytoestande weet jy dit is 'n band wat verskillende terreine met gemak kan hanteer – selfs op toer deur Namibië,” sê Sandra.

Marius beskryf die band as 'n 80/20-opsie: 80% hoofpad, 20% veldry. Dit sluit sand, klippe, modder en tweespoorpaaie in. “Dit is 'n band wat jou oral kan neem. Omdat dit nie 'n aggressiewe modderband is nie, ry dit stiller. Dit help ook met beter brandstofverbruik.”

Die band kan veilig afgeblaas



Vaste greep. Selfs in dik modder en gladde rytoestande het Bridgestone se Dueler AT 002 bewys dat dit oor 'n stewige wielgreep beskik en nie sommer sal gly nie. FOTO: GERRIT BEZUIDENHOUT

word vir 'n sanderige terrein en lewer uitstekende rem- en stuurvermoë in nat toestande.

“Jy kan met hierdie band ry waar jy wil – dit gaan jou nie teleurstel nie,” sê Marius.

Plaaslik vervaardig, wyd beskikbaar

Nog 'n voordeel is dat die Dueler AT 002 in Brits, Noordwes, vervaardig word, wat beskikbaarheid in die meeste dele van Suid-Afrika verseker.

“As 'n dorp 'n kerktoer, poskantoor en polisie kantoor het, is die kans goed dat jy Bridgestone daár gaan kry.”

Wat verrigting onder moeiliker omstandighede betref, het die band die paneel beïndruk. André verwys na die balans tussen stewigheid en gemak.

“Die AT 002 bly 'n taai band, maar die sagter aanslag gee 'n sagter rit, veral op 'n klipperige terrein.”

Court stem saam. “Jy kan met die Bridgestone presies voel waar die wiele loop wanneer jy oor 'n hindernis ry.”

Die moddertoets het die band se vermoë verder bevestig. Al was die modderpoel reeds

uitgery en glad, het die Dueler AT 002 steeds uitstekende vastrap behou.

“Daar was geen wielglip nie – nie oor los klippe, dik sand of in nat toestande nie,” sê Paul.

Die band het André beïndruk met sy traksie in uiterste modder. “Die modder was amper pap, maar die band het steeds stewig vasgetrap.”

Die Bridgestone Dueler AT 002 het bewys dat dit 'n gebalanseerde en veelsydige band is – een wat veiligheid, padhouvermoë, slytasiebestendigheid en veldryvermoë in 'n enkele pakket saamvat. Vir boere wat gereeld afwisselend op teer, grond en tweespoor ry, is daar niks wat die Dueler AT 002 nie kan baasraak nie.

Hierdie reeks word met trots deur Tyremart geborg. LBW

NAVRAE: Web:
bridgestone.co.za



Voorbereid
om te presteer,
ongeach die terein.

DUELER
ALL-TERRAIN



Aggressiewe band ontwerp



Uitstekende nat
en droë klou vermoë



Verbeterde bandverbruik





**BESTE BANDE
BESTE PRYSE**



VIND BANDE



TYREMART.CO.ZA



Onderneming kan só voortgaan ná eienaar se dood

Wanneer 'n kliënt die eienaar van 'n formele onderneming is, hetsy 'n maatskappy of 'n beslote korporasie, is die proses van boedeladministrasie altyd ingewikkelder. Hier is raad om slaggate te vermy.

Ingevolge bestaande inkomste- en boedelbelastingwetgewing beland die waarde van die belang wat die oorledene in die onderneming besit het, onder die bestuur van die eksekuteur van die bestorwe boedel. Dit is ook die eksekuteur se verantwoordelikheid om die waarde van die belang te laat bepaal en as 'n bate by die bestorwe boedel in te sluit. Die afsterwe van die eienaar van 'n onderneming het verder direkte gevolge vir inkomste-, kapitaalwins- en boedelbelasting.

Probleme met waardebeplanning

Die waardasieproses van 'n sakebelang is egter nie so eenvoudig nie. Dit gebeur dikwels dat die finansiële state van die onderneming nie behoorlik bygehou word nie. Indien iemand dus te sterwe kom, moet die eksekuteur eers die finansiële beampte van die onderneming opdrag gee om die finansiële state by te werk.

Weer eens is dit nie altyd 'n maklike of vinnige taak nie. Toegang tot die bankstate en finansiële dokumente, soos fakture en kwitansies, moet bekom word om die uitstaande finansiële posisie van die onderneming by te werk. Heel dikwels is die fyner besonderhede rakende historiese gebeure saam met die

oorledene na die graf.

Nadat die finansiële beampte daarin geslaag het om die state by te werk, word 'n waardasie van die onderneming, tesame met talle ander dokumente, by die Suid-Afrikaanse Inkomste-diens (SAID) ingedien. Dan is dit die SAID se beurt om deur die geskiedenis van die onderneming te werk en sy eie waardasie daarvan te bepaal.

Die probleem hiermee is dat mense verskillende sienings oor die waarde van 'n onderneming het. Hoewel verskeie formele waardasie-metodes beskikbaar is, speel subtiele elemente ook 'n rol. Byvoorbeeld, kundigheid, betrokkenheid en kennis van die oorlede sake-eienaar, of selfs verhoudinge met kliënte en ander belanghebbendes kan in die slag bly.

Die waarde van die onderneming in die verlede is ook geensins 'n aanduiding van die waarde daarvan in die toekoms nie. In die praktyk lei die vereiste van 'n waardasie van die belang deur die SAID ook tot verdere vertragings in die afhandeling van die bestorwe boedel.

Onthou dat 'n eksekuteur eers aan die verdeling van die bates kan aandag gee wanneer die likwidasië- en distribusierekening deur die meester van die hooggeregshof goedgekeur is, die wetlike advertensies verskyn het en

geen besware teen die voorgestelde verdeling ontvang is nie. Afhanklikes sal dan moet wag totdat die proses afgehandel is voordat bates of erflatings aan hulle toegeken sal word.

'n Verdere element in die waardasie van die oorledene se belang is die waarde van enige leningsrekeninge in die onderneming. Indien die oorledene 'n kredietleningsrekening in die onderneming gehad het, moet dit deur die onderneming betaal word. Die omgekeerde is natuurlik ook waar: Indien die oorlede eienaar geld aan die onderneming verskuldig was, moet dit deur die boedel gedelg word.

In die praktyk kan die onderneming se bankier die onderneming se bankrekening ook tydelik vries.

Dit gebeur veral in gevalle waar die onderneming slegs een eienaar of lid gehad het. Die bankier wag dan vir verdere instruksies van die aangestelde eksekuteur ten opsigte van 'n volgende gemagtigde persoon wat die rekening kan bestuur.

Goeie raad

Hier is 'n paar wenke wat kliënte in gedagte moet hou:

- Maak seker dat daar 'n weldeurdragte opvolgplan vir die

onderneming is.

- Verseker dat die daaglikse bestuur van die onderneming nie deur die eienaar se afsterwe tot stilstand kom nie deur toe te sien dat iemand anders, of 'n span mense, verpligtinge en take dadelik kan oorneem.
- Maak seker dat die finansiële state bygewerk is om onnodige vertragings in die waardasieproses uit te skakel.
- Maak seker daar is genoegsame likiditeit in die bestorwe boedel om gepaardgaande uitgawes by afsterwe (byvoorbeeld borgstelling, kapitaalwinsbelasting en boedelbelasting) te kan dek.
- Maak seker dat die familie en eksekuteur bekend is met die fyner besonderhede oor die bestuur van die onderneming. Soos met talle kwessies in die lewe kan 'n beter uitkoms verseker word deur die nodige kundiges vroegtydig te raadpleeg. **LBW**

Deirdre O'Reilly is 'n regs- en sakekonsultant by Allegiance Consulting, en spesialiseer in fidusiële en sake-aangeleenthede.

NAVRAE: E-pos: deirdre@allegiance.co.za

ONGEDIERTE?
LY JY SKADE?

kontak
↓

Jakkalsjagter sedert 1979

Peter Schneekloth: 023 541 1360
Sel: 063 580 3528
www.peterspredatorcontrol.com

HET JY GEWEET?

Landbou weekblad

stuur verskeie digitale nuusbriewe aan ons lesers.

Teken in om meer te lees oor onderwerpe soos die vee- en varspproduktebedrywe, graan en herlewingslandbou, kundiges, Landbou Boerekos en weeklikse nuus op Landbou.com.

Teken in: www.landbou.com/profiel/nuusbriewe

ELECTROLEE
3 JAAR WAARBORG

Geseënde Kersfees

VIR LUGDRUK
PLANTERS: Nuwe
HIT SENSOR met
verstelbare
sensitiwiteit

Ook vir
lugdruk
planters



Tel: 012 345 3193 • www.electrolee.co.za

PLANTER MONITORS & PROSES MONITORS

UNIEKE 12 VOLT PLANTERS EN STROOIERS

Vir fynsaad en die beheer van
slakke, knaagdier en bosse.



- Strooi 2m- tot 24m-wyd.
- Grassade, lusern, kanola, kunsmis, ens.
- Beheer slakke, springhaasrotte & indringerbosse.



Skakel Lukas, 082 88 111 33

www.terrapro.co.za • lukas.terrapro@gmail.com

EKOR KUNSMIS

Die Ekor-span
082 945 7666

Dankbaarheid bring sin aan gister
en skep 'n mooi droom vir môre.
GESEËNDE KERSFEES
Dankie vir julle lojale ondersteuning,
voorspoedige 2026

**GESEËNDE
Kerstyd**

BONSMARA
SA

• • • • • EN N • • • • •

VOORSPOEDIGE NUWE JAAR

051 448 6084
info@bonsmara.co.za
www.bonsmara.co.za

Die Rooirass



w syngenta.co.za
f SENSAKO
yt SENSAKO
t 27 (0) 58 303 4690

Belê in Pure Potensiaal

Die jaar is op sy einde en ons wil *graag* die geleentheid gebruik om *hartlik dankie* te sê vir *jou ondersteuning* gedurende 2025.

Ons wens jou 'n *vreugdevolle feesseisoen* en 'n *voorspoedige Nuwe Jaar* toe.

Ons help jou groei



syngenta



DIE BESTE BOD

Tel: 012 460 9916 • hoofkantoor@vleissentraal.co.za • www.vleissentraal.co.za



LEWENDEHAWE • WILD • LOSGOED • EIENDOM

*'n Geseënde Kersfees
en 'n Vreugdevolle 2026
word u toegewens!*

*Ons hartlike dank
vir u lojale ondersteuning!*

*Kersfees
vars gemaak!*

Vier die feestyd met plaasvars
vrugte en groente, direk vanaf
top produsente. Perfek vir jou
kersmaal, geskenkmandjies en
somerfeesvieringe.

Plaasvars. Betroubaar. Feestelik.

www.subtropico.co.za | 012 460 9910



SUBTROPICO
MARKET AGENTS

'N HARTLIKE DANK AAN ALMAL VIR DIE ONDERSTEUNING DEUR DIE JAAR

ONS WENS JOU VREUGDE EN VREDE TOE HIERDIE
KERSFEES EN SUKSES IN DIE KOMENDE JAAR



EIENDOMME - PROPERTIES

OM TE KOOP OF TE HUUR? NEEM SO DAARDIE BESLUIT

Met dekades se ervaring in die landbou- en eiendomsbedryf bied **Vleissentraal Eiendomme** professionele diens in plaasverkope, -huur, waardasies en veilings regoor Suid-Afrika. Die span verstaan die unieke dinamika van landbougrond en help produsente om ingeligte besluite te neem – van aankoop tot afhandeling.

Wanneer behoort 'n boer eerder te koop as om te huur?

In die eerste plek gee die aankoop van grond 'n sekuriteit vir beleggings wat oor jare afbetaal word. Elemente soos besproeiing, die opknapping van geboue of waar meerjarige gewasse aangeplant word, kom in spel waar eienaarskap 'n strategiese voordeel bied wat 'n huurooreenkoms nie kan nie. Daar is egter wel kostes met aankoop wat in gedagte gehou moet word.

Verduidelik hierdie koste wat met 'n aankoop, eerder as huur, gepaard gaan?

Die aanvanklike uitgawes is groot. Daar is die deposito, registrasie- en oordragkoste, plus onderhoud. Nuwe eienaars vergeet ook dikwels van die kostes om infrastruktuur en paaië in stand te hou.

Hoe bepaal 'n mens of 'n plaas die prys werd is?

Kyk verder as die hektaarprys. Bestudeer die netto opbrengs, grondkwaliteit, waterbetroubaarheid en ligging. 'n Betroubare boorgat kan meer werd wees as 'n honderd ekstra hektaar.

Hoe maklik is finansiering beskikbaar?

Finansiering is daar, maar jy moet beplan. Finansiële instellings, soos kommersiële banke, vereis kollateraal, kontantvloeï en bestuurservaring alvorens hulle 'n lening sal toestaan. Nuwe boere kan ook vennootskappe oorweeg, waar 'n belegger die som voorskiet, die boer die arbeid en bestuur van die plaas uitvoer en die wins dan gedeel word.

Watter rol speel staatsprogramme?

Daar is programme van staatskant af wat kan help, maar dit is dikwels 'n lang proses. As jy toegang kry, gebruik dit strategies om risiko te beperk.

Is huur dus soms die beter opsie?

Absoluut. As jy 'n nuwe area toets, of pryse is hoog, bied huur 'n laer risiko. Dit hou kapitaal beskikbaar vir toerusting en insette.

Jou laaste wenk aan kopers?

Doen jou huiswerk, gebruik onafhanklike waardeerders soos Vleissentraal Eiendomme se span en kyk na reënvalstatistiek. 'n Plaas koop jy nie vir een seisoen nie, maar vir jou hele lewensbestaan.

GESEËNDE *feestyd*



Ons bring hulde aan elke boer en landbouer wat dag vir dag opstaan om ons land aan die gang te hou. Dankie vir julle deursettingsvermoë, julle geloof in die seisoene en die onskatbare rol wat julle in voedselsekerheid vervul.

Mag hierdie feestyd vir julle en julle families vrede, hoop en hernude energie bring.

AFGRI staan elke tree saam met julle!

Jou vennoot in **Landboubesigheid**

Skakel ons nou by: 011 063 2347 of besoek www.afgri.co.za


SINCE | SEDERT 1923



Die verskil van gewoon na uitsonderlik is daai ekstra bietjie

Kelpak is wetenskaplik bewys om wortelgroei en plantgesondheid te verbeter met uitstekende opbrengsverbeterings asook eindproduk kwaliteite tot gevolg. kelpak.com



MAG JOU KOEKIEBLIK
NOOIT LEEG WEES NIE!

Landbou
weekblad | weekliks | .com

WENS JOU DIE MOOISTE
KERSFEES TOE!

Kanaal 7 Kusuitsendings!

11 Desember 2025 - 2 Januarie 2026




Shi-awela Safaris

Episode 3 op 16 Desember

'n Erfenis van Bosveld-gasvryheid

Shi-awela Safaris by Bandelierkop in Limpopo is 'n ware familie-erfenis, waar vier geslagte se verbondenheid aan die Bosveld vandag nog duidelik sigbaar is. Kenneth en Joanne Ball woon steeds op die plaas, maar hul seun, Johnathan, en skoondogter, Clarette, behartig deesdae die grootste deel van die daaglikse bestuur van die lodge en safari-aktiwiteite. Albei is geregistreerde veldgidse wat hier grootgeword het en instinktiief verstaan wat Shi-awela so spesiaal maak: opregte gasvryheid, respek vir die natuur en 'n rustige, private Bosveld-ervaring vir gaste. Die lodge het vier chalets wat klein groepe of gesinne kan akkommodeer. Die plaas is in 1988 met wilddraad omhein toe Kenneth se pa, Dennis, besluit het om wild by die beesboerdery te voeg. Dit het die geleentheid geskep vir jag- en fotografie-safari's, en oor dekades heen het die Ball-familie 'n lojale internasionale kliëntebasis opgebou - veral uit Amerika. Baie keer jaar ná jaar terug om die Bosveld te kom geniet en word mettertied vriende.



Seisoen 31 van Landbouweekliks, Landbouweekblad se TV-program oor puik boere, word moontlik gemaak deur:



Vir **JOU**,
maak ons
'n **plan!**



Jou vennoot in Landboubesigheid

Skakel ons nou by: 011 063 2347
of besoek www.afgri.co.za

LBW gesin



Resepte en stilerig: ARINA DU PLESSIS
aduplessis@landbou.com
Foto's: LEE SCHWAGELE

Vandeeweek

SA boervrou laat
seldsaamste koffie
ter wêreld herleef

93

Die kort, kragtige lewe
van MAN se Acker-
dieseltrekkers

94

Sjokoladebruin-tjies

Die perfekte bruin-tjie is bros en krakerig bo-op en sag en baie klam binne. Dié bruin-tjies is onweerstaanbaar.

- 250 ml witsuiker
- 60 ml klam bruinsuiker
- 100 g botter, gesmelt
- 2 ekstragroot eiers
- 10 ml vanieljegeursel
- 60 ml olie
- 2 ml sout
- 2 ml koeksoda
- 125 ml koekmeel
- 25 ml mielieblom
- 180 ml kakao
- 120 g donker sjokolade, gekap

Voorverhit die oond tot 180 °C en voer 'n vierkantige koekpan van 20 cm met bakpapier uit. Smeer goed of spuit met kleefwerende kossproei.

Klits die witsuiker, bruinsuiker, gesmelte botter, eiers, vanieljegeursel en olie baie goed saam – vir minstens 10 minute. Sif die droë bestanddele oor en vou dit versigtig saam met die gekapte sjokolade in. Skep die mengsel in die voorbereide pan, smeer gelyk en bak vir 25-30 minute of tot die bruin-tjies net ferm is. Laat in die pan afkoel en sny net voor dit bedien word. **Lewer ongeveer 12 bruin-tjies.**



Maklike muffins, bruintjies en kolwyntjies

'n Flatervrye, vinnige resep vir iets soet en tuisgebak is altyd welkom, veral dié tyd van die jaar! Proe 'n paar treffers uit ons toetskombuis.

Piesangmuffins met grenadellaversiersel

Tropies en vrugtig – dit smaak sommer soos die somer!

Beslag

- 250 ml fyngedrukte, ryp piesang
- 100 g botter, gesmelt
- 60 ml natuurlike jogurt
- 5 ml vanieljegeursel
- 375 ml bruismeel
- 5 ml bakpoeier
- 160 ml strooisuiker

Versiersel

- 375 ml versiersuiker, gesif
- 30-45 ml grenadellapulp, verhit tot warm

Voorverhit die oond tot 180 °C en voer 'n muffinpan met 12

papiervormpies uit. Spuit die binnekant van elke vormpie liggies met kleefwerende kosproei. Meng die fyngedrukte piesang, botter, jogurt en vanieljegeursel saam.

In 'n aparte bak, meng die meel, bakpoeier en strooisuiker. Voeg die piesangmengsel hierby en roer tot net-net gemeng. Verdeel die beslag tussen die papiervormpies. Bak vir 16-18 minute tot goudbruin en deurgaar. Laat die muffins vir 5 minute in die pan afkoel voor jy dit uithaal en op 'n draadrak sit om heeltemal af te koel.

Meng die versiersuiker met net genoeg warm grenadellapulp om 'n dik skepversiersel te vorm. Skep 'n teelepel versier-

sel op elke muffin en laat staan tot ferm. **Lewer 12 muffins.**

Klam vanieljekolwyntjies

As jy al ooit die aand voor die tyd gevra is om eetgoed skool toe te stuur vir 'n klaspartytjie of om iets vir markdag te maak, het jy hopelik 'n goeie kolwyntjieresept. As jy nie een het nie, probeer hierdie staatmaker. Dié resept maak 12 kolwyntjies wat lank klam bly, en die tekstuur is heerlik. Versier dit met enigiets wat vir jou lekker is.

- 250 ml koekmeel
- 7 ml bakpoeier
- 1 ml sout
- 60 g botter
- 125 ml volroommelk

- 10 ml vanieljegeursel
- 30 ml olie
- 2 ekstragroot eiers
- 180 ml strooisuiker

Voorverhit die oond tot 180 °C en voer 'n muffinpan met 12 papiervormpies uit. Spuit die binnekant van elke vormpie liggies met kleefwerende kosproei. Meng die meel, bakpoeier en sout in 'n bak met 'n draadklitser. Verhit nou die botter en melk saam tot kookpunt. Verwyder van die hitte, roer die vanieljegeursel en olie by, en hou eenkant.

Klits die eiers goed en voeg die suiker bietjie vir bietjie by terwyl jy klits. Hou aan klits tot lig en dik. Voeg die eiermengsel by die droë bestanddele en meng liggies. Voeg nou die melkmengsel stadig by en meng verder tot glad. Skep die beslag in die papiervormpies en bak vir ongeveer 20 minute tot goudbruin, uitgerys en deurgaar. Laat die kolwyntjies in die pan afkoel vir 10 minute en plaas dit op 'n draadrak om verder af te koel. Versier na smaak en bêre in 'n lugdigte houder. **Lewer 12 kolwyntjies.**

Koffiemuffins met karamel

- 375 ml koekmeel

- 15 ml bakpoeier
- 200 ml strooisuiker
- 3 ml sout
- 1 ekstragroot eier
- 125 ml sterk, koue koffie
- 100 ml olie
- 60 ml karamelkondensmelk
- Versiersuiker, om oor te sif

Voorverhit die oond tot 180 °C en voer 'n muffinpan met papiervormpies uit. Spuit die binnekant van elkeen met kleefwerende kossproei. Meng die meel, bakpoeier, suiker en sout saam in 'n bak. Maak 'n holte in die middel. Klits die eier, koffie en olie saam. Giet in die holte van die droë bestanddele en roer tot net gemeng. Vul die papiervormpies driekwart vol met die beslag. Skep 5 ml karamelkondensmelk in die middel van elkeen en druk dit effens in die beslag in. Bak vir 20-25 minute tot goudbruin en gaar. Laat op 'n draadrak afkoel en sif versiersuiker oor. Geniet loutwarm of teen kamertemperatuur met 'n koppie koffie. **Lewer 12 muffins.**

KOMBUISWENK

As jy die muffins wil versier, probeer 'n karamel-roomkaasversiersel. Klop **60 g sagte botter** en **310 ml gesifte versiersuiker** tot glad. Voeg 'n **houer roomkaas** en **125 ml karamelkondensmelk** by en klits tot glad. Verkoel tot ferm en smeer op die muffins. Sprinkel **sjoekoladekrulle** oor as jy wil.

Bloubessie-kaaskoekbruintjies

- 150 g donkersjokolade, grofgekap
- 100 g botter
- 3 ekstragroot eiers
- 250 ml strooisuiker
- 125 ml koekmeel



- 30 ml kakao
- 250 g roomkaas
- 60 ml suurroom
- 160 ml bloubessies

Voorverhit die oond tot 160 °C en voer 'n pan van 25 cm x 15 cm met bakpapier uit. Smeer goed of spuit met kleefwerende kossproei. Smelt die sjokolade en botter saam oor lae hitte tot glad. Klits twee van die eiers en die helfte van die suiker baie goed saam vir ongeveer 10 minute tot lig en dik. Voeg die sjokolademengsel in 'n dun straaltjie by die eiermengsel, terwyl aanhoudend geklits word. Sif die meel en kakao oor en vou in. Skep die beslag in die voorbereide pan en smeer gelyk.

In 'n aparte bak, klits die roomkaas, suurroom, die orige eier en die orige 125 ml strooisuiker saam tot glad. Skep die kaaskoekmengsel oor die bruintjiemengsel. Sprinkel die bessies egalig oor. Bak vir 45 minute tot net-net gaar.

Laat in die pan afkoel tot kamertemperatuur voor die bruintjies gesny word. Bêre in die yskas, maar sit voor teen

kamertemperatuur. **Lewer ongeveer 9 bruintjies.**

Suurlemoenmeringuekolwyntjies

Beslag

- 125 g sagte botter
- 125 ml strooisuiker
- Fyngerasperde skil van 1 suurlemoen
- 30 ml vars suurlemoensap
- 2 eiers, geklits
- 250 ml koekmeel
- 5 ml bakpoeier

Meringue

- 375 ml witsuiker
- 80 ml water
- 2 ekstragroot eierwitte, teen kamertemperatuur
- 2 ml kremetart
- Knippie sout
- 5 ml vanieljegeursel

Voorverhit oond tot 180 °C en voer 'n muffinpan met 12 papiervormpies uit. Spuit elkeen met kleefwerende kossproei. Verroom die botter, strooisuiker en suurlemoenskil goed tot lig en donsig. Voeg die suurlemoensap en eiers by en klits goed. Voeg die meel en bakpoeier by en



meng tot 'n dik beslag vorm. Verdeel die beslag tussen die papiervormpies en bak vir sowat 10-12 minute of tot die koekies terugspring as jy liggies met jou vinger daarop druk. Laat effens afkoel in die pan en sit dan op 'n draadrak om heeltemal af te koel.

Vir die meringue: Gooi ál die bestanddele, buiten die vanieljegeursel, in 'n groot, skoon, hittebestande mengbak van glas of metaal. Sit die mengbak oor 'n kastrol met 'n bietjie water daarin wat deurentyd liggies prut (die water moenie aan die mengbak se onderkant raak nie). Klits die mengsel teen 'n lae spoed tot alles goed gemeng is.

Verhoog die klitserspoed tot op sy hoogste en klits vir presies 7 minute tot die versiersel donsig en blinkwit is. Haal die mengbak van die kastrol af, voeg die vanieljegeursel by en klits vir nog 2 minute. Skep die versiersel in 'n groot spuutsak en versier elke kolwyntjie daarmee. Sit net so voor, of gebruik 'n gasvlam om die meringue liggies te skroei, soos op die foto. Sit voor met tee. **Lewer 12 kolwyntjies.**



SA boervrou laat seldsaamste koffie ter wêreld herleef

Sy staan bekend as 'die moeder van Racemosa', want Marlene Cathey het die afgelope 25 jaar onverpoosd gewerk om dié inheemse koffiesoort – ook die seldsaamste en duurste koffie ter wêreld – te laat herleef op hul pynappelplaas by Hluhluwe in KwaZulu-Natal.

Die Arabica-koffieboompie wat Marlene Cathey in 1985 by 'n buurman as geskenk gekry het kort voor sy dood, het haar uiteindelik tot diep in die Mosambiekse bosse gelei om plantmateriaal van *Coffea racemosa*, 'n endemiese koffiespesie met 'n natuurlik lae kafeïeninhoud, te kry. Sy verbou dit nou op Bousaam, haar en haar man, Frans, se plaas by Hluhluwe, vir die plaaslike en uitvoermark.

Koffiedrinkers ken gewoonlik Arabica, 'n koffiesoort wat bone van 'n goeie gehalte met 'n heerlike aroma lewer, en Robusta, 'n meer robuuste soort met 'n rubberige smaak waarvan kitskoffie gemaak word. Robusta kan soms selfs geblameer word vir daardie slegte koppie koffie wat 'n mens dan en wan in 'n restaurant raakloop.

Maar baie min mense besef daar is 'n inheemse koffiespesie wat voorkom aan die Olifantkus (oftewel Maputaland), 'n smal

Inspeksietyd. Marlene Cathey saam met Cindy Ntanzu, een van haar werknemers, en Skriffels, haar hond, in die koffieplantasie.

FOTO'S: VERSKAF


kusstrook wat strek van net noord van St. Lucia in KwaZulu-Natal tot suid van Inhambane in Mosambiek. *Coffea racemosa* word beskou as die wêreld se seldsaamste en duurste koffie – 'n koffie-onderneming in die Wes-Kaap verkoop beperkte hoeveelhede daarvan in verpakings van 60 g teen R2 050. Dit is dié koffiespesie waarmee Marlene al byna 25 jaar lank boer.

“Daar is baie wilde koffiespesies, maar slegs Racemosa se geur is goed. Vóór die burgeroorlog wat in 1975 in Mosambiek uitbreek het, het die Portugese met Racemosa geboer. Aan die begin van hierdie eeu was daar niemand waarvan ek weet wat in Suid-Afrika daarmee geboer het nie. Ek het dit destyds laat herleef.”

Marlene se fassinasie met Racemosa het met die vroeër genoemde Arabica-boompie begin. “Ons het 'n rukkie daarna getrek en ek kon die boom nie los nie. Ek haal dit toe uit en plant hom hier by ons nuwe huis naby 'n drein wat afloopwater wegvoer. Die boom ▶



Racemosa-koffie is nie net 'n uiters seldsame spesie nie, maar dit verg ook baie handewerk.



“Blomtyd is dit die mooiste mooi,” sê Marlene Cathey. “Ek kan nie help om lief te wees vir die bome nie.”



Die Olifantkus se endemiese koffie wat natuurlik laag in kafeïen is.

◀ het jaar ná jaar koffie gedra, maar ek het niks daarmee gedoen nie.”

Sy het toevallig 'n televisieprogram oor die Keniaanse koffiëbedryf gekyk en gesien hoe die Keniane koffie op hul stoep rooster en begin wonder oor haar eie koffiëboom se potensiaal – min wetend dat Arabica nie eintlik veronderstel is om in haar omgewing te groei nie. Haar boom het toevallig goed gevaar omdat hy met sy wortels in die drein gestaan het.

Destyds was daar 'n koffiënavorsingstasie in Mbombela en Marlene het gaan aanklop, net om te hoor van die endemiese koffiëspesie wat in haar wêreld – en nêrens anders nie – groei.

Só het die begin van Marlene se “uiters lang soektog” na Racemosa-bome begin.

“Dis 'n beskermde boom en baie skaars in die natuur. Ander lande mag dit ook nie sonder toestemming van ons staat plant nie.”

Toe die Portugese koffiëboere uit Mosambiek gevlug het, het hulle hul koffiëplantasies net so laat staan en die boerdery het letterlik oornag tot stilstand gekom. Teen die tyd dat Marlene op Racemosa se spoor was, was daar niks meer oor van die Portugese se Racemosa-plantasies in Mosambiek nie.

“Aangesien die Racemosa-boompie baie skaars is, selfs in die natuur waar dit endemies groei, was dit 'n byna onbegonne taak om die bome op te spoor. Pietermaritzburg se botaniese tuin en KwaZulu-Natal se parkeraad het van twee boompies geweet wat baie diep in die bos noord van St. Lucia groei, asook van een by Sodwana. Dit was

al waarvan hulle geweet het in Suid-Afrika en ek kon nooit betyds by daardie boompies uitkom voor die apies en voëls die vruggies afgevrete het nie,” vertel sy.

In 2000, toe haar soektog na Racemosa begin het, was dit gevaarlik om in Mosambiek van hoofpaaie af te wyk. Sy het drie jaar lank gereeld Mosambiek toe gegaan voordat sy uiteindelik op 'n boompie afgekom het waarvan sy sade kon oes om haar eie boompies te plant.

“Daardie jare was daar nog landmyne, so dit was nie maklik nie. My blydschap was baie groot toe ek uiteindelik die Racemosa-boompie opgespoor het,” vertel sy geesdriftig oor haar plantasie van sowat 3 ha wat teen 2003 mooi begin groei het.

Oor wat haar aangespoor het om die koffiëbome, waarvan sy eintlik niks geweet het nie, te vind, sê Marlene: “Dis eienaardig! Ek het vir die Vader gesê ek kan nie verstaan waarom ek so 'n passie vir die koffie het nie, maar as dit van Hom af kom, moet Hy die

“Ons hou dit bekostigbaar vir die mense in ons omgewing, omdat dit 'n plaaslike produk is. Min mense is moontlik bewus daarvan dat hulle 'n fraksie betaal van wat in die buitenland daarvoor betaal word.”

passie óf wegneem óf laat toeneem. Ek moes dit nooit gesê het nie, want toe het dit net gegroei en gegroei!” sê sy laggend.

“Die koffiëwêreld het aanvanklik nie veel kennis geneem nie, maar met baie geduld het die wêreld daar buite uiteindelik ook Racemosa se waarde begin besef.”

Aanvanklik, toe haar oeste nog klein was, het Marlene Arabica aangekoop en met Racemosa gemeng om dit te rek. Hierdie Wild Blend van haar, ook beskikbaar onder haar handelsnaam, Sukkot Coffee, is steeds deel van haar reeks.

Wat Racemosa so besonders maak, is dat dit natuurlik baie laag in kafeïen is – die kafeïeninhoud is byna die helfte van dié van Arabica.

“Ek kan sterk *liquorice*-geure in die koffie proe, en tel note van St. Josefslelie, Catawba-druie en koejawels daarin op. Ander sê hulle proe dagga, maar ek sal nie weet hoe dit smaak nie!”

Nog 'n verskil is dat Racemosa-koffiëbone heelwat kleiner is as Arabica-bone – byna soos lensies.

Aangepas, maar verg hande

Haar Racemosa-bome aard uitstekend in die mikroklimaat van hul plaas. Hulle oes jaarliks sowat 'n ton koffiëkersies waaruit hulle 105 kg koffie produseer.

“Die grond aan die Olifantkus, waar die boom endemies groei, is hoofsaaklik sand, maar ons koffie groei in 'n area met diep rooi Huttongrond. As jy 400 m na enige kant toe gaan, verander die grondtipe weer. By ons



Koffiekersies kan in verskillende stadiums van rypwording aan 'n enkele tak wees.

Die bone word gesondroog, waarna dit opgeberg word en gerooster word soos nodig.

staan die boompies soos hare op 'n hond se rug en is amper 'n vervuiling in my tuin! Maar in die res van die gebied waar die boompies endemies groei, is dit baie skaars. Ek skryf dit toe aan die sandgrond wat hoofsaaklik daar aangetref word. Die saad ontkiem nie maklik in sandgrond nie, so die saadjies wat deur voëltjies versprei word, ontkiem nie,” verduidelik Marlene, wat ook al 'n boek oor Racemosa-koffie geskryf het.

Hoewel die bome taamlik droogtebestand is, kan dit nie langdurige droogtes deurstaan nie. Marlene wil binnekort met besproeiing begin eksperimenteer om te sien watter verskil dit maak.

“Ek sal versigtig moet werk, want as die bome verkeerde tye van die jaar te veel water kry, sal dit vrugvorming beïnvloed.”

Racemosa blyk weerstand te bied teen die tipiese siektes wat Arabica-boere ervaar en daar is belangstelling om dié twee spesies te kruisteel, maar Marlene sê dis 'n terrein waarop sy haar nie wil begewe nie.

“Ek ervaar wel ander probleme vanweë ons swaarder grond, soos roetskimmel, maar omdat ons nie baie met siektes en plaesukkel nie, hoef ek nie my koffiebome met chemiese middels te bespuit nie. Ons gebruik wel neemolie gemeng met skottelgoedwasseep om roetskimmel te bekamp.”

Sy het al rondgespeel met snoeipraktyke, maar meen snoei is oorbodig omdat die bome van nature 'n kompakte groeiwyse het.

Een struikelblok wat hulle wel ervaar, is die groot arbeidvereistes tydens oestyd. Daarom haal Marlene haar hoed af vir enigiemand wat kans sien om met meer as 3 ha koffie te boer. “Dit sit nie in ingeen se broek om die

oes van die land af te kry nie. Arabica-kersies neem sowat 8 maande tot 'n jaar om te ontwikkel, maar die Racemosa-kersie is binne twee maande ryp. Elke ryp kersie moet met die hand gepluk word, aangesien daar tegelykertyd verskillende stadiums van vrugontwikkeling aan 'n enkele tak is – van 'n blom tot 'n klein, onderontwikkelde kersie, groen kersies én ryp kersies. Die oes is tydens die somermaande, met die meeste kersies wat oor Kersfees en Nuwejaar ryp word wanneer dit moeilik is om genoeg werkers te kry.”

Marlene was sowat 15 jaar lank die enigste Racemosa-boer ter wêreld, maar intussen het boere in Mosambiek weer daarmee begin boer en minstens nog een boer in Suid-Afrika het ook 'n paar jaar gelede 'n paar bome geplant.

Uitvoermarkte staan tou, maar plaaslik kom eerste

As voorloper moes Marlene vele planne maak om die koffie te verwerk en te bemark. Sy meen steeds die tradisionele metodes werk die beste in hul vogtige klimaat, en dit bring ook die beste geure in die koffie na vore. Sy het dus 'n verpulpmasjien en 'n uitdopmasjien wat vir Arabica ontwerp is, aangepas vir die kleiner Racemosa-boontjie.

“Ek laat die bone, waarvan die kersie se skil reeds verwyder is, vir twee tot drie dae lank in silwerskoon water fermenteer voor ons dit op droograkke in die son uitpak. Ons toets die bone gereeld totdat die voginhoud 10-12% is, waarna dit opgeberg word. Anders as Arabica het die verwerkte Racemosa-koffieboon nie 'n doppie nie, maar 'n dun skilletjie. Ek bêre my koffiebome in die skil-

letjie omdat die geur dan beter behoue bly.”

Net voor hulle die bone rooster, gaan dit deur 'n uitdopmasjien wat die skilletjie met borseltjies afvryf. Daarna word dit volgens grootte gesorteer, gerooster en verpak.

Haar koffie is aanlyn beskikbaar en uitvoermarkte soos Viëtnam, Korea, Amerika en Europa klop ook gereeld aan vir besendings, maar Marlene voel sterk daarvoor dat die koffie op haar tuisdorp en in die plaaslike omgewing beskikbaar moet wees.

“Ons hou dit bekostigbaar vir die mense in ons omgewing omdat dit 'n plaaslike produk is. Min mense is moontlik bewus daarvan dat hulle 'n fraksie betaal van wat in die buiteland daarvoor betaal word. Ek weet nie hoe die uitvoermarkte van my uitvind nie – dalk is dit omdat my kontakbesonderhede op die verpakking is en hier baie toeriste in ons omgewing kom. In die beginjare wou Japan my hele oes koop, maar ek wou nie, want dan kan ek nie aan die mense in my eie land Racemosa voorsien nie. Ek is lojaal teenoor die geskenk wat die Here vir ons gegee het om so 'n wonderlike koffiëboom hier te kan hê.”

Haar 100% Racemosa en Wild Blend is ewe gewild onder koffieliefhebbers.

“Maar die mense wat wêét, koop suiwer Racemosa,” sê sy.

As jy eendag 'n koppie Racemosa drink, weet net – dis nie sommer enige koffie nie. Dit kom moontlik van die rooigrond van Hluhluwe, maar ook uit die hande van 'n vrou wat geglo het in iets kleins en bykans vergete. **LBW**

NAVARAE: Web: www.sukkotcoffee.co.za,
Instagram: @Sukkotcoffee



Die kort, kragtige lewe van MAN se Ackerdiesel-trekkers

Die meeste mense ken vandag die Maschinenfabrik Augsburg-Nürnberg (MAN) vanweë sy vragmotors en busse, asook swaarvoertuig- en trekkerenjins, maar ná die Tweede Wêreldoorlog het die maatskappy ook vir 'n relatief kort tyd 'n reeks landboutrekkers van hoë gehalte vervaardig.

Die fabrieknaam vir dié maatskappy se landboutrekkers is, soos vir die enjins, vragmotors en busse, die beginletters van sy naam, maar met Ackerdiesel daarby – M·A·N Ackerdiesel.

Dié maatskappy het sy oorsprong by 'n myn-en-handelsonderneming meer as 250 jaar gelede, die eerste swaarnywerheid in die huidige hoogs geïndustrialiseerde Ruhrgebied in Duitsland. Sy moderne geskiedenis het begin toe twee swaarnywerhede, een in Augsburg en een in Neurenberg (125 km uit mekaar), in 1908 saamgesmelt

het om die maatskappy M·A·N, met sy hoofkwartier in München in die suidweste van Duitsland, te vorm.

Vyftien jaar van trekkers

Trekkervervaardiging was nooit regtig die maatskappy se hoofdoelwit nie. M·A·N se ingenieurs het die kundigheid en toerusting gehad om die ontwerper Rudolf Diesel se konsep in die 1890's te help verwesenlik – die dieselenjin. Van toe af het M·A·N hom op dieselenjins toegespits. Tans word jaarliks nagenoeg 100 000 enjins van 37 kW tot 72 000 kW (die heel grootstes vir seevaart)

Meer as 'n ploeg. M·A·N se gemotoriseerde ploeg van 'n eeu gelede het van die meeste soortgelyke ploë verskil omdat dit vir baie meer take ingespan kon word as om net grond om te ploeg.

vervaardig. Vir ongeveer 130 jaar bou M·A·N al dieselenjins, maar in die 15 jaar van 1948 tot 1963 is daar ook ernstig trekkers vervaardig – altesaam sowat 50 000.

Tussen die twee wêreldoorloë het daar weliswaar ook trekkers uit sy fabriek gekom, maar dit was dalk eerder eksperimenteel as 'n ernstige toetreding tot 'n nuwe vertakking.

Twee weergawes van 'n veelsydige gemotoriseerde ploeg (“motorpflug” in Duits) het in die 1920's op die mark gekom, waarvan 300 vervaardig is. In 1938 het 'n “standaard”-trekker, die M·A·N AS250, gevolg. Dié bul van 'n trekker met 50 perdekrag (37 kW) het 'n gevorderde vragmotorenjin as kragbron gehad. Volgens kommentators was dit sy tyd ver vooruit. Die meeste van dié 1 300 trekkers is laat in die Tweede Wêreldoorlog deur die maatskappy Latil in die Duits besette Frankryk gemonteer.

Latil was 'n ou Franse ingenieursmaatskappy wat baanbrekerswerk gedoen het ten opsigte van die ontwikkeling van 4x4-tegnologie vir swaarvoertuie. Ná kooptransaksies en samesmeltings is Latil vandag deel van die Renault-groep. M·A·N se betrokkenheid by Latil het hom ná die oorlog nuttig te pas gekom toe 4x4-trekkers vir sy nuwe reeks ontwerp moes word.

Gedurende die oorlog kon M·A·N nie voortgaan met sy trekkerprojek nie, want die Duitse moedermaatskappy het opdrag gekry om net enjins en militêre voertuie vir Hitler se oorlogspoging te lewer. Dié taak is met Duitse deeglikheid aangepak. Van die bekendste M·A·N-produkte was die suksesvolle Panther- en Tiger-tenk, asook die FAMO-artillerietrekker. Selfs enjins vir duikbote moes verskaf word.

Eers in 1948, toe die meeste Duitse nywerhede ná die verwoestende oorlog weer op die been gekom het, het Maschinenfabrik Augsburg-Nürnberg met 'n reeks Ackerdiesels sy gewig ingegooi by die opbou van die land en die res van die Europese



BO: In 1928 was dié “sterkste vragmotor op die pad” nie net spog nie, dit was die sterkste. Dit was ook die eerste met ’n dubbelas agter.

REGS: In 1938 het hierdie AS250 dalk naastebly soos ander Duitse trekkers gelyk, maar nie een – ook nie Amerikaanse trekkers van toeka – het oor kraglewering van 50 perdekrag (37 kW) beskik nie.



landbousektor. Soos die vragmotors en busse van daardie jare, het die nuwe reeks trekkers gehalte en styl uitgestraal, maar was allermens verfynde werktuie. Viertrekmodelle was redelik gou beskikbaar, van die eerstes in Europa.

Die ontwerpers het ’n spesifieke opdrag gehad en toe vorendag gekom met trekkers wat betroubaar en lig op brandstof was, met ’n sterk hidrouliese stelsel. Verder was dit eenvoudig om te beheer en te onderhou, want trekkerkopers is deur die oorlog arm gelaat en die bestuurder was waarskynlik iemand met min meganiese kennis.

Deur die jare was ’n groot verskeidenheid ontwerpe met kraglewering van 13-60 perdekrag (10-45 kW) beskikbaar.

Twee suksesse

Die AS325- en AS330-trekker het die Ackerdiesel-naam gevestig en was tot 1954 op die mark. Die diesilinder-dieselenjin van 2,9 liter het eers 25 perdekrag (18,6 kW) en later 30 perdekrag (22,3 kW) gelewer. Met ses ratte vorentoe was dit ideaal vir die gemiddelde Europese plaas en meer as 7 000 eenhede is verkoop.

Die ander groot sukses was die 2F1 wat in 1956 met splinternuwe bakwerk op die mark gekom het. Dit was ’n regte mini-trekker. Die tweesilinder-dieselenjin van minder as 1 liter het 13 perdekrag (10 kW) gelewer. Ongeveer 6 000 is verkoop voordat boere se aptyt vir dié kleintjies in 1961 verdwyn het.

Aan die begin van die 1960’s is besluit om,

buiten dieselenjins, op vragmotors en busse te konsentreer. Trekkerproduksie is geleidelik uitgefaseer. Op 15 November 1963 het die laaste M.A.N.-trekker van die produksielyn afgery.

Die produksiesieriewe is aan geen ander trektervervaardiger verkoop nie, maar vandag word onder meer Fendt, John Deere en Claas se grootste graan- en voerwerkteruie deur enjins uit die fabriek van MAN aangedryf (die naam is ’n paar dekades gelede van M.A.N na MAN verander.) **LBW**

Hennie Richter van Yzerfontein is skrywer van die boek Trekkerstories en redakteur van die nuusbrieff van Savtek, die SA federasie van veteraan-trekker-en-enjinklubs.



Hart tot Hart

DS. KOBUS VAN DER WESTHUYZEN

Bewapen jouself en leef dan verantwoordelik

Toe God sy skeppingsprogram voltooi het, het Hy aan die mens ’n opdrag gegee wat hom (die mens) bo alle ander skepsels laat uitstyg het. Soos dit altyd met God die geval is, het Hy saam met die opdrag die toerusting voorsien wat die mens in staat sou stel om te doen wat van hom verwag word.

Dit is hier waar die woord verantwoordelikheid sy besondere betekenis kry. Die mens ontvang bestuursverantwoordelikheid en word dan toegerus daarvoor, soos met ’n redelike en sedelike bewussyn saam met ’n stukkie goddelike natuur wat in die beeld van God gestalte sou kry. Dít is wat die mens so radikaal anders maak as die res van die skepping.

Hiervan lees ons in Gen. 1:26: “Toe het God gesê: ‘Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, sodat hy kan heers oor die vis in die see, die voëls in die lug, die mak diere, die wilde diere en al die diere wat op die aarde kruip.’”

Oor hierdie bestuursverantwoordelikheid wil ons vandag ’n bietjie gesels.

Wat beteken dit in die praktyk van ons daaglikse lewe? Om mee te begin, sal ons

voortdurend moet besef hoe onbeskryflik belangrik hierdie goddelike aanstelling vir my persoonlik is. Dan moet ons dit opvolg met ’n groot stuk dissipline in ’n leerproses waar ons die kuns moet bemeester om God se toerusting reg te gebruik. Só word ons leermeester en leerling tegelyk.

Aanvaar die verantwoordelikheid wat jy teenoor jouself het. Dit geld die behoeftes van liggaam, gees en siel. In al drie hierdie fasette van jou lewe sal stilsprekende stemme na jou toe kom om vir jou te sê wat jy moet doen en wat jy nié moet doen nie.

Bestuursvernuf word gekweek deur ’n verantwoordelike leefwyse. Jy moenie net kan sê wat reg is nie, maar jy moet self die voorbeeld stel deur te doen wat reg is. **LBW**

via.
Regtig. Egtig.

DSBv
kanaal 147



Landbouweekliks

Merkwaardige boere se buitengewone stories
VIA plaaskuiers met Johnny, Vicky en Pietman
via. – Regte mense. Regte stories.

Dinsdae 18:00

Donderdae 18:30

www

viatv.co.za



@viatv



@viatv

#VIA147

Landbou weekliks



WEN BOEREPLAAS BORDSPELETJIE!

Een leser kan 'n Boereplaas Bordspeletjie wen.

NEEM SÓ DEEL: Vul die blokraai korrek in en gebruik die letters in die kleurblokke om die antwoord op die vraag op bl. 99 te ontfael. SMS die woord LBW, gevolg deur jou antwoord, naam, van en dorp/stad na 33677.

Deelnemers kan soveel keer SMS as wat hulle wil. Elke SMS kos R1,50. Net mense binne SA grense kan deelneem. Die winners sal die oorspronklike, voltooide blokraai en hul besonderhede moet verskaf. Geen werknemers of hul gesinne van Media24 en sy reklamemaatskappye mag deelneem nie. Die sluitingsdatum is 25 Desember 2025. Geen posstukke word meer as inskrywing aanvaar nie. Geen erkenning van ontvangs word gestuur nie.



Landbou weekblad Sudoku Nr. 183

		4		2		1	9	
	7				1			
			9		8	6		7
					9	3		
							2	9
		2						4
1						7		3
	6		8	7				
2	8				5			

Deur Gerda Engelbrecht

Voltooi die rooster sodat elke ry dwars, elke kolom af en elke 3 x 3 kassie die nommers 1 tot 9 bevat. Dis al wat jy moet doen.

Geen wiskunde is nodig nie.

Die rooster is vol syfers, maar niks hoef bymekaargetel te word nie.

Jy los die raaisel met logika en beredenering op.

Lees meer by <http://en.wikipedia.org/wik/Sudoku>

Oplossing Nr. 182

2	7	3	1	8	5	6	9	4
9	6	5	7	3	4	1	8	2
1	4	8	2	9	6	7	5	3
7	3	2	6	1	8	9	4	5
6	5	9	3	4	7	2	1	8
4	8	1	9	5	2	3	7	6
3	9	4	8	2	1	5	6	7
5	2	6	4	7	9	8	3	1
8	1	7	5	6	3	4	2	9


BLOKKIESRAAISEL

Dwars

- 1 Sukses (9)
- 7 Agterkant (3)
- 8 Kortkom (7)
- 9 Baie hoë manstem (6)
- 10 Op die ... van jou rug (4)
- 13 Asemhalingsorgaan (4)
- 14 Groeiseltjie op die vel (6)
- 16 Maatskaplik (7)
- 18 Sowel (3)
- 19 Opsuig ('n lap) (9)

Af

- 1 Waarmeking (11)
- 2 Lastig (7)
- 3 Distilleerder (6)
- 4 Nooit ... nimmer (4)
- 5 Bobene (3)
- 6 Bottelloopmaker (11)
- 11 Baie hard werk (7)
- 12 Dit gaan ... as kopaf (6)
- 15 Dun materiaal (4)
- 17 Gesondheidsoord (3)



Lus vir nog 'n blokraai?

Daar is elke dag 'n soortgelyke blokraai op

Landbou.com

kyk of jy jou vorige dag se tyd kan verbeter!

OPLOSSING

DWARS: 1 Voorspoed, 7 Rug, 8 Ontbeer, 9 Faiseit, 10 Naat, 13 Kief, 14 Moesie, 16 Sosiaal, 18 Ook, 19 Absorbeer.
AF: 1 Verifikasie, 2 Ongelê, 3 Stoker, 4 Ofte, 5 Dye, 6 Kurktrekker, 11 Afslowe, 12 Doller, 15 Gaas, 17 Spa.

Wen - Wen - Wen!
 Vandeeweeke kan 1 leser 'n
Boereplaas Bordspeletjie wen.
Leidraad: Op die strand
 Lees op bl. 98 hoe dit werk.



Landbou weekblad
BLOKRAAISEL 1809
 Sluitingsdatum: 25 Desember 2025

Rooibruin rosse	Flankeer	Inkkuns- werke Gehad	Babadier Hert	Malmes- bury, bv.	Rivier in Europa	Lyk- bereiding	Prysges	Het in 'n kar gesit Poort	Reekse Oorvel
				Vrywillige Uit- spruitsel					
Munisi- paliteit in die Vrystaat	'n Lid van die orkes								
Mielie- meel- gereg					Bytpotas ... facto				
Oerslym- diere	Suurstof (simbool)	Afneem Ondeur- dag	Erdwurms as jy hengel, bv.	III Skynsel			Wegsit	... spyte van	
				Niks nie Terloops (Fr.)			Afsnou Tydlose		
In her- innering bring	Plus		Herhaal- delik (3,2,3)		Nobelium (simbool)	Skenk Gebalan- seerd		Alom	Gordel- knippie
				Naak Luffa			Ver- strengelde bondel		
Buuste- lyfie	Lidmate van 'n katedraal (5-9)	Kanovaart Ledemaat		Insek Borsit en miso					Soldate- blyplek
		Boek- keurder Arsenaal			Graan- toring	Gedigte	Byl Vinnig		
Bevel Sitrusvrug			Na binne Boontoe		Teertou Ooi se baba				
			Groeisel				Stange Hopelose		
Oorsese winter- sport	Vroue- afdeling van 'n Oosterse huis	Re. die kroon- slagaar	Psalm- boeke Voorstel				Ver- meende mis- dadiger	Tussen sonder en nag	
				Kla		Nie 'n kriesel nie	Versoen		
'n Struik Droog				Tand- kaste	Senior (afk.)	Grootkop (SA) Oplig			
		Opstan- digheid Skoentoue					Resies Stuk materiaal		
Vroeër Naam- woord				Onthef Slaap				Ingehaak by mekaar	
			Belofte		Nepalese vegter	Sukses behaal			Opstel
Musiek- instrument	Godge- leerde Drink				'n Appel- tjie met iemand ...	Ligrooi Handdoek ingooi			
			Waan- beelde				Koffer Zero		
Aansien		Wyd en ... Dut	Dit is so			Graf- stene			
Strand- sroom (mv.)				Telg			Die selfde	Moeder	
		Verbind Groot roofvoël				Klere- drag			

Opperste kampioene

1 Die wenner van *Landbouweekblad* se goue lint vir die opperste kampioen-bul op die skou was die kampioen-bulkalf en grootkampioen-Simmentaler, Von-Adel Lapua NV 24-12. Eienaars: Nico (regs, 082 789 2781) en Tuané Venter, Von-Adel-stoetery, Ventersdorp. Hanteerder: Daniel Mafikwe.

2 Die gouelintwenner vir die opperste kampioen vroulike dier is Devlan Stellar DL 22-175, 'n Limousin wat ook haar ras se junior en grootkampioen was. Eienaars: John (083 454 3095) en Tracey Devonport, Devlan-stoetery, Vaaldam. Hanteerder: Anwill Coetzee.

Brahman (nie-haltermak)

3 Grootkampioen vroulike dier, JHP 21-150. Eienaar: Marius Pretorius (083 258 3912), Dome Africa Brahman-stoetery, Parys.

4 Kampioen-verskalf en reserwegrootkampioen vroulike dier, JSC 24-32. Eienaar: Stefan Coetzee (083 384 3675), Stefan Coetzee-familietrust, Coetzrand Brahmane, Rysmierbult.

5 Reserwegrootkampioen-bul, JHP 23-184. Eienaar: Marius Pretorius, Dome Africa Brahman-stoetery, Parys.


6 Grootkampioenbul, BHH 22-116. Eienaar: Boesman Hattingh (082 445 5460), Pascale Brahmane, Nigel.

7 Junior kampioen vroulike dier, JSC 24-32. Eienaar: Stefan Coetzee, Stefan Coetzee-familietrust, Coetzrand Brahmane, Rysmierbult.

8 Kampioen-bulkalf, JSC 24-20. Eienaar: Stefan Coetzee, Stefan Coetzee-familietrust, Coetzrand Brahmane, Rysmierbult.

Pragbeeste op ALE-skou vertoon

Pragdiere is vertoon op die Alleras-skou (ALE) wat op Parys gehou is. Slegs drie beesrasse het deelgeneem. Weens die uitbreking van bek-en-klouseer in die Noord-Vrystaat kort voor die byeenkoms het verskeie telersgenootskappe en telers besluit om hulle te onttrek. Kleinvee-karkaskompetiesies is ook aangebied.

**1****2****3****4****5****6****7****8**



9



10



11



12



13



14



15



16

Limousin

9 Senior en reserwegrootkampioen-koei, DL 21-160 Devlan Spectacular. Eienaars: John en Tracey Devonport, Devlan-stoetery, Vaaldam. Hanteerder: Anwill Coetzee.

10 Senior en grootkampioen-bul, Devlan Sir Lancelot. Eienaars: John en Tracey Devonport, Devlan-stoetery, Vaaldam. Van links is Karel Fourie (kuddebestuurder), Manie Zwarts (Old Mutual) en Petrus Mofokeng (hanteerder).

11 Junior kampioenbul, LN 23-54. Eienaar: Willem Botha (082 782 3055), Tendele-stoetery, Senekal. Hanteerder: Mohau Malhomaholo.

12 Kampioen-verskalf, DL 24-09 Devlan Matriarch. Eienaars: John en Tracey Devonport, Devlan-stoetery, Vaaldam. Hanteerder: Joseph Mabata.

Simmentaler

13 Senior en grootkampioen-koei en superkoei, NV 19-6. Eienaars: Nico en Tuané Venter, Von-Adel-stoetery, Ventersdorp. Hanteerder: Daniel Mafikwe.

14 Kampioen- en opperste kampioenverskalf, GAB 24-123 Nestau Una. Eienaar: Greg Bunge (082 782 9569), Nestau-stoetery, Mooirivier. Hanteerder: Daniel Mafikwe.

Slaglamers

15 Hennie Jonker (regs) van Kroonstad het baie goed met sy Hampshire Downs gevaar in die beoordeling van slaglamers op die hoof deur die **beste groep van vier** te wen en tweede in die afdeling vir **enkellammers** te eindig, die **beste karkas aan die haak** in te skryf en die **Lamb Champs-kompetisie** te wen. Links is Jaco Maré van Tau Voere (borg) en in die middel is Lizette Vermaak, organiseerder van die skou.

16 GJ du Plessis (links) van Potchefstroom het die **beste slaglam op die hoof**, 'n Ile de France, ingeskryf. By hom is Jaco Maré van Tau Voere.

'Nuwe' inmaakfabriek op Ashton neem appeltjies in

DIE inmaakvrugteverwerker op Ashton, Langeberg Foods, oor wie se toekoms daar groot onsekerheid was, het vandeesweek die eerste appeltjies onder sy nuwe vaandel ingeneem.

“Daar is groot opgewondenheid in die fabriek. ’n Mens sal binnekort ook van buite af kan sien daar is nuwe energie in die lug wanneer ons handelsmerk op die gebou aangebring word,” sê Edwin Kriel, uitvoerende hoof van Langeberg Foods.

Die knoop vir die transaksie is op die nippertjie van die vrug-

teseisoen deurgehak. “Baie moes in dié kort tydjie gebeur voordat die seisoen aangebreek het, maar die fabriek is nou op dreef,” sê Kriel oor die appeltjies-oes wat ingeneem is. “Die oes is gemiddeld, maar dit lyk of die perske- en peer-oes belofte inhou.”

Langeberg Foods, voorheen bekend as Langeberg & Ashton Foods, is onlangs deur Tiger Brands aan die Ashton Vrugteproducentekoöperatief verkoop. Dit is ’n konsortium van sowat 140 inmaakproducente van Robertson, Ceres, die Breederivier

en Klein-Karoo, asook Norfund, ’n Noorweegse beleggingsfonds vir ontwikkelende lande.

“Die produsente én kopers is baie verlig dat daar uiteindelik – ná vyf jaar – stabiliteit in die fabriek is.” Hoewel hulle volgens Kriel beseft hulle gaan nie noodwendig in die eerste jaar groot winste maak nie, wil hulle die fabriek stadigaan weer opbou.

Hul slagspreuk vir dié seisoen is om kop bo water te hou en na die “basiese dinge” in die bedryf terug te keer. Hy hoop hulle sal ’n goeie platform vir groei vanaf volgende jaar kan skep. Dan sal hulle ook opsies soos diversifikasie na ander produkte, soos groente, oorweeg.

“Uit ’n kapitaalbestedingsoogpunt is daar planne vir die toekoms, maar nou wil ons net oorleef. Ek is baie beïndruk met wat in die fabriek is. Die dienste en koelkamers is goed onderhou, al is sommige daarvan verouderd. Daar is ook heelwat ruimte, wat ’n groot voordeel is.”

Oor marktoestande meen Kriel dat Agoa (die Amerikaanse wet op groei en geleenthede in Afrika) hulle nie gou weer gaan bevoordeel nie. China ondervind ook probleme om sy vrugte na Amerika te neem, wat die tradisionele markte omkramp. “Ons het gelukkig lojale kliënte wat deur die jare by ons gestaan het, ten spyte van die onsekerheid.”

Tamatiepryse verstewig te midde van nat weer

TAMATIEPRYSE op die Johannesburgse verspreidingsmark het in November opwaarts beweeg, terwyl volumes begin afneem het. Volgens Jan Potgieter van Grow BothaRoodt is 60% tot 80% van alle tamaties wat verkoop is, steeds ronde tipes, met saladette wat die oorblywende verkope uitmaak. Die data wat Potgieter weekliks byhou, toon ’n duidelike styging in

gemiddelde pryse van 11 tot 15 November, veral in die 6 kg- en 1 kg-verpakkings.

Ronde tamaties se pryse het tot R12,55/kg (1 kg-verpakking) gestyg, teenoor gemiddeld R8,86/kg vroeër die maand. Saladette het ’n soortgelyke styging getoon, met pryse wat tot R12,03/kg geklim het. Pryse het weer effe laer gestabiliseer, maar bly bo die gemiddelde.

Hierdie neiging hou direk

verband met ’n skerp dalende markvoorraad, sê Potgieter.

Palettellings op die Johannesburgse mark – ’n sleutelaanwyser van aanbod – wys dat die aantal palette beduidend gedaal het. Op 10 November was daar omtrent 700 palette tamaties op die markvloer, teenoor net 605 op die 27ste en net 550 op die 28ste.

Met koeler weer en reën wat die aanbod beperk, lyk dit of pryse op kort termyn stewig

gaan bly, sê Potgieter. Pryse kan selfs oor Desember styg en eers weer in die nuwe jaar verlangsaam.

“Die nat weer is tans die grootste faktor wat tamaties se aanbod bepaal. Reënweer maak dit moeilik en soms selfs onmoontlik vir produsente om hul oeste uit die lande te kry. Hoe langer dié weer aanhou, hoe groter raak die impak op die gehalte, wat die aanbod laat daal en tot hoër pryse lei.” – JASPER RAATS

BEESVLEISPRYSE

Klas A2/3	Speenkalfpryse (gem. lewende gewig = 250 kg)	Klas C2/3
Karkasprys (R/kg) R73,94	Prys (R/kg) – lewende gewig R41,06	Karkasprys (R/kg) R65,14
Weeklikse %-verandering 1,92%		Weeklikse %-verandering 0,09%
Gem. A2-karkasgewig (kg) 269	Weeklikse %-verandering 1,84%	Gem. C2-karkasgewig (kg) 251

Veilings: speenkalfpryse (R/kg)		Ander klasse
Wes-Kaap R36,43	Oos-Kaap R40,14	Klas AB (R/kg) – karkas R72,29
Vrystaat R40,31	KwaZulu-Natal R37,70	
Noordwes R43,56	Mpumalanga R39,06	Klas B (R/kg) – karkas R66,72

SKAAP- EN LAMSVLEIS

Klas A2/3	Stoorlamers (wol)	Klas C2/3
Karkasprys (R/kg) R107,45	Prys (R/kg) – Lewende gewig R50,84	Karkasprys (R/kg) R82,71
Weeklikse %-verandering -0,50%		Weeklikse %-verandering -1,83%
Gem. A2-karkasgewig (kg) 21,88	Weeklikse %-verandering 0,38%	Gem. C2-karkasgewig (kg) 28,25

Pryse vir stoorlamers per streek (lewende gewig)		Ander klasse
Wes-Kaap R50,31	Vrystaat R52,49	Klas AB (R/kg) – Karkas R88,25
Noord-Kaap R46,40	Mpumalanga R50,58	
Oos-Kaap R51,90	Slaglamers R48,95	Klas B (R/kg) – Karkas R81,25

PLUIMVEE

Bevrere	Vars	Kitsbevrere stukke	Braaihoenders
Prys (R/kg) R35,51	Prys (R/kg) R40,56	Prys (R/kg) R35,32	Georgia (vry aan boord) R/kg R0,00
Weeklikse %-verandering 0,50%	Weeklikse %-verandering -0,14%	Weeklikse %-verandering 0,00%	Invoerpariteit R/kg R5,25

VARKVLEIS


Spekvarke	Vleisvarke	Wors
Prys (R/kg) R39,52	Prys (R/kg) R39,89	Prys (R/kg) R30,57
Weeklikse %-verandering 0,48%	Weeklikse %-verandering 0,99%	Weeklikse %-verandering 2,65%

Internasionale pryse		
EU-prys (EU/kg) €1,60	EU-prys (R/kg) R16,99	EU-invoerpariteitsprys (R/kg) R19,54
VSA – Burgvarke en jong sêe (\$/cwt) \$71,37	VSA-prys (R/kg) R13,50	VSA-invoerpariteitsprys (R/kg) R15,52

BOKKE

Groot bokke	Bokoioe	Klein bokkies
Prys (R/kg) – lewende gewig R54,00	Prys (R/kg) – lewende gewig 60,68	Prys (R/kg) – lewende gewig 58,49
Weeklikse %-verandering 55,04%	Weeklikse %-verandering -1,08%	Weeklikse %-verandering -10,00%


Bokprysneigings



VOER

Sonneblomme	Geelmielies	Mieliesemels	Sojameel (48% CIF)
Prys: Graad 1 (R/t) R9 820	Prys (R/t) R3 692	Prys (R/t) R2 800	Prys (R/t) R11 277
Weeklikse %-verandering -0,88%	Weeklikse %-verandering 2,44%	Weeklikse %-verandering -6,67%	Weeklikse %-verandering 0,68%

Lusernprysneigings



GRAANPRYSE Rand per ton

	1 maand gelede	2 weke gelede	Verlede week	Hierdie week
Witmielies	3 526	3 763	3 722	3 628
Geelmielies	3 405	3 636	3 579	3 506
Sonneblomme	9 839	10 037	10 297	10 339
Sojabone	6 868	7 259	7 305	7 290
Koring	5 948	5 859	5 837	5 772

GROENTEPRYSE

	1 maand gelede	2 weke gelede	Verlede week	Volgende week
Aartappels (10 kg-sakkies)	2 272 112	2 622 236	2 365 799	
Prys (R/10kg)	R43,32	R47,36	R44,48	↑
Tamaties (kg)	4 757 677	5 359 255	4 982 868	
Prys (R/kg)	R11,65	R10,40	R9,12	↓
Wortels (kg)	2 789 694	3 152 770	2 867 467	
Prys (R/kg)	R4,15	R4,29	R4,14	↑
Uie (10 kg-sakkies)	710 791	924 543	795 987	
Prys (R/10 kg)	R40,57	R39,21	R37,67	↑
Kopkool (kg)	3 534 873	3 773 382	3 500 649	
Prys (R/kg)	R1,52	R1,61	R1,52	↑

VRUGTE: VOLUMES EN PRYSE

	1 maand gelede	2 weke gelede	Verlede week	Volgende week
Piesangs (kg)	5 043 569	5 138 933	5 525 601	
Prys (R/kg)	R11,12	R11,75	R11,16	↓
Appels (kg)	2 446 166	2 661 144	2 586 343	
Prys (R/kg)	R13,45	R13,07	R12,88	↑
Lemoene (kg)	816 167	744 038	627 956	
Prys (R/kg)	R7,35	R8,51	R8,30	↑
Avokado's (kg)	415 169	366 554	350 433	
Prys (R/kg)	R25,67	R26,11	R29,25	↓
Tafeldruiwe (kg)	75 605	60 748	98 849	
Prys (R/kg)	R70,53	R94,91	R61,08	↓
Pere (kg)	998 930	1 038 880	974 013	
Prys (R/kg)	R9,55	R9,85	R9,82	↑
Mango's (kg)	11 560	50 461	105 260	
Prys (R/kg)	R9,88	R20,97	R26,73	↓
Pynappels (kg)	492 668	599 591	530 968	
Prys (R/kg)	R11,38	R11,86	R11,58	↑
Suurlemoene (kg)	453 077	515 449	569 072	
Prys (R/kg)	R6,43	R8,30	R8,47	↓
Bloubessies (kg)	62 244	73 124	64 453	
Prys (R/kg)	R48,08	R37,00	R40,18	↑

Op die 14de veiling van die 2025-'26-verkoopseisoen was die gemiddelde skoonwol-markaanwyser vir goeiegehalte- lang vagwol (MF4/MF5) met 'n treksterkte van 35 (NKT) as volg:

Veseldikte	17μ	18μ	18,5μ	19μ	19,5μ	20μ	20,5μ	21μ	22μ
Nie-RWS	231,00 -0,9%	219,00 +0,5%	213,00 0%	206,00 +1,5%	203,00 +0,5%	197,00 -0,5%	195,00 -0,5%	194,00 -0,5%	192,00 -0,5%
RWS Gesertifiseer	249,00 -1,6%	240,00 0%	238,00 0%	224,00 +1,4%	216,00 -0,5%	215,00 +0,5%	214,00 +0,5%	213,00 +1,4%	206,00 +1,0%
Verskil	+7,8%	+9,6%	+11,7%	+8,7%	+6,4%	+9,1%	+9,7%	+9,8%	+7,3%

GEMIDDELDE MARKAANWYSER: RWS 211,4 +0,2%

Die grootste kopers op die veiling was: BKB Pinnacle Fibres (3 431 bale), Modiano SA (2 706 bale), Tianyu SA (2 334 bale). Van die 8 100 bale wat BKB aangebied het, is 7 506 bale verkoop (92%).



MARKINLIGTING

Landbouweekblad publiseer weer die jongste markinligting. Die verslae van prysneigings is van AMT ontvang. Dr. Johan van der Merwe, uitvoerende hoof van AMT, koördineer 'n groep toegewyde landbou-ekonomie wat daarna streef om gereeld betroubare markinligting aan bestaande en potensiele kliënte te verskaf. Besoek ook Landbou.com om na 'n video van die jongste neigings te kyk.



MARKNEIGINGS

Paar uitskieters in die Wes-Kaap

Die TABEL toon 'n opsomming van grondtransaksies groter as 10 ha in die Wes-Kaap vir die 12 maande tot Augustus 2025. Oor dié tydperk is 524 ooreenkomste gesluit. In die proses is 247 085 ha teen altesaam R6,494 miljard verhandel.

'n Vergelyking per kategorie teenoor die vorige 12 maande toon die volgende: Grondverhandeling kleiner as 50 ha het afgeneem tot 31% (33%), terwyl dié van 50 ha tot 150 ha toegeneem het tot 24% (22%). Verkope van 150 ha tot 300 ha het toegeneem tot 14% (11%), en dié van 300 ha tot 450 ha het gedaal tot 7% (9%). Transaksies van 450 ha tot 600 ha het effens gestyg tot 6% (4%), en groter as 600 ha het gedaal tot 18% (21%). Altesaam 51% van die distrikte toon 'n gunstige prysneiging.

Die Paarl (15,6%) en Knysna (14,7%) was die uitskieters, terwyl goeie pryse ook behaal is by Piketberg (8,7%), Calitzdorp (5,9%) en Albertinia en Ladismith (5,8% elk). Pryse het veral gedaal by Bredasdorp (-13,9%), Clanwilliam (-13,4%) en Kaapstad (-11,2%).

– JOHANN BORNMAN

Statistieke vir al die provinsies is op land.agrids.co.za beskikbaar.

Grondverhandeling in die Wes-Kaap: September 2024 tot Augustus 2025

	Aantal transaksies in 12 maande	Totale ha verhandel in 12 maande	Laagste prys in 12 maande	Hoogste prys in 12 maande	Gemiddelde prys in 12 maande	Prysneiging in 12 maande	Gemiddelde neiging in 12 maande	Gemiddelde prys in Aug. 2025
			R/ha				%	R/ha
WES-KAAP								
Albertinia	5	5 397	3 599	34 483	12 959	756	5,8	5 338
Beaufort-Wes	14	33 665	719	100 000	16 392	-597	-3,6	1 394
Bredasdorp	12	3 198	3 060	1 719 250	244 958	-34 109	-13,9	35 000
Caledon	22	7 137	6 836	720 804	182 981	9 315	5,1	546 250
Calitzdorp	10	2 969	458	461 538	106 181	6 232	5,9	2 079
Ceres	11	8 569	166	692 308	31 051	-8 132	-	5 348
Clanwilliam	22	10 402	2 190	423 000	80 785	-10 833	-13,4	89 962
George	29	2 964	4 156	1 000 000	243 346	-6 783	-2,8	476 190
Kaapstad	13	1 688	52 817	697 674	197 334	-22 122	-11,2	84 375
Knysna	24	2 104	9 813	1 900 000	448 593	65 913	14,7	246 154
Ladismith	33	12 256	1 096	172 000	7 446	435	5,8	10 619
Laingsburg	16	15 676	890	41 667	9 491	-792	-8,3	1 866
Malmesbury	21	6 944	10 952	541 667	116 261	-3 802	-3,3	31 839
Montagu	14	6 749	1 589	183 333	38 927	1 699	4,4	-
Mosselbaai	24	3 913	1 136	296 154	70 769	195	0,3	80 899
Murraysburg	1	1 018	12 343	12 343	12 343	-	-	-
Oudtshoorn	24	20 086	398	272 500	49 767	-4 248	-8,5	81 995
Paarl	45	3 347	38 521	7 840 909	650 848	101 254	15,6	374 635
Piketberg	15	8 653	3 774	487 945	43 863	3 817	8,7	19 920
Prins Albert	12	31 876	1 390	94 118	3 098	-168	-5,4	-
Riversdal	49	11 902	936	766 667	42 884	-2 148	-5,0	37 925
Robertson	12	4 208	5 960	1 316 071	273 789	11 326	4,1	-
Stellenbosch	10	381	90 090	2 702 500	779 342	40 029	5,1	476 965
Swellendam	37	14 394	559	1 085 714	37 806	348	0,9	38 661
Tulbagh	9	1 107	25 194	445 652	155 256	-12 251	-7,9	200 000
Vanrhynsdorp	18	20 777	583	368 767	73 785	3 334	4,5	6 026
Worcester	22	5 705	5 357	733 333	226 052	12 435	5,5	-

Akte-oordraginlingting word verskaf deur WinDeed.

WinDeed is die voorkeurwebblad vir aktevervaardigers en eiendomsdeskundiges.

Verkry toegang tot die Aktekantoor, landmeter-generaal, CIPC en baie ander eiendomverwante databronne.

0861 946 333

windeed
information is our business

www.windeed.co.za

GAUTENG

CARLETONVILLE

DOORNFONTEIN (522) 23 ha, aan Barry Van Wyk Trust, van J.C. Keyser, R3 200 000.
RIET FONTEIN (519) 259 ha, aan Barry Van Wyk Trust, van J.C. Keyser, R4 300 000.

NIGEL

YZERVARKFONTEIN (194) 21 ha, aan A J X Inv (Edms.) Bpk., van Oobridge (Edms.) Bpk., R2 450 000.

PRETORIA

NOOITGEDACHT (333) 11 ha, aan Reformatted Prop (Edms.) Bpk., van Huxley Trading 2 (Edms.) Bpk., R7 000 000.
RIET FONTEIN (395) 16 ha, aan W.J. Jansen van Rensburg, van J.H. Jansen van Rensburg, R907 000.
ROODEPLAAT (293) 10 ha, aan Eggbert Eggs (Edms.) Bpk., van Bartlet Poultry (Edms.) Bpk., R11 902 429.

KWAZULU-NATAL

LADYSMITH

KEEVERS FONTEIN (1268) 570 ha, aan Keeversfontein Boerdery (Edms.) Bpk., van D.J.J. Cilliers, R4 500 000.

PIETERMARITZBURG

INGOMANKULU (14135) 19 ha, aan The Ingomankulu Trust, van D.I. Gates, R1 900 000.
MPUSHINI (14835) 21 ha, aan B.M. en N.H. Gogela, van Sole-props 145 BK, R1 800 000.
WATERVAL (987) 73 ha, aan Hindenburg Trust, van Water-val Trust-trustees, R6 162 000.

UNDERBERG

FP 349 A (9501) 24 ha, en FP 349 B (9503) 83 ha, aan Braecroft Timbers (Edms.) Bpk., van L.M. Herbst en W.F. Herbst, R2 500 000.

UTRECHT

KROMELLENBOOG (170) 141 ha, aan G. Zulu, van B.W. Zwane en L.O. Zwane, R3 489 750.

LIMPOPO

MODIMOLLE

ELANDSFONTEIN (401) 205 ha,

aan Nilanke Boerdery (Edms.) Bpk., van Spirign (Edms.) Bpk., R3 050 000.

THABAZIMBI

KAMEELHOEK (408) 277 ha, aan Mooiplaas (Edms.) Bpk., van Kameelhoek Game Ranch (Edms.) Bpk., R2 000 000.

MPUMALANGA

MIDDELBURG

LUIPERSHOEK (149) 428 ha, aan Damasini (Edms.) Bpk., van D.S.P. Venter, R4 150 000.
STEYNSDRIFT (145) 85 ha, aan JRSCL Consulting (Edms.) Bpk., van F & T Veeboerdery (Edms.) Bpk., R4 300 000.

NOORD-KAAP

BARKLY-WES

MATTANU ANNEX (405) 622 ha, aan Tidal Winds (Edms.) Bpk., van Johan Kriek-familiëtrust, R4 885 757.

FRASERBURG

AMANDELBOOMS WINKEL-HAAK (176) 723 ha, DE KRUIS (174) 68 ha, GOEDVERWACHTING (175) 3 899 ha, en PIET'S GAT (190) 116 ha, aan Goede-verwagting (Edms.) Bpk., van A.E.H.A. Marais, R7 259 900.
DE KOM (474) 2 125 ha, aan De Kom-familiëtrust, van C.J. Marais, R1 000 000.

KURUMAN

WILL (531) 814 ha, aan MN Elektriese Kontrakteurs BK, van E.J. Fouché en J.H.V. Fouché, R4 000 000.

NOORDWES

SANNIESHOF

KAREEPUT (257) 440 ha, aan Kareeput Beleggings (Edms.) Bpk., van J.J. Marais, R2 100 000.

WOLMARANSSTAD

KAREEBOSCHKUIL (10) 56 ha, aan Van Wyk-familiëtrust, van S.J. Britz, R335 000.
KAREEBOSCHKUIL (10) 92 ha, aan Pieter Ernst-familiëtrust, van S.J. Britz, R550 000.

ZEERUST

BULHOEK (389) 17 ha, aan

J. Fouché en J.H. Fouché, van P.C. Brits, R730 000.

KLIPKUIL (352) 610 ha, aan Alliance Mining (Edms.) Bpk., van A. Groenewald en M.M. Groenewald, R3 000 000.

OOS-KAAP

ELLIOT

BONAWA (99) 640 ha, en CROSSMALOOF (477) 552 ha, aan A.L. Botha-familiëtrust, van Crossmaloo Farm Prop (Edms.) Bpk., R9 500 000.
DONNACHADHBAN (97) 900 ha, aan A.L. Botha-familië-trust, van Green Valley Trust, R6 752 363.

DRIEHOEK (1074) 113 ha, DRIE-HOEK (1083) 8 ha, PLAAS 1052 (1052) 10 ha, PLAAS 1053 (1053) 9 ha, PLAAS 1081 (1054) 8 585 m², PLAAS 1081 (1081) 11 ha, PLAAS 1082 (1082) 24 ha, NORMANDY (1051) 268 ha, en RAZOR BACK (1027) 148 ha, aan Intlangu Trust, van A.L. Botha en J.H. Botha, R9 500 000.

JANSENVILLE

VERNON HALL (246) 337 ha, aan Jayce Fishing Trust, van E.B. de Villiers, R3 500 000.

OOS-LONDEN

PLAAS 1016 (1016) 48 ha, aan Red Sunset Trading 8 (Edms.) Bpk., van Gulu Marron Farm (Edms.) Bpk., R2 300 000.

UITENHAGE

GREENFIELDS (469) 28 ha, aan Lan Trust, van E.L. Jacobs en S. Jacobs, R5 000 000.

VRYSTAAT

HEILBRON

RIET FONTEIN (535) 18 ha, ROOI KOP (547) 151 ha, en VAN ZYL'S RUST (204) 173 ha, aan Gertruida Trust, van J G F Trust, R5 828 144.
UITKYK (506) 185 ha, aan Renscorp Investments (Edms.) Bpk., van Plaas Uitkyk Distrik Heilbron BK, R5 000 000.
UITKYK (506) 70 ha, aan Renscorp Investments (Edms.) Bpk., van Quadtrade BK, R2 500 000.

VAALDAM SETTLEMENT (1777) 19 ha, aan Renscorp Investments (Edms.) Bpk., van MSW Estates BK, R1 167 000.
VAALDAM SETTLEMENT (1777) 194 ha, aan Renscorp Investments (Edms.) Bpk., van MSW Estates BK, R2 333 000.
VAALDAM SETTLEMENT (1777) 567 ha, aan Renscorp Investments (Edms.) Bpk., van MSW Estates BK, R2 500 000.

HOOPSTAD

FAIRFIELD (279) 867 ha, aan JD Trust, van John Roberts Trust, R45 000 000.

REITZ

TJALIE (230) 230 ha, aan John du Toit Trust, van J.G. du Toit, R1 400 000.

SENEKAL

GEMSBOKFONTEIN (72) 242 ha, en LA FRANCE (391) 242 ha, aan Tala Distributors BK, van Johan Rautenbach Trust, R6 100 000.
IERLAND (1107) 128 ha, aan Lessing B Trust, van Daleen Rautenbach Trust, R6 600 000.
SOETVLEI (1443) 214 ha, aan K2015099174 South Africa (Edms.) Bpk., van Repo Wild 1101 BK, R1 448 300.

ZOETFONTEIN (255) 130 ha, aan K2015099174 South Africa (Edms.) Bpk., van Girasol Ranches (Edms.) Bpk., R1 426 483.

SMITHFIELD

MERINOSVLEI (627) 423 ha, aan Green Valley Trust, van A.M. Coetzer, R3 000 000.

THEUNISSEN

SILESIA (409) 89 ha, aan Dawie & Bettie Pretorius-familiëtrust, van D. Pretorius, R1 400 000.

VILJOENSKROON

DUURTIJD (297) 94 ha, GELDMORS (142) 25 ha, en SCHOONDAM (196) 178 ha, aan Van Coler-familiëtrust, van J.C. Stander, R5 700 000.

VREDEFORT

GANSVLEI (1179) 509 ha, aan Wonderheuvel Eiendom-me (Edms.) Bpk., van Pienaars-vleij Boerdery (Edms.) Bpk., R9 200 000.

WES-KAAP

MONTAGU

RIET VALLEI (167) 61 ha, aan Land Rover Trust, van J.D. van Deventer, R8 100 000.

MOSSELBAAI

BUFFELSFONTEIN (250) 208 ha, aan B & M Grains (Edms.) Bpk., van P.L. Fivaz, R8 000 000.

OUDESHOORN

DE OUDE MURAGIE (56) 85 ha, aan Shumbacube (Edms.) Bpk., van I.J.J. van Aswegen en M. van Aswegen, R3 250 000.

ELANDSFONTEIN (271) 29 ha, aan P J J S Lategan-familië-trust, van C.P. van Wyk en R.J. van Wyk, R1 100 000.
RIETVALLEY (76) 16 ha, aan Droomrivier Eiendomme (Edms.) Bpk., van F.L.R. Del-port, R3 500 000.

PAARL

VAN WYKS RIVIER (787) 13 ha, aan Subrolox (Edms.) Bpk., van Zwartkoppies Prop Inv (Edms.) Bpk., R24 150 000.

PRINS ALBERT

VROLYKHEID (177) 263 ha, aan Anchor 6 (Edms.) Bpk., van Waving Reed Inv BK, R2 000 000.

RIVERSDAL

KLEIN SOEBATTERS VLAKE (369) 9 978 m², en KLEIN SOEBATTERS VLAKE (369) 101 ha, aan De Jager-familië-trust, van F.A.B. Kasselman, R1 450 000.

KORTE FONTEIN (6) 1216 ha, en OUDEBERG (549) 401 ha, aan Johan Naude Trust, van Akula Trading 129 (Edms.) Bpk., R13 200 000.

RIVERSDALE RD (603)

434 ha, aan Meinco Boerdery Trust, van A. von Molendorff, R5 750 000.

ROBERTSON

VINKE RIVIER (8) 103 ha, aan C.R. Worp, van H.C. Jooste, R5 400 000.

WORCESTER

WORCESTER RD (963) 1425 ha, aan Amore Fati Trust, van Pelican Hotels South Africa (Edms.) Bpk., R3 450 000.

Besoek landbou.com/veilings vir die jongste veilingsnuus.

BRAHMAN

Brahman-bul behaal R280 000 op nasionale veiling



Hierdie bul is op die nasionale Brahman-veiling vir R280 000 verkoop. FOTO: JAN LOUW, BRAHMAN SA

'n Goeie prys van R280 000 is vir 'n bul betaal op die nasionale Brahman-veiling, ondanks 'n groot verandering wat op die nippertjie weens die gevaar van bek-en-klouseer in werking gestel – die veiling kon slegs aanlyn plaasvind.

Hierdie prys – die hoogste op die veiling – is betaal vir die bul SB 20-17 Schlebusch Nicolaas wat deur Jaco Schlebusch van Delareyville aan Nikkie Fourie van die VTV-boerderygroep van Christiana verkoop is.

Die koei SB 20-16, ook van Schlebusch, is saam met haar bulkalf SB 25-4 vir R70 000 verkoop, ook aan die VTV-boerdery.

Die veiling is aanlyn deur BKB vanuit die Koöperasie-restaurant in Potchefstroom op Meerkat se veilingsplatform aangebied.

Gareth Hughes het as afslaer opgetree.

– CHARL VAN ROOYEN



VEILING VAN DIE WEEK

Oos-Kaapse wildveiling wys wilbedryf het nog groot skop

SUMMIT WILDLIFE in die Oos-Kaap kon sy tiende bestaansjaar met 'n uitsonderlike veiling vier omdat die wilbedryf tans met 'n uitstekende aanbod en 'n tekort aan veral jagdiere op 'n stewige galop is.

Die pryse was vanjaar byna dubbeld so hoog as wat verwag is, terwyl die totale omset van R27,2 miljoen ook byna dubbeld dié van

die vorige jaar was.

Die hoogste prys van R1,9 miljoen is betaal vir die swartwitpensbul Top Up van Tina de Jager se Valley Venture-stoetery by Vryburg. Die bul spog met 'n horinglengte van 55". Hy is vir teeldoeleindes aangekoop.

Volgens Hennie Barnard, een van Summit Wildlife se direkteure en wildboer van die plaas Skietfontein by

Die swartwitpensbul Top Up van die Valley Venture-stoetery is op die Summit Wildlife-veiling vir die hoogste prys van R1,9 miljoen verkoop. FOTO: VERSKAF

Aberdeen, is swartwitpensbulle met 55"-horinge tans baie skaars. Die hoë prys is ook danksy die bul se puik teelmateriaal.

Twee springbokramme van Jules of the Karoo van Julian Theron by De Aar, met 'n horinglengte van onderskeidelik 19" en 20", is vir die toppryse van R650 000 en R560 000 verkoop. Nóg uitstekende pryse was R820 000 wat betaal is vir 'n koningswildebees, Majuba, van Safari Quaggasfontein by Colesberg en R575 000 vir die gemsbokbul Sultan van Hennie Barnard.

Summit Wildlife bied die veiling self en onafhanklik aan. Brandon Leer was die afslaer. Die veiling is aanlyn, asook in die Drostyd Hotel op Graaff-Reinet gehou.

**Die kopers verkies om anoniem te bly.*

– FREDALLETTE UYS

SLAGVEE

Speenkalfpryse verras

Die vraag na speenkalfers daal tradisioneel hierdie tyd van die jaar, maar bly vanjaar baie sterk. Stoorlampryse het ook effens gestyg en kan moontlik bly styg tot in die tweede week van Desember. Besoek die webwerf amtrends.co.za vir die jongste pryse en markneigings.

PRYSE: WEEKLIKSE SKAAPVEILINGS

	Noord-VS (beste R/kg)		Kimberley (gem. R/kg)		Wes-Kaap (beste R/kg)	
DATUM	19/11	26/11	19/11	26/11	19/11	26/11
Stoorlamers (< 30 kg)	51,90	52,42	-	-	55,00	52,00
Slaglamers	50,04	49,91	-	-	52,00	51,00
Stoorskape	38,12	38,20	-	-	36,00	37,00
Vet skape	37,80	39,18	-	-	36,00	36,00

PRYSE: WEEKLIKSE BEESVEILINGS

	Noord-VS (beste R/kg)		Kimberley (gem. R/kg)		Wes-Kaap (beste R/kg)	
DATUM	19/11	26/11	19/11	26/11	19/11	26/11
SPEENKALWERS (R/KG, LEWEND)						
< 200 kg	40,16	40,74	-	-	38,00	38,00
Tot 250 kg	43,15	44,00	-	-	38,00	38,00
> 250 kg	39,90	40,80	-	-	37,50	37,50
VOLWASSE BEESTE						
Klas A	38,20	38,60	-	-	35,00	36,00
Klas B	-	-	-	-	-	-
Klas C	30,55	31,85	-	-	30,50	29,50
Slagbulle	31,80	33,17	-	-	28,00	28,00

NAVRAE: CHRIS DERKSEN, 082 807 5961 (NOORD-VRYSTAAT); KOOS COETZEE, 079 945 4355 (KIMBERLEY), EN CARL MALHERBE, 082 496 3446 (WES-KAAP).

La Rhone: Besondere teelmateriaal behaal hoë pryse



Toppryse is weer vanjaar op AJ du Toit van die La Rhone-stoetery se produksieveiling by Tulbagh behaal.

Jan Stiglingh van Leadwood Limousins in die Thuli-blok, Botswana, het die hoogste prys vir 'n bul betaal. Die bod vir Cockpit LR2179 is op R2,8 miljoen op hom toegeslaan.

Du Toit sê hulle is baie opgewonde oor die eerste Limousins wat aangekoop is om 'n stoetery in Kameroen te begin. Ibrahim Abba, die hoofkoper uit Kameroen, sê hy was vanjaar die eerste keer in Suid-Afrika toe hy die nasionale skou in Bloemfontein bygewoon het en dit het hom baie beïndruk.

Nóg 'n nuwe kliënt wat die veiling goed ondersteun het, is BK Ramahobo van HSNV Mining in Gaborone, Botswana.

Hy het onder meer 'n hoogste prys van R1,4 miljoen vir 'n koei en 'n kalf betaal en R1 miljoen vir 'n gesogte bul, Admiral.

Vleissentraal het die veiling met die samewerking van SwiftVEE aangebied. Die afslaer was Johan van der Nest.

CLIVÉ MONTGOMERY



Die bul Cockpit LR2179 is vir die hoogste prys van R2,8 miljoen verkoop. FOTO: VERSKAF



By die duurste Merino is agter, van links, Eduard Prinsloo (Heuningkrans), Izak Nel (OVK), Wian Venter en Tiaan Kruger (kopers), Eddie Prinsloo en Wiaan Smit (Heuningkrans) en Petrie Jacobs (Petmar). Voor is Jovaan Cloete (afslaer) en Tsebe Sephapati (hanteerder). FOTO: JOHANNORVAL

R50 000 vir Merino op 50ste Heuningkrans-produksieveiling



Heuningkrans Merino's se tweede produksieveiling van die jaar het vlot verloop met 'n 100%-verkoopsyfer vir die ramme en die syfer "vyf" wat 'n interessante kinkel opgelewer het.

Dit was die vyftigste produksieveiling van dié stoetery van Eduard en Eddie Prinsloo van die Smithfield-distrik wat in 1927 deur hulle voorsate gestig is. Eduard is die vyfde geslag wat dié geskiedkundige boerdery voortsit. Dit was ook 'n jong ram, lot 50 (345-24-1326), waarvoor Wian Venter van Loxton en sy vennoot, Tiaan Kruger, die hoogste prys van R50 000 opgedok het.

Die duurste Dormer-ram is teen R10 000 aan Dirk Gouws van Bultfontein verkoop.

Die veiling is op die Prinsloos se plaas Heuningkrans deur BKB aangebied, met Jovaan Cloete as afslaer.

– JOHAN NORVAL

Oorlog-dogters sit tradisie van hoë pryse voort



'n Dogter van Oorlog, die bekende Kaapse Lob Ear-bok wat in Julie teen 'n rekordprys van R160 000 verkoop is, was die duurste op die Inheemse Veldbok-genootskap (IVG) se Heritage-veiling in Bloemfontein.

XAN 240018 was die enigste SP-ooi op die veiling en nuweling-telers Martin

Boshoff en sy pa, Sias, van Amanzi Game Reserve by Brandfort het R52 000 vir haar en haar lam opgedok. Boshoff het ook die tweede duurste dier, ook 'n dogter van Oorlog, XAN 240009, vir R27 000 aangeskaf.

Vleissentraal Bloemfontein het die veiling aangebied en Vincent Pike was die afslaer.

– JOHAN NORVAL



By die duurste ooi en haar lam is, van links, Danie Pienaar en Allan Sinclair (albei van Vleissentraal), Alexander Bissett (verkoper), Martin Boshoff (koper) en sy pa, Sias, en seun Henru Boshoff van Amanzi Game Lodge. FOTO: JOHAN NORVAL

Veiling
29 Januarie 2026

Bieery Open
11:30 am

Bid1

Sien veiling voorwaardes en termes by bidx1.com



INSOLVENSIE

Weidingsplase met 'n totale oppervlakte van meer as 17 720 Ha

• Verkoop in drie afsonderlike lotte of as 'n geheel

- Ongeveer 80 km vanaf Upington
- Verskeie waterbronne
- Hoofsaaklik vir skaap- en beesboerdery gebruik
- Veebehandelings- / hanteringsfasiliteite



MC du Toit

+27 (0) 82 563 3275
mcdutoit@bidx1.com

LBW Gids vir die boer



TAAI • BETROUBAAR • BEKOSTIGBAAR

21ste eeu staal-paneel tenks waarop jy kan staatmaak

Nuutste tegnologie en innoverende ontwerp neem OASIS TANKS na die volgende vlak in wateropberging standaarde



- AZ150 ALUZINC staal
- Korrosiebestand
- 500 tot 1 miljoen liter
- Ingenieur ontwerp
- Spoedige installasie
- Min tot geen onderhoud
- Verlengde lewensduur
- 10-jaar waarborg



Vervaardig deur



NEEM BEHEER VAN JOU EIE WATERSEKURITEIT MET OASIS WATERTENKS

083 226 8572 | 011 965 6016 | sales@oasistanks.co.za | www.oasistanks.co.za

+27 12 803 0036

www.abchansenafrica.co.za

info@abchansenafrica.co.za

ABC Hansen
Africa



GRAANBERGING EN VOER

Silo's & Silosakke, Kuilvoerkerwers en-Sakstoppers

Hippo
Hammermeulens



Mengers



Pilmasjiene



Verpakking



Silo's | Suiwering | Droging

Tugela Steel

Manufacturers of Quality Steel Structures

Tel: +27 31 566 4601 | Faks: +27 31 566 5190 | E-pos: sales@tugela.co.za

www.tugelasteel.co.za



Suid-Afrika se grootste vervaardiger (gestig 1984)

Ons is die enigste vervaardiger in Suid-Afrika wat te alle tye oor 'n 100 store in voorraad het in ons fabriek in Colenso, KZN, vir onmiddellike lewering. Alle strukture is in voorraad en word verkoop op 'n eerste kom, eerste kry-grondslag.

Ons is trots op ons diens en integriteit
Ons verwelkom u besoek aan ons
fabriek of hoofkantoor te alle tye.



**STRUKTUUR-
GROOTTE (m)**

12x30x6
15x20x4.5
15x30x4
15x30x6
18x30x4.5
18x30x6
20x30x4.5
20x30x6
20x60x4.5
20x60x6
20x60x9
25x30x4.5
25x60x6
25x30x9
30x30x6
330x60x6
30x60x9
36x60x6
36x60x9

Pryse op aanvraag

G & M PAINTS
INDUSTRIËLE STERKTE. ELKE DAG WAARDE. SEDERT 1993

**PLAAS STERK. ROESVRY.
Gereed vir enigiets!**

Verskaaf Veeldoelige Industriële Oksiedonderlaag vir meer as 30 jaar



• Rooi oksied R16 per liter
• Grys oksied R20 per liter
• Swart oksied R22 per liter

Ons onderlaag is ideaal vir die meeste industriële toepassings, roesvoorkoming en word algemeen gebruik op staalwerk, mure, hout en heinings.

Verdunners en oplosmiddelmengsels is beskikbaar

Kontak : info@gmpaint.co.za / 011 822 - 4066

www.gmpaint.co.za

ND NOORDWES DAMME



Opgaardamme, graandamme en tenks geskik vir menslike gebruik.
Voerings vir sink- en sementdamme. Selfdoendamme (DIY) ook beskikbaar
GEHALTE TEEN BESTE PRYSE – ONS KLOP ENIGE GESKREWE KWOTASIE!
10-Jaar waarborg*

SINKTENKS GESKIK VIR MENSLIKE GEBRUIK

Word voorsien met 'n sertifikaat

4 x 2.3 m Sinktenk (29 kl)	– R27 750
6 x 2.3 m Sinktenk (65 kl)	– R46 350
8 x 2.3 m Sinktenk (116 kl)	– R68 300

Pryse Pryse sluit in: Dak, sink, voering, 50 mm uitlaat, 50 mm oorloop, oprigting en BTW. Vervoer uitgesluit.

SINKDAMME EN GRAANDAMME

4 x 2.3 m Sinkdam (29 kl)	– R20 650
6 x 1.55 m Sinkdam (44 kl)	– R24 000
6 x 2.3 m Sinkdam (65 kl)	– R31 450
8 x 2.3 m Sinkdam (116 kl)	– R42 800
12 x 2.3 m Sinkdam (261 kl)	– R85 250
14 x 2.3 m Sinkdam (354 kl)	– R107 300

Pryse Pryse sluit in: Sink, voering, 50 mm uitlaat, 50 mm oorloop, oprigting en BTW. Vervoer uitgesluit.



Enige grootte sinkdam, graandam, sinktenk of voering kan op aanvraag vervaardig word. Oprigting landswyd, asook buurlande. Deelvragte ook beskikbaar. 0.8 tot 1.2 mm ZincAl plate word gebruik met 'n lewensverwagting van 2 tot 4 keer langer as tradisionele sinkplate. 850 GSM PVC-voering word met behulp van 'n hoë frekwensie sweisproses vervaardig.

Voering is UV-bestand. Dieselfde dikte voering word vir die wal en vloer gebruik. Indien die dikte verskil kry jy jou seil gratis.

(* termes en voorwaardes geld)

Jannie: 072 600 0179

Kantoor: 064 752 4952

Epos: sales@nwdamme.co.za

Webtuiste: www.nwdamme.co.za

Whatsapp lyn:



Flexi Linings

The only liner with 16 year guarantee



SOMER AANBIEDING

SINKDAM met voering

110 000 Liter (7,8mx2,3m) - R39 9000


57 000 Liter (5,6x2,3m) - R29 900

BTW ingesluit

40mm kraan en oorloop

14 jaar waarborg/ 900g/vkm voering

Aflewering/ installasie uitgesluit



Tel:018-285 1108 (Sel: 083 77 77 670) info@flexilining.com

STAALBOER



TENKSTANDERS

- GESKIK VIR 2.5KL, 5KL EN 10KL TENKS
- HOOGTES VAN 1.5M TOT 12.0M

STAALPANEEL-DAMME

- 15KL TOT 4 000KL
- HOOGTES VANAF 1.3M TOT 6.1M
- LEWENSVERWAGTIG VAN MEER AS 25 JAAR

STAALKOEPEL-DAK

- BESKIKBAAR OP ALLE RESERVOIRS
- ONTWERP VIR WIND SPOED VAN 140KM/H
- SKADUNETDAKKE OP ALLE RESERVOIRS
- BETER WEERSTAND TEEN WIND SKADE

WWW.STAALBOER.CO.ZA

SPAAR VANDAG!

KOSTE-EFFEKTIEF 10 JAAR WAARBORG INGENIEUR ONTWERP

ONS KUNDIGE SPANNE IS BESKIKBAAR VIR OPRIGTING LANDWYD EN OORGRENS

ADMIN@STAALBOER.CO.ZA

+27 (0)12 010 0095 PRETORIA



SILOWAREHOUSE
(PTY) LTD

JOU GRAANSILO-OPLOSSING

- GRAANSILO'S • BAKKIESHYSERS • AWEGARE
- SLEEPKETTINGS • SKOONMAKERS • DROËRS
- GRAANVERKOELERS

TOP KWALITEIT • BETROUBAAR • BEKOSTIGBAAR

www.silowarehouse.co.za

E-pos: info@silowarehouse.co.za

Tel. 012 332 1469 / 082 492 7496

f silowarehouse

in silowarehouse

Adverteer in
Landbou weekblad
EIENDOMME

Kontak my om te adverteer!



Kontak **Esmarelda Ferreira**: 084 744 9948
esmarelda.ferreira@landbou.com

VOLKLEUR	GROOTTE	TARIEF
Volblad	250x188 mm (hxb)	R 18 085
1/2 blad	122x188 mm (hxb)	R 9 460
1/4 blad	122x90 mm (hxb)	R 4 735
1/8 blad	58x90 mm (hxb)	R 2 355

(Sluit BTW uit)



Lourens Botha: **082 443 2226**

Karlien Botha: **073 226 2853**

Erwe te koop prys op aanvraag.



DIE EILAND



Skandeer die QR-kode om na die video te kyk



2140HA WILDS- EN BEES PLAAS
KATHU / KURUMAN, NOORDKAAP
VEILING:
11 FEBRUARIE 2026



214HA BEWERKBARE GROND EN WEIDING
HEILBRON, VRYSTAAT
VEILING:
12 FEBRUARIE 2026




5216HA VEEPLAAS
DUNDEE, KWAZULU-NATAL
VEILING:
18 FEBRUARIE 2026




EIENDOMME - PROPERTIES

JAN OBERHOLZER
083 306 0805
MARIO CANNATA
083 987 1262
KOBUS GREEFF
072 102 6669



Die Eiland, met sy tien eksklusiewe erwe van gemiddeld **950 m² elk**, 'n 360-grade-groenstrook én see-uitsig, is net die antwoord. Dit alles net 300 meter van **Stilbaai** af. Hier, waar grysbokkies en bosbokke vrylik om jou rondloop en perde op die aangrensende grond wei, ervaar jy beslis die plaasgevoel binne die dorp. Die ontwikkelaar bou boonop teen bekostigbare pryse wat beslis jou sak sal pas.



PRYS: R 4 850 000

Geen oordragkoste/BTW ingesluit

VEEBOERDERY

BEESTE

6400 ANGUS

BUNGAREE ROOI ANGUS. Geregistreerde bulle. Gerhard, veldgrootgemaak. Suid Vrystaat. Ian, 082 895 8188

6410 BEEFMASTER



BEEFMASTER
CATTLE BREEDERS' SOCIETY OF SA
KEESTELERSGEMOOTSAP VAN SA

6530 SA HEREFORD

8 HEREFORDBULLE vanaf R25 000, BTW uitgesluit. Suid-Kaap. Skakel Pieter, 072 286 6633.

6570 TULI

VRUGBARE, vroegryp poenaveldbulle. Maklike kalwings. Inheems. Baie vleis. Skakel Cornelis, 082 371 4390. Reitz.

6785 MELKERY-BENODIGDEHEDE

MUELLER-MELKTENKS, nuut en tweedehands. Verskeie groottes beskikbaar. Skakel Lize, Total Pipeline Industries, 028 722 1371, k.u. Ons is ook agente regoor Afrika vir Dairy-master-melkmasjiene: Pieter de Wet, 082 374 8639.

PLUIMVEEBOERDERY

HOENDERS

6835 LÊHENNE

AMBERLINK-LÊHENNE. Punt-van-lêhenne beskikbaar. Ten volle ingeënt. Klerksdorp-omgewing. Skakel Suzette, 078 097 5198

BOSCHVELD- EN LOHMANN BROWN-HOENDERS te koop. Vir meer inligting, sien www.boschveld.co.za. Sel 083 285 9446, e-pos: Office@boschveld.co.za.

TUINBOU

7120 TUIN- EN KWEKERY-BENODIGDEHEDE

TUNNELA TUNNELS-GROENTETONNELS. Gegalvaniseerde, geveerde, spesiale B-graad staaltunnels, 30 m x 10 m. 200 mikron-plastiek, met oprigting en toebehore ingesluit by prys. Enige grootte nethuise, verkoeling- en verhitingsstelsels. Kursus oor tonnelverbouing. Landswye aflewering, asook buurlande. POA. Skakel Hans Vermaak, 082 335 3757 of Ilse Vermaak, 072 720 0276 of 012 751 6999; faks 086 611 4919; e-pos: tunnellatunnels@vodamail.co.za. Webtuiste: www.tunnellatunnels.co.za.

GRAANBOERDERY

7140 BEMESTINGSTOWWE

KUIKENMIS beskikbaar vir bemesting. Klerksdorp-omgewing. Skakel Arthur, 071 761 993

BRAAIKUIKENMIS. R250/m³. Bel Fanie, 082 524 8041; die kantoor, 013 590 0394 of Phillip, 082 524 8051. Delmas.

BOERDERYTOERUSTING

7175 GRONDVERSKUIWINGS-MASJIE

TRUKKER/LAAIGRAAF/REKSKOP-KOMBINASIES: Nuwe en gebruikte onderdele. Wye reeks nuwe en gebruikte onderdele beskikbaar vir die meeste make en modelle. Ons koop en verkoop masjiene. Skakel Wikus, 011 964 1631 of 083 235 5665 (Gauteng) of Ashley, 031 464 8128 of 072 122 8992 (KZN).

7245 TREKKERS

GEBRUIKTE John Deere-trekkeronderdele. Voorraad beskikbaar: 2020, 2120, 2130 en 2140, 3130 en 3140. Reeds 50 jaar John Deere-handelaars. Vir beste gehalte en pryse, bel Settlers Service Station, Settlers, 084 741 1401.

7250 TREKKERONDERDELE

DEUTZ, Massey Ferguson, Ford, Fiat, John Deere, Hatz, Lister, Petter, ADE, Perkins, Honda, Kohler, Kubota, Robin, Yanmar: Vervangingsonderdele teen die beste pryse. Piet van Buuren, 041 451 3755. Parts Plant & Equipment.

VERVOER

MOTORVOERTUIGENS.

7305 VRAGMOTOR- EN MOTORONDERDELE

DEUTZ, Massey Ferguson, Ford, Fiat, John Deere, Hatz, Lister, Petter, ADE, Perkins, Honda, Kohler, Kubota, Robin, Yanmar: Vervangingsonderdele teen die beste pryse. Piet van Buuren, 041 451 3755. Parts Plant & Equipment.

INFRASTRUKTUUR

OMHEININGS-MATERIAAL

7350 DRAAD

ALLE Tipes STAALKABELS beskikbaar. Skakel Michaela by A&S Mining, 057 388 3595 of 071 871 7144, tussen 07:00 en 16:00

MELD DIE PRYS! MELD SPESIEK DIE PRYS VAN DIE ARTIKEL WAT U ADVERTEER EN SKAKEL ONNODIGE KORRESPONDENSIE UIT.

7360 PALE EN SPARRE



POLYFENCE HDPE-OMHEININGS ALTERNATIEF VIR STAALHEININGS

Hoëgehalte-HDPE-omheiningspale, vervaardig deur POLYFENCE.

SPARRE/HANGERS:

Beesheining - 40 mm-diameter

Swaardiens - 30 mm-diameter

Standaard - 22 mm-diameter

Y-PAAL-VERVANGERS

(Y-STANDAARD):

56 mm-diameter: Geskik vir standaard omheinings.

63 mm-diameter: Geskik vir elektriese en wildheining.

Alle sparre en Y-paal-vervangers se lengtes word vervaardig volgens kliënte se behoeftes.

QUADRAPLAST:

POLYFENCE vervaardig ook plastiek-diamantdraad, beskikbaar in 3 verskillende gatgroottes:

20 mm x 20 mm, 30 mm x 30 mm en 38 mm x 38 mm. Slegs in rolle beskikbaar.

SELFDOEN-GROEITONNEL-PAKKETTE:

9 m (l) x 4,2 m (w) x 2,5 m (h)

6 m (l) x 3,2 m (w) x 2,5 m (h)


Tonnels kan aangepas word om by meeste gebruike aan te pas.

VIR MEER INLIGTING EN FOTO'S VAN PRODUKTE, BESOEK

POLYFENCE SE FACEBOOK-BLAD OF WEBBLAD: www.polyfence.co.za

TEL: 012 372 3654 OF 082 088 7704

E-POS: admin@polyfence.co.za



AAA-GRAAD-SPARRE ("droppers") Y-pale. (1) Ridgedrop™-sparre. (2) Y-sparre en swaardiens-Y-sparre. (3) Y-pale (Y-standaard). Geen isolators nodig nie. Skakel Sakkie, 083 250 5363. www.plasticdroppers.co.za.

7430 STAALSTRUKTURE EN SILO'S



STAALSTRUKTURE. Groottes op aanvraag beskikbaar. Skakel 060 761 6204 of e-pos: sales@econostaal.co.za



SILO WAREHOUSE-GRAANSILO'S

TEL: 012 332 1469

E-POS: info@silowarehouse.co.za

WEBBLAD: www.silowarehouse.co.za

OOK OP FACEBOOK

NOEM ASB. U DORP OF STAD BY U SEL- EN TELEFOONNUMMER. LESERS WIL GRAAG WET WAAR U PRODUK IS.

MASTER STEEL STRUCTURES, Tuin-roete. Vervaardiging en oprigting van alle groottes staalstrukture soos store, vliegtuigloodse, ens. Skakel Jaco, 083 232 6129. Mosselbaai. E-pos: jaco@mastersteel.co.za, webwerf: www.mastersteelstructures.co.za

KROUKAMP STAALSTRUKTURE VERVAARDIGING EN OPRIGTING VAN ALLE GROOTTES

9 x 20 x 4 m	R120 000
10 x 20 x 4 m	R132 000
12 x 25 x 4 m	R176 000
15 x 30 x 4,5 m	R280 000
18 x 40 x 4,5 m	R390 000
20 x 35 x 4,5 m	R400 000
20 x 40 x 4,5 m	R470 000

Nader ons om u behoefte te bespreek. Ingenieursertifikaat op aanvraag. Brits.

SKAKEL FRANCOIS, 072 412 4028
E-POS: francois.bookings@gmail.com

AANDAG, BOERE LM STAALSTRUKTURE STAALKONSTRUKSIES, H-SEKSIE Pryse sluit BTW, vervaardiging en oprigting in.

10 x 30 x 4 m	R173 000
12 x 25 x 4 m	R178 500
15 x 30 x 4,5 m	R272 000
18 x 40 x 4,5 m	R394 000
20 x 35 x 4,5 m	R407 000
20 x 40 x 4,5 m	R475 000

SPEZIALE AANBOD:

12 x 35 x 4 m.....R230 300

18 x 30 x 4,5 m.....R318 000

SKAKEL LM STAALSTRUKTURE
LEON, 083 728 9825
KANTOOR: 071 743 6798
E-POS: lmstaalstore@gmail.com
www.lmstaalstore.co.za

ELEKTRIESE TOERUSTING

7445 ELEKTRIESE MOTORS EN TOEBEHORE

ELEKTRIESE KABEL

Vir alle elektriese benodigdhede:

- Plaasbelgting;
 - Spilpunte, boorgate, ens.
- SKAKEL THE CABLE COMPANY
TEL. 011 493 8475

7450 KRAGOPWEKKERS EN LIGTOESTELLE

KRAGOPWEKKERS, petrol en diesel, teen die beste pryse. Skakel Piet van Buuren, 041 451 3755. Parts Plant & Equipment.

7455 ENJINS

INGEVOERDE ENJINS en ratkaste. Lae kilometers. Beste pryse. Boston Japtech, Atlasweg 7, Boksburg, Gauteng. Skakel 011 914 5786 of 083 447 5786.

LEES
LANDBOUWEEKBLAD GEREELD
En bly op hoogte van alle ontwikkelings in die boerderybryf.

EIENDOMME EN VERBLYF

PLASE TE KOOP

7465 WES-KAAP, NOORD-KAAP, OOS-KAAP



TESSELAARSDAL, Wes-Kaap. 'n Besondere 250 ha-landbouplaas heelbo teen die berg. Bergveld, sterk water, twee boorgate (een lewer ± 50 000 l/h), driefase krag en goeie infrastruktuur. Hoofhuis, bestuurdershuis, kothuis en gerieflike stoor. Die plaas het baie potensiaal van weë genoegsame water en asemrowende uitsigte. R14 900 000. Skakel Carlo Engelbrecht, 082 800 3878. Web: www.wcproperties.co.za



7475 GAUTENG, LIMPOPO, MPUMALANGA, NOORDWES

WILDPLASE TE KOOP. Volledige beskrywings, kleurfoto's en videos op: gamefarmnet.co.za of bel P Erasmus Prokureur, 082 375 3461.



WAARDE VIR GELD: groot verskeidenheid van plase beskikbaar.

7525 PLASE GEVRA



VIR ENIGE PLASE te koop of om te verkoop skakel Brocor Auctions 082 441 7100

BEHUISING

7560 HUISE TE HUUR

DWARKERSBOS, WES-KAAP. Huis te huur, 3 slaapkamers, dubbel-motorhuis, dubbelafdak. Geen trappe. Alarmstelsel en veselinternet. 100 m vanaf strand. Langtermyn, 3 - 5 jaar. Skakel Herman Coetzee, 082 464 8279.

7565 VOORAFVERVAARDIGDE HUISE

TWEEDEHANDSE, voorafvervaardigde huise. Koop, verkoop, aftakeling en oprigting. Skakel Jannie, 063 708 4465.

DIVERSE

7655 SPESIALE DIENSTE

AANWYS VAN BOORGATE. Geoloog. Wetenskaplik. Geofisiese instrumente. Gratis geologiese en hidrologiese kaarte ingesluit. Potchefstroom. Sel 082 785 3957. Web: www.waterwys.org

7660 KURSUSSE EN OPLEIDING

BLOKMANKURSUS

SETA & QCTO geakkrediteer. Verblyf beskikbaar. Gauteng: 083 676 2081/ 066 087 0506; Webwerf: www.butchersschool.co.za

A-Z ALLERLEI

7730 TE KOOP

POLIPROPILEENSAKKE: nuwes, tweedehandes en massasakke. Skakel 084 585 9888 of 078 004 2353.

MARTIN EN SCHEEPERS vir persoonlike diens en onmiddellike vereffening. Stuur u vars produkte aan Troy en Donovan Sims, Tel. 043 700 8300, 043 745 1652, of na ure 082 659 8518 of 082 492 7810; faks 043 745 1847.



VEEHANTERINGSTOERUSTING

Kop- en lyfklampe, skale, voeders, wa-terbakke, kraalkante, laaibanke, spuit-dippe en mobiele eenhede vir skape en beeste. Sterk gebou vir Afrika! **SKAKEL 012 250 2188 OF 066 299 7939** www.tal-tec.co.za

RANDBURG MUNT

GESTIG 1980

ONS VERKOOP PRYSE IS REDELIK
ONS AANKOOP PRYSE IS BILLIK
KRUGERRANDE • SILWER BULLION
SKAARS GOUE MUNTE • GESERTIFISEERDE DIAMANTE
Webwerf - www.randcoin.co.za



1967 - 2017

50 Jaar van die Goue Krugerrand

Eenheid 10 Netwater Place 252 Oak Laan

Fernside Randburg Gauteng

Tel: + 27 (0)11 789 2233/4 Fax: + 27 (0)11 886 6404

epos: marketing@randcoin.co.za



NOEM ASB. U DORP OF STAD BY U SEL-
EN TELEFOONNUMMER. LESERS WIL
GRAAG WET WAAR U PRODUK IS.

KLEIN ADVERTENSIES

Probeer 'N KLEIN ADVERTENSIE IN HIERDIE
KOLOM EN JY SAL VERBAAS STAAN OOR DIE RESULTATE.

NEEM KENNIS!

Kliënte wat hondjies wil adverteer, onthou asb. Landbouweekblad kom slegs elke tweede week uit.



Sperdatums vir advertensies is **2 weke** voor publikasie. Begin dus vroegtydig adverteer.

ADVERTEERDERS

IDENTITEITSNOMMERS

MOET saam met advertensies verskaf word



Vir advertensies op die geklassifiseerde blad kontak my! Sluitingsdatum twee weke voor publikasie datum.



Esmarelda Ferreira
084 744 9948
esmarelda.ferreira@landbou.com

NEEM KENNIS:

VERVROEGDE AFSLUITDATUM!

Afsluitdatum vir Landbouweekblad se geklassifiseerde afdeling vir die tydskrif van **25 Desember 2025** is **3 Desember 2025**.

LBW Geklassifiseerd

Skandeer die QR-kode om die verskillende afdelings vir Geklassifiseerd te sien:



BLY EEN TREE VOOR

Landbouweekblad se tweede uitgawe van **Innovasie** hou jou op die hoogte van die nuutste landboueigings.

R95
BY
UITGESOEKTE
WINKELS



Sukkel jy om een in die hande te kry?



Teken in op **Landbou.com** om die tydskrif elektronies te lees.



Besoek **Winkel. landbou.com** en soek "INNOVASIE".



E-pos: johan.terblanche@media24.com



Tel.: 021 406 962



Landbou-organisasies, boereverenigings, ens., is welkom om die datums van hul byeenkomste aan ons te stuur vir publikasie in die Landboukalender. Stuur die besonderhede aan amostert@landbou.com

BYEENKOMSTE

19-22 JANUARIE 2026: Combined Congress, aangebied deur die grondwetenskapvereniging van SA, die Suider-Afrikaanse vereniging vir tuinbouwetenskappe en SA vereniging vir gewasproduksie. Noordwes-Universiteit, Potchefstroom. E-pos: combinedcongress@gmail.com. Web: combinedcongress.org.za

3-4 MAART 2026: Landbou-weekblad se herlewingslandbou-konferensie. Reitz. E-pos: events@landbou.com

3-5 MAART 2026: Africa Energy Indaba. Kaapstadse Internasionale Konvensiesentrum. Navrae: 011463 9184, e-pos: info@energyindaba.co.za

10-12 MAART 2026: African Wild Dogs United 2026. Virtuele internasionale konferensie oor die bewaring van wildehonde. Web: wilddogs.org

11-13 MAART 2026: Graintech Africa. Gallagher-konvensiesentrum, Johannesburg. Registreer op: sa.graintechafrica.com

11-13 MAART 2026: Iplex Africa. Internasionale pluimvee- en vee-uitstalling. Gallagher-konferensiesentrum, Johannesburg. Registreer op: iplexafrica.com

12-13 MAART 2026: 90ste jaarvergadering en kongres van die Meulenaarskamer. Pezula Nature Retreat, Knysna. Meer inligting op: grainmilling.org.za

24-25 MAART 2026: Simposium van die Graanhanteringsorganisasie van SA. Diaz-hotel, Mosselbaai. Web: grainorgsa.co.za

26-27 MAART 2026: African Farming-imbizo. Pretoria. Navrae: Apollo Bomvana, 067 217 0190, e-pos: Apollo.Bomvana@media24.com

16-17 APRIL 2026: A-Z-pekankonferensie. Dendron-boerderij, Orania. Navrae: 087 092 6618, WhatsApp 063 991 4408, e-pos: a-z@pekan.co.za. Web: azpekan.co.za

8-10 JUNIE 2026: Ruvasa-kongres. Champagne Sports Resort, Drakensberge, KwaZulu-Natal. Meer inligting op: vetlink.co.za/ruvasa-congress-2026/

FEESTE

14 DESEMBER: Kaapstad-rissieffees. Sunningdale-krieketklub. Kaartjies op: quicket.co.za

20-21 DESEMBER: Sonneblomfees. Die plaas The Neighbours, Stellenbosch. E-pos: hello@theneighboursfarm.co.za

20-22 FEBRUARIE 2026: Rhodes-stoeptsitfees. Wynproe, spin van wol, teetuin, roossnoei-demonstrasie, kompetisies en vele meer. Navrae: Xoli, 045 971 9003, e-pos: info@rhodesinfo.co.za

26-28 FEBRUARIE 2026: Kÿto Karoofees. De Aar. Navrae: 053 631 3691, e-pos: info@karoofees.org

26-28 FEBRUARIE 2026: VKB Bieliemieliefees. Reitz. Navrae: 083 395 2640.

27-28 FEBRUARIE 2026: Wine on Water. St. Francisbaai. Aangebied deur die Rotariër-klub van St. Francis. Gaste word met watertaxi's vervoer tussen die dekke wat wyne van topwynmakers aanbied. Navrae: 082 777 5624 of 072 920 6213. Kaartjies op: quicket.co.za

28 FEBRUARIE 2026: Wynlandperdefees. Mistico Equestrian Centre, Paarl. Aangebied deur Lipizzaners Suid-Afrika. E-pos: whf@misticoequestrian.co.za

6-7 MAART 2026: Clocolan-plaaskultuurfees. Navrae: Cronje Dietrichsen, 083 076 3758, e-pos: cronjedietrichsen2@gmail.com

14 MAART 2026: Goliat van Gattampoenfees. Lavender-kontreimark, Wonderboom, Pretoria. Navrae: Henri Combrink, 082 552 9428, e-pos: culliboer@gmail.com

19-21 MAART 2026: The Great Wine-fees. Kenton-on-Sea. Kaartjies op: greatwineweekends.com

26-28 MAART 2026: Die Groot Pampoenfees. Heidelberg, Wes-Kaap. Navrae en e-pos: admin@pumpkinfestival.co.za

3-5 APRIL 2026: Die wyn-en-wildsfees. Die plaas Sandringham, Stellenbosch. Meer inligting op: wineandwildfestival.com

29 APRIL-3 MEI 2026: Suidoosterfees. Kaapstad. Navrae: 021 406 2058, e-pos: suidoosterfees@media24.com

EKSPOS

5-6 FEBRUARIE 2026: Amber Macs Macadamia-ekspo 2026. Witrivier, Mpumalanga. Navrae: Andri van den Bergh, 082 375 5109, e-pos: andri@ambermacs.com

19-21 MAART 2026: AgriHX, die grootste landbou-ekspo in Limpopo. The Ranch Resort, Polokwane. Navrae: Danie, 082 490 0263. E-pos: info@agrihx.co.za

24-27 APRIL 2026: HuntEx 2026. Gallagher-konvensiesentrum, Midrand. Navrae: Ethan Woudstra, 078 922 7081, e-pos: ethan@huntex.net. Web: huntex.net

SKOU

31 JANUARIE 2026: Murraysburg. Navrae: Veld-Merino's: Carel van der Merwe, 076 840 2931; plaasperde en algemene navrae: Theron van der Merwe, 076 949 7707; 4x4-uitdaging: Tee Jay, 062 468 7606; damesoggend: Rykie, 082 858 7485.

5-7 FEBRUARIE 2026: Victoria-Wes. Navrae: Jaco Olivier, 083 410 5603; Adri Gerber, 082 940 8231. Stalletjies: Hanlerie Esterhuisen, 084 704 6077, e-pos: vicweslandbou@gmail.com

12-14 FEBRUARIE 2026: Heidelberg, Wes-Kaap. Vic Brand, 063 995 3294; Sarah Koch, 082 725 4091, e-pos: sarah.val@gmail.com

13-14 FEBRUARIE 2026: Hopetown. Navrae: Anneke Rossouw, 072 766 1907; Mariska Rossouw, 079 555 3174; Gerrit Schlechter, 072 186 8416.

18-22 FEBRUARIE 2026: Riversdal. Navrae en meer inligting: 072 651 7148, e-pos: riversdalskoustalletjie@gmail.com

26-28 FEBRUARIE 2026: Williston. Navrae: 060 580 7480, e-pos: willistonskou3@gmail.com

26-28 FEBRUARIE 2026: Swellendam. E-pos: skou.reception@gmail.com

27-28 FEBRUARIE 2026: Cederberg-landbou-ekspo. Citrusdal. Navrae: 072 346 7454, e-pos: cederberglandbouad@gmail.com

5-7 MAART 2026: Tarkastad. Navrae: 079 304 5655, e-pos: skoustalletjies@gmail.com

25-28 MAART 2026: Beaufort-Wes. Navrae: Samantha Smit (sekretaresse), 079 396 3531, e-pos: samanthamegansmit04@gmail.com

com; Johan Botes (president), 063 688 8973, e-pos: johan.botes@house-of-fibre.co.za; Corné Nel (vice-president), 082 410 9989, e-pos: corne.nel@bkb.co.za

2-6 APRIL 2026: Randse Skou, Johannesburg. Navrae: 011 494 2894, e-pos: info@randshow.co.za. Web: randshow.co.za

BOEREDAE

21 JANUARIE 2026: Balfour-hooidag. Nuwe terrein: 5 km buite Balfour op pad na Heidelberg (R23). Navrae: Dawie Brits, 082 884 5503.

21 FEBRUARIE 2026: Rouxville-boeredag. Navrae en kaartjies op: rouxvilleboeredag.co.za

26 FEBRUARIE 2026: African Farming-boeredag, Witbank. Navrae: Apollo.Bomvana@media24.com

20 MAART 2026: Ysterberg-veestudiegroep se boeredag. The Ranch Resort, Polokwane. Navrae: 014 719 9211, e-pos: ntk@ntk.co.za

KURSUSSE

24 JANUARIE 2026: Werkswinkel oor die maak van aangesuurde (cultured) botter en kaas. Die plaas Vergesig, Piketberg. Kaartjies en meer inligting op: quicket.co.za

1-28 FEBRUARIE 2026: Oyster-Pro™-sampoienverbouingsprogram. Registrasiesperdatum: 1 Januarie 2026. Navrae: Dr. Adriaan Smit, 082 749 8553, e-pos: info@mushroomacademy.com

12-13 FEBRUARIE 2026: Vleisbeesseleksiekursus, aangebied deur Drakensberger SA. Potchefstroom. Navrae en besprekings: Melissa Blom, 071 283 9943; Udo Beneke, 082 797 8088.

19 MAART 2026: AgriHX-jeugprogram. Navrae: 082 490 0263, e-pos: info@agrihx.co.za. Meer inligting: agrihx.co.za/youth-program-2

REGDEUR DIE JAAR: Sweis-kursusse, selfhelp tot gevorderde vlakke met internasionale erkenning. Nuwe Hoop-opleidingsentrum, Trompsburg. Navrae: Dr. Tom Theunissen, 082 291 7490; Pieter Grobbelaar, 083 275 4323.

ANDER

28 JANUARIE 2026: Die baleruitdaging. Valtrac, Parys. Navrae: Angeliqa, 078 381 5298. Web: balerchallenge.co.za



VAT VAS!

Vertrou Bell Equipment se bykomende bosbou produkte vir kwaliteit hanteringsoplossings – plaaslik vervaardig, sterk en betroubaar, reg vir selfs die moeilikste take en om uitsonderlike produktiwiteit te verseker.

Kontak u naaste Bell Forestry & Agriculture handelaar vir meer inligting.

VOLG ONS OP



Epos: forest.agri@bellequipment.com

www.bellequipment.com

**Strong Reliable Machines
Strong Reliable Support**

BELL

JOU HOOI- EN BAAL- OPLOSSINGS.



Baie dankie aan al ons kliënte vir jul lojale ondersteuning. Mag die feesseisoen vir julle vreugde, rus en kosbare tyd saam geliefdes bring. Ons wens julle 'n voorspoedige en geseënde nuwe jaar toe!



BALERS

BB1290-hoëdensiteit-kerwer
BB1290-hoëdensiteit-verpakker
BB1290 PLUS
BB1270 PLUS Densiteit
Hayliner 275-klein vierkantbaler
BC5060-klein vierkantbaler
Roll-Bar 125-rondebaler
RB150-rondebaler - Veranderlike

SNYERS & SNYER/KNEUSERS

210M - 8-skyf-sleep-snyer
D210 - 8-skyf-sleep-snyer/kneuser
313 - 8-skyf-sleep-snyer/kneuser
316 - 10-skyf-sleep-snyer/kneuser

SELFAANGEDREWE MASJINERIE

FR650-kuilvoerkerwer met optel- en mielietafel
FR500-kuilvoerkerwer met optel- en mielietafel
SR200-platsnyer met Durabine-tafel

TELESKOPIESE HANTEERDER

TH7.32

Kontak jou New Holland-handelaar vandag of bel ons:

Paul de Korte (064 752 1613) - KwaZulu-Natal, Mpumalanga
Quintus Smit (082 524 7397) - Wes-Kaap, Noord-Kaap en Oos-Kaap
Eduan Booyens (071 871 8163) - Noordwes, Vrystaat, Gauteng en Limpopo



NEW HOLLAND

SAAM JOU, SEISOEN NA SEISOEN



www.newholland.com/za

Vir huidige aanbiedinge besoek newhollandag.co.za

Mari

Kyk wat het ek gratis gekry! Stuur dit aan. 😊



Lisa

Hoe het jy die nuwe uitgawe verniet gekry?? 😊

Mari

Wie gee om? Stuur dit net aan.

DIE DEEL VAN PDF-PUBLIKASIES IS 'N **MISDAAD**

MOENIE STEEL NIE

AS JY 'N PDF-PUBLIKASIE OP E-POS, WHATSAPP OF ENIGE ANDER BOODSKAPDIENS ONTVANG, RAPPOORTEER DIT ASSEBLIEF AAN REPORT@MEDIA24.COM

MEDIA24